

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH  
GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG 2016



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY  
jou kennisvennoot•your knowledge partner



Nadat die Universiteit Stellenbosch 'n paar jaar gelede op 'n reis na geïntegreerde verslaggewing vertrek het, publiseer ons vanjaar ons tweede geïntegreerde verslag oor 2016 se werksaamhede. Op hierdie reis het ons deeglik daarvan bewus geraak dat 'n heelwat groter verskeidenheid faktore as net finansiële winsgewendheid die waarde en toekoms van 'n organisasie bepaal.

Party vorme van kapitaal (hulpbronne) wat tot die waarde van 'n organisasie bydra is tasbaar, en dus maklik om op te tel of af te trek, soos ons finansiële kapitaal. Van baie ander is dit egter nie so maklik om rekenskap te gee nie. Ons ontasbare bates maak die vernaamste deel van die universiteitsomgewing uit. Dink maar aan ons intellekturele vakkundigheid (intellekturele kapitaal), ons talentvolle studente en bekwame personeel (menslike kapitaal), ons ondersteunende omgewing van natuurlike hulpbronne (natuurlike kapitaal), ons infrastruktuur (vervaardigde kapitaal), ons onontbeerlike venootskappe (sosiale en verhoudingskapitaal), en ons handelsmerk en reputasie (intellekturele kapitaal). Hierdie bates, en verderes, is die totaliteit van dinge waarmee ons volhoubaar waarde skep.

Ons hoop om deur middel van ons geïntegreerde verslaggewing aan ons vele belanghebbers te wys hoe ons probeer om op die beste moontlike manier hulpbronne toe te wys, risiko's te bestuur en geleenthede aan te gryp. Soos so baie ander korporatiewe en openbare organisasies, is die Universiteit nog onderweg ... Ons beplan om ons begrip van die wesenlikheid en ware toerekenbaarheid van ons volle spektrum werksaamhede te verbeter, en ons voorsien dat geïntegreerde denke uiteindelik tweede natuur vir ons sal word, sodat ons beter besluite kan neem en doeltreffend en volhoubaar sal bestuur; soos gepas by die kennisgedrewne instelling wat die Universiteit is.

## ONS TREFWYDTE EN TYDSGRENSE

Hierdie verslag word jaarliks gepubliseer en dek die volle bestek van Universiteitswerksaamhede oor die verslagtydperk, 1 Januarie tot 31 Desember 2016. Ons voeg 'n verdere paar maande tot hierdie tydperk toe – tot Maart 2017 – om ons in staat te stel om al ons graadverleningsdata vir die verslagjaar in te sluit.

Ons verslag bevat finansiële feite en syfers in verband met ons werksaamhede oor die 2016-finansiële jaar en vir die leser se gerief word ons volledige finansiële verslag steeds saam met ons geïntegreerde jaarverslag gepubliseer. Die Universiteit se finansiële state, insluitend filiale, geassosieerde maatskappye en trusts, word volgens die tersaaklike beleide van *International Financial Reporting Standards (IFRS)* voorberei, en voldoen ook aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se regulasies vir verslaggewing deur hoëronderwysinstellings soos gepubliseer in die *Staatskoerant* no. 37726 van 9 Junie 2014.

U sal ook die gebruiklike verslae van die Kanselier, Voorsitter van die Universiteitsraad, Rektor en Visekanselier,

Bedryfshoof, viserektore en dekane van fakulteite oor hul terreine van sorg en toesig in hierdie verslag vind. Hierdie verslae beklemtoon egter nou spesifiek die waarde wat in die verslagtydperk geskep is in ooreenstemming met gekeurde strategiese prioriteite soos in die Universiteit se toekomsgerigte dokument *Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018* uiteengesit. Hierdie aandag aan waardeskepping strook met die beginsels van geïntegreerde verslaggewing (<IR>) wat voorsien word deur *The International <IR> Framework* van die *International Integrated Reporting Council (IIRC)*, wat glo dat "kommunikasie oor waardeskepping die volgende stap in die evolusie van korporatiewe verslagdoening behoort te wees".

Kortom, in hierdie geïntegreerde verslag gee ons aan ons belanghebbers 'n beter insig in:

- die konteks van die hoëronderwyslandskap en die Universiteit se vooruitsigte;
- ons missie, visie, waardes, belanggroepes en institutionele voorneme en strategie;
- hoe die Universiteit bestuur en beheer word;
- ons waardeskeppende werksaamhede leer en onderrig, navorsing en innovasie met sosiale impak in 'n internasionale landskap en die effek daarvan op ons kapitale soos hierbo genoem (in besonder ons finansiële en intellekturele kapitaal);
- ons vordering met ons strategiese prioriteite, doelwitte en bestuursaanwysers (SBA's);
- hoe ons ons belanggroepes se behoeftes in ag neem;
- die uitdagings en hoëorderisiko's waaraan die instelling in die verslagjaar blootgestel is en die aksies om hulle effek te verswak tot aanvaarbare vlakte;
- die werksaamhede van ons fakulteite om hul strategiese doelwitte soos uiteengesit in die Institutionele Plan te verwesenlik; en
- die Universiteit se erkenning van uitnemendheid deur toekenning aan verdienstelike individue.

## GOEDKEURING VAN ONS GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG

Die Rektor en sy Bestuurspan is ten nouste betrokke by die skryf en samestelling van ons geïntegreerde jaarverslag. Dit word deur die Universiteitsraad se Oudit- en Risikokomitee nagegaan en met wysigings aanbeveel vir voorlegging by die Universiteitsraad, wat die verslag by 'n raadsitting in Mei finaal goedkeur vir publikasie.

### Alles begin by 'n netwerk van idees, mense en plekke.

Die simbole in die Geïntegreerde Jaarverslag 2016 word ruim in Afrika gebruik en weerspieël die sterk verbintenis wat die Universiteit Stellenbosch met die kontinent opbou.

Buite hul funksie as versiering, verteenwoordig die simbole voorwerpe met stemmingsvolle boodskappe wat tradisionele wysheid, fasette van die lewe of die omgewing oordra.



**Ons instelling**  
simbool van kennis, lewenslange leer en die voortgesette soek na kennis  
"Hy wat nie weet nie, kan weet deur te leer"



**Bestuur en beheer**  
simbool van eenheid en menseverhoudings



**Ons prestasie gemeet aan ons strategiese doelwitte**  
simbool van volharding en vindingrykheid



**Verslag oor risikoblootstelling, -evaluering en -bestuur**  
simbool van beskerming



**Die Universiteit erken uitnemendheid**  
simbool van uitnemendheid, egtheid en geloofwaardigheid



**Finansiële verslag**  
simbool van ondersoek en gehaltebeheer

In hierdie tydsgleuf bevind universiteitsrade en -besture hulle in 'n onbenydenswaardige posisie. Eksterne faktore, en onrealistiese en selfs teenstrydige verwagtinge van belanghebbergroepe plaas Suid-Afrikaanse universiteite onder groot finansiële en operasionele druk.



## Voorwoord deur **DIE KANSELIER**

Dr Johann Rupert

**N**adat die Regering in 2015 geen stygging in studentegelde aangekondig het – moontlik om 'n Suid-Afrikaanse weergawe van die Arabiese Lente vry te spring – was dit geen verrassing dat studente in 2016 weer verhogings in studentegelde sou teenstaan nie. Hierdie keer het eise selfs 'n stap verder gegaan met aandrang op gratis hoër onderwys en gepaardgaande protesaksie om druk via universiteite op die regering te plaas.

In ons samelewing met sy groot sosio-ekonomiese ongelykhede word universiteitstudie as kitsoplossing teen armoede en versekering van opwaartse mobiliteit beskou. Hierdie opvatting is nie tot Suid-Afrika beperk nie. Na die Tweede Wêreldoorlog het die vraag na universiteitstoelating in Brittanje skerp gestyg en gelei tot die instelling van akademiese toelatingskriteria. Die elite-universiteite met die beste navorsingsreputasie en sosiale aansien het egter steeds die beste studente, hoofsaaklik uit die adelstand en welgestelde middelklas, gelok. In die 1970's en 1980's het technikons (die sogenoemde polytechnics) na vore getree as die opleidingscentra vir die werkersklas, met die hoofdoel om kwalifikasies toe te ken eerder as die soek na nuwe kennis.

Suid-Afrikaanse universiteite beleef reeds meer as 'n dekade krimpende staatsubsidies, en ervaar toenemende druk om al meer studente toe te laat waarvan 'n groot persentasie nie voldoende voorbereid is vir die hoër onderwys nie. Protesaksie en die gepaardgaande koste van beskadigde infrastruktuur, addisionele sekuriteitspersoneel, verlore akademiese tyd, regsoptrede en onvoltooide studie is van die faktore wat verdere uitdagings aan akademiese instellings stel.

In die hoëronderwyssektor is globalisering, internasionalisering, die kenniseconomie, vennootskappe en samewerkingsooreenkomste, innovasie en inligtings- en

kommunikasietegnologie die gonswoorde van ons tyd. Vir universiteite wat in hierdie liga gereken wil word, is 'n onderbou van stabiliteit, sistemiese volhoubaarheid, 'n uitnemende akademiese reputasie, 'n onberispelike beheer-en-bestuurstruktuur en bewese navorsing- en ontwikkelingsuksesse noodsaaklik. Só 'n instelling stel egter groot eise in terme van finansiële en intellekuele kapitaal. Kan Suid-Afrika 26 sulke universiteite bekostig? Of behoort daar met inagneming van plaaslike realiteit herbesin te word oor die hoëronderwys-landskap, en hoe dit behoort te lyk om in ons eiesoortige behoeftes te voorsien? In ons land behoort daar juis begrip te wees vir frustrasies gegrond op historiese uitsluiting van studiegeleenthede weens 'n vroeëre politieke bestel en steeds die beperkinge van sosio-ekonomiese agtergrond. Die befondsing van die hoër onderwys en billike toegang tot universiteite, ook vir studente uit werkersklas-gesinne, is van groot belang.

Robert Anderson\*, 'n emeritus geskiedenis-professor aan die Universiteit van Edinburgh, beskryf drie moontlike scenarios met betrekking tot die 'idee van 'n universiteit wat onderrig en navorsing combineer, die algemene kragte van die intellek ontwikkel én gespesialiseerde opleiding bied'. Hy voer aan dat so 'n omvattende aanbod saam met massa-toelatings tot universiteite buitensporige druk op hulpbronne (die kapitale) sal plaas. 'n Alternatiewe opsie sou wees om alle universiteite in 'n nuttigheids- en bestuursmatrys te giet. Vir 'n ontwikkelende ekonomie sou die eerste opsie nie volhoubaar wees nie; en die tweede uit 'n akademiese oogpunt, ewe onaanvaarbaar. Sy derde scenario is 'n stelsel waarbinne universiteite verskillende missiestellings het, met die vryheid om 'die idee van 'n universiteit' op verskillende maniere te interpreteer.

Anderson spreek verder die mening uit dat dit beter sou wees om die 'idee van 'n universiteit' nie as 'n vaste stel eienskappe te beskou nie, maar eerder as 'n stel van

permanente trekkragte wat op verskillende maniere bestuur word, volgens tyd en plek – dus konteks. Dalk behoort ons vir Suid-Afrika 'n werklik gediversifiseerde model te ontwikkel, geskik vir hierdie tydvak en ons plaaslike konteks op voorwaarde dat toegang tot navorsingsuniversiteite billik, demokraties en sonder elitistiese motiewe moet wees. Dit veronderstel dat navorsingsuniversiteite voldoende staatsbefondsing sal ontvang om te voorkom dat markgerigte studiegeld of privatisering studente uit werkersklas-gesinne net weer sal uitsluit.

Die Universiteit Stellenbosch is reeds 'n gerekende navorsingsinstelling wat groot klem plaas op innovasie. In hierdie verslag word talle stawende feite uitgewys, onder meer in terme van navorsingsuitsette, navorsingsvennootskappe en navorsingsinkomste, die groei in na-doktorale genote, befondste leerstole en sentra vir uitnemendheid, 'n nuwe rekordgetal meesters- en doktorsgrade en as voorloper op die gebied van patenteregistrasie en lisensieoorseenkomste. Die Universiteit se aantal aansoeke vir patentsamewerkingsooreenkomste (PCT's) oorskry selfs dié van gerespekteerde navorsingsinstellings (kyk bladsy 59). Navorsing lei tot die skep van nuwe produkte, dienste en ooreenkomste in onder meer die landbouwetenskappe, gesondheidswetenskappe en tegnologie, tot voordeel van die land. In 2016 is die US en Afrika se eerste aanlynkursus (massive open online course – MOOC) oor

'n Afrika-onderwysfilosofie (*Teaching for change: An African philosophical approach* deur prof Yusef Waghid) geloods. In hierdie verband staan die Universiteit Stellenbosch voor 'n groot uitdaging met die ontwikkeling van sy nuwe institutionele strategie gedurende 2017: hoe om hom te posioneer om sy bewese status as uitnemende navorsingsgedrewe instelling te behou, toegang te verbreed en finansieel volhoubaar te bly te midde van finansiële uitdagings, sonder om 'n elitistiese instelling te word net vir studente wat die hoë studiegeld kan bekostig. Die US sal vir homself 'n nuwe, werkbare 'idee van 'n universiteit' moet uitbeitel.


\* Robert Anderson is emeritusprofessor in Geskiedenis aan die Universiteit van Edinburgh. Hy is 'n genoot van die Royal Society of Edinburgh en die Royal Society of Arts. Die verwysing kom uit 'n beleidsartikel *The 'Idea of a University' today* – [www.historyandpolicy.org](http://www.historyandpolicy.org).

Die **UNIVERSITEIT STELLENBOSCH** is reeds 'n gerekende navorsingsinstelling wat groot klem plaas op **INNOVASIE**.



## InhoudsOPGawe

<b>ONS REIS NA GEÏNTEGREERDE VERSLAGGEWING</b>	<b>1</b>	Bevordering van programvernieuwing	54
<b>VOORWOORD DEUR DIE KANSELIER</b>	<b>2</b>	Verhoog meertalige program aanbod	54
<b>ONS INSTELLING</b>	<b>6</b>	Inkorporering van inligtings- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig	54
Visie 2013	6	Benut nuwe kennismarkte	55
Missie	6	Werwing van beursskenkings	55
Ons Institusionele Voorneme en Strategie	6		
Waardes	7		
Belangsgroep	7		
Ons institutionele sakemodel	8		
<b>BESTUUR EN BEHEER</b>	<b>11</b>		
Verslag van die Voorsitter van die Universiteitsraad	12		
Ons bestuur-en-beheerstruktur	14		
Die Universiteitsraad	15		
Universiteitsraad se verklaring oor korporatiewe bestuur	17		
Senaatsverslag aan die Raad	22		
Verslag van die Institutionele Forum	24		
<b>VORDERING MET ONS STRATEGIESE PRIORITEITE</b>	<b>27</b>		
Die Rektor se Bestuurspan	28		
<b>VERSLAG VAN DIE REKTOR EN VISEKANSELIER</b>	<b>30</b>		
Die agtergrond in breëtrekke	30		
Kernbedrywigheid bly kergesond	30		
'n Al hoe sterker uitwaartse fokus	31		
Gewortel in Afrika	31		
Verenig, samehangend en belyn	31		
Herposioneer; want dis die regte ding om te doen	32		
Ekologies verantwoordbaar, sosiaal regverdig en finansieel lewensvatbaar	32		
'n Toekoms van sinvolle skakeling	32		
Monitering op pad voorentoe – strategiese bestuursaanwysers	34		
<b>OORSIG VAN ONS FINANSIEËLE KAPITAAL</b>	<b>36</b>		
Verslagdoeningstandaarde	37		
Opsomming van die gekonsolideerde finansiële besonderhede	38		
Besikbare fondse	41		
Likiditeit	42		
<b>VERSLAG VAN DIE BEDRYFSHOOF</b>	<b>43</b>		
Die opskeping van sakeprosesse en fondswerwing vir finansiële volhoubaarheid	43		
Uitvoer van die kampusmobilitetsplan	47		
Kommersialisering van intellektuele eiendom en die skep van sakegeleenthede	47		
Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid	49		
Toepassing van geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening	49		
<b>VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)</b>	<b>50</b>		
Utnemendheid in leer en onderrig	50		
Studentetoegang met sukses	51		
Grootte en vorm van US-studentekorps	52		
<b>VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (NAVORSING, INNOVASIE EN NAGRAADSE STUDIE)</b>	<b>57</b>		
Aanstel van jong akademiese sterre	57		
Bevordering van navorsingsuitsette	59		
Uitbou van navorsingsinnovasie	59		
Vestiging van navorsingsfokusgebiede	60		
Skep van volhoubare navorsingsinkomste deur navorsingsvennootskappe	61		
Handhawing van nagraadse studentesukses	61		
<b>VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (STRATEGIESE INISIATIEWE EN INTERNASIONALISASIE)</b>	<b>63</b>		
Strategiese inisiatiewe	63		
Internasionalisasie	63		
Vooruitskouing	65		
<b>VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL)</b>	<b>66</b>		
Bevordering van samelewingsgerigte vakkundigheid	66		
Uitbou van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede	67		
Bestuur van kennis- en ander vennootskappe	67		
Toevoeging tot ons waardepropositie deur 'n beter personeelkorps	68		
<b>VERSLAG INSAKE RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING EN -BESTUUR</b>	<b>71</b>		
Blootstelling aan eksterne risiko's	71		
Die bestuur van interne strategiese risiko's	71		
<b>FAKULTEITSVERSLAE</b>	<b>75</b>		
Fakulteit Agriwetenskappe	76		
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	78		
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	80		
Fakulteit Ingenieurswese	82		
Fakulteit Krygskunde	84		
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe	86		
Fakulteit Natuurwetenskappe	88		
Fakulteit Opvoedkunde	90		
Fakulteit Regsgeleerdheid	92		
Fakulteit Teologie	94		
<b>DIE UNIVERSITEIT ERKEN UITNEMENDHEID</b>	<b>96</b>		
Eregrade	97		
Kanseliersmedalje	99		
Kanselierstoekennings	100		
<b>FINANSIEËLE VERSLAG</b>	<b>102</b>		
<b>GLOSSARIUM</b>	<b>145</b>		
Terme en verklarings	145		
Berekening van strategiese bestuursaanwysers	146		
Afkortings	148		



## VISIE 2030

Ons sien die Universiteit Stellenbosch as 'n inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbers kennis bevorder.

## MISSIE


Ons streef om ons visie van die Universiteit Stellenbosch te verwesenlik deur volgehoudende transformasie en, op ons ontdekkingsreis deur die akademie tot diens van ons belanghebbers, onderneem ons om:

- 'n akademiese gemeenskap te skep waarin sosiale geregtigheid en gelyke geleenthede tot sistemiese volhoubaarheid lei;
- toepaslike en volhoubare benaderings tot Afrikaontwikkeling te ondersoek en innoverend toe te pas;

- ons navorsing te rig volgens die volle spektrum uitdagings waarmee die wêreld, Afrika, ons land en die plaaslike gemeenskap te kampe het;
- student- en toekomsgerigte leer en onderrig, wat 'n passie vir lewenslange leer vestig, te handhaaf;
- in die innoverende akademieskap en kreatiewe vermoëns van al ons mense te belê;
- die inherente krag van diversiteit te ontgin; en
- sinergistiese netwerke te vestig en uit te bou, waarin die Universiteit 'n dinamiese vennoot is.



## STRATEGIESE PRIORITEITE



## WAARDES

### Diensbare leierskap

Ons bevorder die welwees van mense en die wêreld deur met nederigheid, verantwoordelikheid en begrip te lei.

### Medeverantwoordbaarheid

Ons besef en aanvaar dat ons, in belang van die belanghebbers vir wie ons dien, gesamentlik vir die verwesenliking van die Universiteit se visie verantwoordelik is.

### Empatie

Ons bevorder menswaardigheid deur 'n kultuur van respektvolle optrede – selfrespek, respek vir ander mense en respek vir die fisiese omgewing.

### Innovasie

Ons dink en doen nuut en anders, en maak goeie keuses en neem goeie besluite vir onsself en vir ons belanghebbers, die land, die vasteland en die planeet

## STRATEGIESE TEMAS

### Bevorder toegang tot nuwe kennismarkte

- Uitbreiding van parallelmedium-onderig en tolking
- Bevordering van programvernuwing
- Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig
- Kapasiteitsbou vir eksperimentele leer en vir 'n program oor graduandi-eienskappe

### Verhoog diversiteitsprofiel van studente en personeel

- Uitbreiding van parallelmedium-onderig en tolking
- Aanstel van jong akademiese sterre
- Uitbou van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede
- Benutting van nuwe kennismarkte vir meer waarde-onttrekking
- Werwing van beursskenkings
- Verbetering van personeelprofiel
- Bestuur van kennis- en ander vennootskappe

### Posioneer as die voorste navorsingsinstelling in Afrika

- Bevordering van navorsingsuitsette
- Bevordering van samelewingergerigte vakkundigheid
- Uitbou van navorsingsinnovasie
- Vestiging van navorsingsfokusareas
- Kommersialisering van intellektuele eiendom en besigheidsgeleenthede
- Generering van volhoubare inkomste deur navorsingsvennootskappe

### Behou studentesukseskoers

- Vestiging van omvattende landelike platforms
- Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig
- Handhawing van nagraadse studentesukses
- Uitvoer van die Mobiliteitsplan

### Vestig toegewyde, visionêre leierskap

- Nastrewing van geregtigheid en gelyke geleenthede
- Opskerping van besigheidsprosesse en fondsverwrig vir finansiële volhoubaarheid
- Bestuur van kennis- en ander vennootskappe
- Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid
- Toepassing van geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening

## Uitnemendheid

Alles wat ons doen, word gekenmerk deur uitnemendheid.

## BELANGEGROEPE

Ons dien ons belanggroep, wat insluit:

- voornemende studente, studente en ouers;
- werknemers en pensionaris;
- regering, reguleerders en professionele liggame;
- alumni;
- donateure; en
- gemeenskap (burgerlike samelewing, nieregeringsorganisasies, industrie, ander universiteite, skole, adviesrade, diensverskaffers en media).

## VISIE 2030



## STRATEGIESE DOELWITTE

- Uitbreiding van parallelmedium-onderig en tolking
- Bevordering van programvernuwing
- Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig
- Kapasiteitsbou vir eksperimentele leer en vir 'n program oor graduandi-eienskappe

- Uitbreiding van parallelmedium-onderig en tolking
- Aanstel van jong akademiese sterre
- Uitbou van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede
- Benutting van nuwe kennismarkte vir meer waarde-onttrekking
- Werwing van beursskenkings
- Verbetering van personeelprofiel
- Bestuur van kennis- en ander vennootskappe

- Vestiging van omvattende landelike platforms
- Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologie vir leer en onderrig
- Handhawing van nagraadse studentesukses
- Uitvoer van die Mobiliteitsplan

- Nastrewing van geregtigheid en gelyke geleenthede
- Opskerping van besigheidsprosesse en fondsverwrig vir finansiële volhoubaarheid
- Bestuur van kennis- en ander vennootskappe
- Nastrewing van omgewingsvolhoubaarheid
- Toepassing van geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening

● Inklusief   ● Innovierend   ● Toekomsgerig   ● Transformerend

## Ons institusionele **SAKEMODEL**

Die sakemodel wat die Universiteit nastreef, fokus in wese op sy belanghebbers en hoe om aan hul behoeftes te voldoen deur middel van waardetoevoegende aktiwiteite, soos leer en onderrig, navorsing en innovasie, sosiale impak en instaatstellende professionele ondersteuning. Die mate waar toe die Universiteit dit op 'n volhoubare manier regkry, bepaal

die inkomstestrome van die Universiteit. Terselfdertyd vereis die aanbod van sy onderskeie waardetoevoegende programme hulpbronne en ook, waar van toepassing, dat die Universiteit vennootskappe aangaan met ander organisasies. Dit beteken natuurlik onkoste vir die Universiteit.

In wese begin verhoudings by 'n **AANKNOPINGSPUNT**.

### Dimensies van die US se **Sakemodel**

VENNOTE	AKTIWITEITE	WAARDEPROPOSISIE	VERHOUDINGS	SLEUTELBELANGEGROEPE
<b>VENNOTE</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>Regering en regeringsagentskappe</li> <li>Industrie (plaaslik en internasionaal)</li> <li>Alumni</li> <li>Donateurs (plaaslik en internasionaal)</li> <li>Association of African Universities</li> <li>US Raad</li> <li>Internasionale netwerke</li> <li>Stadsraad en Munisipaliteit</li> <li>Sportliggame (waaronder Stellenbosch Sportakademie)</li> <li>Suid-Afrikaanse Polisiediens en private sekuriteitsfirms</li> <li>Geselekteerde verskaffernetwerke</li> </ol>	<b>AKTIWITEITE</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>Navorsing en innovasie (basies en toegepas)</li> <li>Leer en onderrig (op kampus en van kampus)</li> <li>Sosiale impak</li> <li>Internasionalisering</li> <li>Bemagtigende professionele en administratiewe steudienste (Menslike Hulpbronne, Finansies, Fasiliteitsbestuur, Veiligheid en Sekuriteit, Studente-ondersteuning, Informatieteknologie, Sport, Mobiliteit, Studenteverblyf, Kimmersialisering, Gehalteversekerings)</li> <li>Tegnologie-oordrag en besigheidsonontwikkeling</li> <li>Korporatiewe Kommunikasie en Openbare Betrekkinge</li> <li>Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge</li> </ol>	<b>WAARDEPROPOSISIE</b> <p>'n Funksie van:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>Reputasie, globale ranglyste en netwerke</li> <li>Gekose hoëronderwysvennoot in Afrika</li> <li>Hoëronderwysweg na Afrika</li> <li>Relevansie en interaksie: plaaslik, Afrika, globaal</li> <li>Gehalte, sukses en uitgebreide akademiese voetspoor</li> <li>Verantwoordbaarheid, bekostigbaarheid en inklusiwiteit</li> <li>Innovasie en entrepreneurskap: insette, prosesse en uitsette (Leer &amp; Onderig, Navorsing, Sosiale Impak)</li> <li>Sistemiese volhoubaarheid</li> <li>Bestuursoorsig</li> <li>Invloed van geografiese lokaliteit</li> <li>Sport: fasilitate, wetenskap, verskillende kodes, kundigheid, reputasie</li> <li>Veilige en koesterende omgewing</li> <li>Werkgewer van keuse</li> <li>Universiteit in diens van die samelewing</li> <li>Tegnologie-oordrag: patente, lisensies, Innovus, LaunchLab, afwentelmaatskappye-portefeuille</li> <li>Meertalighed</li> <li>Ko-kurrikulêre aktiwiteite</li> </ol>	<b>VERHOUDINGS</b> <p>(per belanggroep)</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>Aanloklike voordeel</li> <li>Bemagtiging, sukses en verseker indiensneembaarheid</li> <li>Geloofwaardigheid, uitnemendheid en internationale erkenning</li> <li>Toeganklikheid en oordraagbare hoër onderwys</li> <li>Buigsaamheid en relevansie</li> <li>Veiligheid, bekostigbaarheid, gehalte en toeganklikheid</li> <li>Mededingende werknamerwaardeproposisie</li> <li>Gereken as 'n nasionale hoëronderwysbate</li> <li>Vennootskappe met industrie om nuwe kennis op relevante, doeltreffende manier te genereer en te versprei</li> <li>Bestuursoorsig, hefboomeffek t.o.v. groot kwessies</li> <li>Gehalte, inligting en kommunikasie</li> <li>Volhoubare koöperatiewe bestaan met US en belyning van doelwitte</li> <li>Goeie bestuur-en-beheer van 'n wêreldrangse universiteit</li> <li>Mede-eienaarskap en gehaltebevordering van hoër onderwys in Afrika</li> <li>Bevorderlike omgewing vir hoëprestasiesport</li> </ol>	<b>SLEUTELBELANGEGROEPE</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>Personnel</li> <li>Voornemende studente</li> <li>Studente <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voortgaande studente</li> <li>• Nagraadse studente</li> </ul> </li> <li>Internasionale studente</li> <li>Massa-mark (diplomas)</li> <li>Leer-en-verdien-studente</li> <li>Ouers</li> <li>Regering</li> <li>Industrie</li> <li>Donateurs</li> <li>Alumni</li> <li>Stellenbosch Munisipaliteit en dorp</li> <li>US Raad</li> <li>Vakbonde</li> <li>Internasionale befondsingsagentskappe</li> <li>Association of African Universities</li> <li>Sport – plaaslik en internasional</li> <li>Diensverskaffers deur lewensvatbare kontraktering</li> <li>Waagkapitaal-maatskappye</li> <li>Beleggers</li> </ol>
<b>KOSTESTRUKTUUR</b> (as % van totale uitgawes) <ol style="list-style-type: none"> <li>Personnelkoste: 47,5%</li> <li>Operasionele koste: 45,8%</li> <li>Ander (waardevermindering en finansieringskoste): 6,7%</li> </ol>	<b>HULPBRONNE</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>US handelsnaam / reputasie</li> <li>Mense (werknekmers) vermoëns en interaksie, insluitend vermoë om te innoveer</li> <li>Fakulteite met behoefte-gedreve en funksionele akademiese aanbod</li> <li>Studentevermoë om saam waarde te skep en mede-verantwoordbaar te wees</li> <li>Fasiliteite (akademies, studentebehuisings, goed toegeruste laboratoria, IKT-fasiliteite)</li> <li>Intellektuele kapitaal</li> <li>Befondsingsbronne</li> <li>Goed funksioneerende administratiewe stelsels</li> <li>Alumni</li> <li>Industrie</li> <li>Regering</li> <li>Verskaffersnetwerke</li> <li>Verwelkomende institusionele kultuur</li> </ol>	<b>INKOMSTESTROME</b> (as % van totale inkomste) <ol style="list-style-type: none"> <li>Eerste geldstroom: Owerheidstoekennings: 33,7%</li> <li>Tweede geldstroom: Studente- en huisvestinggelde: 21,3%</li> <li>Derde geldstroom: Navorsing, beleggings, kommersialisering en verkoop: 38,6%</li> <li>Vierde geldstroom: Filantropiese skenkings en bemakings: 6,4%</li> </ol>	<b>HOOFKANALE</b> (vir primêre dienslewering) <b>Aflewering – Leer en Onderrig</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>Op kampus aangesig-tot-aangesig-onderrig</li> <li>Gemengde leer (insluitend web-, telematiese, eksperimentele en aksie-leer)</li> <li>Virtueel (insluitend via vennote)</li> </ol> <b>Aflewering – Navorsing</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>Publikasies</li> </ol>	<ol style="list-style-type: none"> <li>Seminare</li> <li>Boeke</li> <li>Leer en onderrig</li> <li>Innovus (tegnologie-oordrag, LaunchLab, kommersialisering)</li> </ol> <b>Aflewering – Sosiale Impak</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>Geïntegreer met leer en onderrig</li> <li>Gesamentlike projekte met gemeenskap</li> </ol>



## BESTUUR EN BEHEER

Gebeure in die hoëronderwyssektor in Suid-Afrika het die verslagjaar oorheers, maar die Universiteit Stellenbosch (US) het nietemin daarin geslaag om studenteregistrasie glad te laat verloop en die eindeksamen op tyd en sonder ontwigting af te handel.



## Verslag van die VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

George Steyn, Raadsvoorsitter

Nes die 25 ander Suid-Afrikaanse universiteite, het die US nie die finansiële impak van geen verhoging in studentegelde, wat die president in 2015 aangekondig het, studenteprotes, en verdere studente-oproepe vir gratis universiteitsonderrig (#FeesMustFall-beweging) ontsnap nie. Daarmee saam is daar toenemende druk op instellings om hul studente-innames te verhoog en deurvloekoerse te verbeter.

Vir ons as Universiteitsraad met 'n verantwoordelikheid om sowel oor goeie beheer en bestuur as langtermyn-finansiële volhoubaarheid toesig te hou, bly die onsekerhede in die sektor oor onder meer die nuwe subsidieformule, agterstande weens chroniese onderfinansiering en die aandrang op gratis hoëronderwys aan die einde van 2016 'n groot bron van kommer. Vir die boekjaar 2016 het die Raad R15,2 miljoen uit sy diskresionêre hulpbronne bygedra om die tekort in die hoofbegroting aan te vul. Die Universiteit beleef ongekende finansiële uitdagings.

Dit was verblydend dat die US ondanks die druk van dringende, onbeplande en selfs eksterne uitdagings, steeds op belangrike sake ter bevordering van sistemiese transformasie in die langtermynbelang van die instelling kon konsentreer. Buiten die nuwe Taalbeleid, is 'n Diensbillikhedbeleid, die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering, en die nuwe Dissiplinêre Kode vir Studente in die verslagjaar aanvaar. Die Raad het gedurende die jaar breedvoerig kommentaar gelewer op die US se voorgestelde Toelatingsbeleid, en die finale dokument sal vroeg in 2017 by 'n spesiale vergadering dien. Dié nuwe beleid tree in 2018 in werking.

In 2016 was die US se Taalbeleid en taaltoepassing vir die soveelste keer sedert 2004 in die spervuur; veral in die Afrikaanse media. 'n Suksesvolle hofaansoek is teen die US

ingedien om te verseker dat die Taalbeleid wat die Raad in 2015 aanvaar het, in 2016 in fakulteite toegepas word. Daardie Taalbeleid is in die eerste semester van 2016 hersien en die Raad het dit in Junie met die instemming van die Senaat aanvaar. Daarna is 'n verdere hofaansoek ingedien om die US se nuwe Taalbeleid tersyde te stel. Die US staan dié aansoek teen en die saak was teen die einde van die verslagjaar nog nie afgehandel nie.

Die US het intussen voortgegaan met sy beplanning om die nuwe Taalbeleid in 2017 in werking te stel. Hoewel twee lede van die Raad na aanleiding van die aanvaarding van die nuwe Taalbeleid bedank het, het die meeste lede die US se uitgangspunt ondersteun, naamlik dat geen student of personeellid op grond van taal van die akademiese aanbod of werkzaamhede van die instelling uitgesluit mag word nie. Studente met 'n voorkeur vir onderrig in Afrikaans, kan dit steeds aan die US ontvang, terwyl diegene met min of geen taalvaardigheid in Afrikaans, in Engels kan studeer.

Die Raad ondersteun die bestuur se sienswyse, dat die nuwe Taalbeleid uitvoering gee aan die US se visie – soos uiteengesit in die Institusionele Voorneme en Strategie (IVS) – om 'n toeganklike en inklusiewe instelling te wees. Dit is ook die oogmerk van die ander beleide wat die Raad in 2016 goedgekeur het, en die Toelatingsbeleid wat in 2017 goedgekeur sal word.

Ondanks finansiële en operasionele uitdagings en onstuimige sosio-politiese tye het die bestuur, personeel en studente in 2016 die akademiese jaar met groot suksesse voltooi. As Raadsvoorsitter is ek trots op prestasies soos onder meer 427 gegradeerde navorsers in 2016 (teenoor 302 in 2012), 'n rekordgetal (8 339) kwalifikasies met 'n rekordgetal doktorsgrade (278), steeds hoë modulesukseskoerse én stygende navorsingsuitsette.

Vir die Institusionele Voorneme en Strategie (2013–2018) is meer as die helfte van sy tydperk verstreke. Die Raad het daarom in 2016 'n nuwe viserektoerspos vir strategiese inisiatiewe en internasionalisasie goedgekeur, en die bestuur is versoek om in 2017 te begin met die ontwikkeling van 'n nuwe institusionele strategie.

As deel van sy oorsigrol en sy bestuur-en-beheerfunksie, is die Raad bewus van sy verantwoordelikheid om die integriteit van geïntegreerde verslaggewing te verseker. Hoewel hierdie verslag oor 2016 se werkzaamhede grootliks as die US se tweede geïntegreerde jaarverslag beskou word, bevat die publikasie nog elemente van 'n konvensionele jaarverslag, veral die hoofstuk "Universiteitsraad se verklaring oor korporatiewe bestuur" op bladsy 17, om ook te kan voldoen aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se nuwe riglyne vir verslaggewing deur hoëronderwysinstellings soos gepubliseer in die Staatskoerant nr. 37726 van 9 Junie 2014. Raadslede het hulle deeglik vergewis van die raamwerk en inhoud van hierdie verslag voordat die Raad op 8 Mei 2017 daarop afgeteken het.

Die Universiteit Stellenbosch onderskryf ook die beginsels van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap

soos in die King Code of Governance (King III) vervat en ons gekonsolideerde finansiële jaarstate word in ooreenstemming met die toepaslike beleide van *International Financial Reporting Standards* (IFRS) opgestel.


Namens die Raad wil ek die universiteitsgemeenskap oopreg bedank vir hul harde werk en lojaliteit jeens die instelling. Die jaar was vir die Raad ook 'n besonder besige tydperk, met 'n spesiale Raadsvergadering buiten die geskeduleerde vergaderings en ook taakspanne wat aan die Raad moes terugrapporteer. Ek het groot waardering vir die toewyding van die ondervorsitter, prof PW van der Walt, alle raadslede en die hoogs kundige lede van die verskillende raadskomitees. Hartlik dankie vir u ondersteuning.

A handwritten signature in black ink that reads "George Steyn".

George Steyn  
Raadsvoorsitter



## Ons BESTUUR-EN-BEHEERSTRUKTUUR



## Die UNIVERSITEITSRAAD

Die Universiteitsraad bestuur en beheer die Universiteit Stellenbosch behoudens die Wet op Hoër Onderwys (Wet nr. 101 van 1997) en die institusionele statuut. Die funksies en samestelling van die Raad word in die Statuut van die Universiteit Stellenbosch uiteengesit. Die Raadslede word vervolgens gegee soos op 8 Mei 2017, die datum waarop die Raad die Universiteit Stellenbosch Geïntegreerde Jaarverslag 2016 goedgekeur het.

- Lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad
- Lede van die Oudit- en Risikokomitee van die Raad
- Lede van die Menslikehulpbronnekomitee van die Raad
- Lede van die Beleggingskomitee van die Raad
- Lede van die Vergoedingskomitee van die Raad
- Lede van die Sosiale en Besigheidsetiekomitee van die Raad

Ons statutêre Raads- en Senaatskomitees word in die diagram op die vorige bladsy getoon. Vir inligting oor bogenoemde komitees se rol, kyk "Die Universiteitsraad en subkomitees van die Raad" op bladsy 17.

	Naam	Ouderdom	Kwalifikasies	Ampstermyne
<b>AMPSHALWE LEDE</b>				
<b>Rektor en Visekanselier</b>				
• Prof WJS de Villiers	57	MB,ChB, MMed (Int) (Stell), LKI(SA), DPhil (Oxon), MHCM (Harv), DSc hc (Coventry)	1.4.2015–31.3.2020	
<b>Bedryfshoof</b>				
• Prof L van Huysteen	66	MScAgric, PhD (Agric) (Stell)	1.4.2013–31.12.2017	
<b>Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)</b>				
Prof NN Koopman	55	BA, DTh (UWK)	1.7.2016–30.6.2021	
<b>Viserektor (Leer en Onderrig)</b>				
Prof A Schoonwinkel	62	HonsBEng, MIng (Stell), MBA (Kaapstad), PhD (Stanford), Pring	1.9.2012–31.8.2017	
<b>Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse studie)</b>				
Prof TE Cloete	59	MSc (UOVS), DSc (Pret)	1.9.2012–31.8.2017	
<b>DEUR DIE PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL (NIESENAATSLADE) BENOEM</b>				
• Prof J Fourie	34	MCom, PhD (Utrecht)	1.9.2016–31.8.2018	
<b>DEUR DIE PERMANENTE NIEAKADEMIESE PERSONEEL BENOEM</b>				
• Me G Arangies	53	BCom (UPE), MBA (Stell)	6.4.2016–5.4.2018	
<b>DEUR DIE INSTITUSIONELE FORUM BENOEM</b>				
Posisie vakant				
<b>DEUR DIE MINISTER VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING BENOEM</b>				
Mnr AR Diedrich	57	Dip Skone en Kommersiële Kuns (KSTech); Sert OntwStud (Zimbabwe Open University); NGSepte Globalisasi (GLU Kassel), OntwEkon (BSE, Duitsland), OpvMetod en Arbeid Opv (ACTRAV,Turin), Empl and SocSecur Law, en VolvOnd (Kaapstad)	23.3.2017–22.3.2021	
Prof A Keet	52	MEd (UWK), PhD (Pret)	1.12.2014–30.11.2018	
Prof PG Maré	71	HonsBA (UN), HonsBA, MA (Witw), PhD (UN)	25.9.2014–24.9.2018	
Me TS Lingela	60	BA, UED (Fort Hare), BEd (Rhodes), MEd (UDW,VSA)	1.1.2014–31.12.2018	
Posisie vakant		-	-	-
<b>DEUR DIE KONVOKASIE BENOEM</b>				
Prof WAM Carstens	65	MA, DLitt (Stell)	2.4.2014–1.4.2018	
Prof AR Coetzee	66	MB,ChB, MMed (Anes), PhD, MD, PhD, DSc (Stell), LKN(SA), FFARCS	2.4.2016–1.4.2020	
Prof GJ Crafford	39	MSc Bourek (UPE), PhD (NMMU), MBA (Stell)	4.11.2016–1.4.2020	
Mnr H Gonzales	29	LLB (Stell), toegelate prokureur	2.4.2016–1.4.2020	

	Naam	Ouderdom	Kwalifikasies	Ampstermyn
<b>DEUR DIE KONVOKASIE BENOEM Vervolg</b>				
	Prof JH Hambidge	60	HonsBA (Stell), MA (Pret), PhD (Rhodes), PhD (Kaapstad)	22.6.2016–1.4.2018
	Mnr JG Theron	53	BA Regte, LLB (Stell)	2.4.2014–1.4.2018
<b>DEUR DIE SENAAT BENOEM</b>				
	Prof UME Chikte	63	PhD (Stell), MSc (UCL), MDent, DHSM (Witw), BChD (UWK)	1.1.2016–31.12.2017
	Prof A Gouws	58	MA (RAU), PhD (Illinois, Urbana-Champaign)	1.1.2016–31.12.2017
	Prof MA Fataar	51	BA, HOD, HonsBA, MPhil, PhD (UWK)	3.6.2016–30.6.2018
<b>DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH BENOEM</b>				
	Adv GMM van Deventer	58	Dipl Wingerdk en Plantk, Dipl Keldermeester en Wynmaker (Eerste Klas) (Elsenburg), BA Regte, LLB (Stell)	1.12.2016–30.11.2021
<b>DEUR DIE DONATEURS BENOEM</b>				
• • ●	Mnr GM Steyn (Voorsitter vanaf 2.4.2012)	58	BA Regte, LLB (Stell)	2.4.2014–1.4.2018
• • ●	Prof PW van der Walt (Ondervoorsitter vanaf 7.5.2012)	70	BScBEng, MEng, PhD (Stell)	2.4.2014–1.4.2018
• • ●	Mnr JJ Durand	50	HonsBRek (Stell), MPhil (Oxon), GR(SA)	2.4.2016–1.4.2020
<b>DEUR DIE PREMIER VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING BENOEM</b>				
• • ●	Mnr AP van der Westhuizen	58	BCom, HOD, MEd (Stell)	1.8.2014–31.7.2018
<b>DEUR DIE RAAD BENOEM</b>				
●	Mnr AV Moos	39	BA, BPhil Joernalistiek, MBA (Stell)	5.5.2014–4.5.2018
●	Me K Njobe	46	Biologie (UCLA, USA), MSc (Dierkunde) (Pret), MTE (IMD, Switzerland)	5.5.2014–4.5.2018
<b>DEUR DIE STUDENTERAAD BENOEM</b>				
	Me LA Julies	23	-	24.4.2017–31.12.2017
	Mnr TM Mlangeni	19	-	10.3.2017–31.12.2017
<b>Die volgende nieraadslede is deur die Raad benoem as addisionele lede in die Oudit- en Risikokomitee</b>				
● ●	Prof DP du Plessis		BSc (Kaapstad), MBA, DBA (Stell)	
● ●	Mnr JP Bester		HonsBCom (Rek) (Stell), HonsBCom (Bestuurs-rek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (Kaapstad), GR(SA)	
●	Mnr BHJ Wessels		BCompt (Unisa), GIA(SA)	
●	Mnr H van der Ahee		BEng (Chem), BRek, HonsBCom (Belasting) (Stell), HonsBCompt (Unisa), GR(SA)	
<b>Die volgende nieraadslede is deur die Raad benoem in die Beleggingskomitee</b>				
● ●	Prof DP du Plessis		BSc (UK), MBA, DBA (Stell)	
●	Mnr GT Ferreira		BCom, MBA (Stell)	
●	Prof JD Krige		MCom (Stell), FIA (London)	
●	Mnr DK Smith		BSc (Stell), FASSA, ISMP (HBS)	
●	Mnr PG Steyn		BCom, LLB (Stell)	
●	Mnr MM du Toit		BScAgric, MBA (Stell)	
●	Me E de la Harpe-Meaker		HonsBA (Stell)	
<b>Die volgende nieraadslede is deur die Raad benoem in die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee</b>				
● ●	Mnr JP Bester		HonsBCom (Rek) (Stell), HonsBCom (Bestuursrek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (Kaapstad), GR(SA)	
● ●	Dr T Theron		HonsBSc, MSc, PhD (Stell)	
● ●	Prof P Naudé		LisTeol, MA, DTh (Stell)	



Die Universiteit Stellenbosch het in 1918 ontstaan toe die Victoria Kollege ingevolge Wet 13 van 1916 in 'n universiteit omskep is.

## DIE UNIVERSITEITSRAAD EN SUBKOMITEES VAN DIE RAAD

Die Universiteitsraad (hierna die Raad genoem) bestaan uit akademiese en nieakademiese lede, behoorlik volgens die Statuut van die Universiteit genomineer en aangestel, van wie die meerderheid nie personeel of huidige studente van die Universiteit is nie. Die rol van die Voorsitter van die Raad is van die rol van die Rektor en Visekanselier van die Universiteit geskei. Die Voorsitter van die Raad is gedurende 2013 herverkies om vir 'n verdere termyn van 2 April 2014 tot 1 April 2018 as Voorsitter te dien. Sake wat vir oorweging en besluitneming aan die Raad toegewys is, word in die Statuut van die Universiteit, hetsy deur gevestigde prakteke of ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, uiteengesit. Die Raad moet aan sy onderskeie belanggroepes verantwoording doen. Die Raad sien toe dat die Universiteit op verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word en is tot gesonde bestuursbeginnels verbind.

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch het in 2016 uit 28 lede bestaan (twee posisies is vakant) waarvan vyf uitvoerende raadslede, 13 onafhanklike nie-uitvoerende raadslede, vyf werknekmers van die Universiteit was en drie deur die regering en twee deur die studente aangewys is.

## DIE UNIVERSITEITSRAAD EN SUBKOMITEES VAN DIE RAAD: LEDETAAL EN BYWONING VAN VERGADERINGS, 2016

Komitee	Aantal lede	Posisies gevul	Aantal vergaderings 2016	Gemiddelde bywoning 2016
Universiteitsraad	30	28	6	90%
Uitvoerende Komitee	7	7	7	83%
Oudit- en Risikokomitee	7	7	3	89%
Menslikehulpbronnekomitee	5	5	2	90%
Vergoedingskomitee	4	4	2	88%
Beleggingskomitee	8	8	4	59%
Sosiale- en Besigheidsetiekkomitee	5	5	4	84%
Taalkomitee	8	8	2	71%

Die name van die lede, hulle kwalifikasies en ampstermyne verskyn op bladsy 15 en 16.

Die Raad het ses maal gedurende die verslagjaar ampelike vergaderings gehou. Die Universiteit rapporteer met trots dat die gemiddelde bywoningskoers van Raadslede ten opsigte van Raadsvergaderings gedurende die verslagjaar 90% was. Die laagste bywoningskoers was 85%.

Die Raad het strukture geskep om toe te sien dat sy verpligte teenoor alle belanggroepes te alle tye behoorlik nagekom word. Die volgende Raadskomitees speel 'n direkte rol by die effektiewe funksionering van die Universiteit: die Uitvoerende Komitee van die Raad; die Menslikehulpbronnekomitee van die Raad; die Vergoedingskomitee van die Raad; die Oudit- en Risikokomitee van die Raad; die Sosiale- en Besigheidsetiekkomitee van die Raad; die Beleggingskomitee van die Raad en die Taalkomitee van die Raad. Die komitees is almal formeel saamgestel, met skriftelike mandate, en bestaan hoofsaaklik uit lede van die Raad wat nie personeel of studente van die Universiteit is nie.

Die Raad se komitees vergader met verskillende tussenposes – sommiges vergader voor elke Raadsvergadering, terwyl ander vergader na gelang die behoeftte ontstaan.

Die **Uitvoerende Komitee van die Raad**, wat minstens vyf keer per jaar vergader, neem namens die Raad binne sy gedelegeerde magte besluite, handel sake namens die Raad af, adviseer die Raad oor beleidsbesluite en skakel in die tydperk tussen Raadsvergaderings met die senior bestuur oor sake wat die funksies van die Raad raak. Die Uitvoerende Komitee van die Raad bestaan uit sewe lede, wat ook lede van die Raad is. Tans is sewe poste gevul. Die komitee vervul ook namens die Raad 'n moniterings- en kontrolefunksie deurdat dit aanbevelings ten opsigte van die Universiteit se transformasiemkpunte doen en die implementering daarvan monitereer, aanbevelings ten opsigte van die jaarlike bedryfs- en kapitaalbegrotings doen en vordering in ooreenstemming met die goedgekeurde begrotings en resultate kontroleer. Die komitee is ook verantwoordelik om toe te sien dat die Universiteit finansiële gesond en 'n lopende saak is. Hierdie komitee het gedurende die verslagjaar sewe keer vergader en het geen hangende sake nie. Hangende sake op die agendas van ander komitees wat deur die Uitvoerende Komitee aan die Raad verslag doen, sal uiteindelik op die agenda van die Uitvoerende Komitee verskyn, wat op daardie stadium hanteer sal word.

Die gemiddelde bywoningskoers van die Uitvoerende Komitee vir 2016 was 83%.

Die **Oudit- en Risikokomitee van die Raad**, waarvan die Voorsitter en lede ook lede van die Raad of ander eksterne personele is wat oor die nodige finansiële kundigheid beskik om die Komitee met die doeltreffende uitvoering van sy pligte by te staan, funksioneer sedert 31 Oktober 2005. Dit bestaan uit sewe lede, soos uiteengesit op bladsy 15 en 16. Tans is sewe poste gevul. Die Komitee vergader minstens drie keer per jaar en die vergaderings word deur die interne en eksterne ouditeure en die lede van die senior bestuur van die Universiteit bygewoon. Die interne en eksterne ouditeure se onbeperkte toegang tot die Oudit- en Risikokomitee verseker hulle onafhanklikheid. Die Oudit- en Risikokomitee funksioneer ooreenkomsdig 'n skriftelike mandaat van die Raad en doen aan die Raad verantwoording oor die volgende:

- Die beskerming van bates.
- Die werking van geskikte stelsels van interne beheer.
- Risikobestuurs- en -beheerraatreëls.
- Interne en eksterne audit.
- Voldoening aan statutêre vereistes.
- Rekeningkundige beleid.
- Finansiële verslaggewing.
- Die stand van die Universiteit as lopende saak.

Die Oudit- en Risikokomitee se reglement en matriks is gedurende 2014 bygewerk en deur die Raad goedgekeur.

Die **Menslikehulpbronnekomitee van die Raad** se mandaat sluit aanbevelings aan die Raad oor algemene strategie en breë beleid ten opsigte van personeelaangeleenthede asook aanstellings en bevordering van senior bestuurslede in. Die Komitee maak ook mededelings aan die Raad oor aanstellings en bevorderings op posvlak 4 ingevolge gedelegeerde bevoegdheid soos verleen deur die Raad. Die Komitee bestaan uit vyf lede, soos uiteengesit op bladsy 15 en 16. Tans is al vyf poste gevul. Die Komitee het twee keer in 2016 vergader.

Die **Vergoedingskomitee van die Raad** is saamgestel uit die Voorsitter van die Raad (nie as voorsitter van die Vergoedingskomitee nie), twee Raadslede wat nie werkneemers van die Universiteit is nie, die Rektor en Visekanselier en twee ex officio-lede (sonder stemreg), naamlik die Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne, en die Bestuurder: Vergoeding en Voordele. Die Vergoedingskomitee is vir die bepaling van algemene strategie en breë beleid ten opsigte van vergoeding en personeelvoordele, asook mededelings aan die Raad oor algemene vergoedingsaanpassings verantwoordelik. Die Komitee het twee keer in 2016 vergader.

Die **Sosiale- en Besigheidsetiekkomitee (SBK) van die Raad** het in 2015 van die grond afgekom, nadat die Komitee aan die einde van 2014 saamgestel is. Die sleutelfunksie van die Komitee is om as die sosiale gewete van die Universiteit te dien en om te verseker dat die Universiteit as 'n verantwoordbare korporatiewe burger optree. Vir daardie rede vertolk die Komitee 'n etiese oorsigsfunksie en beoordeel deurlopend die Universiteit deur die oë van die publiek. Die Komitee het dus die funksie om toesig te hou oor hoe eties die Universiteit sy besigheid bedryf. Die Komitee dra die oorhoofse verantwoordelikheid om etiese waardes en gepaardgaande gedragskodes en -beleid te vestig, om te verseker dat die beginsels van etiese besigheidspaktyke nagekom word en om die impak daarvan te evaluer. Die Komitee maak die nodige mededelings en aanbevelings ten opsigte van sy bevindinge aan die Raad.

Die Komitee bestaan uit vyf lede, naamlik twee nieuvtvoerende Raadslede, twee verteenwoordigers van die Universiteit se bestuurskorps en een eksterne lid, wat ook 'n lid van die Oudit- en Risikokomitee is. Die Voorsitter is 'n nieuvtvoerende Raadslid. Die Komitee het vier keer in 2016 vergader.

Die Komitee het in sy eerste bestaansjaar gefokus op opleiding van die komiteelede, om te verseker dat die komiteelede bemagtig is om die vertolking van die Komitee se funksie en die uitvoering van sy pligte korrek te doen. Die kernaspakte wat in 2016 oorweeg is, sluit onder andere in: die gebrek aan 'n etiese kode; etiese aspekte rondom in- en uitkontraktering van werkers, die "pers gesig"-voorval en verslag, en die rol, verantwoordelikhede en magte van die ombudsman.

## NAKOMING VAN WETTE, KODES, REGULASIES EN STANDAARDE

Die Universiteit se interne ouditeure het teen die einde van 2016 begin om sy nakomingsfunksie te assesseer en die verslag daaroor word vroeg in 2017 verwag. Daar is met bestuur ooreengekom op aksieplanne en 'n roetekaart, wat van 2017 tot 2018 in werking gestel sal word.

## INLIGTINGVERSKAFFING ONDER PAIA

Die US het hom verbind tot die kweek van 'n kultuur van deursigtigheid en toerekenbaarheid, en tot die deel van inligting wanneer gepas, deur nakoming van die Wet op die Bevordering van Inligting (no. 2 van 2000) (PAIA).

Op 9 Februarie 2016 het die Rektor se Bestuurspan die

Universiteit se bygewerkte PAIA-handleiding goedgekeur, waarna dit aan die SA Menseregtekommisie gelewer is. Op 22 April is die verpligte artikel 32-verslag vir April 2015 tot Maart 2016 gelewer. Van Januarie tot Desember 2016 het die Universiteit onder die Wet II versoek om inligting ontvang, waarvan vyf versoekte toegestaan is, drie geweier is aangesien die verlangde rekords nie bestaan nie (PAIA artikel 23), twee geweier is aangesien die versoek nie op die voorgeskrewe vorm gemaak is nie en die aansoekers nie van die aangebode geleentheid gebruik gemaak het om dit reg te stel nie (PAIA artikel 18 en 19) en een geweier is regtens die verpligte beskerming van aantekeninge gemaak by regsverrigtinge (PAIA artikel 40).

## VERSLAGDOENING INGEVOLGE KING III

Die King Code of Governance Principles (King III) is sedert

Gebied	Verduideliking
Statuut van die Universiteit	Waar die gewysigde Statuut, wat aan die Wet op Hoër Onderwys voldoen, nie aan die vereistes van King III voldoen nie, sal kompenserende maatreëls ingestel word om aan die doel van die riglyne te voldoen.
Opvolgbeplanning en talentbestuur van Raadslede	Gegewe die feit dat Raadslede op grond van spesifieke kundigheid deur verskillende belangegroepe aangestel word, is talentbestuur nie moontlik nie. Opvolgbeplanning word gedoen deur die onderskeie belangegroepe wat vir die aanstelling van hulle verteenwoordigers in die Raad verantwoordelik is.
Raadskomitees	King III vereis dat die onderskeie Raadskomitees hulle reglemente jaarliks hersien en dat daar jaarliks 'n selfbeoordeling van die komitee plaasvind. Met inagneming van die feit dat die aard van sommige komitees slegs halfjaarlikse vergaderings vereis, wat die jaarlike hersiening van hierdie reglemente en selfbeoordeling onprakties maak, word die reglemente hersien en aangepas soos nodig.
Vergoedingsopenbaarmaking	Vergoedingsopenbaarmaking voldoen aan die vereistes soos gestel deur die Regulasies vir Verslagdoening deur Hoëronderwysinstellings, en daar word tans nie aan die King III-vereistes voldoen nie.
Opleidingsregister van Oudit- en Risikokomiteelede	Gegewe die kundigheid van die lede en die posisies wat hulle beklee, word bykomende opleiding van Oudit- en Risikokomiteelede nie nodig geag nie. Daar sal van die lede verwag word om op 'n gereelde grondslag hulle deurlopende professionele opleiding en ontwikkeling te bevestig.
Gekombineerde ouditversekeringsraamwerk en verslagdoening	'n Gekombineerde ouditversekeringsraamwerk word deur die bestuur en interne ouditeure ontwikkel en sal gedurende 2017 deur die Oudit- en Risikokomitee van die Raad oorweeg word vir goedkeuring.
Versekerung van voldoening aan wetgewing	Die aanstelling van 'n addisioneleregsadviseur in Regsdienste ter ondersteuning van die Direkteur gee ruimte vir die ontwikkeling van die nakomingsfunksie deur onder ander die opstel van 'n wetlike nakomingsreglement, plan en raamwerk. 'n Interne-ouditassessering van die nakomingsfunksie sal riglyne gee asook 'n padkaart vir aksies en stappe vorentoe. Die verantwoordelikheid vir nakoming bly primêr op operasionele vlak, op een lyn met die verankerde risikobestuursmodel.

Voldoening aan korporatiewe bestuursbeginse word deurlopend geëvalueer. Nakoming van die vereistes van King III is 'n deurlopende proses. Die Universiteit het reeds prosesse in plek om die impak en implementering van die nuwe King IV te evalueren ten einde nakoming te verseker.

I Maart 2010 op alle besigheidsentiteite, insluitende universiteite, van toepassing. Die Universiteit het in Augustus 2010 'n onafhanklike interne oudit van die mate van nakoming van die toepaslike King III-beginsels laat doen. Die Universiteit het in daardie stadium reeds aan die oorgrote meerderheid van die beginsels voldoen en het sedertdien 'n volledige aksieplan met die oog op die implementering van die uitstaande toepaslike beginsels opgestel.

Die Universiteit onderskryf die filosofie van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap soos vervat in King III. King III vereis dat besigheidsentiteite wat verklaar dat hulle aan die beginsels voldoen, moet verduidelik op watter gebied voldoening nie moontlik was nie. Die Universiteit voldoen soos op 31 Desember 2016 nie aan die volgende nie:

## FINANSIEËLE EN KORPORATIEWE BESTUUR

Effektiewe, doeltreffende en deursigtefinansiële bestuur- en interne beheerstelsels word gebruik om die akkuraatheid van die Universiteit se rekeningkundige rekords en die integriteit van die data wat vir die voorbereiding van finansiële jaarstate gebruik word, te verseker.

Daar is inherente beperkings op die doeltreffendheid van enige interne beheerstelsel, met inbegrip van die moontlikheid van menslike foute en die omseiling of omverwerping van beheermaatreëls. Gevolglik kan selfs 'n doeltreffende interne beheerstelsel slegs redelike gerusstelling ten opsigte van finansiële inligting verskaf. Die interne en eksterne ouditeure evalueer die effektiwiteit, doeltreffendheid en betrouwbaarheid van die finansiële bestuur- en interne beheerstelsels. Gebreke in die stelsels word onder die aandag van die bestuur en, waar toepaslik, van die Oudit- en Risikokomitee gebring. Stappe word getrou gedoen om beheergebreke reg te stel en bied geleenthede om die stelsel te verbeter na gelang gebreke geïdentifiseer word. Die Universiteit het ook 'n formele procedure vir die aanmelding van moontlike ongerymdhede of bedrog.

Die Universiteit funksioneer volgens 'n waardestelsel wat in sy Strategiese Raamwerk uiteengesit word en deur die universiteitsgemeenskap aangeneem is. Finansiële bestuur berus op 'n stel beginsels wat die Raad op 19 Mei 2003 aangeneem het. Die Universiteit het ook 'n Beleid vir die Versekering en Bevordering van Eties-verantwoordbare Navorsing. Hierdie beleid word deur drie etiekkomitees (een elk vir navorsing met betrekking tot mensdeelnemers, die sorg vir en gebruik van diere, en omgewings- en bioveiligheid) toegepas om te verseker dat navorsers in elke verhouding met subjekte en objekte waarin hulle tydens wetenskaplike navorsing betrokke raak, in ooreenstemming met die tersaakklike etiese norme optree. Die etiese norme wat in die beleid uiteengesit word, geld reeds vanaf die evaluering van die doel van die bepaalde navorsing en die formulering van die onderwerp van navorsing, en is ook bindend ten opsigte van financieringsbronne; kliënte; die gemeenskap; die fisiese, biologiese en sosiale omgewing; die veiligheid van navorsers en medewerkers; en die navorsers se persoonlike verantwoordelikheid.

**Die UNIVERSITEIT funksioneer volgens 'n waardestelsel wat in sy STRATEGIESE RAAMWERK uiteengesit word en deur die universiteitsgemeenskap aangeneem is.**

## TENDER- EN AANKOOPROCEDURES

Die Afdeling Aankope en Voorsieningsdienste is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van 'n gesentraliseerde aankoopbeleid en -prosedure wat op etiek, billikheid, onpartydigheid, deursigtheid en mededingende kostedoeltreffendheid berus. Sodoende wil die Afdeling alle diensverskaffers uit alle gemeenskappe die geleenthed bied om met die Universiteit sake te doen, ongeag ras, geslag of geloof.

Prysafsnypunte bepaal wanneer tenders vir die aankoop van dienste of produkte aangevra of hoeveel kwotasies ingewin moet word. Voorts word daar onderskei tussen institutionele, strategiese en kapitaaltenders, sowel as tenders wat nie die werking van die US in die geheel beïnvloed nie, soos die aankoop van navorsingstoerusting. Hierdie aankope is elk onderworpe aan 'n aparte stel reëls wat betref die vereiste goedkeuring voordat tenders aangevra en toegeken kan word. Die reëls word in die US se Aankoop- en Tenderbeleid sowel as die Reglement aangaande Delegasie van Bevoegdhede en Verantwoordelikhede vervat. Voor elke tenderbeoordeling moet die lede van die tenderkomitee 'n belangverklaringsvorm voltooi. Indien dit sou blyk dat enige lid 'n belangebotsing het, neem die lid nie aan die beoordeling deel nie.

Die Rektor se Bestuurspan het in 2016 besluit dat alle tenders vir deurlopende dienste, waaronder skoonmaakdienste, voortaan ingevolge 'n nuwe sogenaamde lewensvatbare kontrakteringsmodel hanteer moet word met aanvang in 2017. Met dié model sal die Universiteit op 'n deursigte wyse en met inagnome van verskeie belanghebbendes se insette op die optimale oplossing vir die verskaffing van hierdie dienste aan die US kan besluit. Die onderliggende beginsels van die model sluit in:

- menswaardigheid;
- volhoubaarheid van die US;
- finansiële haalbaarheid;
- deursigtheid en vertroulikheid;
- insette van belanghebbendes;
- ondertekening van 'n gedragkode;
- korporatiewe beheer; en
- beste wedersydse voordeel.

Daarbenewens is tenders vir onder meer die aankoop van verskillende soorte tafel- en skootrekenaars sowel as die installering van lesinglokaalsitplekke en -werkblaaie gedurende 2016 toegeken. Tenders is ook vir verskeie kapitaalprojekte aangevra, waarvan die grootste die vernuwing van die HB Thom-teater was. Vir die lede van die tenderkomitees, kyk die tabelleregs bo.

In al bogenoemde gevalle het die evaluerings en aanstellings ingevolge die bepalings van die Universiteit se Aankoop- en Tenderbeleid en die Reglement aangaande Delegasie van Bevoegdhede en Verantwoordelikhede geskied.

## INLIGTINGSTECHNOLOGIE

Die Inligtings- en Kommunikasiestegnologie- (IKT-) Bestuursgroep het die afgelope paar jaar verbeterde kontrole- en beheermeganismes help vestig. Voorbeeld hiervan sluit die vestiging van verskeie komitees vir skakeling met kernbelanghebbers oor leer en onderrig, navorsing, sowel as infrastruktuurbestuur, in. Die IKT-funksie

## LEDE VAN DIE TENDERKOMITEE VIR DIE AANKOOP VAN TAFEL- EN SKOOTREKENAARS

Naam	Hoedanigheid
Mnr A Meyer	Bestuurder: Infrastruktur, IT
Me L Pharaoh	Senior rekenaartegnikus, IT
Me Z Davidse	Bestuurder: Leertegnologie, IT
Mnr J van Rooyen	IT-bestuurder: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

## LEDE VAN DIE TENDERKOMITEE VIR DIE INSTALLERING VAN LESINGLOKAALSITPLEKKEN -WERKBLAAIE

Naam	Hoedanigheid
Mnr K Matthew	Navorsingsontwikkeling en Gehalteversekering: Strategiese Inisiatiewe
Mnr AC Kriel	Bestuurder: Kapitaalprojekte
Mnr S Opperman	Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling
Mnr VS Daguanno	Fakulteit Ingenieurswese
Me M Nell	Senior beplanner

## LEDE VAN DIE TENDERKOMITEE VIR DIE VERNUWING VAN DIE HB THOM-TEATER


Naam	Hoedanigheid
Me C Skeen	Projekbestuurder: Kapitaalprojekte
Mnr AC Kriel	Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling (Waarnemend)
Me N van den Eijkel	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur
Me M Malan	Senior Rekenmeester

word tans vir die doeleindes van gehalteversekering aan 'n omvattende self- en portuurevaluieringsproses onderwerp. Enige gapings ten opsigte van bestuur en/of kontrole/beheer wat tydens hierdie proses uitgelig word, sal aangespreek word. Laastens is 'n omvattende stel inligtingsverwante beleide en regulasies onlangs ontwikkel en hersien en dit word tans vir goedkeuring voorgelê. Sake oor IKT-kontrole en -beheer word tans deur middel van die Oudit- en Risikokomitee se verantwoordelikhed vir risikobestuur op die Raad se agenda geplaas.

vervul. Hulle dien onder andere in die Akademiese Beplanningskomitee en die Komitee vir Leer en Onderrig. Verskeie adviesforums – byvoorbeeld vir studente met spesiale leerbehoeftes of MIV/Vigs of wat geteister word of middels misbruik – maak ook van studente se vaardighede en kennis gebruik. Die Bekendstellings- en Moniteringswerksgroep, wat die verwelkoming van nuwelinge studente bestuur, bestaan uit verskeie studenteverteenwoordigers en al die monitors op een na kom uit studentgeledere. Die Universiteit van Stellenbosch se Adviesforum vir Studente-ondersteuningsdienste (USASO) sluit ook studenteverteenwoordigers in.

Die Studenterade van Stellenbosch, Tygerberg en die Militêre Akademie help studente om as leiers te ontwikkel. Leierskapontwikkelingsgeleenthede vir alle posisionele leiers (ook van koshuise en privaatstudentewyke), sowel as nieposisionele leiers, word deur die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling binne die Afdeling Studentesake aangebied. Die grondwet van die Verenigingsraad maak daarvoor voorsiening dat studentevereenigings, onder leiding van 'n Studenteraadslid, 'n meer gestruktureerde rol in die uitbouing van 'n diverse en gesonde studentegemeenskap speel.

Die Studenteradsvoorsitter en die ABR-voorsitter het elke twee maande 'n vaste geskeduleerde vergadering met die Viserektor (Leer en Onderrig), afgesien van ad hoc-vergaderings wat gehou word na gelang die hantering van sake. Daarbenewens vergader die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad minstens 10 keer per jaar met die Rektor se Bestuurspan om algemene bestuursaangeleenthede te bespreek.



## SENAATSVERSLAG aan die Raad

**A**s statutêre liggaam het die Senaat in die verslagjaar 'n belangrike bydrae gelewer om die Universiteit Stellenbosch as volwaardige 21ste-eeuse universiteit te posisioneer. Die Senaat het in 2016 vier keer vergader om bydraes deur sy verskillende komitees te bespreek, naamlik die Uitvoerende Komitee van die Senaat, die Aanstellingskomitee, die Gehaltekomitee, die fakulteitsrade, die Komitee vir Leer en Onderrig, die Hertoelatingsappèlkomitee, die Akademiese Beplanningskomitee, die Sosiale-impakkomitee, die Biblioteekkomitee, die Navorsingskomitee, die Senaat Navorsingsetiekomitee en die Eregradekomitee (kyk "Ons bestuur-en-beheerstruktur" op bladsy 14). Ná die besprekings is spesifieke aanbevelings by die Raad gedoen.

Sake wat by die Senaatsvergaderings aandag ontvang het, was die aanbeveling by die Raad van 'n aantal nuwe akademiese programme, 'n aantal beleide (onder andere die gewysigde Toelatingsbeleid), sowel as die aanstelling of heraanstelling van dekane en viserektore. Laasgenoemde het ingesluit aanbevelings oor dekaansaanstellings in die fakulteite Ingenieurswese, Kryskunde, Regsgeleerdheid, en Teologie, die heraanstelling van die viserektore vir Leer en Onderrig, en vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse studie, en die aanstelling van die viserektore vir Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, en vir Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie. Daarbenewens het die Senaat doktorale navorsingsonderwerpe goedgekeur en verskeie onderrig- en gemeenskapsaktiwiteite in verband met die akademie bespreek.

Weens beperkte plek en die groot getal aansoeke wat ontvang word, is alle voorgraadse programme van die Universiteit die afgelope aantal jaar reeds keuringsprogramme. Om te verseker dat studentediversiteit aan die US verbeter sonder dat enigeen op grond van taal uitgesluit word, is die Taalbeleid hersien en het die Raad dit met die Senaat se instemming goedgekeur (kyk "Verhoog meertalige programmaanbod" in die Viserekotor (Leer en Onderrig) se verslag, bladsy 54).

## VERANDERING IN AKADEMIESE STRUKTURE

In oorleg met die fakulteitsraad van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het die Senaat die ontbondeling van die Departement Interdissiplinêre Gesondheidswetenskappe (DIGW) in die volgende vier departemente goedgekeur:

- Departement Verpleeg- en Verloskunde;
- Departement Huisarts- en Noodgeneeskunde;
- Departement Gesondheids- en Rehabilitasiewetenskappe; en
- Departement Globale Gesondheid.

Die poste vir die nuwe uitvoerende en afdelingshoofde is intern geadverteer en prof Usuf Chikte, die voormalige DIGW-hoof, dien intussen as waarnemende hoof in 'n aantal departemente en afdelings.

## BEVORDERING VAN PROGRAMVERNUWING

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en die Raad op Hoër Onderwys het in 2016 die volgende nuwe programme onderskeidelik goedgekeur en geakkrediteer:

### Voorgraads

- BEd in Grondslagfase-onderwys;
- GevDip in Opvoedkunde in Verdere Onderwys en Opleiding Lewenswetenskappe-onderwys;
- GevDip in Opvoedkunde in Verdere Onderwys en Opleiding Wiskunde-onderwys; en
- GevDip in Opvoedkunde in Senior Fase Wiskunde-onderwys.

### Nagraads

- NGDip in Transdissiplinêre Gesondheids- en Ontwikkelingstudie;
- Magister in Stads- en Streeksbeplanning;
- HonsBEd in Opvoedkundige Sielkunde;
- HonsBEd in Opvoedkundige Ondersteuning;
- HonsBEd in Grondslagfase-onderwys;
- MPhil in Rumatologie;
- MPhil in Noodgeneeskunde;
- MPhil in Huisartskunde;
- MPhil in Geneesmiddelontwikkeling;
- NGDip in Agronomie;
- MSc in Voedsel- en Voedingsekerheid;
- NGDip in Filmmusiek;
- MPhil in Filmmusiek;
- MPhil in Ontwikkelingsdemografie;
- MPhil in Minimale Toegang Ginekologiese Chirurgie;
- Magister in Verslawingsorg;
- Magister in Voeding in Openbare Gesondheid;
- MSc in Biostatistiek;
- MPhil in Kankerwetenskap;
- MPhil in Geestesgesondheid van die Baba; en
- PhD in Stedelike en Streekwetenskap.

## SENAATSAMESTELLING

Die Senaat is saamgestel volgens die voorskrifte van die Institusionele Statut van die Universiteit en bestaan uit:

- die Rektor en Visekanselier, prof WJS de Villiers (voorsitter);
- die Rektor se Bestuurspan, naamlik: prof TE Cloete (Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse studie); prof HC Klopper (Viserekotor: Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie); prof NN Koopman (Viserekotor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel); prof A Schoonwinkel (Viserekotor: Leer en Onderrig); en prof L van Huysteen (Bedryfshoof);
- die Registrateur, dr RR Retief (Sekretaris);
- twee lede van die Raad (elk vir 'n termyn van twee jaar), naamlik me M Arangies en prof PW van der Walt;
- alle volprofessore van die Universiteit;
- vyf medeprofessore;
- vier Studenteraadslede;
- twee akademiese personeellede wat nie professore of medeprofessore is nie;
- twee administratiewe personeellede;
- twee tegniese personeellede;
- departementele voorsitters wat nie volprofessore is nie;
- twee sekundusdekane in die Fakulteit Kryskunde; en
- alle visedekane wat nie volprofessore is nie.


Die Raad het ook die volgende persone tot lede van die Senaat verklaar:

- Die hoofdirekteure van Fasiliteitsbestuur; Finansies; Sport; en Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne.
- Die senior direkteure van die Bibliotek- en Inligtingsdiens; Informasietecnologie; Innovasie en Besigheidsonwikkeling; Institusionele Navorsing en Beplanning; Korporatiewe Kommunikasie; Leer- en Onderrigverryking; die Nagraadse en Internasionale Kantoor; Navorsing; Ontwikkeling en Alumnibetrekkings; Sosiale Impak; Studentesake; en Voornemende Studente.
- Die direkteur van die Sentrum vir Onderrig en Leer.

## BYDRAE TOT DIE VISEREKTORE SE PORTEFEULJES

Ten slotte kan met reg gesê word dat die Senaat in die verslagtydperk 'n omvattende en kundige bydrae tot die portefeuilles van Leer en Onderrig; Navorsing, Innovasie en Nagraadse studie; Sosiale Impak, Transformasie en Personeel; en Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie gelewer het. Vir nadere besonderhede oor hierdie portefeuilles, blaai gerus na die verslae van die onderskeie viserektore (bladsy 50 tot 70). Die Universiteit erken boonop uitnemendheid deur die toeënkning van eregrade, 'n Kanseliersmedalje en Kanselierstoekennings – lees vanaf bladsy 96 meer hieroor.

Prof Wim de Villiers  
Voorsitter van die Senaat





## Verslag van die INSTITUSIONELE FORUM

Die Institutionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat die Universiteitsraad ingevolge artikel 31(1) van die gewysigde Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 oor beleidsake adviseer, wat insluit die toepassing van die bepalings van voormalde wet en van die nasionale beleid oor hoër onderwys.

IF-bedrywighede bestaan uit vergaderings waar advies aan die Universiteitsraad oorweeg word, sowel as gespreksgleenthede tussen die Uitvoerende Komitee van die IF en die Rektor se Bestuurspan. Die IF maak van tyd tot tyd van drie taakgroep oor onderskeidelik diversiteit en biliikheid, institutionele beplanning, en institutionele kultuur gebruik om sy werksaamhede vinniger af te handel. Lede dien vrywillig in die taakgroep(e) van hulle keuse. Die taakgroepes het die bevoegdheid om sake wat aan hulle toegewys word deeglik te ondersoek en daaroor verslag te doen by die IF, wat dan weldeurdagte advies aan die Raad bied.

### SAMESTELLING VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Statuut van die Universiteit bepaal dat die IF uit 32 lede bestaan. Agt lede word ingevolge voorskrifte uit elk van die vier sektore van beheer en bestuur; personeel, studente en die gemeenskap aangewys.

### WERKSAAMHEDE

Die IF se plig is om die Raad oor beleidsdokumente te adviseer en kommentaar te lever op hoe die Universiteitsbestuur die Wet op Hoër Onderwys toepas. Hiervoor vergader die volledige IF en sy Uitvoerende Komitee elk vier keer per jaar. By elke vergadering van die Uitvoerende Komitee word die agenda van die volgende IF-vergadering bepaal. Die Uitvoerende Komitee probeer ook voor elke IF-vergadering met die Rektor se Bestuurspan vergader.

Boonop probeer die IF deurlopend op spesifieke sake beweens sy wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede konsentreer om die Raad van proaktiewe advies vir oorweging en verdere ondersoek te voorsien. Deurgaans word die strategiese prioriteite van die Universiteit vooropgestel.

#### Transformasie op kampus

Die IF bly verbind tot daadwerklike betrokkenheid by versnelde transformasie om 'n kultuur van inklusiwiteit op die Universiteit se kampusse te vestig. In dié verband dien 'n IF-verteenvoerdiger in die Transformasiekomitee, wat aan die Rektor se Bestuurspan rapporteer en onder voorsitterskap van die Viserekotor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) is.

#### Aanstelling van senior personeel

Die IF het ingevolge die toepaslike reglemente deelgeneem aan die prosesse vir senior personeelaanstellings, naamlik dié van die Viserekotor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, en die Viserekotor: Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie, sowel as die heraanstelling van die Viserekotor: Leer en Onderrig, en die Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse studie. IF-lede dien ook in die keuringskomitees vir die aanstelling van verskeie dekane.

#### Kommentaar op voorgestelde beleide

Universiteitsbeleide waaroor die IF die Raad deur middel van formele verslae geadviseer het, was:

- die Nadoktorale Beleid;
- die eerste weergawe van die Toelatingsbeleid;
- die Taalbeleid;
- die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering;
- die Handelsmerkbeleid;
- die Beleid oor Gelyke Indiensneming;
- die Dissiplinêre Kode vir Studente;
- die Rekordbestuursbeleid; en
- die Plagiaatbeleid.

Die IF steun die oorhoofse bedoelings van bogenoemde beleide. Die Forum het tegniese en redaksionele verstellings aan sommige van die beleide voorgestel, en die noodsaaklikheid van opleiding en bemagtiging vir doeltreffende beleidstoepassing benadruk. Daar is ook aanbeveel dat die Raad telkens beslis of die Afrikaanse of Engelse weergawe van 'n beleid die geldige weergawe is.

In die lig van die Universiteit se Visie 2030, waarvolgens die instelling daarna streef om verwelkomend en inklusief te

wees, sal die IF voortgaan om aanbevelings vir wysigings aan beleide en regulasies te maak om dié visie te verwesenlik.

### TEN SLOTTE

Die IF voel baie sterk daaroor dat gedragskodes vir personeel en studente deurlopend aandag moet ontvang sodat die vestiging van 'n inklusiewe kultuur op die kampus versnel kan word. Die strewe na 'n kultuur van verdraagsaamheid en luister is hier veral belangrik.

Met die oog op die toekoms wil die IF sy normale, wetlik voorgeskrewe werksaamhede gedurende 2017 voorsit, maar ook daadwerklik daarop konsentreer om kampusgesprekke oor aspekte van diversiteitsbevordering en transformasie aan te moedig. Terugvoering sal in formele verslae aan die Raad gegee word.

Mnr Le Roux Burrows

Voorsitter van die Institusionele Forum





Vordering met ons  
**STRATEGIESE PRIORITEITE**

In hierdie hoofstuk bied die Rektor en Visekanselier se verslag 'n oorsig oor hoe die Universiteit presteer het teenoor sy strategiese prioriteite, strategiese bestuursaanwysers en Raadsteikens in die jaar onder beskouing. Die Bedryfshoof en viserektore doen in meer besonderhede verslag oor hoe hulle verantwoordelikheidsentrumms presteer het ten opsigte van hulle strategiese doelwitte. Laasgenoemde verslae bied 'n uiteensetting van hoe hulle geïntegreerde planne – wat die sakeplanne van die entiteite onder hul bestuur saamvat – 'n stewige platform gevvestig het vir die strategiese rigting wat die Universiteit Stellenbosch as 21ste-eeuse universiteit ingeslaan het. Dié rigting behels die strategiese prioriteite, temas en doelwitte soos uiteengesit op bladsy 7.

## Die Rektor se **BESTUURSPAN**

Die Rektor, Bedryfshoof en Viserektore is die uitvoerende bestuur van die Universiteit. Hulle is ampshalwe lede van die Senaat en, met die uitsondering van prof Klopper, van die Universiteitsraad. Die Registrateur is die hoofamptenaar van die akademiese administrasie en is ampshalwe 'n lid van die Senaat. Die Bestuurspan en ondersteunende personeel word hier aangebied soos op 31 Desember 2016.

### REKTOR EN VISEKANSELIER

#### **Prof Wim de Villiers**

MB,ChB, MMed (Int), LKG (SA), DPhil, MHCM, DSc hc  
Sluit by die Universiteit aan in 2015 met sy aanstelling as Rektor en Visekanselier



### BEDRYFSHOOF

#### **Prof Leopoldt van Huyssteen**

HonsBScAgric, MScAgric, PhD (Agric)  
Sluit in 1999 by die Universiteit aan; aangestel as Bedryfshoof in 2013



### VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)

#### **Prof Arnold Schoonwinkel**

HonsBEng, MIng, MBA, PhD, PrIng  
Sluit in 1988 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Leer en Onderrig) in 2012



### VISEREKTOR (NAVORSING, INNOVASIE EN NAGRAADSE STUDIE)

#### **Prof Eugene Cloete**

HonsBSc, MSc, DSc  
Sluit in 2009 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Navorsing en Innovasie) in 2012 en sy portfolio is in 2015 uitgebrei



### VISEREKTOR (SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL)

#### **Prof Nico Koopman**

BA, DTh

Sluit in 2001 by die Universiteit aan; aangestel as Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) in 2016



### VISEREKTOR (STRATEGIESE INISIATIEWE EN INTERNASIONALISASIE)

#### **Prof Hester Klopper**

MCur, PhD, MBA, DNurs hc, FAAN, ASSAF  
Sluit in 2016 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Viserektor (Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie)



## Ondersteunende **PERSONEEL**

### UITVOERENDE BESTUURDER: REKTORAAT

#### **Dr Jerome Slamat**

BCom, HED, MEd, PhD



Sluit in 2004 by die Universiteit aan; aangestel as Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat in 2015

### REGISTERATEUR

#### **Mnr Johann Aspelung**

BComHons, MCom, HED



Sluit in 1979 by die Universiteit aan; aangestel as Registerateur in 2001 en tree af op 31 Desember 2016

### AANGEWESE REGISTERATEUR

#### **Dr Ronel Retief**

BAHons, MA, DLitt



Sluit in 1998 by die Universiteit aan; neem as Registerateur waar vanaf 1 September 2016 met posbekleding op 1 Januarie 2017

### HOOFDIREKTEUR: STRATEGIESE INISIATIEWE EN MENSLIKE HULPBRONNE

#### **Prof Tobie de Coning**

MBA, PhD



Sluit in 1983 by die Universiteit aan; aangestel as Hoofdirekter: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne in 2007



### SENIOR DIREKTEUR: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE

#### **Dr Phumzile Mmope**

BAHons, MA, PhD



Sluit in 2016 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Senior Direkter: Korporatiewe Kommunikasie

### HOOFDIREKTEUR: SPORT

#### **Me Ilhaam Groenewald**

NH Dip (Besigheidsadmin); NH Dip (Opv); BTech (Besigheidsadmin); M Sportbestuur



Sluit in 2014 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Hoofdirekter: Sport




### HOOFDIREKTEUR: FINANSIES

#### **Mnr Manie Lombard**

BRek, HonsBCom, HonsBCompt, GR (SA)

Sluit in 1995 by die Universiteit aan; aangestel as Hoofdirekter Finansies in 2007



### HOOFDIREKTEUR: FASILITEITSBESTUUR

#### **Me Nicolette van den Eijkel**

BCom



Sluit in 2015 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Hoofdirekter: Fasilitetsbestuur



### SENIOR DIREKTEUR: ONTWIKKELING EN ALUMNIVERHOUDINGE

#### **Me Karen Bruns**

BA, LLB, LLM

Sluit in 2015 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Senior Direkter: Ontwikkeling en Alumniverhoudinge



### STUDENTEDEKAAN / DIREKTEUR: SENTRUM VIR STUDENTELEIERSKAP EN STRUKTURE

#### **Me Tonia Overmeyer**

BMaatskW, NGDip Bestuur (Bemarking), MBA



Sluit in 2016 by die Universiteit aan met haar aanstelling as Studentedekaan en Direkter: Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture





Ons het bedrywighede op dreef gehou deur op ons gewenste uitkomste te bly konsentreer, en het sodoende beduidende sukses op ál drie ons kerngebiede – navorsing en innovasie, leer en onderrig, sowel as sosiale impak – behaal.

## Verslag van die REKTOR EN VISEKANSELIER

Prof Wim de Villiers

### DIE AGTERGROND IN BREË TREKKE

**N**es die vorige jaar was 2016 ook 'n betreklik onstuimige tydperk in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys, hoofsaaklik weens studenteprotes. Weer het oproepe om transformasie in die sektor opgeklink – steeds met betrekking tot studentegeld, maar ook uitkontraktering, verkragtingskultuur en dekolonisasie. Nie net die nasionale regering nie, maar ook individuele instellings het ewe veel drukervaar.

Die betogers se strategieë en taktiek het rasionele gesprek by tye baie moeilik gemaak. Veral die hoë vlakke van geweld en vernieling was kommerwekkend. Tog het die Universiteit Stellenbosch (US), vergeleke met baie ander instellings, sy pad heel goed deur die jaar gevind, hoewel ons weens 'n aantal ernstige voorvalle nie anders kon as om sekuriteitsvoorsorg te tref en dissiplinêr op te tree nie.

Ons het sekere maatreëls ingestel om te sorg dat ons die akademiese jaar 2016 voltooi. Dit was veeleisend vir alle betrokkenes en het sy tol van die hele instelling geëei. Tog was die beskerming van ons studente, personeel, fasilitete en die akademiese program vir ons hoofsaak. Ons benadering was om ferm dog billik te wees.

Dit is vir my aangenaam om te kan verslag doen dat ons die jaar sonder ernstige ontwrigting voltooi het. Ons eksamens het op tyd plaasgevind en gradeplegtighede is volgens plan gehou. Ondanks die oproerigheid het ons in die akademiese jaar 2016 drie nuwe rekords opgestel. Die US het 8 348 kwalifikasies toegeken, 5,6% meer as die vorige jaar. Hieronder tel 1 468 meestersgrade, die meeste tot nog toe. Dit geld ook vir die aantal doktorsgrade – 278, waarvan 47% aan bruin, swart en Indiërs- (BSI-)kandidate oorhandig is, 8% meer as in 2015. Dit bevestig die US se waardevolle bydrae as 'n nasionale bate.

### KERNBEDRYWIGHED BLY KERNGESOND

Ons het bedrywighede op dreef gehou deur op ons gewenste uitkomste te bly konsentreer, en het sodoende beduidende sukses op ál drie ons kerngebiede – navorsing en innovasie, leer en onderrig, sowel as sosiale impak – behaal.

### BAANBREKERS MET NAVORSING EN INNOVASIE

Die US was die enigste navorsingsintensiewe universiteit in Suid-Afrika wat sy plek op die QS-wêrelduniversiteitsranglys vir 2016/17 kon verbeter, en het van die kategorie 401–410 in 2015 tot 395de plek in 2016 geklim. Ons neem kennis van ranglyste, want dit is blybaar die wêreldwyse akademiese valuta van ons tyd. Tog is uitnemendheid ononderhandelbaar, kom gehalte altyd eerste, en probeer ons nie ons plek op enige ranglys kunsmatig beïnvloed nie.

Relevante navorsing het in 2016 positiewe resultate opgelewer. Dit sluit in studies wat toon dat inheemse kos tot voedselsekerheid kan bydra; dat arm mense se gesondheid die meeste onder klimaatsverandering sal ly; dat mense in Afrika dark langer leef, maar dat leefstylsiektes toeneem; dat sokker jong mans gesonder help leef, en dat US-navorsers 'n sneltoets vir die diagnose van tuberkulose ontwikkel het.

Die US is geruime tyd reeds 'n voorloper op innovasiegebied. Ek kan nou verslag doen dat Stellenbosch van 2009 tot 2016 meer patente as enige ander universiteit in die land geregistreer het – 98, om presies te wees.

Staatsfinansiering vir universiteite is aan die kwyn. Om die druk op die menslikehulpbronbegroting te verlig, moet ons na ander maniere soek om ons personeelkorps te finansier. 'n Volhoubare manier is om die program vir gefinansierde navorsingsleerstoele uit te brei. Die US het nou 41 geborgde navorsingsleerstoele, waarvan ses in 2016 tot stand gebring is.

Die Universiteit spog nou ook met die tweede meeste wetenskaplike in die land wat oor 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) beskik. Dit sluit 12 A-gegradeerde navorsers in, wat as wêreldleiers op hulle onderskeie gebiede beskou word. Die totale getal NNS-gegradeerde akademici aan die US het van 306 in 2012 tot 427 in 2016 toegeneem.

Die aanstelling van jong akademici met die oog op die toekoms is 'n voorrangaak vir die Universiteit. Die uitbreiding van die nadoktorale genootskapsprogram is 'n strategiese intervensie om 'n stetige kundigheidsbasis vir die toekoms te verseker. Dit het tot 'n toename in nadoktorale genote van 168 in 2012 tot 308 in 2016 gelei.

### VOLGEHOUE STUDENTESUKSES

Buite die getal kwalifikasies wat toegeken word, is 'n ander maatstaf van akademiese sukses of 'n beduidende persentasie van voorgraadse studente hulle modules slaag. Dit is verblywend dat die US se modulesuksessyfer sedert 2013 bo 85% is en in 2015 selfs 'n hoogtepunt van 86,7% bereik het. Die 85,9% van 2016 strook met ons langtermynndoelwit om 'n hoe suksesyfer te handhaaf (kyk "Ons strategiese bestuursaanwysers", bladsy 34).

### VERANKER EN VERSTERK SOSIALE IMPAK

'n Hoogtepunt was toe die Senaat teen die einde van 2016 ons Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI) goedkeur. Hierdie belangrike dokument bied agtergrondinligting oor die oorgang van gemeenskapsinteraksie tot sosiale impak aan die US, 'n teoretiese en konseptuele raamwerk, sowel as 'n verwysingsraamwerk vir die inwerkingstelling van sosiale impak by die instelling. Twee van die belangrikste stappe wat uit die goedkeuring van die SPSI voortvloeи, is die totstandbrenging van die Sosiale-impakkomitee van die Senaat en die ontwikkeling van 'n Kennisplatform vir Sosiale Impak, wat tans aan die gang is.

Universiteite van die 21ste eeu skakel hoofsaaklik met drie groepe, naamlik die regering, die bedryf en die burgerlike samelewing – vandaar die viervoudige heliks van skakeling. En die beste manier waarop 'n universiteit met ander kan skakel, is op grond van sy onderrig-, leer- en navorsingskundigheid. Ons noem dit betrokke akademieskap, wat op sy beurt die samelewing – selfs oor grense heen – beïnvloed.

Die US se Afrika Doktorale Akademie vervul 'n belangrike rol om met sy somer- en winterskole navorsingsvermoë op die vasteland te bou. In 2016 is hierdie skole die eerste keer na 'n vennootinstelling elders in Afrika, naamlik Makerere-universiteit in Uganda, geneem. Dit duï op die US se al hoe sterker uitwaartse fokus. Ons streef immers nie net na plaaslike relevansie nie, maar ook na wêreldwyse reikwydte en streekswye impak.

### 'N AL HOE STERKER UITWAARTSE FOKUS

Om sy uitwaartse fokus verder te versterk, het die Universiteit in 2016 'n nuwe pos op uitvoerende bestuursvlak geskep, naamlik dié van Viserekotor (of Adjunkvisekanselier) vir Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie. Dit toon presies hoe belangrik hierdie gebied vir ons is. Die uitbreiding van internasionalisasie is een van ons vernaamste institusionele strategieë.

Met toenemende internasionalisasie beoog ons om ons gegradeerde en akademici toe te rus om as burgers van 'n potensieel meer onstuimige en 'n tegnologies snelontwikkelende wêreld te floreer. Ons wil hulle in staat stel om internasionaal beduidende bydraes te lewer wat 'n positiewe impak op die wêreldsamelewing het.

In 2016 was 4 324 van die US se 30 854 studente internasionaal. Dit kom op 14% van ons studentegemeenskap te staan, wat dubbel die nasionale gemiddelde

is. Hulle het van 114 lande wêreldwyd gekom, hoewel 58% van elders op ons vasteland was.

### GEWORTEL IN AFRIKA

'n Belangrike tema wat met mening terug is op die hoëronderwysagenda die wêreld oor is die dekolonisasieprojek. Dit het in die verslagjaar opgeduiк in tale gesprekke by die US oor wat dit moontlik kan beteken om die instelling as 'n 'nuwe Afrika-universiteit' te posisioneer.

Die dekolonisasie van die hoër onderwys word as 'n drierigtinguitdaging beskryf. Eerstens moet ons Afrika die kern van kennisproduksie maak, nie 'n randfiguur nie. Die universiteite van die vasteland behoort nie as 'n blote verlengstuk van die Weste beskou te word nie. Die US het in 2016 met 'n proses van kurrikulumvernieuwing begin wat veral hieraan aandag skenk. Tweedens, omdat ons in Afrika gewortel is, moet ons werk ook die mense van die vasteland baat. Die US ontwikkel op verskillende maniere denkleiers en kennis vir menslike ontwikkeling in Afrika, maar ons kan selfs meer doen. Derdens moet ons institusionele kultuur ons ligging in Afrika weerspieël, wat beteken dat ons vir almal 'n oop en verwelkomende instelling moet wees.

### VERENIG, SAMEHANGEND EN BELYN

Aan die begin van 2016 het ons die halfpadmerk van ons huidige rigtinggewende beleidsraamwerk, die US se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018, oorgestek. Ons het aan 'n nuwe visie en strategie begin dink om ons die toekoms in te lei. Omstandighede het verander – by die US, maar ook in die groter hoëronderwyssektor. Daarom het ons 'n nuwe raamwerk as rigsnoer nodig, veral omdat die US in 2018 honderd jaar as openbare universiteit sal vier.

Ons het aanvanklike gesprekke gevoer oor hoe die toekoms dalk daar kan uitsien en hoe ons behoort aan te pas. Teen die middel van die jaar is 'n taakgroep saamgestel om die proses vir die ontwikkeling van 'n nuwe visie en institusionele strategie vir die Universiteit te bestuur.

Dit duï op 'n nuwe werkswyse aan die US – ons begin wegbrek uit die silo's van afsonderlike verantwoordelikhedsentrums in ruil vir 'n matrikstipe struktuur waarvolgens die hele instelling saamwerk om sekere uitdagings die hoof te bied. Daarmee saam verskuif ons van hiërgiese magspatrone na strukture van dwarsliggende samewerking in gemeenskaplike belang.

Die taakgroep oor 'n nuwe visie en institusionele strategie was een so 'n matriksstruktur wat gedurende die oorsigjaar tot stand gekom het. Die taakgroep bestaan uit personeellede uit verskillende omgewings vanaan die Universiteit, elkeen met sy unieke siening van die instelling en sy besondere kundigheid. Drie ander belangrike taakgroepe is ook gevorm: een oor die US se begrotingsmodel, een oor ons indirekte kosteverhalingskoers, en een oor beurse en lenings.

Die matriksmodel bied groter institusionele samehang. Dit behoort vrugte af te werp en ons in die jare wat voorlê goed te staan te kom.

Aansienlike eenheid is in 2016 in die bestuurs- en personeelgeledere van die Universiteit verkry. Die dekane van ons tien fakulteite het as 'n samehangende geheel gefunksioneer – 'n integrale deel, eerder as afsonderlik, van die instelling se uitvoerende bestuur. Die uitdaging is om dit

oor te dra na 2017, wanneer die meeste van ons dekane deur nuwe aanstellings vervang sal word.

Wat verder tot die vlot funksionering van die bestuur bygedra het, was dat 'n aantal senior poste gevul is – hetsy met nuwe aanstellings, tydelike aanstellings wat in permanente poste omskep is, of die heraanstelling van bestaande posbekleërs. Dit het die bestuur se vermoë versterk om die Universiteit Stellenbosch behoorlik te bestuur as die R5 miljard-instelling wat dit deesdae is.

By my eie verantwoordelikhedsentrum het ek 'n aantal kernaftelings ingesluit wat die hele instelling bedien, naamlik Korporatiewe Kommunikasie, Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge, sowel as die Kantoor van die Registrateur. Sodoende glo ek sal ons doeltreffendheid en samehang verder versterk.

## HERPOSITIONEER, WANT DIS DIE REGTE DING OM TE DOEN

Die oorsigjaar was 'n tyd van herpositionering vir die US as 'n instelling, soos die aanvaarding van nuwe beleide op kerngebiede toon.

Die beduidendste hiervan was straks die nuwe **Taalbeleid** wat die Raad met die instemming van die Senaat in Julie 2016 aanvaar het en wat in 2017 in werking tree. Die dokument beoog 'n meer inklusiewe US. Inklusiwiteit gaan hand aan hand met die verbreding van toegang vir alle studente wat aan die US wil studeer. Ons inname van BSI-studente het sedert 2013 van 30% tot 35% gestyg. Ons hoop ons nuwe Taalbeleid – sowel as 'n nuwe **Toelatingsbeleid**, wat ook in 2016 afgehandel is – sal hierdie proses verder aanhelp. 'n Diversiteit van mense en idees verruim ons denke en versterk ons uitset as 'n plek waar kennis ontdek, oorgedra en toegepas word.

Verskeie faktore dra tot die uitsluiting van studente by, soos akademiese prestasie, finansiële uitdagings sowel as onderrigtaal. Nie ál ons studente is vlot genoeg in Afrikaans om daarin te studeer nie. Eweneens kom sommige studente vaardigheid in Engels kort. Ons wil vir albei hierdie groepe voorsiening maak deur hulle volle toegang tot die US se waardevolle kennisbasis te gee. Dit wil ons vermag deur sowel Afrikaans as Engels as onderrigtale te gebruik. Die nuwe Taalbeleid bevorder inklusiewe meertaligheid en die verbreding van toegang. Daarmee gee ons 'n verdere tree op ons reis na sistemiese transformasie – nie uit gedienstigheid of in antwoord op studenteprotes nie, maar omdat dit die regte ding is om te doen.

In 2016 het die herwerkte **Koshuisplasingsbeleid** van 2014 ook vrugte afgewerp wat betrek groter diversiteit (met betrekking tot ras, taal, eerstegenerasiestatus, internasionale studente en sosio-ekonomiese benadering) in alle koshuise. Boonop het dit meer akademies kwesbare studente plek in US-koshuise gegee om hulle kans op suksesvolle studie te verhoog. In 2012 was slegs 28% van alle studente in voorgraadse koshuise byvoorbeeld eerstejaars; teen 2016 het hierdie persentasie tot 34% verhoog. In 2012 was slegs 29% van US-koshuisstudente uit die BSI-bevolkingsgroepe. Met inname 2016 het hierdie syfer tot 40% gestyg.

Op personeelgebied het die Raad in September 2016 'n nuwe **Diensbillikhedsbeleid** (oor regverdig en billike indiensneming) met die vroeëre instemming van die Senaat en die Institutionele Forum aanvaar. Die beleid stel die US in staat om aan die bepalings van die Diensbillikhedswet van 1998 te voldoen. Die dokument

is ná wye oorlegpleging op kampus en 'n eksterne audit oor diensbillikhedsprakteke by die Universiteit geskryf, en koncentreer op die dringende behoefté om 'n diverse sowel as transformasievaardige personeelkorps te bou.

Voorts het die Raad 'n nuwe **Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering** aanvaar wat vir personeel sowel as studente geld. Die dokument wil 'n nuwe kampuskultuur tot stand bring. Hoewel dit sterk standpunt inneem teen onaanvaarbare gedrag, moedig dit ook gesprek en geskilbesletting aan. Die beleid funksioneer in samehang met verbandhouende instrumente.

Een van hierdie instrumente is 'n nuwe **Dissiplinêre Kode vir Studente**, wat ook in 2016 goedgekeur is. Die kode strook met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, sowel as die US se waardes en beginsels soos die Institutionele Voorneme en Strategie dit beskryf. Dit plaas veral klem op die versterking van die administratiewe aard van die dissiplinêre proses en 'n verskuiwing weg van kwasi-geregtelike verrigtinge.

## EKOLOGIES VERANTWOORDBAAR, SOSIAAL REGVERDIG EN FINANSIEEL LEWENSVATBAAR

Vir ons is volhoubaarheid 'n sistemiese konsep wat met die kontinuïteit van die ekonomiese, maatskaplike, institutionele en omgewingsaspekte van die menslike samelewning verband hou. Ons erken ook dat die kernbedrywigheede van 'n hoëronderwysinstelling ekologies verantwoordbaar, sosiaal regverdig en ekonomies lewensvatbaar moet wees, ook vir toekomstige geslagte. Ek glo die inligting in hierdie verslag toon dat die verbetering van die US se sistemiese volhoubaarheid 'n fokusgebied van die Universiteit is én dat ons op koers is om dit te bereik.

Wat die finansiële aspekte van volhoubaarheid betref, is ons begrotingsproses vir 2016 deur die #FeesMustFall-protesaksie in 2015 beïnvloed. Geen verhoging van studentegtelde in 2016 het alle universiteite se begrotings geraak. Dit het ons met 'n tekort gelaat, wat 'n daaropvolgende bydrae van die staat slegs gedeeltelik kon dek. Ons moes ook sekere institutionele koste besnoei en van ons diskresionêre geld en hulpbronne gebruik.

In die strewe na wetenskap koncentreer universiteite dikwels op feite en syfers, getalle en gehalte, en empiriese navorsing. Boonop kan veiligheidsmaatreëls, tesame met dissiplinêre en regstappe ter beëindiging van geweld, ontwrigting en die skending van ander se reg om te studeer, die indruk wek dat ons geen empatie het met ons studente se finansiële nood nie. Dit kan egter nie verder van die waarheid wees nie. Persoonlik het ek dit my taak gemaak om geld vir studenteburse te werf, en in die oorsigjaar het 24% van ons studente finansiële bystand ontvang, wat toegang verbeter het.

## 'N TOEKOMS VAN SINVOLLE SKAKELING

Die jaar 2016 was 'n komplekse en moeilike een vir hoëronderwysinstellings. Die Universiteit het hom tot bekostigbare onderwys van gehalte vir arm studente verbind en beduidende finansiële bystand aan studente in nood verleen; tog het ons steeds 'n mate van ontwrigting, geweld en eiendomskade ervaar – hoewel minder as baie ander universiteite.

As die onstuigmigheid van 2015 en 2016 ons egter een les geleer het, is dit die belang van skakeling en gesprek. Dit is noodsaaklik dat die Universiteit aanhou praat

met sy kernbelanghebbendes, en hulle oor belangrike aangeleenthede raadpleeg. In die gees van inklusiwiteit moet sulke skakeling eg en sinvol wees.

Gesprekke met betogers het ons die groter prentjie beter help verstaan. Die kwessies waarmee ons te kampe het, is nie eie aan die US nie. En #FeesMustFall gaan nie net oor die finansiering van hoër onderwys nie. Dit is eerder 'n simptoom van 'n dieper, onderliggende nasionale politieke krisis wat tot uiting kom in jongmense se woede, ontrugtering en frustrasie oor voortslepende probleme soos armoede, werkloosheid, ongelykheid en korrumptie. Die Universiteit het beslis nog 'n ver pad om te stap om

waarlik inklusief te word, maar dit is 'n pad waarvan ons nie sal afwyk nie. Ek het al vantevore erken ons reis is dalk onvolmaak, maar ons vorder.

Namate ons in 2017 en daarna verder reis, wil ons graag vyandige konflikverhoudings vermy. In sulke verhoudings is daar geen wenners nie; alle partye verloor sonder uitsondering. Dit is belangrik dat ons op nuwe maniere met mekaar begin omgaan. En daarom is dit ons voorneme om sinvol met 'n verskeidenheid belanghebbendes te skakel in die langtermynbelang van ons studente, ons personeel en die Universiteit in die geheel.

## MINISTERIELLE INSKRYWINGS- EN EFFEKTIWITEITSTEIKENS VIR 2019 EN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US) SE PRESTASIE, 2014–2016

	Ministeriële Teiken	US in 2014	US in 2015	US in 2016
<b>Koptelling</b>	27 510 in 2012 moet vermeerder tot 30 809 in 2019, 'n jaarlike verhoging van 1,6% tussen 2012 en 2019	28 869	29 613	30 160
<b>Voltyds-ekwivalente studente</b>	22 193 in 2012 moet tot 25 330 in 2019 vermeerder	22 476	23 128	23 745
<b>Befondste onderriginseteenheid (geweegde voltydsekwivalent)</b>	77 965 in 2011/22 (die befondste onderriginsetdeel sal van 5,38% in 2015/16 na 5,33% in 2011/22 verander)	71 639	73 615	75 005
<b>Voorgaarde nuweling-eerstejaars</b>	5 230 in 2019, 'n gemiddelde jaarlike verhoging van 4,1% vanaf 3 936 in 2012	5 161	5 285	5 025
<b>Breë studierigtigs %</b>				
Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie	52% in 2019	48,2	48,7	48,3
Besigheid en bestuur	22% in 2019	21,5	21,1	21,6
Opvoedkunde	5% in 2019	5,8	5,3	4,4
Geesteswetenskappe	21% in 2019	24,4	24,9	25,7
<b>Studievlekke %</b>				
Voorgaards	63% in 2019	61,5	62,5	63,3
Nagraads voor magister	12,9% in 2019	13,9	12,8	12,3
Magister	16,6% in 2019	16,5	16,6	16,3
Doktoraal	4,7% in 2019	5,0	5,2	5,2
Geleenheidstudente	2,8% in 2019	3,0	2,9	2,8
<b>Totale aantal gegradeerde</b>	Moet van 7 681 in 2012 vermeerder tot 8 130 in 2019	7 570	7 816	8 208
<b>Gegradeerde in skaars vaardighede</b>				
Ingenieurswese	455 in 2019	487	507	525
Lewens- en fisiese wetenskappe	404 in 2019	447	444	488
Diere- en menslike gesondheidswetenskappe	438 in 2019	336	403	408
Aanvanklike onderwyseronderrig	355 in 2019	444	428	336
<b>Gegradeerde op verskillende vlakke</b>				
Nagraads voor magister	2 706 in 2019	2 605	2 629	2 554
Navoringsmagister	867 in 2019	883	927	877
Doktoraal	231 in 2019	234	267	278
<b>Teiken vir sukseskoers %</b>	84% in 2019	85,1	86,7	85,9

## INTERPRETASIE VAN ONS PRESTASIE TEENOOR DIE MINISTERIELLE TEIKENS VIR 2019

Die tabel toon hoe die Universiteit Stellenbosch in 2014, 2015 en 2016 gevaaer het gemeet aan die inskrywings- en effektiwiteitsteikens vir 2019 wat die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding met die Universiteit ooreengekom het. Hierdie statistiek word jaarliks uit HEMIS (*Higher Education Management Information System*) onttrek en aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gelewer; wat die universiteite in Suid-Afrika se prestasies met mekaar vergelyk. Ons sukseskoersprestasie van 85,9% vir 2016 oortref weer eens die ministeriële teiken van 84%.

## MONITORING OP PAD VORENTOE – STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS

Die Institutionele Plan bevat oorhoofse strategiese bestuursaanwysers (SBA's) waarmee ons meet hoe ons met die verwesenliking van ons institutionele doelwitte vaar. Vir elk van ons Institutionele Voorneme en Strategie se prioriteite, temas en doelwitte word spesifieke strategiese aksies beskryf wat elke fakulteit en professionele steundiens self bepaal. Die volledige besonderhede word in afsonderlike inwerkingsstellingsplanne vir elke verantwoordelikhedsentrum vervat. In hierdie planne dui die fakulteite en professionele steundienseafdelings aan hoe hulle die doelwitte van die instelling deur middel van hul aksieplanne sal behaal. Al die fakulteite en professionele steundiense is gesamentlik verantwoordelik om die teikens in die Institutionele Plan te bereik en werk dus geïntegreerd saam volgens ons sakemodel.

ONS STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS									
Strategiese prioriteit	Strategiese bestuursaanwyser	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2022 teiken
Verbreed toegang	Persentasieaandeel van studente uit bruin, swart en Indiërvolkingsgroepe	32,9	32,9	33,1	34,6	36,6	37,8	38,7	46,8
	Persentasieaandeel van permanente personeel uit bruin, swart en Indiërvolkingsgroepe	39,4	40,0	41,0	43,0	43,2	43,8	45,6	55,0
	Persentasieaandeel van permanente vroulike personeel	52,5	53,5	54,0	54,9	55,9	56,0	56,6	60,0
	Persentasieaandeel van voorgaarde modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroep aangebied word					16,6	15,4	17,5	25,0
Behou momentum van uitnemendheid	Persentasieaandeel van voorgaarde modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in Afrikaans én Engels in DIESELFDE klasgroep aangebied word					62,9	69,5	69,5	60,0
	Persentasieaandeel van voorgaarde modulekrediete (uitgesluit NQF 8) wat in ENKELTAAL of Afrikaans of Engels aangebied word					20,4	15,1	13,0	15,0
	Persentasieaandeel permanente gedoktoreerde onderrig- en navorsingspersoneel	57,0	60,5	61,3	60,8	61,8	60,6	60,3	65,0
	Die verhouding geweegde navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid	1,75	1,83	2,41	2,33	2,50	2,53	*	2,44
	HEMIS-gebaseerde sukseskoers van voorgaarde en nagraadse studente (%)	83,2	83,4	84,9	85,9	85,1	86,7	85,9	85,0
Bevorder impak op samelewing	Die verhouding voltyds-ekwivalente studente, geweeg met studievlek, per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid	25,53	25,39	25,85	24,57	25,44	26,16	*	24,00
	Persentasieaandeel van derde geldstroom in US se totale inkomste	28,2	28,0	29,4	27,7	31,4	26,4	30,1	32,3
	Persentasieaandeel van vierde geldstroom in US se totale inkomste	6,1	6,5	5,9	5,6	5,2	5,4	7,3	10,0
	Persentasieaandeel van personeelvergoeding nie uit hoofbegroting bekostig** (%)	38,1	36,4	36,6	38,1	35,9	40,8	41,7	45,0

\* 2016 se resultate sal in 2017 gerapporteer word.

\*\* Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan die haalbaarheid van die 2022-teiken beïnvloed. Kyk "Beskikbare fondse" onder die oorsig van ons finansiële kapitaal, bladsy 41.

Vir die definisies van die aanwysers, raadpleeg "Berekening van strategiese bestuursaanwysers" in die Glossarium, bladsy 146.

## INTERPRETASIE VAN ONS STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS IN DIE TABEL

Die doel van ons strategiese bestuursaanwysers (SBA's) is onder ander om te bepaal tot watter mate die Universiteit in 'n gegewe jaar sy strategiese prioriteite, temas en doelwitte, soos uiteengesit in die Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018 (kyk bladsy 6–7), verwesenlik.

Ons vorder bestendig met die verruiming van toegang tot die Universiteit. Die uitbreiding van parallelmediumonderrig en tolking en doelgerigte bemarking het bygedra tot die 2,1% stygging in studentediversiteit tot 38,7% oor die afgelope drie jaar (2014–2016).

Personeelediversiteit (45,6% in 2016) het stelselmatig verbeter, 'n aanduiding dat die Universiteit se pogings vrugte afwerp in weerwil van die uitdagings (kyk "Toevoeging tot ons waardeproposisie ..." in die Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel) se verslag, bladsy 68). Die persentasie vroulike permanente personeel het weer effens verbeter tot 56,6%, alhoewel die gelyke verteenwoordiging van vroue op uitvoerende bestuurs- en senior akademiese vlakke nog nie verwesenlik is nie.

Die Universiteit werk hard daaraan om sy momentum van uitnemendheid vol te hou. Die Universiteit se kapasiteit om nagraadse studieleiding te verskaf en publiseerbare navorsingsresultate te genereer hang grootliks van gedoktoreerde akademiese personeel af. Na 'n afname tot 57% in 2010 het die persentasie akademiese personeel met doktorsgrade geklim tot 'n nuwe hoogtepunt van 61,8% in 2014, maar het weer sistematies gedaal tot 60,3% in 2016 weens die aftrede van akademiese personeel en die aanstelling van jonger personeellede

om volhoubaarheid te verseker. In 2015 het elke voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid gemiddeld 2,53 geweegde navorsingsuitseenhede (geakkrediteerde publikasies en magister- en doktorale gegradeerde) gelewer. Dit oortref selfs die vorige hoogtepunt van 2,50 in 2014.

Die sukseskoers van ons studente, met ander woorde die persentasie studente wat die modules waarvoor hulle geregistreer was, geslaag het, was 85,9% in 2016, laer as die 86,7%-hoogtepunt van die vorige jaar, maar steeds hoër as ons teiken van 85% US (kyk "Studentetoegang met sukses" in die verslag van die Viserektor (Leer en Onderrig), bladsy 51.)


Namate die Universiteit sy rol as 'n verantwoordelike korporatiewe burger uitleef, bevorder hy sy impak op die samelewing deur geïntegreerde beplanning vir finansiële en omgewingsvolhoubaarheid. Met elke voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid wat 'n gemiddelde van 26,16 geweegde voltyds-ekwivalente studente bedien, haal die Universiteit nie sy teiken van 24 nie, wat ons beskou as 'n gesonde balans tussen koste-effektiwiteit en 'n positiewe studentervaring op die lange duur. Om studentegelde so laag as moontlik te hou en om beurse aan meer studente te kan gee, slaag die Universiteit steeds daarin om inkomste uit ander bronne as die staatsubsidie te bekom. Voorbeeld van sulke bronne is kontraknavorsing, beleggings en kommersialisering (30,1% van ons inkomste), en filantropiese skenkings (7,3% van ons inkomste). Die persentasie personeelvergoeding uit hierdie bronne was 41,7% in 2016, teenoor 35,9% in 2014 – 'n bewys dat die Universiteit hard daaraan werk om sy afhanklikheid van staatsubsidies en studentegelde algaande te verminder.

*Wim de Villiers*

Prof Wim de Villiers  
Rector en Visekanselier



**Die Universiteit het daarin geslaag om die 2016 finansiële jaar suksesvol af te sluit te midde van verskeie faktore wat geleei het tot finansiële uitdagings wat die hoofgebied moes word. Hierdie faktore sluit in die voortgesette studenteprotes oor studentegelde en toeganklikheid, protes deur werkers van uitgekontrakteerde dienste oor diensvoordele, volatiliteit van internasionale ekonomiese en die impak daarvan op ons derde- en vierdegeldstroom-inkomste en die huidige stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie.**



## Oorsig van ons FINANSIËLE KAPITAAL

Mnr Manie Lombard, Hoofdirekteur: Finansies

Die Universiteit Stellenbosch is verbind tot strategiese finansiële beplanning en bestuur met die oog op die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die instelling. Hierdie strategiese finansiële beplanning vir volhoubaarheid word deur die bestuursmandaat vir die volgende vyf jaar gerig. Sedert 2014 val die sistemiese klem op die prioriteite van die Institusionele Voorneme en Strategie vir 2013 tot 2018. Hierdie Voorneme en Strategie word tans hersien. Hiervolgens word die brontoedeling deur drie strategiese prioriteite en die gepaardgaande doelwitte as dryfvere vir volhoubaarheid gerig, naamlik verbreding van toegang, behoud van die momentum van uitnemendheid en bevordering van die impak op die samelewning.

Die begrotingsproses aan die einde van 2015 ten opsigte van 2016 was gekenmerk deur die landswye optogte en besettings as deel van die #FeesMustFall-veldtog wat geleei het tot 'n aankondiging van President Zuma dat daar vir 2016 geen toename in studiegeld- en huisvestingsgelde sal wees nie (teenoor die Universiteit se begrote aanpassings van 11,5%). Die impak hiervan weerspieël in die 2016 finansiële jaarstate, en word in die onderstaande notas toegelig.

Die begrote tekort vir 2016 as gevolg van geen toename in studie- en huisvestingsgelde vir die hoof- en huisvestingsbegroting beloop R85,3 miljoen en R28,2 miljoen onderskeidelik, dus 'n totale tekort van R113,5 miljoen. Kort na die aankondiging is alle universiteite versoek om 'n opgawe van hul tekorte, as gevolg van hierdie aankondiging, aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHO) te versaf om te kon bepaal watter bydrae hulle tot die universiteite se tekorte kan maak. Hierdie was 'n eenmalige toekenning as deel van die subsidietoekenning. Die Universiteit het 'n bydrae van R79,2 miljoen ontvang. Die res van die tekort op die hoofbegroting is befonds vanuit die Raad se diskresionêre fondse (R15,2 miljoen), 'n R10 miljoen snit op nuwe institusionele uitgawes wat vanaf 2016 voorsien is vir die

sentrale befondsing van sekere vergoedingsvoordele en die balans van die tekort op die huisvestingsbegroting vanuit huisvestingreserves.

Op 7 September 2016 het die Universiteit 'n ministeriële verklaring ontvang wat uiteensit hoe die deurdra-effek van die 2016 0%-aanpassing in studentegelde vir 2017/2018 hanteer gaan word. 'n Addisionele R2,552 miljard (teenoor die begrote bedrag van R2,6 miljard) is by die 2017/2018 subsidietoekenning vir die sektor gevoeg. Dit word pro-rata toegedeel tot die onderriginset-, onderriguitset- en institusionele faktor subblomme. Ten spyte van mondelinge mededelings deur die DHO, is geen fondse egter tot die navorsingsuitsetblok gevoeg nie. Dit neem dus nie navorsings-, M- en PhD-studente in ag, soos wat die ooreenkoms was nie. Daar was wel 'n eenmalige addisionele geoormerkte staatstoekenning van R300 miljoen vir 2016/2017 by die subsidietoekenning gevoeg.

Vir beplanningsdoelindes het die Universiteit op die aanname gewerk dat die goedmaak van die 2016 0% aanpassing ook vir navorsingsuitsette, wat gekoppel is aan studente (dus uitgesluit publikasies), voorsiening sal maak. Die impak van die bovermelde ministeriële verklaring wat dit nie in ag geneem het nie, was 'n R16,2 miljoen afname in begrote subsidie vir 2017. Dit is in die begroting hanteer deur die verskil te bekostig vanuit die fondse wat binne die gebeurlikheidsreserwe gereserveer is vir die egalisasie van gewaarborgde subsidie eenheidswaardes vir die periode 2015 tot 2016 (tans R24,4 miljoen). Dit het egter nie 'n deurdra-effek nie, en dit kan slegs op 'n finansiële volhoubare basis gedoen word as daar daadwerklik gekyk word wat die Universiteit gaan ophou doen en anders doen ná 2017. Ten opsigte van die addisionele geoormerkte staatstoekenning kry die Universiteit R1,1 miljoen (2017) en R0,5 miljoen (2018) vir die uitfassering van geen toename in 2016. Hierdie impak sal eers in 2017 se finansiële jaarstate reflekteer.

Kort hierna, op 19 September 2016, het Minister Nzimande die aankondiging gemaak oor die studentegelde-aanpassings

vir 2017. Die aankondiging het onder meer bepaal dat elke universiteit se Raad ontonoom is en self kan bepaal wat die verhoging in studiegeld vir 2017 moet wees. Die voorstel is egter dat alle verhogings tot 8% beperk sal word.

Op 14 Desember 2016 het die Universiteit die finale ministeriële verklaring ten opsigte van die 2017-subsidie ontvang. Die rekonsiliasie tussen die werklike teenoor die begrote staatstoekenning vir 2017 is gedoen met die inligting vanaf die DHO. Die aanbeveling is dat die addisionele subsidie van R0,5 miljoen vir 2017 na die gebeurlikheidsreserwe oorgeplaas word vir die hantering van moontlike tekorte aangesien die subsidie-eenheidswaardes as deel van die begrotingsmodel gewaarborg word.

Daar bestaan tans baie onsekerhede binne die sektor, veral ten opsigte van die nuwe subsidieformule en die bekostiging van hoër onderrig teen die agtergrond van die studenteprotes en vertoë vir gratis hoër onderrig. Die jongste aanduiding (April 2017) van die DHO is dat inligting rakende die voorgestelde gewysigde subsidieformule eersdaags aan universiteite versprei sal word, asook aanduidings van die implementeringsdatum.

Die Universiteit se 2017-begroting, soos op 28 November 2016 deur die Universiteit se Raad goedgekeur, is nie 'n finansiële volhoubare begroting nie, met tekorte vanaf 2019 volgens die huidige projeksies. Dit is dus 'n eenjarige begroting, en 'n langer termyn siening kan nie nou geneem word nie gegewe al die onsekerhede, veral ten opsigte van die subsidieformule asook die beperkings wat tans op die aanpassings in studentegelde geplaas word. Aksies moet egter in 2017 geloods word nadat meer sekerheid oor die befondsing van hoër onderwys (subsidie en studentegelde) verkry is, ten einde die tekorte in die toekoms aan te spreek en finansiële volhoubaarheid te verseker. Intussen neem die bestuur ernstige stappe om volhoubare besparings te bewerkstellig sonder om die akademiese projek in te kort of om gehalte te benadeel.

Die druk op hierdie geldstroom asook die gevole druk op die ander geldstrome plaas baie druk op die Universiteit se uitgawes en die volhoubare bekostiging daarvan. Die volgende paar jaar sal daar indringend institusioneel en ook op fakulteitsvlak gekyk moet word na watter uitgawes kern is tot die Universiteit se besigheid en strategieë en wat ons dalk moet ophou doen. Verder bied dit egter ook geleenthede vir die groei van ander inkomstestrome, veral ten opsigte van die vyfde geldstroom, naamlik inkomstes uit kommersiële aktiwiteite en innovasie. Dit sluit ook die optimale ontginning van die Universiteit se bates in.

Die vernaamste kenmerke van die 2016 verslagjaar is:

- 'n toename in totale inkomste van 5,5% (2015: 2,1%-afname) tot R5 311,4 miljoen (2015: R5 032,8 miljoen);
- 'n toename in inkomstegroei uit toekennings en navorsingskontrakte wat met 33% (2015: 4,8%) gestyg het tot R1 210,2 miljoen (2015: R910,2 miljoen);
- 'n toename in inkomstegroei uit privaat skenkings wat met 57,2% (2015: 4,4%) gestyg het tot R338,4 miljoen (2015: R215,3 miljoen);
- uitgawes van herhalende aard wat in 2016 met 12,5% toegeneem het (2015: 11,2%) tot R4 570,6 miljoen (2015: R4 063,1 miljoen);
- 'n totale surplus van R740,8 miljoen, teenoor die surplus van R969,7 miljoen in 2015;

- 'n surplus van R95,5 miljoen (2015: R76,3 miljoen) indien beleggingsinkomste en gerealiseerde wins op beleggings uitgesluit word; en
- 'n surplus van R46,1 miljoen (2015: R36,1 miljoen) op die hoofbegroting dus die Universiteit se akademiese besigheid soos befonds deur die subsidie en studentegelde (die hoofkomponente word hieronder toegelig).

Altesaam R511,1 miljoen van bogemelde surplus van R740,8 miljoen is toeskryfbaar aan beperkte fondse waaroer die Raad nie diskresie het nie. Die restant surplus van R229,7 miljoen in onbeperkte Raadsfondse kan onder andere toegeskryf word aan:

- werklike uitgawes vir onder andere nutsdienste, elektrisiteitskoste, bankkoste en posgeld wat minder as die begrote uitgawes in die hoofbegroting is (R24,9 miljoen), in totaal dus 'n surplus van R46,1 miljoen op die hoofbegroting;
- werklike verhaling van indirekte koste van R9,7 miljoen meer as begroot;
- faktore soos die hoër as begrote inkomste uit beleggingsinkomste en gerealiseerde wins by die vervreemding van beleggings in totaal R227,8 miljoen; en
- konserwatiewe besteding ten opsigte van bedryfsuitgawes as gevolg van onsekerheid oor langtermyninkomsteverwagtings vir die Universiteit, waar die subsidieformule vir hoérondervrywinstellings tans hersien word.

Die 2016-finansiële resultaat is verder die gevolg van onder andere:

- konserwatiewe, geïntegreerde begrotingsbeplanning binne 'n aaneenlopende sesjaar-finansiële plan, met inbegrip van 'n gebeurlikheidsreserwe om onvoorsien gebeure te kan bestuur;
- die voortdurende herontwerp en belyning van bedryfsprosesse om groter kostedoeltreffendheid te verseker, veral op die gebied van fisiese faciliteite; en
- die beskikbaarstelling van strategiese fondse ter ondersteuning van nuwe inisiatiewe wat op die realisering van die visie en doelwitte van die Universiteit gerig is.

Bogemelde finansiële suksesse bied 'n goeie basis vir voortgesette proaktiewe finansiële beplanning en die verfyning van die finansiële model wat die Universiteit se strategiese doelwitte en fokusgebiede dien.

## VERSLAGDOENINGSTANDAARDE

Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2016 is in ooreenstemming met die Regulasies vir Jaarlike Verslagdoening deur Hoérondervrywinstellings opgestel. Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoér Onderwys, no. 101 van 1997 (soos gewysig tot en met die Regulasies vir Jaarlike Verslagdoening vir Hoérondervrywinstellings gedateer 9 Junie 2014), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die DHO voor te lê wat aan International Financial Reporting Standards (IFRS) voldoen. Die Universiteit het reeds voor die publisering van die nuwe Regulasies die keuse uitgeoefen om aan IFRS te voldoen, met organgsdatum op 1 Januarie 2004.

Ingevolge artikel 4(3)(b) van die Wet op Openbare Oudit, no. 25 van 2004, kan die Ouditeur-Generaal enige instelling wat openbare befondsing ontvang, oudit. Die Ouditeur-Generaal het egter gekies om nie self die oudit van die Universiteit Stellenbosch uit te voer nie, maar het wel spesifieke bykomende opdragte wat aandag moet geniet aan die Universiteit se aangestelde eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk, gegee. Hierdie bykomende opdragte sluit in die oudit van nakomingswetgewing wat op finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede van toepassing is, asook die oudit van prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, soos deur die Universiteit en die

Minister van Hoër Onderwys en Opleiding ooreengekom is. Vir die verslagjaar was die ministeriële inskrywingsteikens, soos in die tabel op bladsy 33 aangedui word, die enigste gekontrakteerde doelwit met die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding.

## OPSOMMING VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIEËLE INLIGTING

### INKOMSTE

Die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en in verhouding, verskyn in Tabel 1, met vergelykende syfers vir vorige jare.

**Tabel 1**  
**GROEI EN SAMESTELLING VAN INKOMSTE, TOTAAL EN PER HOOFKOMPONENT, 2012–2016**

		2012	2013	Toename / (Afname) 2012/2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/2016 %
Totale inkomste van herhalende aard, waarvan:	Rm	3 332	3 849	15,5	5 140	33,6	5 033	(2,1)	5 311	5,5
Owerheidstoekennings	Rm	1 202	1 355	12,7	1 552	14,6	1 576	1,5	1 788	13,5
% van inkomste	%	36,1	35,2		30,2		31,3		33,7	
Studente-, inwonings- en ander gelde	Rm	863	986	14,3	1 074	9,0	1 233	14,8	1 130	(8,4)
% van inkomste	%	25,9	25,6		20,9		24,5		21,3	
Toekennings en kontrakte	Rm	667	690	3,4	869	25,9	910	4,8	1 210	33,0
% van inkomste	%	20,0	17,9		16,9		18,1		22,8	
Privaat skenkings	Rm	178	185	3,8	206	11,5	215	4,4	338	57,2
% van inkomste	%	5,3	4,8		4,0		4,3		6,4	
Verkope van dienste en produkte	Rm	68	79	16,2	193	144,3	182	(5,6)	191	4,7
% van inkomste	%	2,0	2,1		3,8		3,6		3,6	
Gerealiseerde wins by vervreemding van beleggings	Rm	132	303	129,5	947	212,5	546	(42,4)	327	(40,1)
% van inkomste	%	4,0	7,9		18,4		10,8		6,2	
Rente en dividende verdien	Rm	214	237	10,7	289	22,1	348	20,1	318	(8,5)
% van inkomste	%	6,4	6,2		5,6		6,9		6,0	
Ander	Rm	8	14	80,7	10	(32,5)	23	144,0	9	(61,6)
% van inkomste	%	0,2	0,4		0,2		0,6		0,3	

Soos uit **Tabel 1** blyk, het totale inkomste met 5,5% (2015: 2,1%-afname) tot R5 311,4 miljoen (2015: R5 032,8 miljoen) toegeneem.

Die **owerheidstoekennings** bestaan uit ongeoormerkte subsidie-inkomste en geoormerkte toekennings, waar, die ongeoormerkte subsidie-inkomste op grond van 'n berekening volgens 'n formule van die DHOO verdien word. Hierdie formule word tans hersien en daar is nog nie sekerheid wat die impak van die gewysigde subsidieformule op die Universiteit se inkomste sal wees nie. Die ongeoormerkte subsidie-inkomste word by die inkomste vir die Universiteit se hoofbegroting in ag geneem. Owerheidstoekennings sluit verder ook toekennings van aanverwante staatsinstellings, byvoorbeeld die Nasionale Navorsingstigting (NNS), in. Owerheidstoekennings het

toegeneem met 13,5% (2015: 1,5%). Die begrote tekort vir die hoof- en huisvestingsbegroting as gevolg van geen toename in studentegelde in 2016, beloop R85,3 miljoen en R28,2 miljoen onderskeidelik, dus 'n totale tekort van R113,5 miljoen. Die bydrae vanaf die DHOO van R79,2 miljoen ten opsigte van geen toename in 2016, is by die subsidietoekenning vir die Universiteit gevoeg.

**Toekennings en kontrakte** het toegeneem met 33% (2015: 4,7%-afname) tot R1 210,2 miljoen (2015: R910,2 miljoen). Daar is ook tans 'n groot fokus op die diversifisering van die historiese befondsingsbronne, veral internasionale bronne.

Gegewe die onsekerhede rakende die ongeoormerkte subsidie-inkomste, is dit belangrik dat die inkomstestrome ten opsigte van toekennings en kontrakte, asook die ontginning van kommersiële inkomste oor tyd 'n groter bydrae tot die Universiteit se totale inkomste sal lewer. Die verhaling van steun en institusionele koste vanaf derdegeldstroom-aktiwiteite deur middel van die indirekte kosteverhalingskoers is besig om verligting op die hoofbegroting te bring, en het ook vanjaar redelike surpluses teenoor die begrote bedrae realiseer. 'n Uitdaging bly steeds die onderverhaling van hierdie koste weens beperkings wat befondsers op die verhaling van koste plaas. Inkomste uit **privaat skenkings** het toegeneem met 57,2% (2015: 4,4%) tot R338,4 miljoen. Daar is die afgelope paar jaar 'n groot fokus op hierdie geldstroom geplaas met relatiewe groot sukses. Meeste van die fondse word egter ontvang vir beperkte aanwending. Die uitdaging bly steeds dat ongebonde skenkings ingewin word, wat dan ook 'n verligting op die Universiteit se hoofbegrotingaktiwiteite kan bring.


**Inkomste uit studente- en ander<sup>1</sup> geld** het met 8,4% afgeneem (2015: 14,8%-toename). Dit was hoofsaaklik as gevolg van geen toename in studentegelde vir 2016 (2015: 9,5%-toename). Die tekort is befonds deur 'n bydrae vanaf die DHOO (as 'n byvoeging tot die subsidietoekenning) en die balans vanuit die Raad se diskresionêre fondse, en

reflektereer dus op ander lynitems in die inkomstestaat. As gevolg van die 0%-toename, was daar ook 'n aanpassing in die kostestruktuur van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool se programme. Alle diverse gelde wat van studente gehef word, kon met 6% toeneem, terwyl geen toename op klasgelde van toepassing was. Diverse gelde word getoon onder toekennings en kontrakte.

Alhoewel uitstaande studenteskuld nie vinniger as studentegelde groei nie, bly dit steeds 'n uitdaging om studenteskuld tydig in te vorder. Hierdie druk het ook einde 2015 verhoog weens die #FeesMustFall-proteste en studente se verwagting van gratis hoër onderwys. Die Universiteit het sekere maatreëls om die uitstaande studentegelde te bestuur, wat die volgende insluit: Studente met uitstaande skuld kan onder andere nie regstreer vir 'n volgende studiejaar nie, tensy spesiale reëlings getref word. Studente kry ook nie hulle graadsertifikate voor uitstaande studiegelde nie betaal is nie. Die vestiging van 'n invorderingskantoor by die Universiteit gedurende 2013 toon reeds dividende, tesame met verbeterde beheer oor metodes om verjaring van skuld te voorkom.

Die Universiteit het nie veel meer ruimte om wesenlik in sy studentetal te groei nie. Die druk op die sektor vir die aanpassing aan studie- en huisvestingsgelde en die onsekerheid rakende die regering se befondsing plaas hierdie geldstroom in die toekoms onder baie druk.

**FIGUUR 1: INKOMSTE PER HOOFKOMPONENT, 2016**



**Figuur 1** toon die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent, asook die relatiewe verhouding tot totale inkomste. Indien die gerealiseerde wins by verkoop van beleggings en wisselkoerswinste uit berekening gelaat word, was daar nie enige wesenlike verandering in die bydrae jaar op jaar nie.

<sup>1</sup>Ander gelde sluit inwonings- en lidmaatskapgelde in, asook ander items wat teen studenterekensings gehef mag word, soos deur die Studentegeldekomitee goedgekeur.


## UITGAWES

Die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en verhouding, verskyn in **Tabel 2**, met vergelykende syfers vir vorige jare.

**Tabel 2**  
**GROEI EN SAMESTELLING VAN UITGAWES, 2012–2016**

		2012	2013	Toename / (Afname) 2012/2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/2016 %
<b>Total uitgawes van herhalende aard, waarvan:</b>	Rm	3 090	3 321	7,5	3 653	10,0	4 063	11,2	4 571	12,5
Personelekoste		1 455	1 602	10,1	1 730	8,0	1 939	12,1	2 172	12,0
% van uitgawes	%	47,1	48,2		47,3		47,7		47,5	
Waardevermindering	Rm	200	222	11,0	241	8,6	252	4,7	288	14,1
% van uitgawes	%	6,5	6,7		6,6		6,2		6,3	
Finansieringskoste	Rm	14	13	(7,1)	23	75,7	17	(24,6)	18	4,7
% van uitgawes	%	0,5	0,4		0,6		0,4		0,4	
Beurse (netto)	Rm	270	316	17,0	338	7,0	403	19,1	442	9,7
% van uitgawes	%	8,7	9,5		9,3		9,9		9,7	
Huur, instandhouding en herstelwerk	Rm	123	129	4,9	147	14,1	212	44,1	212	(0,2)
% van uitgawes	%	4,0	3,9		4,0		5,2		4,6	
Ander bedryfsuitgawes	Rm	1 028	1 039	1,1	1 175	13,0	1 240	5,6	1 439	16,1
% van uitgawes	%	33,3	31,3		32,2		30,5		31,5	

**FIGUUR 2: UITGAWES PER HOOFKOMPONENT 2016**



**Figuur 2** toon die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent.

Die totale uitgawes vir 2016 het met 12,5% toegeneem (2015: 11,2%) tot R4 570,6 miljoen (2015: R4 063,1 miljoen). Die Universiteit se voortgesette verbetering van begrotings- en bedryfsprosesse is op groter koste-effektiwiteit en verbeterde dienslewering gemik. Verder is 'n groot komponent van uitgawes ook gekoppel aan direkte

spandering op navorsingskontrakte en dit sal dus saam met die navorsingsinkomste fluktueer. Wesenlike addisionele koste is in 2016 aangegaan vir addisionele sekuriteit as gevolg van die studenteproteste. Daar was ook 'n toename in kostes as gevolg van die ooreenkoms ten opsigte van lewensvatbare kontraktering wat einde 2015 gesluit is.

Die toename in personeelkoste van 12% kan onder andere aan 'n salariaanpassing van 7% in 2016 vir alle personeel wat kwalifiseer, toename in die gemiddelde groei in die getal voltydse permanente personeel en die aanpassing van vergoedingsvlakke relatief tot die basisvergoedingsvlakte toegeskryf word. Verder was daar ook 'n toename van R35 miljoen in die na-aftrede mediese verpligting 'n Toekenning

van R70 miljoen oor 3 jaar is ook vanuit die strategiese fonds gemaak vir die diversifisering van die personeelkorps met sekere aanstellings wat reeds in 2016 gemaak is. Beursuitgawes verteenwoordig beurse wat uit eksterne sowel as interne bronne befonds is. Die samestelling daarvan verskyn in **Tabel 3**.

**Tabel 3**  
**GROEI EN SAMESTELLING VAN BEURSE, 2012–2016**

		2012	2013	Toename / (Afname) 2012/2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/2016 %	
<b>Total uitgawes van herhalende aard, waarvan:</b>	Rm	3 090	3 321		3 653		4 063		4 571		
Beurse uitbetaal			482	531	10	588	11	659	12	725	10
% van uitgawes	%	15,6	16,0		16,1		16,2		15,9		
Prinsipaal	Rm	270	316	17,0	338	19,1	403	19	442	10	
Agent		212	215	1,6	250	16,3	256	2,3	283	10,4	

Die Universiteit maak jaarliks 'n groot bydrae tot beurse vanuit die hoofbegroting. Vir 2016 het dit R119,7 miljoen (2015: R115 miljoen) beloop, en die spandering daarvan is ingesluit by die beurse waar ons as prinsipaal optree. In 2013 het die Raad ook vanuit diskresionêre fondse 'n bydrae van R25 miljoen oor 5 jaar vanaf 2014 tot 2018 gemaak vir die toekenning van werwingsbeurse. 24% van alle studente by die Universiteit ontvang beurse en dit dek gemiddeld 76% van hulle skuld.

## BESKIKBARE FONDSE

Die Universiteit Stellenbosch plaas 'n baie hoë premie op goeie korporatiewe en finansiële bestuur en doen alles in sy vermoë om te verseker dat finansies deursigtig en oordeelkundig bestuur word. Deel van gesonde finansiële bestuur is om verantwoordbare vlakke van reserwefondse te bestuur met die oog op langtermyn sistemiese volhoubaarheid (wat bv. insluit dat akademiese kwaliteit deurgaans behou word). Reserwefondse is egter in teenstelling met openbare mening nie 'n enkelbedrag geld wat eenkant lê en rente verdien nie, maar fondse in verskeie omgewings wat net volgens spesifieke riglyne aangewend moet word.

Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse, wat R8 553,3 miljard uitmaak, bestaan uit bedryfsfondse (fondse ontvang vir bv. langtermyn, eksterne kontrakte met industrie), lenings (studentelenings – wat weer terugloei vir verdere studente-ondersteuning), skenkings (met voorwaardes van skenkars) en vastebatefondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending (bv. uitdruklik vir die ontwikkeling van fasiliteite) wat dit nie vir die diskresionêre aanwending deur die Raad beskikbaar

maak nie. Die fondse kan dus slegs aangewend word volgens die bepalingsvooraarde.

Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend. Onbeperkte fondse, wat die balans van R1 161,1 miljard beloop, word verder verdeel in fondse wat vir 'n spesifieke doel geoormerk is (R701,7 miljoen) en ongeoormerkte fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend (R459,5 miljoen). 'n Voorbeeld van geoormerkte fondse is onder ander die Universiteit se versekeringsreserwefonds waarvoor 'n afsonderlike reglement bestaan wat die aanwending daarvan bepaal, asook die strategiese fondse van die Universiteit en die balansfondse van omgewings wat ooreenkomsdig goedgekeurde omgewingsplanne vir strategiese en bedryfsdoelwitte geoormerk is. Die balans van R459,5 miljoen is dus beskikbaar vir diskresionêre aanwending deur die Raad. Dit beloop 8,7% van die Universiteit se totale jaarlikse inkomste, oftewel een maand se inkomste, wat 'n baie lae vlak van gebeurlikheidsvoorsiening is (vergeleke met 'n internasionale norm van 3 maande).

**Tabel 4** hieronder toon die groei in beskikbare fondse en langtermynbeleggings oor die afgelope vyf jaar.

**Tabel 4**  
**GROEI VAN BESKIKBARE FONDSE EN LANGTERMYNBELEGGINGS, 2012–2016**

		2012	2013	Toename / (Afname) 2012/2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/2016 %
<b>Fondse beskikbaar, waarvan:</b>	Rm	8 344	9 639	8,2	10 636	15,5	11 824	10,3	12 254	3,6
Langtermyn beleggings as % van fondse beskikbaar	%	59,1	62,9		62,3		65,0		64,4	

**Tabel 5**  
**SAMESTELLING VAN BESKIKBARE FONDSE, 2012–2016**

		2012	2013	Toename / (Afname) 2012/2013 %	2014	Toename / (Afname) 2013/2014 %	2015	Toename / (Afname) 2014/2015 %	2016	Toename / (Afname) 2015/2016 %
<b>Totale inkomste</b>	Rm	<b>3 332</b>	<b>3 849</b>		<b>5 140</b>		<b>5 033</b>		<b>5 311</b>	
<b>Beperkte fondse</b>		4 963	5 856	18,0	6 792	16,0	7 624	12,3	8 553	12,2
<b>Onbeperkte fondse</b>		1 032	1 243	20,4	1 287	3,6	1 663	29,2	1 161	(30,2)
Geoormerkte reserwes		515	836	62,4	1 060	26,7	1 240	17,0	702	(43,4)
Ongeoormerkte reserwes		517	406	(21,4)	227	(44,0)	423	86,1	459	8,6
<b>Totale fondse teen markwaarde beskikbaar</b>		<b>5 995</b>	<b>7 099</b>	<b>18,4</b>	<b>8 079</b>	<b>13,8</b>	<b>9 287</b>	<b>15,0</b>	<b>9 714</b>	<b>4,6</b>
<b>Ongeoormerkte reserwes as % van totale inkomste</b>	%	15,5%	10,6%		4,4%		8,4%		8,7%	

**Tabel 5** toon die samestelling van die Universiteit se fondse asook die persentasie wat ongeoormerkte reserwes (dus beskikbaar vir aanwending deur die Raad) uitmaak van totale inkomste.

Ingesluit in geoormerkte reserwes, is R297 miljoen wat die Raad gedurende 2014 geoormerk het vir instandhoudingsagterstande en strategiese opratting van die Universiteit se fisiese geriewe.

Die Universiteit se beskikbare fondse en netto batewaarde het toegenem en is finansieel gesond, maar daar is ook bepaalde risiko's wat in ag geneem moet word. Van die belangrikste risiko's wat geïdentifiseer is, is die onbekende uitwerking wat die verwagte verandering in die subsidieformule op die Universiteit se eerste geldstroom sal hê, die impak van die swak globale ekonomiese toestande op inkomste uit skenkings en navorsingskontrakte, asook studente se vermoë om rekeningverpligtigs na te kom. Die Universiteit sal hierdie uitdagings deur sy strategiese benadering tot finansiële beplanning en bestuur aanpak.

## LIKIDITEIT

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, asook die beskikbaarheid van kredietfasiliteite.

	2016	2015
	R000	R000
Bedryfsbates	1 018 273	943 660
Bedryfslaste	885 253	822 669
Verhouding bedryfsbates tot bedryfslaste	1,15	1,15

Die Universiteit het op 31 Desember 2016 oor R752,1 miljoen (2015: R617,6 miljoen) se kontant en kontantekwivalente beskik, wat hoofsaaklik in opvraagbare deposito's belê is. Die beskikbare kontant, plus netto kontantvloeい in 2017, sal voldoende wees om kapitaal- en ander verpligtigs na te kom. Die Universiteit het die vermoë om die grootste gedeelte van sy langtermynbeleggings op kort kennigewing te realiseer ten einde hom teen moontlike likiditeitsrisiko's te beskerm.



Mnr Manie Lombard

Hoofdirekteur: Finansies

Die Bedryfshoof staan aan die stuur van 'n multidimensionele verantwoordelikhedsentrum wat in die geheel gerig is op waardeskepping en -toevoeging vir die bedryfsaktiwiteite van die Universiteit Stellenbosch (US). Alle werkzaamhede in die verantwoordelikhedsentrum van Bedryf en Finansies – van die voorsiening van gepaste fisiese infrastruktuur tot verantwoordbare bedryfspraktyke, 'n volhoubare begroting en die kommersialisering van intellektuele eiendom – is toekomsgerig en daarop afgestem om die US 'n gerekende kennisvennoot en veral 'n sistemies volhoubare instelling te maak en te hou.



## Verslag van die **BEDRYFSHOOF**

Prof Leopoldt van Huyssen

Beurssteun	2000	2014	2015	2016
Persentasie studente bygestaan	19%	24%	24%	24%
Persentasie vereffening van begunstigdes se studenterekeninge	47%	76%	78%	76%

Studenteskuld word verantwoordelik bestuur. Totale studenteskuld vir geregistreerde én niegeregistreerde studente, wat teen die einde van 2016 op R197,5 miljoen te staan gekom het, maak sedert 2007 reeds sowat 18% uit van totale jaarlikse studente- en verblyfgelde gehef.

**D**ie volgende afdelings beskryf hoe hierdie verantwoordelikhedsentrum, synde 'n instaatsteller van die meeste US-kampusbedrywighede, sy strategiese doelwitte in 2016 nagejaag het.

### DIE OPSKERPING VAN SAKEPROSESSE EN FONDSWERWING VIR FINANSIEËLE VOLHOUBAARHEID

#### BEGROTING EN BEPLANNING VIR 'N VOLHOUBARE FINANSIEËLE TOEKOMS

Die Afdeling Finansies het 'n begroting en finansiële plan vir 2017–2022 gelewer wat ten volle met die Universiteit se geïntegreerde strategiese beplanning strook. Onsekerhede oor die nuwe subsidieformule en die impak van die veldtog #FeesMustFall het egter die sektor, waaronder die US, by 'n keerpunt gebring wat finansiële volhoubaarheid op middel-tot langer termyn betref. Dit sal prioriteitsbeplanning vereis sodra die toekoms van hierdie twee kernfinansieringstrome opgeklaar is. Intussen moet daardie aktiwiteite wat die US kies om te onderneem selfonderhoudend wees, hetby deur subsidies, studentegeld of die derde of vierde geldstroom, aangesien daar al hoe minder ruimte is om aktiwiteite te kruissubsidieer.

Een manier om 'n mate van finansiële beweegruimte te skep is die indirekte kosteverhalingskoers, waardeur die Universiteit die indirekte koste verbonde aan eksterne gefinansierde projekte van sy kliënte verhaal. Die US het in 2016 besluit om hierdie koers aan te pas om die waardepropositie verbonde aan die Universiteit se handelsmerk meer akkuraat te weerspieël.

In teenstelling met 'n aantal ander Suid-Afrikaanse universiteite, het die US nie studentegeld aggressief verhoog om vir die relatiewe afname in staatsubsidies oor die afgelope 15 jaar te vergoed nie. Gevolglik is die US nie onder die duurste Suid-Afrikaanse universiteite met betrekking tot klasgeld en totale koste per student nie. Onlangse studies deur Universiteite Suid-Afrika (USAf) het dit ook beaam. Nietemin het die US sy finansiële steun vir studente verder uitgebrei en in 2016 altesaam R724,5 miljoen aan beurse bestee.

### DOELTREFFENDE SAKEPROSESSE VERSEKER INTEGRITEIT

Die ontleding van die nuwe bestuursbedryfstelsel, Kuali Financials (KFS), vorder fluks. Hierdie projek beskerm die instelling onder meer teen die risiko van 'n verouderde en toenemend onversoenbare programmeringstaal van interne finansiële en studentestelsels. Daarbenewens het opgeskerpte prosesse vir die invordering van uitstaande studentegeld, studenteleningen en handelsdebitore goeie resultate opgelewer.

Bestaande mechanismes om die integriteit van die US se sakeprosesse en finansiële inligting te verseker, is steeds in werking. Dit sluit in die eksterne etieknoodlyn, die Oudit- en Risikokomitee van die Raad, die Finansieskomitee en sowel interne as eksterne ouditering. Die kantoor van die Bedryfshoof streef ook na voldoening aan King III- en ander verslagdoeningsvereistes, onder meer die vereistes wat bepaal op hoëronderwysinstellings betrekking het.

Om hierdie reeds stetige grondslag verder te versterk, het die proses begin om 'n plan vir tydige voldoening aan King IV op te stel. In 'n ander beduidende ontwikkeling het die US sy eerste gekombineerde sekerheidsmodel op grond van 'n goedgekeurde risikobestuursraamwerk en -plan

geskep. Dit was deel van 'n projek saam met Deloitte om die Universiteit se risikobestuursprosesse te ondersteun. Die gekombineerde sekerheidsmodel sal voortdurend bygewerk en verbeter word (kyk bladsy 71).

## VOORSIENING EN VERNUWING VAN FUNKSIONELE, VOLHOUBARE FASILITEITE


Van die eerste beplande aktiwiteite van die Kampusvernuwingsprojek, 'n sewe jaar lange inisiatief wat die Raad teen die einde van 2014 goedgekeur het, is nou goed op dreef, soos die tabel hieronder toon. Dit gee die Universiteit se vervaardigde kapitaal 'n reusehupstoot.

VORDERING MET AKTIWITEITE VAN DIE KAMPUSVERNUWINGSProjEK	
Projekbeskrywing	Aanvang en vordering
<b>Van der Sterrebou:</b> Verdigting, en oprigting van nuwe lesingsaalkompleks. (In die Kampusvernuwingsprojek daarvoor begroot en beplan Vervroeg as gevolg van die brand in 2015; versekeringsgeld by die begroting gevoeg.)	Nader voltooiing, okkupasie aan die begin van die akademiese jaar 2017.
<b>Dramagebou:</b> Algehele vernuwing van elektriese en elektroniese infrastruktuur; verdigting, nuwe kleinteater; beskikbaarstelling van HB Thomteater om derdestroominkomste te skep.	Bouwerk het in September 2016 begin, okkupasie Januarie 2018.
<b>Chemie-lesingfasiliteite vir eerstejaars:</b> Volledige opknapping van twee lesingsale en ingangsportaalarea.	Bouwerk het in Augustus 2016 begin, okkupasie Januarie 2018.

Hierdie projekte sal reeds baie help om die druk op lesingsale te verlig, wat die Universiteit as 'n middeltermynrisiko uitgewys het (kyk bladsy 72), en sal mettertyd ook met die ondergenoemde projekte aangevul word.



Voorstelling van nuwe lesingsaalkompleks by Van der Sterrebou.



Opgeknakte Dramafasiliteite in aanbou.

## BEPLANEDE AKTIWITEITE VAN DIE KAMPUSVERNUWINGSProjEK

Projekbeskrywing	Aanvang en vordering
<b>Bellvilleparkkampus:</b> Nuwe lesingruimte en kantooraanbouings.	Meesterplan is in April 2016 voltooi; konsepplanne word tans weens begrotingsbeperkinge hersien.
<b>Fisan-navorsingsfasiliteit, Tygerberg:</b> Opknapping van bestaande gebou en aanbouing van nuwe drie verdieping gebou met kelder parkering.	Noodsaaklike projek om mediese navorsing te ondersteun en inkomste te skep; totale projekkoste word op R750 miljoen geraam.
<b>Fakulteit Ingenieurswese:</b> Opknapping en vernuwing, met inbegrip van laboratoriums. Opknapping van ou IT-gebou vir gebruik deur Bedryfsingenieurswese.	Uitvoerige meesterplan is teen die einde van Oktober 2016 voltooi. Konsepontwerp is teen die einde van November 2016 voltooi; bouwerk sal na verwagting in Junie 2017 begin.
<b>Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe:</b> Verdigting en nuwe anneks.	Anneks word tans ontwerp, en hoëvlaksketsplanned vir verdigting moet na gelang van departementeel behoeftes aangepas word.
<b>Onderrig- en Leersentrum:</b> Oprigting van 'n nuwe gebou.	Planne tans vir goedkeuring by Stellenbosch Munisipaliteit; bouwerk begin na verwagting in 2017; totale geraamde begroting van R240 miljoen. Bykomende privaat skenking het projek teen risiko van finansieringstekort help beskerm.

'n Verdere voortdurende projek oor die hele Stellenbosch-kampus is die voorsiening van nuwe optieseveseldatoetes. Fase twee, die gedeelte tussen die NG Kerk en die Administrasiegebou Blok B tot by die HB Thom Teater, is aan die einde van 2016 voltooi.

## BEPERK RISIKO DEUR GOED BESTUURDE INSTANDHOUDING

Die verantwoordelikheidssentrum Bedryf en Finansies is deel van die frontlinie wat die instelling teen die risiko van onvolhoubare fasilitetsbestuur beskerm. Noodsaaklike instandhoudingswerk as deel van die Kampusvernuwingsprojek het voortgeduur. Bykomende vermoë is ook voorsien deur die interne oorplasing van 'n senior projekbestuurder na en die kontraktering van 'n projekbestuurskonsulent vir die Afdeling Eiendomsdienste. Wat die instandhouding en verbetering van die Universiteit se sportgeriewe betref, is kosteramings vir die dringendste projekte in 2016 afgehandel en goedgekeur. Die blad van Coetzenburg-atletiekbaan sal byvoorbeeld teen die middel van 2018 vervang word, terwyl sowel Lentelus B- as Coetzenburg C-velde teen die einde van 2017 met nuwe spreiligte sal spog. Fasiliteitsbestuur plaas boonop hernude klem op die totale koste van eienaarskap in die voorsiening van nuwe of die opknapping van bestaande bates. Hiervoor word die werkverrigting van alle aanlegte, toerusting en

tegnologieë verbeter, terwyl die US se omgewingsimpak terselfdertyd verlaag word. Die benadering behels 'n gekonsolideerde aanlegvoorsieningstrategie wat in wese beoog om 'meer met minder te doen', maar wat die US steeds op 'n finansieel en omgewingsvolhoubare manier teen risiko beskerm. Die einddoel is om alle bedryfs- en agterstallige instandhouding sowel as alle opknappings- en kapitaalprojekte te belyn om maksimum konsolidasie te verkry.

Opknappings, verdigting en nuwe ontwikkeling by die US het oor die afgelope paar dekades heelwat druk op terreindienste en munisipale hoofleidings geplaas. Elektriese-, en watervoorsiening, brandwatervoorsiening, stormwaterstelsels, vasteafvalverwydering sowel as verhitting, ventilasie en lugversorging is alles as moontlike risikogebiede uitgewys. Daarom het Fasiliteitsbestuur 'n aantal meesterplanprosesse op alle US-kampusse van stapel gestuur om die beste finansiële en omgewingsoplossings vir die volgende 30 jaar te bedink. Die eerste fase van hierdie verslae, die Energiemeesterplan vir die US, is aan die einde van 2016 voltooi.

## VERGELYKENDE OORSIG VAN FASILITEITSBESTUURSAKTIWITEITE, 2014–2016

Beskrywing	2014	2015	2016
Totale finansiering, wat bydrae van Departement van Hoër Onderwys en Opleiding insluit	R704 m	R625 m	R590 m
Getal instandhoudingsversoeke voltooi	45 959	47 290	55 450
Getal klein kapitaalprojekte voltooi	424	668	707
Besteding (Rm) aan gebouinstandhouding	R178 m	R215 m	R248 m
<b>Totale bedrag (Rm) bewillig vir kapitaalprojekte</b>	<b>R127 m</b>	<b>R261 m</b>	<b>R284 m</b>

## BENUT MOBIELE TEGNOLOGIE VIR BETER FASILITEITSBESTUUR

Die US se mobiele fasilitetstoepassing word al hoe meer gebruik. Met dié toepassing, wat twee jaar gelede in werking gestel is, kan gebruikers toegang tot geboubesonderhede bekom, na vloerplanne kyk en aanwysings na eksamenlokale kry. Teen die einde van 2016 is die toepassing 6 343 keer gebruik teenoor 3 354 keer die vorige jaar.

## VERSKERP PERSONEEL-, STUDENTE- EN BESOEKERSEKURITEIT

Om die moontlike risiko van verhoogde misdaadblootstelling te bestuur, het die verantwoordelikheidssentrum Bedryf en Finansies sy greep op die 'bewegende teiken' van misdaadvorkoming selfs verder verstewig. In 2016 het die klem na die bestryding van kleiner misdaad verskuif, en het die US se strategie om vermoë na gelang van behoefte aan te pas wéér vrugte afgewerpt.

Bykomende sekuriteitsvermoë was nodig om US-werksaamhede teen die risiko van onlangse studenteaktivisme te beveilig. Dit het sekuriteitsbesteding verhoog, veral wat betrek op togspesifieke maatreëls, wat die Universiteit 'n bykomende R28 miljoen gekos het.

'n Konstante stroom van ander sekuriteitsverwante projekte het oor die afgelope vyf jaar 'n verdere R58 miljoen gekos. Dit sluit in die uitbreiding van veiligheidskameranetwerke, die oprigting van verdere omheining opveral Tygerberg- en Bellvilleparkkampus, die opknapping van die sekuriteitsbeheerkamer op Stellenbosch-kampus, en die instelling van toegangsbeheer by geboue.

**'n Konstante stroom van ander SEKURITEITS-VERWANTE PROJEKTE het oor die afgelope vyf jaar 'n verdere R58 MILJOEN gekos.**

## GESTROOMLYNDE MATIES SPORT OP DIE WENPAD

Met sy doeltreffender bedryfstruktuur ontwikkel en ondersteun Maties Sport steeds uitnemendheid. Die Eenheid vir Hoëprestasiesport het in 2016 uitsonderlike prestasies behaal.

### SPORTEENHEID SE UITSONDERLIKE PRESTASIES

Sportgeleentheid	Maties Sport se prestasies
Varsity Sport	Maties Sewesrugby wen Varsity Sport. Maties Fietsry oorheers heel eerste Varsity Sport-bergfietskompetisie. Maties Rugby kom tweede in Varsitybeker-eindstryd. Maties Hokkie-manspan eindig derde. Maties Netbal eindig derde.
Universiteitsport Suid-Afrika (USSA)	Goud vir Steinhoff Maties Hokkie-manspan, Maties Fietsry, Maties Gimnastiek, Maties Judo, Maties Swem en Maties Sewesrugby. Silwer vir Maties Rugby, Maties Branderry, Maties Pluimbal en Maties Muurbal Brons vir Maties Hokkie-vrouespan.
Rio Paralimpiese Spele, 2016	15 lede van Maties Parasport-klub en drie afrigters deel van Span SA. Maties Parasport-atlete keer terug met 11 medaljes – vyf goud, drie silwer en drie brons.
Rio Olimpiese Spele, 2016	US-verteenwoordiging in 200 m en 400 m, driekamp en padfietsren.



**Maties Sport** hou vol met uitnemendheid. Op die foto is Ilse Hayes, silvermedaljewenner by die Rio Paralimpiese Spele in 2016.

## UITVOER VAN DIE KAMPUSMOBILITEITSPLAN

Op mobiliteitsgebied is die US se vervoerbenadering gedurende die verslagjaar hersien. In hierdie verband het die US-bestuur en Stellenbosch Munisipaliteit albei goedkeuring verleen vir die grondbeginsels van 'n nuwe geïntegreerde vervoerplan met die oog op beter toeganklikheid en meer geïntegreerde vorme van vervoer. Die plan beoog die skep van 'n netwerk vervoernodusse oor die hele kampus waar gebruikers van een vervoermiddel na 'n ander kan oorskakel, soos van fietsry na die pendeldiens, of van privaat vervoer na fietsry of stap. Die nodusse kan ook in die toekoms by openbare vervoer aansluit.

As deel van gewone vervoerbedryfsaktiwiteite in 2016 is die beplanning vir die volgende fase van toegangsbeheer op parkeerreine voltooi, en behoort implementering in 2017 te volg. 'n Inkopiependeldiens is vir koshuisstudente op Tygerbergkampus ingestel, en 'n elektroniese besprekingsstelsel is vir die aandpendeldiens op Stellenbosch sowel as vir die Tygerbergbussies geskep. 'n Paar ander hoogtepunte van die US se bestaande Mobiliteitsplan sluit in:

- die aankoop van 500 nuwe maroen Matiefietse wat vanaf 2017 te huur aangebied sal word – die ou blou fietse word dan verkoop;
- 'n toename van 22% in gebruikers wat daagliks met die kampuspendeldiens ry;

- gemiddeld 186 gebruikers per dag wat met die aandpendeldiens ry;
- 'n stigting van 14,3% in die gebruik van Maties Findalift, 'n aanlyn saamryklub.

## KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELLE EIENDOM EN DIE SKEP VAN SAKEGELEENTHEDE

Die US-maatskappy Innovus is verantwoordelik vir tegnologieoordrag, entrepreneursteun en -ontwikkeling sowel as innovasie aan die Universiteit, en beskerm en versterk sodoende intellektuele kapitaal.

Onder leiding van Innovus word die US se innovasieportefeuille en intellektuele eiendom deur patentering, lisensiëring en die stigting van afwentalmaatskappye beskerm en gekommersialiseer. Nege nuwe lisensieoordeenkomste is in die verslagjaar gesluit, en die Innovus-maatskappygroep het 'n gesamentlike omset van R206 miljoen en 'n werkerskorps van 226 gehad. Die Universiteit se aandeelhouding in hierdie maatskappy word op meer as R80 miljoen geraam, en is dus 'n beduidende bate vir die US.

Innovus het aanhou werk om US-tegnologiee aan die mark bekend te stel en 37 nuwe tegnologiee is openbaar gemaak. Bestaande innovasieprojekte het ook beduidende vordering gemaak, waarvan enkeles hieronder uitgelig word.

## US TRANSFORMER DIE SAMELEWING

### CubeSpace verken die termosfeer

Die CubeSpace-span se ZA-AeroSat-satelliet, wat deel is van die internasionale QB50-projek, is by sy eerste bestemming in Nederland afgelewer. Die satelliet is op pad na die Internasionale Ruimtestasie, waar dit saam met 49 ander satelliete, wat elk kleiner is as 'n skoendoos, gelanseer sal word om data oor die laer termosfeer, sowat 200 tot 400 km bo die aarde, in te samel.



Die CubeSpace-span met hul ZA-AeroSat-satelliet.

### Nanodrade verklik patogene

'n Biosensornanoskyfie gebruik sinkoksiednanodraad om vroeë stadiums van patogeniese infeksie op te spoor. Die biosensor kan ook as patogeenverklikker in water ingespan word, wat veral van nut sal wees vir ontwikkelende lande. Moontlike toepassings sluit waterbehandeling en diagnostiese toetse op gesondheidsgebied in.



'n Biosensornanoskyfie wat siekte veroorsakende mikro-organismes binne minute kan gewaar.

### S'coolBeans toebroodjiesmeer vir slimkoppe

Die kommersialisering van hierdie voedsame sjokolade-en-hasselneutgegeurde toebroodjiesmeer van patat en suikerbone vorder goed. Dié uitvinding deur 'n groep finalejaarstudente in Voedselwetenskap in 2015 het heelwat mediadekking ontvang en verskeie voedselvervaardigers en -kleinhandelaars se belangstelling geprikkel.



### Natuurlike antimikrobiiese samestellings bestry skadelike swamsiektes

Mikrobiiese infeksie van vars produkte hou 'n reusebedreiging vir die voedselbedryf in. Navorsers by die Departement Biochemie se uitvindsel behels bioafbreekbare, natuurlike antimikrobiiese samestellings wat swampatogene by plante bestry, onder meer twee van die

Dié voedsame toebroodjiesmeer is deur Voedselwetenskap-studente ontwikkel.



Die Innovus-span bestuur ook een van die land se suksesvolste projekportefeuilles van die Tegnologie-innovasieagentskap- (TIA-)aanvangsfonds, wat beduidende finansiering bied om navorsers se projekte markgereed te kry. In 2016 alleen het Innovus R3,3 miljoen uit hierdie bron vir nege projekte ontvang. Sedert 2014 is daar dus reeds 'n totaal van R14,3 miljoen uit die TIA-aanvangfonds gewerf. Daar is ook aansienlike vordering gemaak met die vestiging van 'n toegewye beleggingsfonds vir die kommersialisering van US-tegnologieë, en die fonds behoort in 2017 'n werklikheid te word.

Op sy beurt het die Nedbank Universiteit Stellenbosch LaunchLab, die sake-inkubator wat onder Innovus ressorteer, vier groot maatskappye se sake bekom. Die LaunchLab het ook sy huurdermaatskappye R76 miljoen in beleggings help werf en die getal entrepreneurs en hulle personeel wat vanuit die inkubator werk tot 160 verhoog. Verskeie beleggings in beginnermaatskappye, onder meer

skadelikste swamsiektes wat met wingerdverval verband hou, naamlik swartvoet- en Petri-siekte. Innovus het produktiewe samesprekings gevoer met een van die wêreld se grootste verskaffers van spesialischemikalieë in die landbousektor oor die evaluering van die antimikrobiële samestellings. 'n Instant Access™-lisensie is ook aan 'n ander maatskappy uitgereik om die gebruik daarvan in hulle produkte te toets, met uitstekende resultate.

#### **Slim batterybestuurstelsel vul leemte in mark**

In hierdie projek is 'n intelligente batterybestuurstelsel (BBS) vir Mellowcabs – elektriese voertuie in klas L2 – ontwikkel en getoets. Die oogmerk was om hulle liger te maak en hul afstand te vergroot. Veertig BBS-eenhede word tans vir installering vervaardig. Die projek het aanvangsfinansiering van uYilo ontvang as deel van 'n ooreenkoms tussen die US, Mellowcabs en die uYilo-program vir e-mobiliteit, 'n inisiatief van die Tegnologie-innovasieagentskap.

#### **Prosopis glandulosa vir spierbehandeling en -versterking**

Op grond van die beweerde 'wondereienskappe' van die genus *Prosopis* (die suidwesdoring of muskietboom) het 'n Stellenbosse navorsingspan die uitwerking van *Prosopis glandulosa* in die behandeling van skeletspierbeserings en die versterking van spierweefsel ondersoek. Ná suksesvolle studies op muise is patentaansoeke ingedien. Gesprekke met 'n plaaslike maatskappy wat die geregistreerde intellektuele eiendom wil lisensieer, duur voort. Die eerste monsters sal in 2017 by Vitafoods, die grootste nutrasietiese geleentheid ter wêreld, bemark word.

#### **Abstrahere verbeter kritiese leesvaardighede**

Hierdie sagtewarewebtoepassing vir teksontleding verbeter kritiese leesvaardighede en kan in akademiese instellings en in die bedryf gebruik word. Onder die leiding van aanlyn aanporboodskappe om die inhoud van 'n opgelaide teks te ontleed, maak 'n mens op sommings vir insluiting in byvoorbeeld 'n literatuuroorsig, teoretiese slotsom of bespreking. 'n Volgende weergawe van die sagteware is op hoërskoolleerders afgestem. Dit word tans by die US op die proef gestel en 'n Instant Access™-lisensie is ook aan 'n plaaslike maatskappy toegestaan vir toetsing.

ook sommige wat hierbo uitgelig is, kan teruggevoer word tot bekendstellings deur LaunchLab-personeel. Sowel Innovus as die LaunchLab het hulle voetspoor in 2016 vergroot en onderskeidelik satellietkantore op Tygerbergkampus en by die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool geopen, in albei gevalle op versoek van die akademiese omgewing.

Wat betref kortkursusbestuur – 'n verdere Innovus-verantwoordelikheid – is daar fluks gevorder met die ontwikkeling van tegnologieplatforms om gemengdeleer- en virtuele kortkursusse aan te bied. Dit sal die US se geakkrediteerde aanlyn kortkursusaanbod sowel as sy kortkursusregistrasiesyfer wêrelwyd verhoog. In 2016, het 15 399 kandidate vir kortkursusse aansoek gedoen; hiervan was 5 794 USB-ED-kandidate uit Afrika, insluitend Suid-Afrika, wat kursusse in leierskap en bestuur geneem het. So dra die US by tot die bou van bestuursvermoë in Afrika.

#### **NASTREWING VAN OMGEWINGS-VOLHOUBAARHEID**

Om die US se omgewingskapitaal te versterk, het volhoubaarheidsaktiwiteite aan die hand van die Strategie vir die Skep van 'n Omgewings- en Ekologies Volhoubare Kampus by die Universiteit Stellenbosch 2013–2018 op energie, water, afval sowel as biodiversiteit en buiteontwerp gekonsentreer.

Die oorskakeling na 'n tydspesifieke elektrisiteitstariefstruktur het groot besparings teweeggebring. Energieverbruik per student het ook deur verskeie inisiatiewe van 2 750 kWh in 2009 tot 2 411 kWh in 2016 gedaal. Verdere inisiatiewe vir optimale energiedoeltreffendheid het ingesluit 'n haalbaarheidstudie vir 'n dakgemonteerde fotovoltaïese (FV) installasie by die Neelsie-studentesentrum, 'n dikstriksgebaseerde waterverkoelingstelsel, sowel as navorsing oor energieopwekking met 'n gekonsentreerde sonragnaanleg en 'n stilstaande FV installasie op Mariendahl-proefplaas. Die landskappe en opgeknapte geboue van die Universiteit is reeds met energiedoeltreffende lige toegerus. Hierdie beginsel sal nou ook in die konstruksie van die nuwe STAG-studentekoshuise by Tygerberg gevolg word. 'n Sentrale verhitting-, ventilasie- en lugversorgingstelsel by die Schumann-kompleks het die energieverbruik verminder. Laastens skenk die pas opgestelde Energiemeesterplan onder meer aandag aan die konsolidasie van tovoerpunte, gelykydig opwekking (co-generation) en die insluiting van hernbare bronne by die US se energiestelsel.

Die opsoring en herstel van waterlekkasies het voortgeduur, en so ook die gebruik van grondbedekking wat water deurlaat sodat reënwater ondergrondse waterdraers kan aanvul. Altesam 60% van Stellenbosch-kampus word deur 'n nuwe, doeltreffende gerekenariseerde besproeiingstelsel bedien. Verskeie ondersoekte is van stapel gestuur, onder meer oor hoeveel massameters op watter plekke geïnstalleer moet word om watermonitoring te verbeter, en waar stormwater in die rioolstelsel verlore gaan. By Tygerberg het 'n ondersoek na die vermindering van stormwaterafloop, die opvang van reënwater en die hergebruik van gryswater 'n aanvang geneem. Buite kampusgrense het die US saam met Stellenbosch Municipaliteit en ander belanghebbendes aan 'n riviersamewerkingsprogram deelgeneem om indringerplante langs die Eersterivier te beheer. Alle pompe uit die Eersterivier is ook met meters toegerus om die US se watergebruik vir besproeiing en verkoeling te moniteer.

Op afvalgebied is die driedromstelsel en verdere afvalsortering voortgesit om herwinning te bevorder en minder afval na opvulterreine te stuur. Gevolglik is 441 ton méér afval in 2016 herwin. Alle afvalbiomassa van

landskappe en sportterreine word tot kompos verwerk en weer in die Universiteit se tuine gebruik. Die hoeveelheid kosafval wat deur kompos- en vlieglarweproduksie uit die kampusafvalstroom verwijder is, het met 82 ton verhoog. 'n Afvalplan sal ook voortaan vir alle goedgekeurde geleenthede op kampus geld.

Daarbenewens het die US voortgegaan om inheemse en endemiese plantegroei wat in die plaaslike halfdorre klimaat gedry by landskappe in te sluit. Altesam 6 140 m<sup>2</sup> van die landskappe op Stellenbosch-kampus is nou meer gehard en inheems. By Tygerberg is 8 000 m<sup>2</sup> van die terrein met Kaapse Vlake-sandfynbos bedek, terwyl daardie kampus ook 'n welkome skenking van 147 inheemse bome ontvang het. In die lig van die US se brandblootstellingsrisiko word Stellenbosch-berg, wat die gewilde Bergpad insluit, volgens beste praktyk vir brandvoorkoming en biodiversiteitsbewaring bestuur.

#### **TOEPASSING VAN GEÏNTEGREERDE BEPLANNING, BEGROTING EN VERSLAGDOENING**

Die Universiteit se geïntegreerde begrotingsmodel bevat goedgekeurde bedryfsinsette en -uitsette, gewaarborgde subsidie-eenheidswaardes en bedryfsteikens vir 'n aaneenlopende driejaartydperk om beter beplanning en stabiele uitvoering te verseker.

Buiten die verdere verbetering van die bestuursmodel vir derde- en vierdestroominkomste, het die begrotingsproses in 2016 ook sorgvuldige beplanning gevorg ná die ministeriële aankondiging dat verhogings in studentegeld vir 2017 tot 8% beperk moet word. Die minister het voorts aanvullende financiering aangekondig vir studente in die sogenaamde 'ontbrekende middel' – alle studente uit huishoudings met 'n gesamentlike jaarlikse inkomste van minder as R600 000 – wat impliseer dat studente wat daarvoor in aanmerking kom, in die praktyk geen styging in studiegeld sal ervaar nie. Studente met 'n gesamentlike huishoudelike inkomste van minder as R122 000 is steeds geregtig op volle steun van die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS). Voorleggings by vergaderings van die Studenteraad, Primkomitee, koshuisklusters (kyk bladsy 145 vir verduideliking van kluster) en fakulteite sowel as 'n toegewye webblad het die US-gemeenskap deurgaans op hoogte van hierdie ontwikkelings gehou.

Ná goedkeuring deur die Raad het die US in Desember alle vereiste verslae betyds by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien, onder meer sy geïntegreerde begroting, kontantvloeiprojekties en Institusionele Plan vir 2017–2022, sy kapitaalplan vir 2016–2021, sowel as sy inskrywingsteikens en risikoregister:



Die verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig (L&O VS) is een van die belangrikste bydraers om die Universiteit Stellenbosch (US) die voorkeurinstelling vir tersiêre onderrig en leer onder alle Suid-Afrikaners te maak.

## Verslag van die **VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)**

*Prof Arnold Schoonwinkel*

**D**it behels 'n volgehoue klem op relevante onderrigpedagogieë vir die moderne student en dielewering van wêreldklasgraduati wat 'n verskil in Afrika kan maak. Deur sy afdelings sorg die L&O VS dus dat die onderrigfunksies van die Universiteit doeltreffend ondersteun en leer by studente én personeel bevorder word. Sodoende word intellekturele kapitaal oorgedra en geoptimaliseer.

In die streeve na sy eie fokusse bly die L&O VS verbind tot die strategiese prioriteite en temas in die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 (IVS). Oorhoofs bly die VS verantwoordelik om die instelling se momentum van uitnemendheid te behou, wat akademiese programme van gehalte, vaardige en toegewyde akademici en noodaakklike steundienste aan die hele US vereis. Meer bepaald vervul die VS 'n kernrol in die ko-kurrikulêre ontwikkeling en welwees van studente, studentewerwing, doeltreffende akademiese administrasie, institusionele navorsing en beplanning, leer- en onderrigverryking, sowel as die voortgesette professionele ontwikkeling van US-personeel.

Die US se Strategie vir Onderrig en Leer van 2014 probeer by die veranderende tersiêre onderriglandskap aanpas: Energsys moet dit rekening hou met die sosio-ekonomiese werklikhede van Suid-Afrikaanse studente; andersys moet dit toesien dat US-graduati wêreldklasdienste en -produkte kan lewer. Tussen dié strategie en implementering staan die Omgewingsplan van die L&O VS, wat agt spesifieke strategiese fokusse voorhou. Die volgende afdelings doen verslag oor die kernbedrywighede in 2016 om hierdie agt fokusse ter ondersteuning van die Universiteit se prioriteite en temas te verwesenlik.

### **UITNEMENDHEID IN LEER EN ONDERRIG BEWAAK DIE GEHALTE EN DOELTREFFENDHEID VAN PROGRAMLEWERING**

Die gehalte en doeltreffendheid van akademiese programme is in 2016 verder versterk met die omvattende selfassessering en eksterne evaluering van nege akademiese

departemente en twee steundiensteafdelings van die US as deel van die Universiteit se vierde gehalteversekeringsiklus. Twee departemente is ook op kampus aan herakkreditasie-beoordelings deur hulle beroepsliggame onderwerp.

Daarbenewens het die Raad op Hoër Onderwys se portuurbeoordelingspaneel, wat die US as deel van die eerste fase van die nasionale Gehalteversekeringsprojek besoek het, die Universiteit vir sy verantwoordbare onderrig- en leerpraktyke geloof.

### **SLYP VOORTDUREND DIE VAARDIGHEDEN VAN AKADEMIESE PERSONEEL**

Uitnemende leer en onderrig gaan hand aan hand met vaardige en toegewyde akademiese personeel. Verskeie initiatiewe wat in die oorsigbaar in venootskap met fakulteite in werking gestel is, het gesorg dat die vaardigheidstelle van die US se akademiese personeel by die beste ter wêrelde kan kers vashou. Dít het ingesluit die onlangs hersiene jaar lange PRONTAK (Professionele Onderrigontwikkelingsprogram vir Akademici), die herwerkte kortkursus oor gemengde onderrig en leer, sowel as die negende jaarlike Akademieskap van Onderrig en Leer (SoTL)konferensie. Die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO) het ook voortgegaan om broodnodige finansiële steun te bied vir onderrig- en leernavorsing, en het 34 voorstelle in die loop van die jaar ontvang.

Om uitnemende onderrig en leer deur US-akademici te beloon, is aansienlike vordering gemaak met die voorbereidingswerk vir 'n institusionele toekenninginisiatief, wat in 2017 van stapel gestuur sal word.

### **LEWER NÓG STERKER STEUNDIENSTE VIR UITNEMENDHEID IN ALLE OPSIGTE**

Om noodaakklike steundienste aan die hele Universiteit te lewer, het die L&O VS 'n paar organisatoriese veranderinge aangebring om beter in alle belanghebbendes se behoeftes te voorsien. Onder meer is dit nou die tuiste van die Sentrum vir Studentegemeenskappe, wat daarop koncentreer om 'n leef- en leeromgewing te skep


wat alle studente volle toegang tot alle fasette van die universiteitslewe bied. Die Sentrum vir Studentevoortligting en -ontwikkeling is versterk met die toevoeging van die Eenheid vir Gelykwaardigheid, wat deur sy toegewyde hulplyn kwessies met betrekking tot MIV/vigs, gelykheid, teistering en diskriminasie op kampus hanteer. Ter aanvulling van hierdie twee entiteite is die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture bekend gestel, wat onder andere aan die spits van leierskapsontwikkeling vir alle US-studente sal staan.

Ondersteuning op stelselsvlak is verstewig met die verdere uitbreiding van die elektroniese rekordhoudingstelsel SUNRecords, datavaslegging op die Nagraadse Administratiewe Steunstelsel om nagraadse studente-administrasie te verbeter, en 'n algemene opknapping van dienslewering deur prosesverbetering en -automatisasie.

### **STUDENTETOEGANG MET SUKSES**

Elke aspek van die US, en beslis ook van die L&O VS, dra by tot studentetoegang met sukses. Tog bly die modulesuksesyfer 'n algemene kwalitatiewe maatstaf van studentesukses op akademiese gebied.

#### **MODULE-SUKESSYFER VAN US-STUDENTE (%)**



Hieronder volg 'n oorsig van ander komponente van die waardeketting wat daarop afgestem is om studente die tipe toegang te bied wat sukses in die hand werk.

### **SKEP 'N BEVORDERLIKE KLIMAAT EN KULTUUR VIR SUKSES**

Verskeie studentebewegings het in 2016 die kampuservaring beïnvloed. Die L&O VS erken sy verantwoordelikheid om die instelling te beskerm teen die moontlike risiko van ongekontroleerde kampusaktivisme wat persone benadeel, eiendom beskadig of die akademiese projek laat ontspoor. Daarom het die VS doelbewus besluit om die risiko's verbonde aan ongedisiplineerde optrede soos dié in 2016 in geleenthede vir positiewe studenteontwikkeling te omskep. Die Afdeling Studentesake streef daarna om verantwoordelike aktivisme te bevorder en responsiewe burgers te skep wat na gemeenskaplike oplossings vir gemeenskaplike probleme kan help soek – nie net aan die US nie, maar ook in die groter samelewing.

### **STUDENTEBETROKKENHEID EN DIE KO-KURRIKULUM**

Benewens leer en interaksie in die klas, bied die kampuslewe verskeie ander geleenthede vir betrokkenheid wat die kenmerke van die gegradeerde help ontwikkel en US-studente aktiewe en betrokke burgers help maak. Om toe te sien dat hierdie ko-kurrikulêre aktiwiteite optimale voordeel vir alle studente inhou, het die L&O VS in 2016 met navorsing oor studente- en institusionele deelnamepraktyke begin. Die resultate sal gebruik word om studente meer huis te laat voel en hulle deelname aan die institusionele lewe, en gevolelik hulle kans op sukses, te verbeter.




Die vestiging van die nuwe Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture het hierdie belangrike komponent van die studente-ervaring aan die US verder versterk, en sal tot verdere uitbreiding en formalisering van die ko-kurrikulum lei. Laastens het studentebetrokkenheid nóg 'n hupstoot gekry met die toevoeging van 'n verdere klusernaaf, Wimbledon, wat as 'n bymekaarkom-, leer- en ontspanningsruimte vir koshuis- sowel as pendelstudente dien (kyk foto op bladsy 102 en definisie van kluster op bladsy 145).

#### LAAT STUDENTE TOE WAT DIE DIVERSE SAMELEWING VERTEENWOORDIG EN DIE POTENIAAL TOON OM SUKSESVOL AF TE STUDEER

Die US se werwingsadviseurs het in 2016 meer as 320 teikenskole besoek en duisende graad 11- en graad 12-leerders deur inligtingsessies, loopbaanuitstallings en die US Opedag bereik. Die hoofdoel was om toppresteerders te werf en terselfdertyd die Universiteit se diversiteitsmikpunte te haal.

#### VERSPREIDING VAN NUWELINGEERSTEJAARS SE GRAAD 12-UITSLAE, 2012-2016



#### Patroon oor die afgelope vyf jaar

Na 'n aanvanklike daling tot 28% in 2013, het die persentasie nuwelingeerstejaars (NE's) met 'n Graad 12-gemiddelde van 80% en hoër jaarliks gestyg, met 'n skerp styging tussen 2015 en 2016. In 2015 het 'n derde NE's 80% of meer in Graad 12 behaal; in 2016 het hulle vermeerder tot 40%.

Hier teenoor het die persentasie NE's in die laer Graad 12-kategorieë vanaf 2013 tot 2016 gedaal, met die grootste daling in die kategorie onder 70%.

■ 80+ ■ 70-79 ■ <70

Die Diversiteitswerwingsbeursprojek het steeds stukrag aan werwingspogings verleen en die US is staat gestel om 'n beduidende persentasie van sy bruin, swart en Indiërs (BSI)- eerstejaarsinname finansieel te ondersteun. Meer as 44% van die voorste BSI-eerstejaars wat in 2016 ingeskryf het, het hierdie gesogte beurse ontvang. Die L&OVS het ook met ander US-entiteite saamgewerk aan 'n versnellingsprojek in township-hoërskole met sterk wervingspotensiaal om die getal BSI-toppresteerderraansoekers vir inname 2017 te verhoog.

#### GROOTTE EN VORM VAN US-STUDENTEKORPS

#### 'N STERKER STUDENTEKORPS DEUR GESTROOMLYNDE AANSOEKPROSEDURES

'n Spesifieke fokus in 2016 was om toelatingsprosesse te verbeter ten einde die getal volledige aansoeke van veral BSI-aansoekers te verhoog. Hiervoor is aansoekdokumente uiterstens noukeurig ontvang en vasgelê, en kon studente deur die hele proses hulle aansoekstatus aanlyn nagaan. Soos die tabel hieronder toon, het dit die gewenste uitwerking gehad. Hoewel die totale getal aansoeke afgeneem het, het die persentasie volledige aansoeke in verhouding tot totale aansoeke aanhou styg.

#### PERSENTASIE VOLLEDIGE AANSOEKE RELATIEF TOT ALLE AANSOEKE

Jaar van inname	Onvolledige aansoeke			Volledige aansoeke			Totale aantal aansoeke			Groeikoers van volledige aansoeke 2015-2017
	2015	2016	2017	2015	2016	2017	2015	2016	2017	
BSI	4 610	5 594	4 914	5 949	8 994	8 310	10 559	14 588	13 224	40%
Wit	1 412	1 069	734	7 266	8 289	8 401	8 678	9 358	9 135	16%
Totaal	6 022	6 663	5 648	13 215	17 283	16 711	19 237	23 946	22 359	26%

BSI = bruin, swart en Indiërsstudente

Ons studenteprofiel in getalle word op bladsy 55 tot 56 aangebied.

#### DIE STREWE NA 'N MEER DIVERSE STUDENTEKORPS

Koshuisplasing is 'n kernfaktor in die US se strewe na 'n diverse studentekorps deur toegang vir studente van etlike verskillende gemeenskappe te verbreed. Sowat 8 000 studente het om die 2 000 beskikbare plekke in eerstejaarskoshuisse meegeding. Uiteindelike plasings het

die mikpunt van 40% BSI-studente, 5% internasionale studente en 40% eerstegenerasiestudente bereik. Die tabel hieronder toon die syfers vir alle voorgraadse koshuisse op Stellenbosch. Plasingsyfers vir koshuisse op Tygerbergkampus was eweneens op peil: Altesaam 48% wit en 52% BSI-eerstejaars het daar koshuisplek ontvang.


#### STUDENTEPROFIEL VAN VOORGRAADSE KOSHUISE 2015-2016

	Generale		%	
	2015	2016	2015	2016
<b>Bevolkingsgroep</b>				
Wit	1 238	1 203	60,7	59,5
BSI	802	819	39,3	40,5
Bruin	445	425	21,8	21,0
Swart	302	334	14,8	16,5
Indiër	55	60	2,7	3,0
<b>Totaal</b>	<b>2 040</b>	<b>2 022</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>
<b>Taal</b>				
Afrikaans	1 048	1 043	51,4	51,6
Nie-Afrikaans	992	979	48,6	48,4
Engels	774	743	37,9	36,7
SA tale	183	201	9,0	9,9
Ander	35	35	1,7	1,7
<b>Totaal</b>	<b>2 040</b>	<b>2 022</b>	<b>100,0</b>	<b>100,0</b>
<b>Nasionaliteit</b>				
Suid-Afrikaans	1 918	1 920	94,0%	95,0%
Ander	122	102	6,0%	5,0%
<b>Totaal</b>	<b>2 040</b>	<b>2 022</b>	<b>100,0%</b>	<b>100,0%</b>
<b>Eerstegenerasie-status</b>				
1	805	829	39,5%	41,0%
2	1 139	1 156	55,8%	57,2%
Onbekend	96	37	4,7%	1,8%

BSI = bruin, swart en Indiërsstudente

Die volgende tabel toon die persentasieaandeel van voor- én nagraadse bruin, swart en Indiërsstudente aan die Universiteit van 2010-2016 met die teikens vir volgende jare tot 2021.

#### ALLE BRUIN, SWART EN INDIËR-STUDENTE AAN DIE US (%)



Waar die bovenoemde tabel die persentasieaandeel van alle BSI-studente aanbied, word die diversiteit van voorgraadse studente grootliks deur die inname van eerstejaarsstudente bepaal. Tog, ondanks hierdie en ander pogings, is die institusionele registrasiemikpunt van 37,2% BSI-nuwelingeerstejaars nie bereik nie, selfs al is 9% meer BSI-studente as in die vorige jaar toegelaat. Die getal BSI-nuwelingeerstejaars was ná die finale registrasietydperk 7%

laer as in 2015 en het ook die Junie-mikpunt met 7% gemis. Omdat die redes hiervoor ondersoek moet word om die US voortaan teen 'n moontlike studentediversiteitsrisiko te beskerm, is 'n peiling onderneem onder BSI-studente wat voorwaardelik vir registrasie in 2016 toegelaat is, maar uiteindelik daarteen besluit het. Die peiling het 14 moontlike redes aangebied, waarvan respondenten tot drie elk kon kies. 'n Samevatting van die bevindinge word vervolgens in die tabel getoon.

## RESULTATE VAN PEILING ONDER VOORWAARDELIK TOEGELATE BRUIN EN SWART STUDENTE WAT NIE GEREGSTREER HET NIE

Algemeenste redes vir nieregistrasie	Bruin studente	Swart studente
Afstand tussen US en die huis	34%	
Onvermoë om studiefinansiering te bekom	26%	26%
Vervoerprobleme	25%	
Gebruik van Afrikaans in voorgraadse onderrig		44%
Negatiewe mediaberigte oor US		33%

Die Diversiteitswerwingsbeursprojek sowel as ander inisiatiewe vir finansiële steun behoort in die toekoms meer van hierdie studente te oorred om te regstreer. Wat onderrigtaal betref, is die US se nuwe Taalbeleid, wat in Januarie 2017 in werking tree, huis daarop toegespits om deur 'n meertalige aanbod toegang vir alle Suid-Afrikaanse studente te verbeter.

## TELEMATIESE ONDERRIGAANBOD GEE NUWE DIMENSIE AAN GROOTTE EN VORM

Die ontwikkeling van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) skep alternatiewe onderrig- en leermoontlikhede, en kan moontlik voorsien in die behoeftes van studente wie se omstandighede dit onmoontlik maak om aan die US se voltydse onderrigmodus deel te neem. Die US se telematiese dienste het in 2016 voortgegaan om as platform vir 'n aantal nagraadse programme te dien deur gebruik te maak van innovasie soos gelyktydige uitsendings van leergeleenthede deur satelliet en regstreekse internetstroming. Hierdie programme het die Universiteit se nagraadse diversiteitsprofiel 'n hupstoot gegee, en lewer voortdurend goeie deursetysfers op.

## MODULEKREDIETE PER MEDIUM VAN ONDERRIG

	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021
% modulekrediete wat in Engels/Afrikaans-parallel-medium aangebied word	16,6	15,4	17,5	18,5	20,5	22,0	23,5	25,0
% modulekrediete wat in Engels en Afrikaans in dieselfde klas aangebied word	62,9	69,5	69,5	68,3	66,0	64,0	62,0	60,0
% modulekrediete wat in hetsy Engels of Afrikaans aangebied word	20,4	15,1	13,0	13,2	13,5	14,0	14,5	15,0

## VERHOOG MEERTALIGE PROGRAMMAANBOD

'n Mylpaal in 2016 waaroor daar heelwat gesê en geskryf is, was die hersiening van die Taalbeleid. Ná deeglike oorlegpleging het die Raad dit teen die middel van die jaar met die instemming van die Senaat aanvaar. Soos reeds vroeër genoem is, sal die beleid die L&OVS 'n moontlike studentediversiteitsrisiko help bestuur, en keer dat enige studente op grond van taal van die US uitgesluit word. Intussen het die Taalsentrum steeds beduidend bygedra deur die aanbieding van kredietdraende kursusse oor akademiese geletterdheid, taalverwerwing en professionele kommunikasie (4 276 studente), skryfkonsultasies (4 313 studente), kortkursusse oor akademiese skryfwerk (1 500 studente), leesvaardigheidsontwikkeling (3 600 studente), opvoedkundige tolking (13 700 lesings), vertaal-, redigeer- en dokumentontwerpdiens (1 400 transaksies) en kursusse oor isiXhosa in die Opvoedkunde en Gesondheidswetenskappe. IsiXhosa is verder as 'n akademiese taal ontwikkel met die bekendstelling van 'n aanlyn oudiotaalgids vir die gesondheidswetenskappe.

## BEVORDERING VAN PROGRAMVERNUWING

Gereelde besinning oor die programmaanbod word vereis om te sorg dat die US se programme relevant bly en kostedoeltreffend aangebied word. In dié verband het die Programadvieskomitee in 2016 altesam 16 nuwe programvoorleggings vir eksterne akkreditasie ingedien met die oog op inwerkingstelling in 2018. Vir programme wat in 2016 goedgekeur en geakkrediteer is, kyk bladsy 22. 'n Forum van visedekane (onderrig) of ander fakulteitsverteenvoerders met soortgelyke verantwoordelikhede is boonop op die been gebring om 'n strategiese programvernuwingsplan vir die hele instelling op te stel. Hierdie holistiese inisiatief sal 'n verskeidenheid rolspelers van sentrus sowel binne as buite die L&OVS betrek, met inbegrip van die US se wye ko-kurrikulêre programmaanbod.

skenkings het die Universiteit net méér vasberade gemaak om die res van die vereiste finansiering te bekom om die projek uit te voer, en beloof goed vir wat as 'n moontlike risiko vir die L&OVS beskryf is (kyk bladsy 72).

## BENUT NUWE KENNISMARKTE

Die instelling se bewese kundigheid op die gebied van interaktiewe satellietgebaseerde tegnologie, en nou ook regstreekse internetstroming, bied nuwe IKT-gesteunde onderrig- en leermethodes om die US se kennissbasis na nuwe markte uit te brei.

In hierdie verband het die Universiteit se telematiese programmaanbod 'n aansienlike aanhang, wat dit 'n belangrike voorloper van die beoogde Modus 2-tipe aanbod maak. Vir Modus 2-onderrig sal studente op slegs sekere tye van die jaar op kampus hoof te wees, terwyl akademiese steun origens meestal deur satelliet-, web- en ander leertegnologieë voorsien sal word.

Tog, hoewel die verskuiwing van 'n enkelmodus- tot 'n dubbelmodusinstelling 'n langtermyndoelwit teen 2030 is, word telematiese leersentrus reeds gebruik om US-personeel met hulle portuur by ander universiteite in aanraking te bring. In die verslaagjaar is sulke sentrus byvoorbeeld in Uganda en Kenia tot stand gebring, wat interaksie tussen US-fakulteite en -departemente en hulle eweknieë op die vasteland moontlik maak.

## WERWING VAN BEURSSKENKINGS

Die US volhard in sy verbintenis om verdienstelike studente met voorgaarde meriete- en werwingsbeurse, ondersteuningsbeurse vir studente in finansiële nood sowel as nagraadse beurse te ondersteun. Die Universiteit bestuur ook verskillende beurstoeenkennings namens eksterne bydraers, waaronder die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS), maatskappy en filantropie.

Te midde van oproepe om 'gratis onderwys' en spesiale bystand vir die 'ontbrekende middel', kon die US in 2016 die meeste van sy studente wat volgens die uitslag van 'n middeletoets in finansiële nood verkeer, met bystandbeurse en -lenings van meer as R36 miljoen ondersteun. Meer as R100 miljoen is ook in die vorm van meriete- en werwingsbeurse beskikbaar gestel om onderskeidelik uitnemendheid te beloon en studentediversiteit te bevorder. Ter ondersteuning van die ontbrekende middel – diegene wat as te ryk beskou word om vir staatssteun in aanmerking te kom, maar te arm is om klasgeld te bekostig – word beurslenings toegestaan aan studente uit gesinne met 'n bruto jaarlikse huishoudelike inkomste van tot R240 000. 'n Verdere inisiatief wat verligting vir die ontbrekende middel sal bring, is die aankondiging teen die einde van 2016 dat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding alle studente met 'n huishoudelike inkomste van minder as R600 000 per jaar sal bystaan sodat daardie studente in die praktyk geen styging in studiegeld in 2017 sal beleef nie.

Duidelik maak baie US-studente op beurse en lenings staat. Op sy beurt steun die US swaar op staatsbronne soos die NSFAS sowel as sy eie hoofbegroting om hierdie bystand aan veral voorgraadse studente te voorsien. Om sy beursbronne te diversifieer en die Universiteit teen die moontlike risiko van oorafhanklikheid van enige enkele bron te beskerm, het die L&OVS en die US se Afdeling Ontwikkeling met 'n daadwerklike veldtog begin om die getal beursskenkingsooreenkoms met die privaat sektor te verhoog. 'n Volgehoue reputasie van uithaleronderrig

en die opleiding van topgegraderde, veral ook BSI-gegraderde, vir die skaarsvaardigheidsberoep sal na verwagting baie help om filantropiese skenkings en werwingsbeurssteun van die privaat sektor te bekom.

## SAMESTELLING VAN STUDENTEKORPS VOLGENS STUDIEVELD EN -VLAK, Junie 2016

Vlakte per fakulteit	Studentetal	%
<b>AgriWetenskappe</b>	<b>2 059</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	515	25,01
Geleenheidstudente	48	2,33
Voorgraadse studente	1 496	72,66
<b>Ekonomiese en Bestuurswetenskappe</b>	<b>8 577</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	3 328	38,80
Geleenheidstudente	243	2,83
Voorgraadse studente	5 006	58,37
<b>Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe</b>	<b>4 413</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	1 663	37,68
Geleenheidstudente	316	7,16
Voorgraadse studente	2 434	55,16
<b>Ingenieurswese</b>	<b>3 829</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	908	23,71
Geleenheidstudente	72	1,88
Voorgraadse studente	2 849	74,41
<b>Kryskunde</b>	<b>643</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	100	15,55
Geleenheidstudente	7	1,09
Voorgraadse studente	536	83,36
<b>Lettere en Sosiale Wetenskappe</b>	<b>5 188</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	1 352	26,06
Geleenheidstudente	342	6,69
Voorgraadse studente	3 494	67,35
<b>Natuurwetenskappe</b>	<b>3 074</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	894	29,08
Geleenheidstudente	63	2,05
Voorgraadse studente	2 117	68,87
<b>Opoedkunde</b>	<b>1 723</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	729	42,31
Geleenheidstudente	5	0,29
Voorgraadse studente	989	57,40
<b>Regsgeleerdheid</b>	<b>817</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	379	46,39
Geleenheidstudente	9	1,10
Voorgraadse studente	429	52,51
<b>Teologie</b>	<b>531</b>	<b>100,00</b>
Nagraadse studente	286	53,86
Geleenheidstudente	13	2,45
Voorgraadse studente	232	43,69
<b>Groototal</b>	<b>30 854</b>	<b>100,00</b>
Totaal vir nagraadse studente	10 154	32,91
Totaal vir geleenheidstudente	1 118	3,62
Totaal vir voorgraadse studente	19 582	63,47

**KWALIFIKASIES TOEGEKEN VOLGENS TIPE, 2016**  
(dataonttrekking Maart 2017)

Tipe kwalifikasie	Aantal toegeken	%
Voorgraadse diplomas en sertifikate	17	0,20
Algemene eerste baccalaureusgrade	2 501	29,96
Professionele eerste baccalaureus-grade	1 513	18,12
Nagraadse baccalaureusgrade	81	0,97
Nagraadse diplomas en sertifikate	1 195	14,32
Honneursgrade	1 295	15,51
Meestersgrade	1 468	17,59
Doktorsgrade	278	3,33
<b>Totaal</b>	<b>8 348</b>	<b>100,00</b>

**SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTE-KORPS VOLGENS GESLAG, Junie 2016**

Geslag	Studentetal	%
Vroulik	16 406	53,17
Manlik	14 448	46,83
<b>Totaal</b>	<b>30 854</b>	<b>100,00</b>

**SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTE-KORPS VOLGENS RAS, Junie 2016**

Ras	Studentetal	%
Bruin	5 443	17,64
Swart	5 629	18,24
Indiër	875	2,84
Wit	18 907	61,28
<b>Totaal</b>	<b>30 854</b>	<b>100,00</b>

**SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTE-KORPS VOLGENS HUISTAAL, Junie 2016**

Huistaal	Studentetal	%
Afrikaans	12 545	40,66
Engels	14 219	46,08
Afrikaans/Engels	284	0,93
isiXhosa	954	3,09
Ander amptelike SA tale	1 660	5,38
Ander tale	1 192	3,86
<b>Totaal</b>	<b>30 854</b>	<b>100,00</b>

**SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTE-KORPS VOLGENS NASIONALITEIT, Junie 2016**

Nasionaliteit	Studentetal	%
Suid-Afrika	27 318	88,53
Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (uitgesonder Suid-Afrika)	1 844	5,98
Ander Afrika-lande	554	1,80
Res van die wêreld	1 138	3,69
<b>Totaal</b>	<b>30 854</b>	<b>100,00</b>

**SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTE-KORPS VOLGENS NASIONALE PROVINSIE, Junie 2016**

Provinsie	Studentetal	%
Wes-Kaap	18 691	60,57
Gauteng	3 695	11,97
Onbekend	2 819	9,14
Oos-Kaap	1 924	6,24
Kwazulu-Natal	1 533	4,97
Noord-Kaap	593	1,92
Limpopo	494	1,60
Mpumalanga	465	1,51
Vrystaat	416	1,35
Noordwes	224	0,73
<b>Totaal</b>	<b>30 854</b>	<b>100,00</b>

Die Universiteit Stellenbosch (US) wil 'n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit op die Afrika-vasteland wees.



## Verslag van die **VISEREKTOR** (NAVORSING, INNOVASIE EN NAGRAADSE STUDIE)

Prof Eugene Cloete

Die instelling wil dit vermag deur na uitnemendheid te streef, aan die voorpunt van sy gekose fokusgebiede te bly, nasionaal en internasionaal erkenning vir sy navorsingsuitsette te kry, en ondernehemd, innoverend en selfvernuwend te wees. Iog moet US-navorsing steeds sosiaal relevant wees. In ons navorsing streef ons immers nie net na sukses nie, maar ook na beduidendheid.


In dié dubbele strewe na volgehoue akademiese uitnemendheid én sosiale relevansie speel die verantwoordelikheidsentrum Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie (NI&NS VS) 'n kernrol. Deur die werksaamhede van sy verskillende omgewings het die NI&NS VS in 2016 verder voortgebou op die Universiteit se status as voorloper op navorsingsgebied, en die instelling se intellektuele kapitaal versterk. Die volgende afdelings bied 'n oorsig van wat in dié verband bereik is.

### AANSTEL VAN JONG AKADEMIESE STERRE

Deur die ontwikkeling van 'n nuwe geslag akademici, versterk die NI&NS VS die Universiteit se navorsingsvermoë, vernuwe die navorserskohort, en vervul 'n kernrol om die US teen die risiko van stadige institusionele transformasie te beskerm.

Een manier waarop dit gebeur, is deur 'n gestructureerde steunprogram vir nuwelingnavorsers. Verskeie komponente van dié program is die afgelope ses jaar in werking gestel. Dit word verder versterk met finansiering uit die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se navorsingsontwikkelingstoelaag. Die mentorskapsprogram vir nuwelingnavorsers, wat tot dusver 140 jong navorsers met ervare mentors in aanraking gebring het, is ook voortgesit. Hierdie program rus mentees toe om in gevinstige navorsers te ontwikkel deur hulle onder meer deur hulle PhD-studie te ondersteun, sowel as deur die proses om 'n amptelike gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) te bekom.

### NADOKTORALE GENOTE AAN DIE US, 2012-2016



'n Verdere instrument om die jong navorserskorps aan die US uit te brei is nadoktorale navorsinggenote, wat in 2016 op 308 te staan gekom het (sien figuur hier bo). Omdat die verantwoordelikheidsentrum verdere groei in dié kohort verwag, het die Raad in November 'n nuwe beleid oor nadoktorale genote aanvaar, wat met ingang van 1 Januarie 2017 in werkking tree.

### BEVORDERING VAN NAVORSINGSUITSETTE

Volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se amptelike verslag oor publikasies in 2014 (wat in 2015 beoordeel is), was die geweegde navorsingsuitset per voltydse US-personeellid (publikasies én nagraadse studente) 3,03, en sy publikasieuitset per kop 1,5. Daarmee was die US die mees navorsingsproduktiewe instelling in die land, en ook eerste wat betrek publikasieuitsette per kop vir die betrokke verslagjaar.

## US-NAVORSINGSUITSETTE, 2012–2015

Navorsingsuitsette	2012	2013	2014	2015*
Geweegde navorsingsuitset per kop	3,08	2,97	3,03	*
Navorsingspublikasieuitset per kop	1,36	1,47	1,50	*
Verhouding van geweegde navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneel lid (SMI)	2,33	2,50	2,53	*

\*Publikasies van 2015 is in 2016 beoordeel en die resultate word teen die middel van 2017 uitgereik.

Die US het boonop vasgestaan op 'n aantal internasionale ranglyste, en sy plek onder die voorste vyf instellings in die land behou. Voorts het die jaarlike institusionele navorsingsverslag, *Research at Stellenbosch University*, vir die vyfde agtereenvolgende jaar 'n uitnemendheidsprys by die MACE- (*Marketing, Advancement and Communication in Education*-) konferensie van 2016 ontvang.

Hierdie uitstekende prestasies was moontlik weens die spesiale mekanismes wat die NI&NSVS gebruik om navorsingsuitsette deur toegewyde en produktiewe personeel te ondersteun en te bevorder.

## BEVORDERLIKE BIBLIOTEEKSTELSELS, OOP TOEGANG EN VERNUWENDE VERSAMELINGS

Geredelike toegang tot wetenskaplike navorsingsmateriaal is noodsaaklik vir navorsingsondersteuning en -uitbreiding. Vir dié doel het die Biblioteek- en Inligtingsdiens sy webtuiste na SharePoint 2016 opgegrader. Die webtuiste is nou mobiel responsief, meer gebruikersvriendelik en spog ook met beter inligtingsargitektuur. Terselfdertyd stel die nuwe ontwerp gebruikers in staat om duideliker tussen dienste vir leerverryking en gespesialiseerde navorsingsteun te onderskei. Die Biblioteek het ook die unieke oueursidentifikasiestelsel ORCID (Open Researcher and Contributor ID) met welslae geïmplementeer. As 'n ORCID-lid, kan integrasie met ander stelsels op kampus nou volg. Die eerste stap was om te verseker dat navorsers se ORCID-identiteite aan hulle US-identiteite gekoppel word. Van die aanvang van dié projek in Mei 2016 tot aan die einde van die verslagjaar het 975 kliënte aangesluit.

Hoogtepunte van die Biblioteek se ooptoegangsinisiatiewe in die oorsigbaar sluit in die byvoeging van drie nuwe vaktydskrifte op die SUNJournals-platform, wat die totale getal beskikbare tydskrifte nou op 21 te staan bring. Die institusionele bewaarplek SUNScholar gaan van krag tot krag en is 'n geraamde 142 000 keer meer gebruik. In Julie 2016 was SUNScholar ook boaan die ranglys van ooptoegangsbewaarplekke in Afrika. Benewens dié prestasie, was die bewaarplek ook in algehele 84ste plek uit 2 275 stelsels wêrelwyd. Die ranglys van ooptoegangsbewaarplekke word deur die Ranking Web of Repositories saamgestel.

Die Biblioteek gaan voort om die Universiteit se fokusgebied van navorsing en innovasie met die verkryging, skep, verspreiding en bewaring van navorsingsmateriaal te ondersteun. Die onstuimigheid in die randwisselkoers sowel as die heffing van BTW op ingevoerde elektroniese hulpbronne het egter die afgelope paar jaar 'n beduidende impak op die materiaalbegroting gehad. Om die instelling teen hierdie risiko te beskerm, moes die Biblioteek 'n projek van stapel stuur om intekening op sekere bronre te kanselleer ten einde materiaalkoste vanaf 2016 te verlaag. Die hoofdoel is finansiële volhoubaarheid en 'n

voortgesette inligtingsdiens van gehalte. Die Biblioteek bly egter ten volle bewus van die noodsaaklike diens wat hy aan die US-navorsingsomgewing lewer, en sal dus strategiese kerninligtingsbronne behou om steeds in akademiese personeel en studente se navorsings- en inligtingsbehoeftes te voorsien.

## BOU VERMOË EN KUNDIGHEID OP DIE GEBIED VAN INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIETEGNOLOGIE (IKT)

Die institusionele portefeuille van sagtewareoplossings in die Afdeling Informasieteknologie (IT) is gekonsolideer en herskik om die Universiteit se kernsagtewaretoepassings beter te bestuur. As deel van die stelselvernouwingsprogram wat die Raad finansier, het die Afdeling IT die instelling se platforms vir middelware-integrasie en -rapportering herontwerp. Sodoende skep die Afdeling die integrasievermoë om 'n digtislim US-kampus in die toekoms te ondersteun. Verskeie sagtewaretoepassings wat kernprosesse van die US ondersteun, is ook in werking gestel of verbeter, onder meer die toepassing wat aansoekers in staat stel om stawende dokumente elektronies in te dien, sowel as die funksie wat automatiese, aanlyn voorlopige kwotasies aan voornemende internasionale studente voorsien.

Die bevindinge van 'n omvattende selfevaluering van die IKT-funksie deur die hele instelling is boonop eksterne onderskryf, en het daarná as grondslag gedien vir die IKT-strategie 2017–2021, waarvoor die Rektor se Bestuurspan beginselgoedkeuring verleen het. Die verbeteringe en uitbreidings wat hierdie strategie beoog, sal die US sy unieke IT-gebaseerde institusionele prosesse en data teen die risiko van onvoldoende vermoë en yl gesaaide kundigheid help beskerm.

Om in die toenemende vraag na netwerkvermoë en -toeganklikheid te voorsien, is meer as 50% van bruikbare klaskamers reeds met koordlose internet toegerus, terwyl dekking in akademiese geboue in 2016 van 30% tot 40% toegeneem het. Sentrale databergingsinfrastruktur is ook opgeknap.

In die uitbreiding van IKT-steun vir akademiese werkzaamhede het die leerteknologiespan onder meer gekonsentreer op die vestiging van die videostromingsplatform om regstreekse lesings en leerinhoud oor die internet aan te bied, sowel as op die versterking van die leerbestuurstelsel en die skep van steunstrukture –veral tussen die Afdeling IT, die rekenaargebruikersareas, die Sentrum vir Leerteknologie, en Fasiliteitsbestuur. Die Strategie vir IKT in Navorsing, wat tans ontwikkel word, sal na verwagting nuwe diensvereistes uitwys waarvoor die huidige ondersteuningspan die nodige vermoë en vaardighede sal moet hê.


Om die US se gasheerargitektuur verder te versterk, is nog toepassings na wolkgebaseerde platforms verskuif,

wat met wêreltdense strook. Wat vernuwing buite die Universiteit se eie grense betref, was die US deel van 'n konsortium van Wes- en Noord-Kaapse universiteite wat 'n voorstel vir die vestiging van 'n streeksfasilitet vir data-intensieve navorsing by die Departement van Wetenskap en Tegnologie ingedien het. Dié voorstel is nou goedgekeur met 'n drie jaar lange toekenning van R30 miljoen, en hou groot belofte en voordeel vir die US se navorsers in.

## UITBOU VAN NAVORSINGSINNOVASIE

Innovasie is 'n noodsaklike komponent van die US se navorsingsukses. Dit posioneer die Universiteit as 'n plek van geleenthede wat die beste navorsers en studente van Afrika en die res van die wêreld lok. 'n Goeie aanwyser van die stand van innovasie is die getal patentaansoeke wat US-navorsers indien, wat in die figuur hieronder uitgebeeld word.

## AANTAL GEПUBLISEERDE AANSOEKE UIT SUID-AFRIKA VIR PATENTSAMEWERKINGSOORENKOMSTE (PCT'S), 2009–2016



Die Universiteit se oorheersing op die gebied van innovasie met die publikasie van 98 PCT's toon dat die instelling nuwe produkte en dienste skep wat tot ekonomiese en maatskaplike verbetering in die land kan bydra. Deur die facilitering van die US se tegnologieoordragmaatskappy Innovus is verskeie patente geregistreer en lisensieoorrengkomste gesluit vir waardebelaaide produkte op onder meer landbou-, mediese en tegnologiegebied. Vir meer besonderhede oor US-uitvindings, raadpleeg gerus "Kommercialisering van intellektuele eiendom en die skep van sakegeleenthede" in die verslag van die Bedryfshoof, bladsy 47.

## VESTIGING VAN NAVORSINGSFOKUSGEBIEDE


Soos die volgende tabel toon, het die US tans 24 navorsingsleerstoele as deel van die NNS se Suid-Afrikaanse navorsingsleerstoelinisiatief (SARChl) wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie gefinansier word. Hierdie leerstoele handel oor vakkgebiede waarop die US as 'n leier beskou word. Die Universiteit het ook 'n verdere 17 leerstoele, waarvan vyf gedurende 2016 danksy eksterne borge tot stand gekom het, naamlik dié van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAICA), die Mededingingskommissie, die Eskom-instituut vir Kragaanlegontwerp (EPPEI), die Suid-

Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk (SANRAL) en die Alexander von Humboldt-stigting. Daarbenewens het die US uit sy eie begroting geld beskikbaar gestel om die nuwe leerstoel Studies in Historiese Trauma en Transformasie te skep.

## GEBORGDE NAVORSINGSLEERSTOELE AAN DIE US, 2013–2016

	2013	2014	2015	2016
SARChl-navorsingsleerstoele	18	19	24	24
Ander geborgde navorsingsleerstoele	5	9	11	17
<b>TOTAAL</b>	<b>23</b>	<b>28</b>	<b>35</b>	<b>41</b>

Wat gespesialiseerde navorsingsvermoë betref, beskik die US oor 425 NNS-gegradeerde wetenskaplikes, wat 12 A-gegradeerde navorsers insluit.



Verdere bewys van die Universiteit se voortreffelikheid op die gebied van toegespitsde navorsing is die verskeidenheid eerbewyse wat sy akademici ontvang. In 2016 het dit die volgende ingesluit:

- twee Departement van Wetenskap en Tegnologie-pryse vir vrouewetenskaplikes;
- ses benoemings as finaliste vir die prestigeryke pryse van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NSTF), en uiteindelik twee winners – in die kategorie vir lewenslange bydraes en die NSTF se GreenMatter-prys;
- 'n Science for Society- goue medalje van die Suid-Afrikaanse Wetenskapakademie (ASSAf); en
- vyf gesogte pryse van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

In pas met die Witskrif oor Naskoolse Onderwys en Opleiding van 2014, wat die klem op nisnavorsingsgebiede van nasionale belang plaas, het die NI&NSVS boonop in 2016 voortgegaan met die vestiging van navorsingsentiteite en -vermoë wat 'n werklike impak op die uitvoering van die Nasionale Ontwikkelingsplan kan hê. Hieronder volg 'n kort uiteensetting van sommige van hierdie entiteite wat aan die US tot stand gebring is.

#### NAVORSINGSENTITEITE WAT DIE NASIONALE ONTWIKKELINGS PROGRAM BEVORDER

Eenheid vir Konstruksiemateriale	Beoog om 'n sentrum van uitnemendheid en 'n toonaangewende instituut vir onderrig, navorsing en konsultasie oor konstruksiemateriale te wees. Bedrywigheide sluit in akademies- en bedryfsrelevante navorsing, studentopleiding en 'n konsultasiediens.
Africa Open-instituut	'n Inter- en kruisdissiplinêre instituut vir musieknavorsing en -innovasie. Aktiwiteite koncentreer op die eeuwe lange bydrae van Suid-Afrikaanse en Afrikamusiek tot die plaaslike, vastelands- en internasionale musiektoebl.
Navorsingsinstituut vir Biomediese Ingenieurswese	Dien as 'n oorkoeplende navorsingsinstituut wat die navorsingswerk van verskeie US-departemente en -fakulteite integreer om met biotecnologiese uitvindings vorendag te kom wat gesondheidsverwante probleme help oplos of verbeter.
Gendernavorsingsentrum	Streef daarna om opvattingen oor gender, ras, armoede en seksuele oriëntasie deur middel van opvoeding en navorsing te verander.
Eskom-instituut vir Kragaanlegontwerp (EPPEI)	Deel van 'n finansieringssooreenkoms met die US en vyf ander Suid-Afrikaanse universiteite. Fase 2 van die program, wat oor 'n aanvanklike begroting van R155 miljoen beskik, duur van 2017 tot 2021 en beoog onder meer om magister- en PhD-studie te finansier om die deskundige ingenieursvaardighede van die land se elektrisiteitsverskaffer te versterk.
Komplekse Sisteme in Transisie	'n NNS-vlagskipprogram wat probeer verstaan hoe komplekse stelsels tot voordeel van die samelewings en die omgewing verander kan word. Werksaamhede sluit in toegepaste en oplossingsgerigte navorsing oor energie-, water-, voedsel- en stedelike stelsels om strategieë te bedink vir die bestuur van wat die Nasionale Ontwikkelingsplan 'n "regverdigde oorgang na 'n volhoubare ontwikkelingspad" noem.

#### SKEP VAN VOLHOUBARE NAVORSINGSINKOMSTE DEUR NAVORSINGSVENNOOTSKAPPE

Die NI&NSVS se strategiese doelwitte sluit in om volhoubare navorsingsinkomste deur vennootskappe te skep. Moontlike bronse van navorsingsinkomste is kontraknavorsing (derde stroom) en filantropiese skenkings (vierde stroom).

Totale derdestroominkomste uit die 882 nuwe navorsingskontrakte wat in 2016 verwerk is, het op R1,78 miljard te staan gekom, terwyl uitwaartse subkontrakte ter waarde van R68,6 miljard ook gesluit is. Deur die

nuwe THRIP (die program vir bedryfsgerigte tegnologie en menslike hulpbronne), wat sedert 2016 deur die Departement van Handel en Nywerheid (dti) bestuur word, is die US se bedryfsvennootskappe verder versterk. Die Universiteit het 17 projekvoorstelle ingedien, waarvan vyf vir omsigtigheidsondersoek gekies en twee projekte ter waarde van R15,37 miljoen uiteindelik goedgekeur is. Dit was goeie nuus in die lig van die risiko van die beweerde beëindiging van THRIP-finansiering wat in 2015 ter sprake gekom het. Die US hou egter die situasie fyn dop om die instelling teen enige toekomstige risiko te beskerm.

#### DERDESTROOMINKOMSTE UIT KONTRAKNAVORSING, 2012-2016

Kontrak	2012	2013	2014	2015	2016
Navorsingskontrakte	R531,5 m	R477,1 m	R585 m	R637,2 m	R1,78 miljard
NNS/THRIP		R160,3 m	R198,3 m	R224,1 m	R367 m
<b>Totaal</b>	<b>R531,5 m</b>	<b>R703,4 m</b>	<b>R878,9 m</b>	<b>R1,18 miljard</b>	<b>R2,158 miljard</b>
<b>Gerealiseerde opbrengs</b>	<b>R531,6 m</b>	<b>R669,1 m</b>	<b>R864,2 m</b>	<b>R866,6 m</b>	<b>R1 113,8 m</b>

US-navorsers het ook om finansiering deur die NNS se bilaterale samewerkingsprogram aansoek gedoen en in die loop van die verslagjaar R13 miljoen in toekenning bekom. Akademici van hoofsaaklik die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe en Ingenieurswese het boonop aan 11 Europese Unie-(EU)-verwante programme ter waarde van R87 miljoen deelgeneem as deel van die EU se uiters mededwingende Horizon 2020-navorsingsfinansieringsprogram. Voorts was navorsers en studente van die Universiteit betrokke by 19 Erasmus+-toekenning vir mobiliteit en vermoëbou.

Die grootste risiko in die werving vanveral derdestroominkomste hou met menslike hulpbronne verband: eerstens, die vereiste menslike hulpbronne vir die verskering en bevordering van navorsingsintegriteit en -etiek, wat 'n nasionale én internasionale wetsvereiste is, en tweedens, genoeg kundige personeel om navorsingskontrakte te bestuur. Aangesien die US se getal

kontrakte tussen 2008 en 2016 met 75% toegeneem het (met 'n gedaalde toename in geldwaarde van R1,18 miljard in 2015 tot R2,158 miljard in 2016), en ten minste ses nuwe of gewysigde wette oor die bestuur van navorsingskontrakte sedert 2010 uitgevaardig is, is die Afdeling Navorsingsontwikkeling oorlaai, en is die uitbreiding van personeelvermoë 'n strategiese prioriteit.

#### HANDHAWING VAN NAGRAADSE STUDENTESUKSES

'n Beduidende en suksesvolle nagraadse studentekorps is 'n belangrike bousteen van enige navorsingsintensiewe universiteit. In 2016 het die US 4 919 magister- en 1 497 doktorale studente gehad. 'n Onlangse studie het ook getoon dat die instelling oor die hoogste doktorale studentebehoud- én die hoogste PhD-sukssessie (65%) beskik.

#### AANTAL INGESKREWE MAGISTER- EN PHD-STUDENTE AAN DIE US, 2013-2016

	2013	2014	2015	2016
Magisterstudente	4 735	4 717	4 848	4 919
Doktorale studente	1 331	1 385	1 473	1 497
<b>Totaal</b>	<b>6 066</b>	<b>6 102</b>	<b>6 321</b>	<b>6 416</b>

Boonop het die Universiteit vir die derde agtereenvolgende jaar 'n rekordgetal magister- en doktorale grade toegeken.

#### MAGISTER- EN DOKTOSGRADE TOEGEKEN AAN DIE US, 2013-2016

	2013	2014	2015	2016
Doktorsgrade	225	234	267	278
Magistergrade	1 301	1 293	1 378	1 468

In die lig van die NI&NSVS se kernrol in die voorste verdedigingslinie teen die risiko van onvoldoende studentediversiteit aan die US, het bruin, swart en Indiërs (BSI)-studente in die verslagjaar 'n stellige 48% van die nagraadse studentekorps uitgemaak, terwyl net meer as 19% van die nagraadse kohort internasionale studente was.

#### NAGRAADSE STUDENTEDIVERSITEIT, 2013-2016

	2013	2014	2015	2016
Persentasie BSI-studente	46,0	46,0	47,0	48,0
Persentasie internasionale studente	18,3	17,8	19,0	19,2

Die verskeidenheid toegespitste ondersteuningsmechanismes wat ingestel is om die US se getal nagraadse studente verder te verhoog én hulle sukses te verseker, sluit in die nuwe, losstaande Nagraadse Kantoor. Hierdie kantoor het tot stand gekom ná 'n proses van organisatoriese herskikking om die funksies van nagraadse steun en internasionalisasie te skei. Internasionalisasie val nou onder die nuwe Universiteit Stellenbosch Internasionaal. Die Nagraadse Kantoor se dienste strek oor die hele nagraadse lewensiklus, met inbegrip van volle inskrywingsteun aan alle (ook internasionale) nagraadse studente, nagraadse studentefinansieringsteun, nagraadse vaardigheidsontwikkeling, sowel as die bestuur van gesamentlike graadprogramme.


Op die gebied van nagraadse finansiering en steun het die Nagraadse Kantoor in 2016 beurse ter waarde van R221 miljoen bestuur – R22 miljoen meer as in die vorige jaar. Hierdie toename is danksy bykomende beurse uit die bedryf. Die US self het R23 miljoen van totale nagraadse beurse bygedra.

Die Nagraadse Kantoor se vaardigheidsontwikkelingsprogram het 24 oriénteringsessies vir 1 285 nuwe nagraadse studente oor alle US-fakulteite aangebied. Werksessies wat ontwerp is om generiese vaardighede te ontwikkel, soos hoe om plagiaat te vermy en tesisse, verhandelinge en artikels te skryf, het 890 deelnemers,

waaronder studente op alle nagraadse studievlake, nadoktorale navorsers sowel as akademiese personeel, bereik. Die Nagraadse Kantoor is ook 'n vennoot in 'n Erasmus+-program van die EU genaamd *Enhancing Postgraduate Environments* (EPE). Die EPE wil die kundigheid en ervarings van 'n konsortium van ses Suid-Afrikaanse en ses Europese universiteite gebruik om 'n stel hulpbronne te ontwikkel om nagraadse omgewings in Suid-Afrikaanse verband te versterk, en wil dan praktykuitruiling onder die 12 deelnemende instellings faciliteer. Tasbare uitsette van die projek in 2016 was gesamentlike institutionele opleidingseminare vir die konsortiumlede, en die uitruiling van aanlyn hulpbronne vir nagraadse studentesteen en -ontwikkeling.

Wat gesamentlike graadprogramme betref, het inskrywings vir bestaande programme – soos dié met KU Leuven en Vrije Universiteit Amsterdam – aansienlik toegeneem. Die sterk stroom studente wat gevolglik tussen die US en sy vennootuniversiteite beweeg, bevestig die langtermynvolhoubaarheid van dié programme. Drie studente in die gesamentlike PhD-programme het in Desember 2016 afgestudeer, en 'n verdere drie graduere in Maart 2017. Twee nuwe gesamentlike graadooreenkoms is ook gesluit, met die universiteite van Hasselt (België) en Groningen (Nederland), en gesprekke met ander moontlike vennote duur voort.

## DIE STERK STROOM STUDENTE wat gevolglik tussen die US en sy vennootuniversiteite beweeg, bevestig die LANGTERMYNVOLHOUBAARHEID van dié programme.



**Na aanleiding van voortdurende beoordeling van sy eie doeltreffendheid om in die behoeftes van 'n 21ste-eeuse hoëronderwysinstelling te voorsien, het die Universiteit Stellenbosch (US) in 2016 sy bestuurstruktuur met die verantwoordelikheidssentrum Strategiese Inisiatiwe en Internasionalisasie (SI&VS) uitgebrei. Die eerste viserektor (adjunkvisekanselier) in beheer van hierdie verantwoordelikheidssentrum, prof Hester Klopper, is in Augustus aangestel.**

## Verslag van die **VISEREKTOR (STRATEGIESE INISIATIEWE EN INTERNASIONALISASIE)**

Prof Hester Klopper

Die totstandkoming van die SI&VS kan beskou word as 'n natuurlike uitvloeisel van die US se streefe na relevansie, wat veral sedert die eeuwisseling 'n kerndeel van die Universiteit se strategieé en planne uitmaak. Albei portefeuilles verbonde aan die SI&VS is daarop gerig om die US relevant te hou – relevant vir die dinamiese hoëronderwyslandskap, vir die behoeftes van die hedendaagse student en die arbeidsmark, sowel as vir die land, streek en wêreld. Die SI&VS sal noukeurig te werk gaan om hoëronderwysstrategieé te ontwerp wat aan die vereistes van 'n 21ste-eeuse universiteit voldoen en ook met die behoeftes van die instelling strook. Sodoende sal die verantwoordelikheidssentrum institutionele besluitneming rig en belangrike strategiese geleenthede uitwys, en terselfdertyd verken hoe dit by die US se akademiese en navorsingsprogramme kan inskakel. Aan die voorpunt van die Universiteit se multi-jaar-strategiese sakebeplanningsproses sal die SI&VS ook innoverende strategieé bedink om die US se institusionele planne by die Universiteit self sowel as in die groter gemeenskap te bevorder.

Daarbenewens het die US lankal erken dat toenemende internasionalisasie die wêreldwye mobiliteit van mense, van kennis en van idees aanmoedig, wat sekere uitdagings én geleenthede vir universiteite inhoud. Kortom is die opdrag van die internasionalisatieportefeuille van die SI&VS dus om die US na die wêreld te bring, en die wêreld na die US – om die internasionale profiel en aansien van die Universiteit wêreldwyd te verhoog, en terselfdertyd die US se internasionale agenda oor die hele Universiteit te bevorder. Boonop is die doel om 'n internasionale en interkulturele dimensie aan bestaande programme, prosesse en stelsels te gee sodat die US 'n universiteit van Afrika dog vir die wêreld sal wees.

Die oorhoofse doel met die SI&VS se werksaamhede en aktiwiteite is daarom om die US selfs méér toekomsgereed en wêreldwyd mededingend te maak.

### STRATEGIESE INISIATIEWE

Van die eerste take wat die SI&VS suksesvol in 2016



afgehandel het, was die koördinering van die bygewerkte Institusionele Plan, wat volgens voorskrif in Desember by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien is.

Nog 'n strategiese inisiatief wat in die volgende jaar sal spoed optel, is die eeufeesprojek van 2018. Die US het op 2 April 1918 amptelik ingevolge die Universiteitswet van 1916 universiteitstatus ontvang. Die Universiteit sal hierdie belangrike mylpaal deur die hele 2018 vier met 'n eeufeesprogram wat formele sowel as informele geleenthede sal insluit om akademici, alumni, studente en alle ander belanghebbendes en vennote van oor die wêreld byeen te bring.

### INTERNASIONALISASIE

Om die US as 'n kernrolspeler in Afrika en die wêreld te posisioneer, is die voormalige Nagraadse en Internasionale Kantoor herskik in Universiteit Stellenbosch Internasionaal (US Internasionaal), wat op sy beurt uit ses sentrums bestaan.

Die Sentrum vir Samewerking in Afrika koncentreer op die US se bilaterale en multilaterale vennote in Afrika om die Universiteit se voetspoor op die vasteland te handhaaf en uit te brei. Die bestuur van die US se internasionale netwerke oorsee val onder die Sentrum vir Vennootskappe en Internasionalisasie, met 'n bepaalde klem op die ontwikkeling van kernvennootskappe en deelname aan multilaterale netwerke. Die Global Engagement Centre sal ten nouste met voormalde twee sentrums saamwerk om inwaartse en uitwaartse mobiliteit vir nie-graadstudente binne 'n raamwerk van wêreldwye skakeling te implementeer. Die Afrikasentrum vir Akademiekap is die tuiste van die Afrika Doktorale Akademie en wil doktorale onderwys en akademiekap op die vasteland bou. Die Confucius-instituut gaan voort om Chinese taal- en kultuurkursusse aan die US en by skole op en om Stellenbosch aan te bied. Laastens bied die US Internasionaal Dienssentrum finansiële, administratiewe en logistieke steun aan internasionalisasie-aktiwiteite, met 'n diensaanbod wat strek van verbyf en immigrasie tot

internasionale studentesteen op voor- en nagraadse vlak. In die geheel bied US Internasional rigting en steun aan alle fakulteite wat aan internasionale aktiwiteite deelneem. Vir optimale integrasie en koördinering funksioneer dit ook binne die groter netwerk van steundiensafdelings aan die Universiteit. Die volgende paragrawe bied 'n bondige samenvatting van huidige aktiwiteite deur van die sentrums hierbo.

#### 'N SELFS GROTER VOETSPOOR OP DIE VASTELAND

US Internasional het in die verslagjaar steun gebied aan die konferensie van RUFORUM (die streeksuniversiteitsforum vir vermoëbou in landbou), waarvoor die US medegesheer was. Meer as 100 afgevaardigdes van oor die vasteland het by hierdie geleentheid saamgetrek. Hoofsprekers op die program het die destydse voorsitter van die Afrika-uniekommisie, dr Nkosazana Dlamini-Zuma (kyk bladsy 77), en die president van Mauritius ingesluit.

Die Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA) het met 'n evaluering van die US se 19 bilaterale vennote in 15 Afrikalande begin, en die institusionele Afrika-samewerkingstoelaag het 18 inwaartse en vyf uitwaartse personeeluitreikbesoeke ondersteun. Die US se venootskappe met die universiteite van Namibië en Ghana het in die verslagjaar voorrang geniet. Ook binne die SSA het SANWATCE (die NEPAD Suider-Afrikaanse netwerk van watercentra van uitmendheid), wat vanaf die US bedryf word, 'n navorsingstoekenning van R1,8 miljoen bekend gestel as ondersteuning vir nagraadse studente wat tersaakklike kwessies vir die watersektor van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) bestudeer. Tien venootinstellings in Zambië, Botswana, Zimbabwe, Mauritius, Malawi, Mosambiek en Namibië het toekennings ontvang. Die SSA het boonop 40 belangstellende US-navorsers geïdentifiseer om in verskeie aktuele werkgroepe van ARUA (die alliansie van navorsingsuniversiteite in Afrika) te dien.

In die omgewing van die Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) het 370 afgevaardigdes van 23 verskillende lande aan die somer- en winterskole van die Afrika Doktorale Akademie (ADA) op Stellenbosch deelgeneem. Met ruimhartige finansiering van die Carnegie-korporasie van New York kon die ADA ook twee gesamentlike doktorale skole by Makerere-universiteit, Uganda, aanbied, waar 140 afgevaardigdes opleiding in doktorale studieleiding en akademiese loopbaanontwikkeling ontvang het. Om Afrika-akademieskap verder te versterk, het die ADA ook finansiering bewillig vir die Pan-Afrika Doktorale Akademie by die Universiteit van Ghana, sowel as gedeeltelike finansiering vir 'n skryfskool in Malawi in samewerking met die US se Departement Sielkunde.

#### BREI INTERNASIONALE AKADEMIESE NETWERKE OOK BUISTE AFRIKA UIT

Die Sentrum vir Venootskappe en Internasionalisasie bestuur en implementeer die US se bilaterale ooreenkoms met vennote van 39 lande buite Afrika. Hierdie samewerking word met 19 Europese Unie-gefinsioneerde Erasmus+-ooreenkoms aangevul, wat mobiliteitsgeleenthede inveral Sentral- en Oos-Europa skep. Die US se reeds sterk Europese voetspoor is in 2016 verder uitgebrei met die sluiting van bykomende institusionele ooreenkoms met die universiteite van Stockholm (Swede) en Tilburg (Nederland). Buite Europa is inisiatiewe met die Universiteit van Macquarie in Australië en die Politegniese Instituut en Staatsuniversiteit van Virginie

(Virginia Tech) in die Verenigde State ook aan die gang. Institusionele finansiering het programme vir personeel-mobiliteit met die universiteite van Gent, Hamburg, Helsinki en Leipzig, die Humboldt-universiteit Berlyn sowel as KU Leuven ondersteun. Die samewerking tussen US en KU Leuven behels onder meer 'n vlagskipdinksrum wat saam oor "n Grootse Nuwe Wêreld" besin. Hiervoor het 15 topperssteuderende van KU Leuven in November hulle eweknieë by die US besoek om die jaar lange projek met 'n aanbieding by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) af te sluit. KU Leuven het ook aanbieders vir die ADA-somerskool van 2017 gewerf.

Navorsingsamewerking op die gebied van siviele ingenieurswese, sielkunde, ekonomiese en opvoedkunde is met die Universiteit van Bath op die been gebring, en gesprekke oor 'n gesamentlike PhD-program is aan die gang. Deur hierdie Bath-verbintenis kon die US boonop aansluit by die ontluikende U4C- (*Universities on Four Continents*-)netwerk saam met Bath sowel as die universiteite van Campinas (Brasilië) en Zhejiang (China). Navorsers en PhD-studente van die US het in November vir 'n werk sessie oor volhoubare energie, omgewing en beleidstelsels in São Paulo by hulle U4C-eweknieë aangesluit.

As een van die hoëronderwysinstellings wat Suid-Afrika in die BRICS-netwerkuniversiteit verteenwoordig, sien die US uit na BRICS-verwante skakeling en hegter bande met ander Brasiliaanse, Russiese, Indiese en Chinese instellings. Omdat die US in die beheerkomitee van AC21 (*Academic Consortium 21*) ([www.ac21.org](http://www.ac21.org)) dien, het die Rektor ook aan die AC21-wêreldforum by die Tegniese Universiteit van Chemnitz in Duitsland deelgeneem. Daarbenewens het die US spesiale AC21-projekfinansiering ontvang, en is navorsingsamewerking met die Staatsuniversiteit van Noord-Carolina en die Universiteit van Minnesota, albei in die Verenigde State, aangevoer.

'n Aantal gesprekke oor nuwe ooreenkoms vir gesamentlike graadprogramme het in die verslagjaar begin of voortgeduur. Ooreenkoms is uiteindelik met die universiteite van Hasselt (België) en Groningen (Nederland) onderteken. Aansienlik meer studente het ook vir die bestaande gesamentlike graadprogramme, soos dié met KU Leuven en Vrije Universiteit Amsterdam, ingeskryf, wat die lewensvatbaarheid en sukses van die programme bevestig. Drie kandidate wat die gesamentlike PhD's voltooи het, het in Desember 2016 afgestudeer, en 'n verdere drie graduueer in Maart 2017.

#### FASILITEER INWAARTSE EN UITWAARTSE STUDENTEMOBILITEIT

Nie-Suid-Afrikaanse studente dra nie net tot diversiteit in die klas en navorsingsomgewing by nie, maar is ook 'n belangrike inkomstebbron om internasionalisasie aan die US te finansier. Residensiële nie-Suid-Afrikaanse studente betaal jaarliks 'n internasionale registrasiefooi (IRF). IRF-inkomste het in 2016 op R10,9 miljoen te staan gekom, en het meer as 60% van US Internasional se salaris en bedryfsbegroting voorsien. Eweneens het die internasionale kantore op Tygerbergkampus en by die Universiteit Stellenbosch Besturskool onderskeidelik R2 miljoen en R600 000 ontvang. Die Komitee oor Studentegelde het in die loop van die jaar boonop goedkeuring verleen dat 'n verlaagde IRF gehef word vir nieresidensiële nie-Suid-Afrikaanse studente om die inkomstebasis verder uit te brei en dienslewering deur die drie kampusse se internasionalisasiestrukture te ondersteun.

Altesaam 4 324 nie-Suid-Afrikaanse studente was in die

verslagjaar by die US geregistreer, van wie 57,8% van ander Afrikalande was. (Vir die samestelling en grootte van ons studentekorps volgens nasionaliteit, kyk bladsy 56.)

#### NIE-SUID-AFRIKAANSE STUDENTEREGISTRASIES AAN DIE US

	Voorgraads	Honneurs/nagraadse diploma	Magister	Doktoraal	Nagraadse baccalaureus	Niegraadstudent op kort termyn
Afrika	618	408	902	381	7	185
Res van die wêreld	175	49	154	107	1	1 337
<b>Totaal</b>	<b>793</b>	<b>457</b>	<b>1 056</b>	<b>488</b>	<b>8</b>	<b>1 522</b>

Die Global Engagement Centre (GEC) reël sowel inwaartse as uitwaartse mobiliteit vir nie-graadstudente. Die Sentrum het in die verslagjaar verskeie niegraadprogramme vir 868 inkomende internasionale studente gekoördineer.

#### NIEGRAADPROGRAMME VIR INKOMENDE INTERNASIONALE STUDENTE

Program	Studentetal
Kortprogramme (pasgemaak volgens vereistes van huisinstelling)	101
Somerskool (drie weke lange program, Junie/Julie)	102
Uitruilprogramme (vanaf venootinstelling; behels kwytsekelding van klasgeld)	342
Freemovers (Study Abroad-studente, betaal volle klasgeld)	231
Geaffilieerde studente (korttermynnavorsingsbesoeke/internskappe)	92
<b>Total</b>	<b>868</b>

Buite die IRF-inkomste wat hierdie studente skep, het die Universiteit R8,2 miljoen verdien deur die kursusse en programme wat aangebied is, sowel as deur krediete op Freemover-studenterekeninge.

Met bogenoemde inkomste kon US Internasional onder meer uitwaartse studentemobiliteit ondersteun deur R3,2 miljoen in reis- en uitruilbeurse toe te ken. Die GEC se uitwaartse mobiliteitsprogramme het 222 US-studente die geleentheid gebied om hulle Stellenbosse akademiese ervaring 'n internasionale dimensie te gee.

#### UITWAARTSE MOBILITEIT DEUR DIE GLOBAL ENGAGEMENT CENTRE (GEC) GEKOÖRDINEER

Program	Studentetal
Uitruilprogramme (na venootinstellings; kwytsekelding van klasgeld, plus ander voordele)	89
Somer-/winterskole (na venootinstellings en onafhanklike skole)	98
Kortprogramme (soos Global Citizen-programbesoek aan Indië)	35
<b>Total</b>	<b>222</b>

#### VOORUITSKOUING

Om internasionalisasie aan die US te rig, sal die SI&VS 'n strategiese plan vir internasionalisasie tot en met 2021 opstel. Belangrike elemente van die plan sal waarskynlik insluit versoening met die internasionale steunstrukture op die US se verskillende kampusse, 'n besluit oor 'n moontlike verhoging in klasgeld vir sekere kategorieë internasionale studente, sowel as die moontlikheid van inskrywingsmikpunte om die getal nie-Suid-Afrikaanse studente wat vir voorgraadse studie inskryf, wat op 14% nog betreklik laag is, te verhoog. US Internasional beoog ook groter samewerking binne BRICS en ander konsortiums om maksimum voordeel daaruit te trek, die vestiging van 'n formele teenwoordigheid in Afrika, en toenemende aktiwiteite in en met instellings elders op die vasteland. Beter skakeling met die diplomatieke en konsulêre korps in Suid-Afrika sal 'n verdere kern-strategiese doelwit wees.

Met die opstel van hierdie strategiese plan sal die SI&

VS egter ook let op sekere eksterne gebeurlikhede wat 'n invloed kan hê op sy vermoë om voortaan deur internasionalisasie vir die Universiteit waarde te skep. Aangesien die US swaar steun op inkomste uit die internasionale registrasiefee en die verskillende programme, kan enige moontlike afname in inwaartse internasionale studentegetalle US Internasional se personeelsterkte en programmaanbod raak. Een so 'n eksterne faktor wat deurslaggewend kan wees om die internasionale studentetal te handhaaf en te verhoog is die doeltreffendheid waarmee Binnelandse Sake studiepermitte en bykomende vereistes, soos plaaslik geregistreerde mediese versekering, uitreik. Dit sal sorgvuldig gemoniteer moet word om US Internasional se program te beskerm. Laastens sal die algehele opskorting van universiteitsbedrywigheid oor die Suid-Afrikaanse somervakansie en die stadige aanvang aan die begin van die jaar ook dalk hersien moet word omdat dit projekte met betrekking tot die ADA, internasionale kortprogramme en die aankoms van internasionale studente kan kniehalter.

Die oorsigjaar was die eerste volledige bedryfsjaar vir die herdopte en herskikte verantwoordelikhedsentrum vir Sosiale Impak, Transformasie en Personeel (SITP VS).



## Verslag van die **VISEREKTOR** (SOSIALE IMPAK, TRANSFORMASIE EN PERSONEEL)

Prof Nico Koopman

Die verantwoordelikhedsentrum plaas hernude klem op die verhoging van die Universiteit Stellenbosch (US) se sosiale impak, die bevordering van institutionele transformasie, en die instandhouding van 'n toegeruste, gesonde en goed bestuurde personeelkorus. Dit lewer 'n unieke bydrae tot die US se institutionele strewe om 'n transformasierigte impak op die samelewing te hê deur sy menslike hulpbronne, waaronder sy personeel, studente, alumni, belanghebbendes, rolspelers en institutionele vennote.

Die SITPVS voeg waarde toe aan die US se werkzaamhede deur die akademiese projek te ondersteun, professionele, toeganklike, relevante en kundige dienste te lewer, en sy dienslewering aan te pas by die unieke omstandighede van elkeen met wie hy saamwerk of wat hy bedien. Dit geskied deur die verskillende interafhanglike afdelings van Menslike Hulpbronne, die Transformasiekantoor, Sosiale Impak, Kampusgesondheidsdienste, die Universiteitsmuseum, sowel as die US Woordfees.

Soos die volgende paragrawe toon, het die US in 2016 voortgegaan om deur sy personeel en studente sowel as sy vennootskappe met verskeie belanghebbendes 'n impak op die samelewing te hê en die Universiteit self én ander te transformeer. Dit het die US se menslike en verhoudingskapitaal 'n stiewige hupstoot gegee.

### BEVORDERING VAN SAMELEWINGSGERIGTE VAKKUNDIGHEID

#### INSTITUTIONALISEER SOSIALE IMPAK

Die US se strategiese prioriteit om sy sosiale impak te verhoog soos wat sy Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 dit verwoord, het in 2015 as sosiale impak gestalte gekry, in pas met die Gemeenskapskakelingsbeleid van die Komitee vir Gehalte in die Hoër Onderwys. 'n Groot deel van 2016 is dus daarvan gewy om sosiale impak aan die Universiteit ten volle te verstaan en vas te lê. Onder meer het 'n taakgroep navorsing onderneem en met rolspelers oor die hele instelling oorleg gepleeg

om die begrip van sosiale impak te omskryf. Die proses het ook 'n institutionele simposium behels, sowel as besoeke aan individuele fakulteite. Dit het uitgeoloop op 'n Strategiese Plan vir Sosiale Impak (SPSI), wat 'n teoretiese en konseptuele raamwerk, duidelike doelwitte, strategieë om daardie doelwitte te bereik, sowel as riglyne vir die beoordeling van sosiale impak bied. Die plan maak ook voorsiening vir beheer- en bestuurstrukture oor die hele US. Volgens die SPSI is die Afdeling Sosiale Impak die hoofkontakpunt vir interaksie en vennootskapsontwikkeling tussen die US en die samelewing. Die Afdeling sal verhoudings faciliteer, handhaaf en ontwikkel tot volhoubare institutionele vennootskappe met verskillende belanghebbendes in die burgerlike samelewing, die sakesektor en die staat. Hierdie aktiwiteite sal deels uit die US se hoofbegroting gefinansier word, tesame met inkomste uit opleidingskursusse, navorsingstoekennings en spesifieke ontwikkelingsprogramme.

Saan met hierdie strategiese beplanningsprosesse is voorbereidings ook getref vir die vestiging van 'n kennisplatform vir sosiale impak. Op dié platform sal rolspelers op die gebied van sosiale impak elektronies met mekaar in aanraking kan kom deur geleenthede vir samewerking aan te bied en te benut. Dit volg ná herhaalde versoek vir so 'n stelsel deur sowel interne as eksterne belanghebbendes.

Laastens het vermoëboukursusse en -werksessies 'n aanvang geneem om te sorg dat fakulteite se onderrig en navorsing op sosiale impak afgestem is. Sodoende word die konsep 'n kerndeel van die US se opleidingsaanbod, en dus ook van gegradeerde se vaardigheidstelle.

### VAKKUNDIGHEID AS WERKTUIG VIR GEMEENSKAPSKAKELING

Afdelings van die verantwoordelikhedsentrum het voortgegaan om samelewingsgerigte vakkundigheid aan te moedig deur gemeenskappe by hulle werkzaamhede te betrek sowel as deur hulle werkzaamhede te bedien.

'n Groot bydraer in hierdie verband was die Universiteitsmuseum, wie se uitstellings, filmvertonings, lesings en leergeleenthede 23 086 besoekers van die US self én die groter gemeenskap gelok het. Die verskillende uitstellings het versetkuns, werk deur Mary Sibande, 'n groepuitstalling met Alex Hamilton as kurator, artefakte uit die antieke wêreld sowel as 'n uitstalling ter viering van 'n eeu van geografieonderrig ingesluit. Met die uitstalling Ubuntu ter ere van emeritusartsbiskop Desmond Tutu het die Universiteitsmuseum selfs die SAUK-spitsydnuus gehaal. Dié uitstalling was deel van 'n sameweringsprojek met die museum van Michigan-staatsuniversiteit en die Desmond & Leah Tutu-stigting.

Die museum was ook bevoordeel om besoek te ontvang van wyle Ahmed Kathrada, een van die beskuldigdes in die destydse Rivonia-verhoor wat op Robbeneiland gevange gehou is. Die besoek was deel van sy verjaardagsviering. Dit het saamgeval met die vertoning van die rolprent *Ahmed Kathrada – A man of all seasons* uit die stal van vervaardiger Anant Singh, gevolg deur 'n tussengenerasiegeskryf. In samewerking met US Internasionaal het die Universiteitsmuseum ook *Action Commandant* vertoon, 'n rolprent oor die lewe van Ashley Kriel, 'n teenapartheidsaktivis van Bonteheuwel.

Lesings en leergeleenthede het ingesluit die jaarlikse e'Bosch-prestigelesing deur prof Mamphela Ramphele oor hoe ons deur verantwoordelike burgerskap gesamentlik 'n nuwe erfenis kan bou, sowel as die Nelson Mandela-kollokwium, wat voortaan 'n jaarlikse geleenthed in samewerking met die Nelson Mandela-museum sal wees. Laastens het die museum Erfenismaand met Woensdag-kunswandelinge gevier. Hiervoor is begeleide kunsuitstappies elke Woensdag in September oor die etensuur aangebied.

Op sy beurt het Kampusgesondheidsdienste (KGD) ver buite kampusgrense 'n impak gehad deur elitestudente atlete in die aanloop tot die Olimpiese en Paralimpiese Spele 2016 in Rio met kliniese dienste, waaronder sportgeneeskunde en fisioterapie, by te staan. Dit het plaasgevind ingevolge 'n memorandum van verstandhouding met die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISOG) in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. 'n KGD-fisioterapeut was ook deel van die mediese ondersteuningspan wat gekies is om Span SA gedurende die Paralimpiese Spele by te staan. Drie artikels op grond van KGD-navorsingsprojekte het boonop in internasionale portuurbeoordeelde vaktydskrifte verskyn. Voorts het KGD voorleggings gelewer by die internasionale konferensies van die Amerikaanse Vereniging vir Universiteitsgesondheid (in samewerking met die US se Sentrum vir Studentevoortligting en -ontwikkeling) en die Amerikaanse Kollege vir Sportgeneeskunde. 'n Verdere KGD-inisiatief wat die samelewing in die breë sal baat, is 'n toepassing vir die gevorderde bestuur van harsingskudding, wat tans saam met die US se Biomediese Ingenieurswese-navorsingsgroep ontwikkel en deur die Universiteit se tegnologieoordragmaatskappy Innovus gefinansier word.

### UITBOU VAN TOEGANG EN SKEP VAN ONTWIKKLINGSGELEENTHEDE

Die Nasionale Beleid oor Gemeenskapskolleges, wat die Departement van Hoër Onderwys en Ontwikkeling onlangs vrygestel het, voorsien dat universiteite sentrus vir gemeenskapsonderwys en -opleiding sal word. Die afgelope jaar het die nuwe pos van burgerlike

samelewingsbetrekkinge in die Afdeling Sosiale Impak beduidend hertoeg bygedra. Daar is ten nouste met gemeenskapsforums en -netwerke saamgewerk om beroeps- en opvoedkundige geleenthede te bied aan diegene wat nie andersins daartoe toegang sou hê nie. Skole is veral ondersteun deur middel van matriekklasse met die oog op jeugdige en volwasse leerders wat uit die skool gedros of graad 12 aanvanklik gedruip het, terwyl gemeenskapsleiers vir die eerste keer in hulle plaaslike konteks vermoëbou- en vaardigheidsontwikkelingssessies kon bywoon. Voorts is daar planne om geleenthede vir sportontwikkeling saam met Maties Sport te ondersoek, en om bestaansvaardighede in samewerking met die Fakulteit AgriWetenskappe en privaat organisasies te bou.

As hulle bydrae om ontwikkelingsgeleenthede in die omliggende gemeenskappe te skep, het KGD agt onderwysers gemoeid met sportafrigting as Wêreldrugbynoodhulpbeamtes op vlak I opgelei. Die Universiteitsmuseum se program Toegang tot Visuele Kunste het op sy beurt met groot dank 'n kontantinsputting van R50 000 van die Het Jan Marais Nasionale Fonds ontvang. Hierdie geld sal gebruik word om 'n selfs groter getal benadeelde leerders na die museum te bring en aan die wêreld van die visuele kuns bekend te stel. Die program bied leerdervervoer, 'n begeleide toer deur die museum, en opvoedkundige besprekings van uitgesoekte kunswerke.

Die jaarlikse US Woordfees, nog 'n trots komponent van die SITPVS, gooi as't ware die US se deure oop vir die groter gemeenskap en nooi hulle om die kuns te kom geniet. Woordfees 2016 van 4 tot 13 Maart het weer 'n uitstekende platform vir die kunsgebied en meertaligheid in 'n inklusiewe, verwelkomende omgewing bevorder.

'n Nuwe rekordgetal van 74 355 kaartjies is verkoop – 'n verstomende 27% meer as in 2015. Die grootste prestasie is egter dat die Woordfees die diversiteitsprofiel van feesgangers kon verbreed. Die persentasie bruin, swart en Indiërs-feesgangers het van 11,8% tot 20% gestyg. Die Woordfees het ook in aanloop tot en gedurende die geleenthed toegang tot meer as 600 tydelike werksgeleenthede gebied, terwyl die plaaslike ekonomiese 'aansienlike hupstoot van meer as R100 miljoen ontvang het. Voorts het die van die nuwer Woordfeesprojekte, die Buyal-teateruitreikaksie, 40 skole van so ver as Ceres en Robertson in Mei by die Bellville-stadskouburg ontvang. Hierdie projek rus isiXhosasprekende leerders met teatervaatigheid toe en wys hulle hoe om hulle eie produksies op die planke te bring.

Laastens bied die US Koor waardevolle nasionale en internasionale blootstelling aan baie studente wat nie andersins die geleenthed sou kry nie. Die koor is steeds boaan die Interkultuur-wêreldranglys nadat hy sy titel suksesvol by die Wêreldkoorspele in Sochi, Rusland, verdedig het, en is ook as algehele wenner aangewys van die eerste Varsity Sing-wedstryd op die DSTv-kanaal kykNET.

### BESTUUR VAN KENNIS- EN ANDER VENNOOTSKAPPE

Die SITPVS het in 2016 sy werk voortgesit om vennootskappe met skole en ander samelewingsorganisasies so te bestuur dat die Universiteit se unieke wetenskaplike hulpbronne onontbeerlik vir sy vennote word en sodoe tot die US se volhoubaarheid bydra.

Die WOW-projek is die US se grootste skoolvennootskapsprojek, en die enigste wat taal en die geskrewe en gesproke woord gebruik om minderbevoordeerde leerders te bereik en te ontwikkel. Die lees-, geletterdheids- en kunsaktiwiteite van die projek het in die verslaagjaar 226 429 leerders van al nege provinsies bereik, van wie meer as 200 000 aan die Sanlam WOW-spelkompetisie deelgeneem het.

### TOEVOEGING TOT ONS WAARDEPROPOSISIE DEUR 'N BETER PERSONEELKORPS

#### GOEIE VORDERING MET WERKNEMERWAARDEPROPOSISIE

As kernrolspeler in die voortgesette verbetering van die US-personeelkorps, het die Afdeling Menslike Hulpbronne voortgegaan met sy werk om die Universiteit as voorkeurwerkgewer in die Suid-Afrikaanse hoëronderwyssektor te vestig. In dié verband was die US se werknemerwaardeproposisie (WWP) steeds van deurslaggewende belang en het dit die meeste van die Afdeling se bedrywigheid gerig. Die WWP is 'n funksie van interaksie tussen die elemente affiliasie, werksinhoud en -las, talentbestuur, vergoeding, voordele en sistemiese welwees.

Die hoofokus is om te sorg dat die Universiteit die regte arbeidsmag het wat betrek getalle, bevoegdhede, posvlakke en ingesteldheid om gekose strategieë uit te voer en sodoende aan die vereistes van die US se Institusionele Voorneme en Strategie te voldoen.

'n Paar nuwe senior aanstellings is in die loop van die jaar gedoen. Dit het die personeelkorps se vermoëns en diversiteit versterk om die US in sy streeue na 'n transformasiegerigte impak op die samelewning deur die akademiese projek te ondersteun. Prof Nico Koopman is as Viserektor van Sosiale Impak, Transformasie en Personeel

aangestel, terwyl prof Hester Klopper nou as Viserektor van die nuwe verantwoordelikhedsentrum Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisasie dien. Proff Nicola Smit en Wikus van Niekerk is onderskeidelik as die nuwe dekane van die fakulteite Regsgeleerdheid en Ingenieurswese aangestel. Dr Ronel Retief neem vanaf 2017 as Registrateur van die US oor en word daarmee die eerste vrou om hierdie amp te beklee. Ms Tonia Overmeyer is aangestel as bekleer van die heringestelde pos van Studentedekaan. Laastens is prof Stan du Plessis aangewys as opvolger vir die huidige Bedryfshoof, prof Leopoldt van Huysteen, wanneer laasgenoemde teen die einde van 2017 uittree.

### BOU 'N DIVERSE EN TRANSFORMASIEVAARDIGE PERSONEELKORPS

Die US-personeelkorps is 'n belangrike instrument vir transformasie aan die Universiteit. Daarom word verskuiwings in personeeldiversiteit fyn dopgehou om transformasie aan die instelling te meet. Om optimale diversiteit in alle aanstellings en bevorderings te verseker, en die verteenwoordiging van werknemers uit onderverteenvoerdigde groepe oor die hele US te versnel, is die multjaarpersoneelplanne verder verbeter en uitgebrei. Omvattende strategiese wervingsaksies is ook benewens gewone advertinger van stapel gestuur om 'n diverse groep aansoekers te verkry. 'n Verdere beduidende ontwikkeling in die verslaagjaar was die Raad se goedkeuring van die nuwe Diensbillikheidsbeleid en die Diensbillikheidsplan.

Bruin, swart en Indiërs personeellede het 22% van die algehele akademiese korps aan die US uitgemaak, teenoor 19% in 2015. Wit akademiese personeel het oor dieselfde tydperk van 81% tot 78% afgeneem. Wat diensbillikheidsvlakte onder bestuurs- en nieakademiese personeel van die US betref, het die persentasie bruin,

DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN AKADEMIESE PERSONEEL AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH												
Fakulteit/afdeling	Buitelanders				Percentasies (%)							
	BSI	Wit	Total	BSI	Ander	Total	Groot-total	Personnel met ge-stremhede	BSI	Wit	Buite-landers	Personnel met ge-stremhede
AgriWetenskappe	15	63	78	4	10	14	92	2	19	81	15	2
Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe	39	144	183	5	12	17	200		21	79	9	0
Geneeskunde en Gesond-heidswetenskappe	28	182	210	10	3	13	223	1	13	87	6	0
Ingenieurswese	25	23	48				48		52	48	0	0
Lettere en Sosiale Wetenskappe	9	108	117	6	5	11	128	1	8	92	9	1
Natuurwetenskappe	6	24	30				32	1	20	80	6	3
Opvoedkunde	54	83	137	3	6	9	146	1	39	61	6	1
Regsgeleerdheid	30	106	136	10	34	44	180		22	78	24	0
Teologie	7	15	22				22		32	68	0	0
<b>Totaal</b>	213	748	<b>961</b>	38	72	110	<b>1 071</b>	6	22	78	10	1

BSI = bruin, swart en Indiërs personeel

### DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN BESTUURS- EN NIEAKADEMIESE PERSONEEL AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Fakulteit/afdeling	Buitelanders			Percentasies (%)			Buitelanders			Percentasies (%)		
	BSI	Wit	Total	BSI	Ander	Total	Groot-total	Personnel met ge-stremhede	BSI	Wit	Buite-landers	Personnel met ge-stremhede
Afdeling Korporatiewe Kommunikasie	3	2	5						5		0	0
Afdeling van die Rektor	42	42	84				84	2	50	50	0	2
AgriWetenskappe	66	44	110				110	2	60	40	0	2
Akademiese Administrasie (Registrateur)	55	45	100				100	2	55	45	0	2
Bedryfshoof	310	148	458				458	5	68	32	0	1
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	15	12	27				27		56	44	0	0
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	6	9	15				15		40	60	0	0
Ingenieurswese	56	64	120				120		47	53	0	0
Krygkunde	32	19	51	1		1	52		63	37	2	0
Lettere en Sosiale Wetenskappe	62	47	109	4		4	113		57	43	4	0
Natuurwetenskappe	8	11	19				19		42	58	0	0
Ontwikkeling en Alumniverhoudinge	245	160	405	6	7	13	418	1	60	40	3	0
Opvoedkunde	1	2	3				3		33	67	0	0
Regsgeleerdheid	83	88	171	2	3	5	176		49	51	3	0
Teologie	7	9	16				16		44	56	0	0
Viserektor (Leer en Onderrig)	104	112	216	1		1	217	1	48	52	0	0
Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie)	128	140	268	1		1	269	1	48	52	0	0
Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)	77	36	113		1	1	114	1	68	32	1	1
Viserektor (Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering)	18	18	36	1		1	37		50	50	3	0
<b>Groottotaal</b>	1 318	1 008	<b>2 326</b>	16	11	27	<b>2 353</b>	15	57	43	1	1

BSI = bruin, swart en Indiërs personeel

swart en Indiërs personeel van 54% in 2015 tot 57% in 2016 gestyg, terwyl wit verteenwoordiging van 45% tot 43% gedaal het. Hoewel die diversiteitsprofiel van personeel dus in die regte rigting bly te beweeg, gebeur dit teen 'n betreklik stadige tempo.

Die SITPVS maak deel uit van die US se eerste verdedigingslinie teen die risiko van gebreklike personeeldiversiteit en institusionele transformasie. Daarom het hy 'n aantal inisiatiewe in werking gestel om 'n meer diverse en transformasievaardige personeelkorps te ontwikkel. Dit sluit in die vestiging van die Transformasiekantoor, die herinstelling van die Institusionele Transformasiekomitee, en die ontwikkeling van die Transformasieplan. Die vestiging van 'n Transformasiekantoor en die vasstelling van sy rol in 'n tyd van institusionele onstuimigheid was tegelyk uitdagend en waardevol, en dit is verbylend dat studente en personeel die Transformasiekantoor ewe geesdrifig

verwelkom en ondersteun. Met 'n institusionele begroting, drie permanente poste en sentrale kantoorruimte was 'n voorrangaak vir die Transformasiekantoor om die Institusionele Transformasiekomitee weer op die been te bring met afgevaardigdes van alle US-fakulteite. Die komitee

het in 2016 op die ontwikkeling van 'n Transformasieplan gekonsentreer. Die Rektor se Bestuurspan was positief oor die konseptplan, wat 'n geïntegreerde raamwerk bied om transformasievordering by die instelling te moniteer en op te teken. Die Transformasieplan sal nou oor die hele kampus bespreek word voordat dit in die eerste semester van 2017 vir goedkeuring voor die Senaat sal dien.

Verdere pogings deur die Transformasiekantoor om die US se personeelkorps transformasievaardig te maak, het ingesluit opleidingsessies met 395 professionele en akademiese personeellede in die loop van die jaar, waar institusionele terminologie, omskrywings en leeslysse onder meer ontwikkel is. Altesaam 988 studente is ook by gesprekke en

werksessies betrek. Openbare geleenthede wat vir sowel studente as personeel gereël is, het met Menseregtdag, Jeugdag, 'n Matie-identiteitsprojek, Vrouedag en Loslitdag verband gehou.

#### VOORSIEN IN PERSONEELBEHOEFTES TE MIDDE VAN ONSTUIMIGHEID

Massaoptrede oor die kontraktering van dienste sowel as oor studentegeld, en die gevolglike personeeltrauma, het weer beduidende druk op die welweefunksie van die Afdeling Menslike Hulpbronne geplaas. Die SITPVS erken egter die behoefte om die instelling en sy personeel teen die moontlike risiko en newe-effekte van kampusaktivisme te beskerm. Daarom is die kwessie van die kontraktering van dienste doeltreffend en professioneel hanteer met 'n bestuursverbintenis tot lewensvatbare, of verantwoordelike, kontraktering.

Personeel, studente en diensvermoë het voortgesette druk ervaar, nie net weens die protestoprede nie, maar ook weens die sekuriteitsreaksies daarop, voorvalle van rassisme en seksuele aanranding, debatte in die sosiale media, sowel as meer komplekse studentesteunbehoeftes. Daarom het die Transformasielokantoor ondersteuning gebied vir die vestiging van die Eenheid vir Gelykwaardigheid in die verantwoordelikheidssentrum Leer en Onderrig. Die Eenheid spesialiseer in die bestuur van voorvalle van diskriminasie en seksuele teistering onder personeel en studente.

**Voortdurende  
GESONDHEIDSRIKOBEOORDELINGS en  
mediese bewaking van personeel op alle  
kampusse het boonop die doelwit van 'n veilige  
en GESONDE WERKSOMGEWING verder  
ondersteun.**

#### PERSONEEL- EN STUDENTEGESONDHEID

KGD het die kernbedrywigheide van die Universiteit ondersteun deur die welwees van die US se menslike vermoë – sy personeel en studente – te bevorder. Kliniese KGD-personeel het 28 512 konsultasies op die Stellenbosch- en Tygerbergkampus onderneem om besering en siekte te behandel en te voorkom. 'n Immunisasieprogram vir volwassenes, 'n voetkliniek vir diabete sowel as leiding met oefening om siekte te voorkom en te behandel is ook in werking gestel. Hierdie geïntegreerde benadering tot personeelwelwees is geformaliseer met die goedkeuring van die US se Gesondheids- en Welweesbeleid, wat KGD en Menslike Hulpbronne saam ontwikkel het.

Die toename inveral geestesgesondheidstoestande het nouer samewerking vereis, en gevoglik het KGD 'n ooreenkoms met die Sentrum vir Studentevorligting en -ontwikkeling en ER-24 aangegaan om 'n volydse krisisdienst vir geestes- sowel as fisiese gesondheidskrisisse in te stel. Ná die vestiging van 'n omvattende radiologiediens op kampus in 2015 het KGD in 2016 'n bestralingsbeleid ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid aanvaar om die US teen die risiko van wetsverontgasming en onveilige werksomstandighede te beskerm. Voortdurende gesondheidsrikobeoordelings en mediese bewaking van personeel op alle kampusse het boonop die doelwit van 'n veilige en gesonde werksomgewing verder ondersteun.

Soos enige ander organisasie, word die Universiteit Stellenbosch (US) van tyd tot tyd aan risiko's blootgestel wat die bereiking van strategiese en bedryfsdoelwitte kan ontwrig en volhoubaarheid in die wiele kan ry.

## Verslag insake RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING EN -BESTUUR

Waarnemende Voorsitter van die Risikobestuurskomitee, mnr Marie Lombard

Or die afgelope sewe jaar het die Universiteit risikobestuur tot 'n kernaspel van korporatiewe oorsig ontwikkel. In 2009 is 'n verankerde risikobestuursmodel aanvaar waarvolgens risiko's in alle afdelings bepaal en so ver moontlik bestuur word daar waar dit ontstaan. Dié model, wat mettertyd verder verbeter is, is in 2013 aan 'n interne oudit onderwerp. Sedertdien is voorstelle uit die oudit in werking gestel en is risikobeoordeling verbeter om vir aanvanklike én na-intervensiebeoordeling voorseening te maak. Die aanvaarding van die Risikobestuursbeleid deur die Universiteitsraad in 2015 het die grondslag gelê vir 'n verbeterde risikobestuursraamwerk vir die US. In die verslagjaar is 'n konsepriskoraamwerk derhalwe opgestel wat die volgende behels:

- beskrywing van die risikokonteks;
- risikobepaling met die oog op prioritisering;
- risikobestuur deur aksieplanne;
- monitoring, hersiening en beheer in pas met 'n gekombineerde sekerheidsmodel;
- kommunikasie en oorlegpleging; en
- vasstelling van risikoapptyt en -tolerasie.

Deloitte, die Universiteit se interne ouditdiensverskaffer, het die gekombineerde sekerheidsmodel volgens die King III-kode en die Instituut vir Interne Ouditeure (IIA) se aanbevelings help ontwikkel en volgens die King IV-konsepkode se aanbevelings help uitbrei van drie tot vyf verdedigingslinies. Die model, wat die jongste ontwikkelings op die gebied inkorporeer, klaar rolle en pligte op en dra sodoende tot beter kommunikasie en doeltreffender risikobestuur en -beheer by.

Risikobestuur ondersteun institutionele bestuursprosesse deur risiko's deurlopend vir bestuurstoesig in die Universiteit se elektroniese risikoregister vas te lê. Risiko's wat institutionele bestuurstoesig vereis, word dan na die Risikobestuurskomitee en daarna na die Rektor se Bestuurspan verwys. Die risikoregister word as bylaag ingesluit by die Rektor se risikobestuursverslag wat voor die Universiteitsraad se Oudit- en Risikokomitee dien.

#### BLOOTSTELLING AAN EKSTERNE RISIKO'S

In die hantering van risiko's moet die onderlinge verband tussen interne en eksterne risiko's in gedagte gehou word. Volgens Sanlam was die sewe vernaamste internasionale kwessies waarmee die hoër onderwys in 2016 te kampe gehad het:

- om in 'n internasionale e-kommunikasiewêreld te funksioneer;
- stygende koste;

- al hoe hoër studenteverwagtinge, byvoorbeeld die oproepe om laer studiegeld in Suid-Afrika;
- 'n al hoe groter vraag na nuwe tegnologie;
- dat strategie met alle fasette van studente-interaksie moet rekening hou;
- om navorsingsvolhoubaar te bly; en
- om die beste talent te lok en te behou.

#### DIE BESTUUR VAN INTERNE STRATEGIESE RISIKO'S

In die hantering van interne risiko's handhaaf die Risikobestuurskomitee 'n noukeurige balans tussen die eise van al die strategiese doelwitte in die Institusionele Voorneme en Strategie en die volgende weselike strategiese fokusgebiede:

- internasionalisasie;
- menslikehulpbronaangeleenthede, soos die behoud van kundigheid sowel as die diversiteit en transformasie van die personeelkorps;
- inklusiwiteit en die vestiging van 'n Transformasielokantoor;
- die korporatiewe beeld en handelsmerk; en
- die verdere uitbouing van sport as 'n institusionele bate.

Die institusionele risiko's word sesmaandeliks in oënskou geneem. Hoëordebedryfsrisiko's word aan die Universiteit se strategiese prioriteite gekoppel (sien volgende bladsy) en aan 'n verantwoordelikheidssentrum toege wys. Om blootstelling aan hierdie risiko's te verminder, word dit op middel tot lang termyn strategies tot 'n aanvaarbare toleransievlek bestuur. Die tabel hieronder bied 'n samenvatting van die US se hoëorderisiko's gedurende die verslagjaar, en die maatreëls wat die instelling getref het om dit te bestuur. Die US se finansiële risiko's word in die finansiële verslag genoem.

Interne risiko's wat tot aanvaarbare vlakte bestuur is, is die tekort aan ruimte op kampus, die volhoubaarheid van korporatiewe entiteite en ander sentrums en die onvoldoende kapasiteit aan IT-kundiges. Boetes deur versuim om BTW te betaal word afgeweer deur begrotingsvoorsiening vir BTW op ingevoerde bronse.

Mnr Marie Lombard

Waarnemende Voorsitter van die Risikobestuurskomitee

RISIKOBESTUUR VOLGENS ONS STRATEGIESE PRIORITEITE					
Strategiese prioriteit	Hoëorderisiko	Ons reaksie	Verantwoordelikheidsentrum		
<b>Verbinding van toegang</b>	Onvoldoende lesingsaalvermoë vir toenemende studentetal*  Oorgang van THRP van die NNS na die Departement van Handel en Nywerheid (dti)*  Personeediversiteit  Studentediversiteit  Inkorting van NSFAS-beurse	<p>Die US het 'n privaat skenking ontvang vir die Leer- en Onderligsentrum se uitstaande finansieringsbehoefte, waarvoor die Raad intussen ook ongeveer R121 miljoen beskikbaar gestel het. Konstruksie van fasiliteit kan eersdaags begin.</p> <p>Onverwylde kontak met die NNS en dti oor impak op bestaande THRP-projekte. Kommunikasie met navorsers en bedryfsvennote om impak te evalueer. Versterking van vennootskap met dti deur nuwe THRP-program.</p> <p>R70 miljoen is beskikbaar gestel om veral senior akademici te diversifieer. Mikpunt van 40% verteenwoordiging van aangewese groepe onder akademiese personeel.</p> <p>Raad het mikpunte vir 2016 reeds in Februarie 2009 vasgestel. Aanvullende beurse uit sommige fakulteite se begrotings om wervingsbeurse aan te sterk. Deurlopende werk aan inklusiewe studentekultuur. Ontwikkeling van 'n verpligte 12 krediete-eerstejaarsmodule oor transformasiebevoegdheid..</p> <p>Onderhandelings oor NSFAS-geld wat reeds uitbetaal is. R10,7 miljoen uit die US se reserwe-beursleningsgeld beskikbaar gestel sodat studente in nood, hoofsaaklik BSI-studente, kan registreer. Versoek vir bykomende finansiering van NSFAS.</p>	Bedryfshoof  Viserekotor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie)  Viserekotor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)  Viserekotor (Leer en Onderrig)  Viserekotor (Leer en Onderrig)		
				Kritiek teen stand van transformasie en taalbeleid	Raadsaanvaarding van 'n inklusiewe Taalbeleid op 22 Junie 2016 wat die potensiaal van taalverwante protes beduidend verminder. Aanstelling op 1 Julie 2016 van 'n viserekotor met transformasie as deel van sy portefeuille. Indiening van 'n verslag op 20 Junie 2016 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHO) oor die US se vordering met die besluite van die DHO se transformasieberaad in 2015. Konstituering van 'n verteenwoordigende Institusionele Transformasiekomitee.
					Viserekotor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)
				Onvoldoende belegging in sport	Opknapping van sportfasiliteite met finansiering uit sowel Fasiliteitsbestuur se instandhoudingsbegroting as uit die Kampusvernuwingsprojek. Aanstelling van 'n hoëvlakkakelpersoon wat ook vir fondswerwing verantwoordelik is. Aanstelling van 'n oorhoofse advieskomitee om die sportstrategie te herwerk. Heffing van klubfooie vir studente wat aan georganiseerde sport deelneem.
					Bedryfshoof
<b>Momentum van uitnemendheid</b>	Volhoubare instandhouding van fisiese fasiliteite*  Blootstelling aan gebou- en bergbrande*	Volhoubare instandhouding word by die Kampusvernuwingsprojek ingereken. Vermoë is versterk deur die interne oorplasing van 'n senior projekbestuurder na hierdie Projek, en die kontraktering van 'n projekbestuurskonsulent in Eiendomsdienste om met opknappingsprojekte te help.	Bedryfshoof		
	'n Ervare groep diverse rolspelers is op gereedheidsvoet as gebeurlikheidskomitee vir brandbestuur. Blootstelling aan brande geniet deurlopend aandag. MARSH Risikodienste het 'n audit onderneem om blootstelling te bepaal ten einde die mees bekostigbare versekering te bekom.		Bedryfshoof		
	Leer-en-onderligsentrum onderfinansier weens stygings in boukoste*	Die US Ontwikkelingskantoor werf aktief nóg skenkers terwyl tenders ingewag word om potensiële finansieringstekort te bepaal. Die mikpunt is om die Leer- en Onderligsentrum in 2018, die US se eeufeesjaar, in gebruik te neem.	Viserekotor (Leer en Onderrig)		
	Swaar las op professionele steudienste*	Sistemiese en geïntegreerde oplossings volgens die sakeplanne van die betrokke afdelings, wat op hulle beurt op die Institusionele Voorneme en Strategie berus, word in samewerking met Menslike Hulpbronne in werking gestel. Taakgroep onderzoek aangepaste personeeltoedelingsformule vir sowel akademiese as steudiensteomgewings.	Viserekotor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)		
	Ontoereikende IT-kundigheid en -vermoë*	Ondersoek na organisasiestruktuur. Groepering van kennissbronne op spesialisvlak. Skep van bykomende pos vir die kernfunksies van sekuriteitsbestuurontwikkeling. Skep ruimte vir kernfunksies in die IT-begroting.	Viserekotor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie)		
	Studente-aktivisme wat Universiteitsbedrywigheide potensieel kan ontwrig*	Soek na wettige alternatiewe en stel riglyndokumente op om wettige protesoptrede te bevorder. Samestelling van taakgroep om die kwessies wat tot aktivisme geleid het, soos bewerings van 'n verkragtingskultuur, studentegel en inkontraktering, te ondersoek. Aanstelling van gebeurlikheidskomitees om situasies wat kernwerksaamhede kan ontwrig te bestuur.	Bedryfshoof		
	Verhoogde blootstelling aan veral gewelddadige misdaad*	Samewerking met eksterne vennote deur die Stellenbosch Veiligheidsinisiatief, waarvan die US 'n stigterslid is. Deurlopende toepassing van 'n omvattende voorkomende en reaktiewe sekuriteitsstrategie met sigbare patrollies en bewusmaking van die kampusgemeenskap deur 'n omvattende kommunikasie-inisiatief.	Bedryfshoof		

#### WAARDES > Diensbare Leierskap • Medeverantwoordbaarheid • Empatie • Innovasie • Uitnemendheid

\* Hierdie risiko's beïnvloed ons sistemiese volhoubaarheid.





Die kernbesigheid van die Universiteit Stellenbosch word deur ons tien fakulteite uitgevoer. Gesamentlik behels hierdie kernbesigheid leer en onderrig, navorsing en innovasie, internasionalisasie en sosiale impak.

Ons kernbesigheid lewer voordelige uitkomste soos volg:

- Die besigheid van leer en onderrig lewer akademies gekwalifiseerde studente wat toegerus is vir die werkswêreld.
- Die besigheid van navorsing en innovasie genereer nuwe kennis wat noodsaaklik is vir die vooruitgang van die mensdom.
- Die besigheid van internasionalisasie versterk uitnemendheid deur vennootskappe en die uitruil van intellektuele kapitaal.
- Die besigheid van sosiale impak vergemaklik die praktiese tweerigting deel van kennis met die gemeenskap tot voordeel van die gemeenskap en die Universiteit.

Agt van ons Universiteit se tien fakulteite is op die hoofkampus op Stellenbosch geleë, naamlik AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie en die grootste deel van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die res van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is op die Bellvilleparkkampus geleë in die vorm van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) en die USB Bestuursontwikkeling Beperk. Die oorblywende twee fakulteite is die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die Tygerbergkampus en die Fakulteit Krygskunde by die kusdorp Saldanhabaai.

Meer oor hierdie fakulteite is beskikbaar op die Universiteit se webwerf by [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za).

Die Fakulteit AgriWetenskappe is 'n kernrolspeler om die toenemende uitdagings van Suid-Afrikaanse landbou en bosbou die hoof te bied, en te verseker dat die land se natuurlike hulpbronne sowel as wetenskaplik benut en bestuur word.

**A**gricWetenskappe word steeds as die toonaangewende fakulteit vir studie in landbou en bosbou op die Afrikavasteland beskou. Boonop is dit 27ste op die BRICS-ranglys en onder die wêreld se voorste 50 op die QS-wêreldranglys van 2016. Hierdie erkenning maak die Fakulteit net meer vasbeslote om voort te gaan om onderrig en toegepaste navorsing van gehalte op landbouwetenskaplike gebied te lewer.

#### BEHOUD VAN ONS MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Wat onderriguitnemendheid betref, het die Fakulteit sy klem op programvernuwing voortgesit met 'n deeglike hersiening van die programmaanbod en akademiese moduleinhoud op terreine soos gewasproduksie, bos- en houtkunde, vekundige wetenskappe sowel as wingerd- en wynkunde. Dit het in noue samewerking met eksterne belangegroepe, waaronder die Suid-Afrikaanse landbousektor sowel as internasionale medewerkers en moderators, plaasgevind. Die programvernuwingsproses word ondersteun deur die voortgesette ontwikkeling van pedagogie en didaktiek deur die Fakulteit se koördineerde van gemengde leer; dr Kathryn Wirth. Hortologie se dr Michael Schmeisser verleen verdere stukrag in sy rol as navorsingsgenoot van die Universiteit se Sentrum vir Leer en Onderrig. 'n Verdere bewys van die Fakulteit se uitnemende onderrig is die akkreditasie van die Departement Voedselwetenskap se opleidingsprogram deur die Internasionale Vereniging vir Voedselwetenskap en -tegnologie.


Die Fakulteit is 'n akademiese tuiste vir 'n groot nagraadse studentekohort. Nagraadse deursetsyfers het beduidend verbeter: Altesaam 295 magister- en 208 PhD-kandidate het gedurende 2016 geregistreer, en 93 magister- en 28 PhD-studente het teen die einde van die jaar afgestudeer.

'n Aantal navorsers het in die verslagjaar eerbewyse ontvang. Dit sluit in prof Michael Samways van Bewaringsekologie en Entomologie, wat met die goue medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer is; prof Umezuruike Linus Opara van Hortologie (sien foto), wat



## Fakulteit AGRIWETENSKAPPE

Prof Danie Brink, Waarnemende Dekaan: Fakulteit AgriWetenskappe



RUFORUM se prys vir uitnemendheid in navorsing en menslikehulpbronontwikkeling in Afrika ontvang het, sowel as prof Nick Vink van Landbou-ekonomiese, wat in die direksie van die Suid-Afrikaanse Reserwebank verkie is. Daarbenewens het nege navorsers hulle graderings van die Nasionale Navorsingstigting verbeter.

Die Fakulteit besef sy personeel is sy heel grootste bate en ontwikkel dus voortdurend stelsels om hulle werksomgewing en -omstandighede binne knap begrotingsperke te verbeter.



Prof Linus Opara van Hortologie het RUFORUM se prys vir uitnemendheid in navorsing en menslikehulpbronontwikkeling in Afrika ontvang.

#### VERBREDING VAN TOEGANG

Dit bly 'n voorrangsaak om so toeganklik moontlik vir 'n diverse groep studente en personele te wees. In 2016 het die Fakulteit die diversiteit van sy akademiese personeel 'n verdere hupstoot gegee met drie aanstellings wat moontlik gemaak is deur finansiering van die Rektor se Strategiese Personeelfonds en die regering se nGAP-inisiatief. Dit bied die posbekleërs nou die geleenthed om 'n akademiese loopbaan te bou en hulle gesiktheid vir aanstelling by die Universiteit Stellenbosch én ander tersiêre instellings te verbeter.

Wat studentediversiteit betref, kon AgriWetenskappe daarin slaag om sy strenger toelatingsvereistes met ingang van 2016 in werking te stel en terselfdertyd die inskrywingsteikens van die Universiteit en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding te haal. Dit, tesame met voortgesette akademiese studentesteen in die vorm van monitoring en tutorprogramme, is daarop gerig om studentesukses en die deurvloekoers tot nagraadse studie te verhoog. Studentewerwingsveldtoge is ook uitgebrei met 'n bepaalde klem op landbouskole in die Wes-Kaap, en akademiese meritebeurse is gevoldig aan die topperssteerders van onder ander die Hoër Landbouskool Boland, die Landbouginnasium Augsburg en die Hoër Landbouskool Oakdale toegeken. Ander toegespiste studentediversiteitsinisiatiewe het geleenthede ingesluit soos die AgriVoedselskou op kampus, wat die Fakulteit in vennootskap met die Produk bemarkingsvereniging aanbied, sowel as die werwing- en bemarkingsprojekte van die Universiteit se Sentrum vir Studentewerwing. Boonop bied die Fakulteit die afgelope drie jaar die Junievakansieprogram AgriSciences@Maties met die oog op hoërskoolleerders aan. Met die hulp van verskeie landbounrywerhede kon finansiële steun aan studente ook verder uitgebrei word met die toekenning van 48 beurse aan voorgraadse studente, waaronder 12 aan studente wat finansieel swaarkry.

Die Fakulteit streef daarna om opvoeders en voorligters toegang tot belangrike hulpbronne en inligting te gee. Daarom het die AgriVoedselskou van 2016 'n inligtingsessie vir loopbaanvoorligters en wetenskap- en landbouwetenskaponderwysers ingesluit wat hulle oor loopbaangeleenthede en die toenemende vraag na kundigheid in die voedselproduksiesektor ingelig het.

#### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

AgriWetenskappe is verbind tot die soeke na oplossings vir die land se ontwikkelingsuitdagings en is dus aktief betrokke by die bedryf, die regering en gemeenskapsinteraksieprojekte. Die Fakulteit handhaaf sterk bande met kernbelanghebbendes in die bedryf. Die voltooiing van die 'bedryfsnaaf' op Welgevallen-proefplaas sal verhoudings tussen die US en die bedryf verder verstrek, die Fakulteit se klem op toegepaste navorsing aanvul, en bykomende uitsette ontwikkel wat landbousektorywerhede sal baat. Benewens personeel van die Fakulteit, sal navorsingsbestuurders van organisasies soos Hortgro Science, Citrus Research International en Winetech vanaf hierdie kompleks werk sodra dit voltooi is. Buite Suid-Afrika het die Fakulteit sy impak versterk deur sy samewerkingsnetwerk uit te brei na nóg universiteite en navorsingsinstellings op die Afrikavasteland en in die Ooste, waar sy akademiese belang aanhou groei. 'n Besonder merkwaardige geleenthed in 2016 was die tweejaarlikse RUFORUM-konferensie, waarvoor

AgriWetenskappe medegesheer was. Altesaam 152 Afrika-universiteite en 960 afgevaardigdes het as deel van die konferensie aan verskillende opleidingsessies, aanbiedings en gespreksforums deelgeneem. Die program het ook besoeke aan Stellenbosch-kampus, navorsingslaboratoriums en die onderskeie departemente ingesluit.

Voorts dien 'n aantal personeellede in die bestuurstrukture van internasionale akademiese verenigings, waar hulle die Fakulteit se reikwydte verder vergroot. Prof Linus Opara is tot voorsteller van die Internasionale Kommissie vir Landbou- en Biostelselingenieurswese verkies. Prof Louw Hoffman van Veekundige Wetenskappe is nou ereraadslid van die Suider-Afrikaanse Wildbestuursvereniging, en prof Pieter Gouws van Voedselwetenskap is as Suid-Afrikaanse verteenwoordiger in die Internasionale Komitee vir Voedselmikrobiologie en -hygiëne aangewys. Prof Gunnar Sigge, ook van Voedselwetenskap, is boonop by die wetenskapadviespaneel van die Internasionale Instituut vir Voedseltegnologie ingesluit.

#### VOORUITSKOUING

Met die oog daarop om ons navorsingspotensiaal verder te bou, gaan die Fakulteit voort om tot beleggings in toerusting by te dra, navorsingsfinansiering vir jong akademici te bekom, en nadoktorale beursaansoeke te ondersteun. Die Fakulteit het in die verslagjaar meer as 47 nadoktorale genote gehad, en beplan om hierdie getal in die jare wat voorlê verder te verhoog.



Afgevaardigdes by RUFORUM se tweejaarlike konferensie in 2016, waarvoor AgriWetenskappe medegesheer was, is onder meer toespreek deur dr Nkosazana Dlamini-Zuma, toe nog voorsteller van die Afrika-uniekommisie.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe streef entoesiasties na die Universiteit Stellenbosch se Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018. Hiervoor gebruik hy 'n vierledige strategie wat bestaan uit 'n akademiese beskouing (wat ons doen), 'n belanghebbendebeskouing (wat ons kliënte dink ons behoort te doen), 'n proses- en stelselsbeskouing (hoe ons dit graag wil doen) en 'n hulpbronbeskouing (watter hulpbronne ons gebruik).


## Fakulteit EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Prof Stan du Plessis, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe



### BEHOUD VAN ONS MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Die Fakulteit se uitmuntende akademiese programme het studente van oor die hele land, vasteland en die wêrelde gelok. Die maksimum getal voorgraadse nuwelinge wat volhoubaar aanvaar kan word, synde 1 500, het geregistreer en die algehele studentetal het op 8 814 te staan gekom. 'n Totaal van 2 793 grade is toegeken. Die gemiddelde slaagsyfer vir alle voorgraadse modules in die Fakulteit is 'n puik 86,1% (2015).



Enkele fakulteitsprojekte dra tot volgehoud akademiese uitnemendheid by. Dit sluit in 'n modulentorprogram, wat in 2016 uit meer as 950 mentorskappe bestaan het, sowel as tutoriaalprogramme. OPTIMUS, 'n ko-kurrikulêre projek vir topstudente wat in die verslagjaar van stapel gestuur is, ontwikkel en posisioneer 33 topstudente oor 'n tydperk van twee jaar as uitnemende gegradsueerde en sal in 2017 sy tweede kohort inneem. Innovante onderrigtegnieke, waaronder die 'omgekeerde klaskamer' en tegnologieplatforms, word met welslae in groot klasse aangewend om gemengde leer te faciliteer en die klaservaring te verbeter. Dosente bly aan die voorpunt van onderrig- en leervernuwing deur onderrigseminare, kortkursusse in inligtings- en kommunikasietygnologie sowel

as verskeie opleidingsgeleenthede by te woon. Die Fakulteit vernuwe ook voortdurend sy programme: Studente kon in 2016 byvoorbeeld vir die nuwe voorgraadse BCom in Internasionale Besigheid en die voorgraadse Diploma in Openbare Aanspreeklikheid inskryf. Die Fakulteit het die afgelope dekade 'n merkwaardige toename in PhD-inskrywings beleef, en het in die akademiese jaar 2016 'n rekordgetal van 38 doktorsgrade toegeken. Die eerste vyf studente van die Fakulteit se Nagraadse Skool vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (oftewel GEM), 'n inisiatief wat die gemiddelde tyd vir die voltooiing van 'n PhD-graad help verkort, het ook gedurende die verslagjaar hulle doktorale studie binne die minimum tydperk van drie jaar voltooi. Boonop is

hierdie inisiatief sedertdien uitgebrei om permanente personeellede die geleenthed te bied om ook hulle PhD-studie op 'n gestruktureerde wyse te voltooi, en 20 jong akademici neem tans deel. Die program sal die getal personeel wat oor doktorsgrade beskik beduidend uitbrei. In 2016 het die Fakulteit altesaam 221 akademiese personeellede gehad, waaronder 32 met graderings van die Nasionale Navorsingstigting, sowel as 113 permanente aanvullende personeel. Selfs al het die personeelkorps die afgelope dekade byna verdubbel, het navorsingsuitsette in geakkrediteerde publikasies 'n hoogtepunt van 0,52 per akademiese personeellid bereik. Die Fakulteit se onderrig- en navorsingsuitsette is waarlik van wêreldeghalte: Die saketydskrif *Professional Management Review* het byvoorbeeld die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) wêér as die voorste bestuurskool in Suid-Afrika aangewys op grond van 'n opname onder werkgewers. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het ook die afgelope jaar uithaler-akademici bygekry, waaronder professor Johann Kirsten, 'n internasional gerekende akademiese leier en hoëvlakdeelnemer aan nasionale beleidsake, wat as nuwe direkteur van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) dien.

Daarbenewens maak die Fakulteit ook van kundigheid van buite gebruik om sy uitnemendheid te versterk. In dié verband was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bevoordeel om dr Ronald N Kahn vir die drie Thys Visser-gedenklesings te ontvang. Dr Kahn, 'n kenner op die gebied van portefeuilebestuur en kwantitatiewe belegging, is die internasionale hoof van wetenskaplike effektenavorsing by BlackRock, wat institutionele portefeuilles, skansfondse en ander beleggings van meer as \$5 triljoen vir instellings en individue wêrelwyd bestuur. Sowat 400 alumni, personeellede en bedryfsvennote het die lesingreeks bygewoon.

Op bedryfsvlak kon die Fakulteit die aanvanklike terugslag van die 2015-brand in die Van der Stergebou omskep in 'n geleenthed om sy fasilitete te vernuwe en op te knap. 'n Groot nuwe lesingsaalkompleks met vier lesinglokale en sitplek vir altesaam 1 000 mense is in die Van der Sterbinnehof opgerig, en sal teen die begin van 2017 in gebruik geneem word. Die opknapping sluit ook die inrigting van bykomende kantoorruimte in. Ondanks die #FeesMustFall-gebeure is die Fakulteit dankbaar dat hy sy inkomste uit subsidies, klasgeld en die derde geldstroom kon handhaaf. Die Fakulteit se groot studentekohort dra by tot 'n kostedoeltreffende dosent:student-getalsverhouding, wat tans op 30,6 studente per akademiese personeellid staan.

### VERBREDING VAN TOEGANG

Wat betref die verbreding van toegang om meer studente uit die bruin, swart en Indiërs-(BSI)-groepe in te sluit, het 34% van die Fakulteit se algehele studentekorps en 24% van voorgraadse studente in 2016 uit hierdie groepes gekom. Die teiken is om die voorgraadse BSI-percentage teen 2020 tot 40% te verhoog. 'n Aantal projekte is hiervoor van stapel gestuur, waaronder die Projek Zero-beurse, die studenteambassadeursprojek, toegespitsde werwingsprojekte en die uitbreiding van die parallelmediumaanbod. Veral Projek Zero het in die verslagjaar aansienlik meer volhoubaar geword met 'n direkte toewysing van byna R1 miljoen deur eksterne vennote. Die projek verminder begaafde studente se werklike studiekoste tot nul. Die Fakulteit het ook nuwe ooreenkoms met die Thuthuka-beursprojek vir BRek-

studente aangegaan om toeganklikheid verder uit te brei. Tog vorder pogings om die diversiteit van die Fakulteit se akademiese personeel te verbeter stadig. Tans is 22,1% van die akademiese personeel en 27,5% van die algehele personeelkorps van die BSI-groepe. Die werwing en behoud van BSI-akademici vir die gespesialiseerde vakgebiede bly een van die grootste uitdagings. Die Fakulteit het sy taalplan met die Universiteit se nuwe Taalbeleid versoen om akademiese toegang en sukses te bevorder. Waar dit moontlik is, sal meer modules afsonderlik in Engelse en Afrikaanse klasse aangebied word. Waar dit om hetsy finansiële of bedryfsredes nie moontlik is nie, word steun vir albei tale met gefasiliteerde leergeleenthede versterk. Hierdie strategie laat studente toe om merendeels in hulle voorkeurtaal te studeer, en ondersteun meertaligheid as 'n waardevolle bate.

### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Diverse inisiatiewe van die Fakulteit het 'n impak op die openbare sektor; sake, skole en gemeenskappe, en roer maatskaplike aangeleenthede op 'n relevante en aktuele manier aan. Professor Pregala Pillay is as die Fakulteit se visedekaan vir sosiale impak en transformasie aangestel om die portefeuile tot nuwe hoogtes te voer. Sy is 'n professor in die Skool vir Publieke Leierskap en direkteur van die US se Sentrum vir Opvoeding en Navorsing teen Korrumptie (ACCERUS).




**Toebroodjies vir 200** Gewapen met 'n verskeidenheid kruideniersware wat deur voorgraadse Baccalaureus in Rekeningkunde-studente ingesamel is, het Thuthuka-beurshouers in die Skool vir Rekeningkunde die Jessie Keet Bewaarskool in Idaasvallei, Stellenbosch, besoek. Hulle het speletjies met die kinders gespeel en toebroodjies uitgedeel, voordat hul die kruideniersware aan die bewaarskool oorhandig het.

### VOORUITSKOUING

Namate die Fakulteit gereed maak om sy eeufees in die volgende dekade te vier, is hy vol moed dat hy 'n beduidende impak op onderrig van gehalte, navorsing en die gemeenskap het. Bepaalde fokusgebiede in die jare wat voorlê, is die uitbreiding van die derde geldstroom om op lange duur volhoubaarheid te verseker; meer omvattende tegnologiegebruik om onderrigvermoë en -gehalte te verbeter; meer bedryfsamewerking om relevant vir die volgende eeu te bly, en die hantering van die ruimtetekort op Bellvilleparkkampus wat weens 'n toename in studente en akademiese aktiwiteite ontstaan het.

Ná sy 60ste bestaansjaarvierunge in 2016 is die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe so toegewyd as ooit om mediese en gesondheidswetenskaplike beroepslei toe te rus om gesondheid te bevorder, siekte te voorkom en optimale gesondheidsorg deur innovasie en leierskap te voorsien. Met 4 536 studente-inskrywings in die verslagjaar het die Fakulteit ver gevorder sedert sy eerste kohort van 24 in 1956. Die nuwe logo van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe weerspieël hierdie reis: dit simboliseer die Fakulteit se wortels en tradisies, maar dui ook op 'n gedeelde toekoms waarin gesondheid en gelykheid binne én buiten Suid-Afrika bevorder word.



## Fakulteit GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Prof Jimmy Volmink, Dekaan: Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

### BEHOUD VAN ONS MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Personeelaanstellings van gehalte en uitmuntende akademiese prestasies het die Fakulteit se uitnemendheid die afgelope jaar verder versterk.

Die heraanstelling van dr Therese Fish, die voormalige Adjunkdekaan: Gemeenskapsdiens en -interaksie, in die hernoemde portefeuille van Visedekaan: Kliniese Dienste en Sosiale Impak, sowel as die aanstelling van prof Julia Blitz, 'n medeprofessor in Huisartskunde en Primère Sorg, as Visedekaan: Leer en Onderrig, sal help toesien dat die Fakulteit doelgeskikte gegradeerde opleiding.

As deel van die 60ste verjaardagvierunge het die 106 mondelinge en 129 plakkaataanbiedinge by die jaarlikse akademiese dag as vertoonvenster gedien vir van die baanbrekersnavorsing wat sedert 1956 op Tygerbergkampus onderneem is. Tog, hoewel trots op sy lang pad tot hier, het die Fakulteit ook toekomsgerig gebly en 'n nuwe navorsingseenheid geopen wat tuberkulose-(TB-)medisyne veilig en toeganklik vir kinders wil maak. Die Eenheid Pediatriese Farmakokinetika van die Desmond Tutu TB-sentrum sal vasstel hoe om TB-medisyne so doeltreffend moontlik by kinders met middelgevoelige en -weerstandige stamme van dié siekte te gebruik. Die Eenheid neem tans deel aan die eerste proefneming tot dusver met 'n nuwe TB-middel (delamanied) vir kinders en het reeds met hulle navorsing die pediatriese dosering vir sesjarige en ouer kinders help bepaal.

Die was 'n groot eer toe die Wêreldgesondheidsorganisasie die Fakulteit se Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg as sy Afrikastreeksentrum van uitnemendheid vir implementeringsnavorsing aanwys. Dit getuig nie net van die Fakulteit se akademiese uitnemendheid nie, maar erken ook die Sentrum en Fakulteit se beweeste vermoë om navorsingsbewyse in beleid en praktyk te omskep. As een van slegs ses sulke faciliteite wêreldwyd, sal die Sentrum

implementeringsnavorsingsvermoë oor die hele Afrikavasteland help bou.

Die Fakulteit het boonop sy nuwe Sunskill-laboratorium in die verslagjaar geopen. Hierdie ultramoderne, geïntegreerde laboratorium vir kliniese opleiding is die produk van langtermynsamewerking tussen die Universiteit Stellenbosch en die internasjonale mediese tegnologiemaatskappy Medtronic, wat tot 'n belegging van meer as R120 miljoen gelei het. Die fasilitet bied agt ten volle gesimuleerde teaterstasies, 'n 'droë' laboratorium, 'n lesinglokaal met sitplek vir 100, sowel as 'n virtuele hoësorgeenheid – en alles is met die jongste audiovisuele vermoëns verbind. Sunskill is toegerus om binne sy eerste bedryfsjaar tot 1 200 dokters op te lei, en spesialiste en ander gesondheidsorgberoepslei van oor die hele vasteland het reeds aangedui dat hulle hier nuwe tegnieke wil kom aanleer en hulle vaardighede wil slyk.


Daarbenewens het tien toegespiste navorsingsleerstoole – wat strek van tuberkulose en posttraumatische stressteurings tot kankerwetenskap en bio-informatika – en 59 navorsers met 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) die Fakulteit aan die voorpunt van mediese navorsing en innovasie help hou.

### VERBREDING VAN TOEGANG

In antwoord op die al hoe groter behoefte aan finansiële bystand onder sy studente het die Fakulteit 'n Beurs- en Leningsfonds op die been gebring. Hierdie steun word benewens bestaande financiering van die Universiteit voorsien, en begunstigdes is meestal studente wat nie vir finansiële bystand van ander bronne in aanmerking kom nie.

Wat studentediversiteit betref, het die Fakulteit die afgelope paar jaar sy bruin, swart en Indiër-studentekohort aansienlik vergroot, soos die grafiek op die volgende bladsy toon.

Om toe te sien dat Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe 'n omgewing bly waar almal huis voel, sal die nuwe Dekaansadvieskomitee oor Transformasie



toekomstige diversiteits- en inklusiwiteitsbesluite rig. 'n Verhoudingsafgrift is ook aangestel om aktief met studente en personeellede te werk om 'n kultureel vaardige en transformasiegerigte sosiale leeromgewing te skep wat samehorigheid en algemene aanvaarding aanmoedig.

### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die Vula-toepassing wat ontwikkel is deur dr William Mapham van die Afdeling Oftalmologie, het in 2016 beduidend tot die Fakulteit en Universiteit se sosiale impak bygedra. Vula stel primêregesondheidsorgwerkers in staat om foto's en kliniese data op 'n slimfoon vas te lê en dan vir advies of verwysing aan gesondheidsberoepslei op bystand te stuur. Wêreldwyd verwerf dié uitvinding lof as innoverende oplossing vir die tekort aan gesondheidspesialiste in afgelê landelike gebiede.

Die Nominet-trust van die Verenigde Koninkryk het dit byvoorbeeld aangewys as een van die 100 mees inspirerende sosiale uitvindings ter wêreld wat digitale tegnologie gebruik om wêreldwyse maatskaplike verandering teeweeg te bring.

Die Fakulteit se Ukwanda Landelike Kliniese Skool

bly 'n model van uitnemendheid. Buitendat dit gesondheidswerkers op 'n landelike platform oplei, het dit ook 'n aansienlike sosiale impak. In 2016 het 'n afvaardiging van die Nasionale Raad van Provinsies die fasilitet besoek. Die Ukwanda Sentrum en die Worcester-kampus het ook hulle sesde jaarlikse navorsingsdag oor volhoubare landelike gesondheid aangebied met die tema "Werp lig op die invloed van gesondheid op maatskaplike vernuwing". Voorts het die aanvoerwerk begin om 'n tien jaar lange strategie by Ukwanda te implementeer met die oog op die bekendstelling – en die studie van die sosiale impak – van intervensies om menslike hulpbronne vir landelike gesondheid te versterk.

Die Fakulteit het aktief deelgeneem aan aktiwiteite vir Mandeladag. Personeel en studente het meer as 500 troospakkies aan pasiënte by Tygerberghospitaal sowel as Komberse en speelgoed aan die moeders van pasiënte by Tygerbergkinderhospitaal uitgedeel. Voorgraadse studente van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het ook byna 2 000 sjokolades, wat elk in 'n spesiale boodskap toegedraai was, aan die verpleegpersoneel by Tygerberghospitaal oorhandig om verpleegkundiges vir hulle bydrae tot studenteopleiding te bedank.

Laastens is die Fakulteit terdeë bewus van sy Afrikawortels en die noodsaaklikheid om relevant te bly vir die behoeftes van die vasteland. Daarom het hy Afrikadag met 'n simposium oor die betekenis en impak van Afrika-universiteite gevier. Die groot groep deelnemers aan dié geleentheid het 'n sterk beroep gedoen op Afrika-universiteite om saam te werk aan oplossings en kennis ván die vasteland vir die vasteland.

### VOORUITSKOUING

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is dankbaar vir sy vele suksesse en sy reputasie as een van die mees navorsingsintensiewe mediese fakulteite in die land, en sien uit na sy volgende 60 jaar. In 'n uitdagende hoëonderwysomgewing sal dit egter beslis vereis dat die Fakulteit uit al sy beskikbare hulpbronne put, soepel bly, en verander as 'n geleentheid vir vernuwing en vooruitgang beskou.



Van die ultramoderne tegnologie van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se nuwe Sunskill-laboratorium.

**Die Fakulteit Ingenieurswese**  
is een van Suid-Afrika se vernaamste verskaffers van ingenieurs van hoogstaande gehalte. In die afgelope jaar het die Fakulteit sy plek aan die voorpunt van uitnemende onderrig sowel as basiese en toegepaste navorsing én as venoot van die bedryf verder versterk. Hoogtepunte sluit in die uitbreiding van die navorsingsprofiel, verdere ondersteuning aan studente, en grootskaalse verbetering van infrastruktuur.

## Fakulteit INGENIEURSWESE

Prof Hansie Knoetze, Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese



### BEHOUD VAN ONS MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Die Fakulteit se studente het weer 'n hoë moduleslaagsyfer en gradueringskoers gehandhaaf. Altesaam 494 BEng-grade, 15 nagraadse diplomas, 214 magistergrade en 36 doktorsgrade is in 2016 toegeken. Een van hierdie gegradeerde, Riccardo Swanepoel, wat in Desember sy graad BEng (Chemiese Ingenieurswese) cum laude verwerf het, het met sy uitsonderlike studiegeskiedenis die Kanseliersmedalje verower. Sy gemiddeld oor vier jaar was 94,1%. Hy het geskiedenis gemaak deur die eerste chemiese ingenieurstudente te word wat 100% vir sy ontwerpprojek behaal het, en het boonop 42 van sy 44 modules met lof geslaag. Lees meer op bladsy 99.

Omdat uitnemendheid in ingenieurswese lank nie meer net op sterk tegniese en denkvaardighede berus nie, maar ingenieurs ook op alle vlakke goed mondeling én skriftelik moet kan kommunikeer, word die Fakulteit se studente deeglik op dié gebied vaardig gemaak deur die module Professionele Kommunikasie. 'n Onderafdeling van die module behels die verbetering van leesvaardighede en -begrip deur middel van die leesprogram Labonline. In 2016 het meer as 600 studente dié leesprogram deurloop,

en is 'n dramatiese verbetering in studente se leesspoed, -vlak en -begrip na die tyd gemeet.

In 'n verdere stap om uitnemendheid te ondersteun, het Ingenieurswese in Augustus sy ruim, moderne en doelgemaakte studiesentrum geopen. Hierdie uitmuntende fasiliteit bied die ideale omstandighede waarin ingenieurstudente op hulle eie óf in groepe kan studeer of ontspan. Dit bestaan onder meer uit individuele werkstasies, 'n paar rekenaarterminale en 'n informele sit- en geselsarea. Een van die belangrikste kenmerke is die nege werkkamers waar studente groepwerk kan doen – 'n belangrike komponent van ingenieursopleiding wat ook by die vereistes van die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) aansluit.

Daarbenewens het die Fakulteit die afgelope twee jaar doelgerig gewerk om inligtings- en kommunikasietegnologie in gebruik te neem, wat nou gemengde leer moontlik maak. Dosente se onderrigvaardighede word ook deurlopend opgeskerp met jaarlikse onderrigforums oor interessante en nuttige onderwerpe om hulle beter vir hulle taak toe te rus.

Die momentum van uitnemendheid word voorts gehandhaaf deurdat die Fakulteit se navorsingsprofiel

jaarliks verbeter. In die verslagjaar het die getal navorsingsgrade (MEng en PhD) weereens stewig toegeneem. Tog is dit nie net getalle wat merkbaar verbeter het nie, maar ook die internasionale profiel vanveral publikasieuitsette. Die Fakulteit se Scopus-voetspoor het die afgelope vier jaar meer as verdubbel.

Om voortgesette uitnemendheid te verseker, is Ingenieurswese voortdurend op soek na maniere om die volhoubaarheid van sy werksaamhede verder te ondersteun. Akademiese sowel as ondersteuningspersoneel se werklos was byvoorbeeld die afgelope paar jaar besonder hoog, enveral akademici toon tekens van uitputting. Daadwerklike pogings die afgelope vier jaar om die werklos te verlig, sluit in die aanstelling van 60 nuwe, meestal jong akademici. Dit het tot 'n vermindering van 20–25% in die las op die akademiese korps bygedra.


Voorbereidingswerk vir die opstel van die Fakulteit se meesterplan en herinrigting van die gebouekompleks is ook in 2016 voltooi. Die omvangryke plan behels 'n algehele herinrigting, opknapping en verdigting van die fasilitete, wat op 'n meer kostedoeltreffende wyse vir meer studente en personeellede sal voorsiening maak.

Voortgesette uitnemendheid vereis natuurlik ook volhoubare finansiering. In 2016 was die Fakulteit se derde- en vierdegeldstroominkomste 'n stellige R185,4 miljoen, 37% meer as in 2015. 'n Hoogtepunt was die toekenning van R30 miljoen van die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk (SANRAL) vir die leerstoel in plaveiselingenieurswese. Selfs indien dié eenmalige skenking buite rekening gelaat word, is die vergelykbare groei van 2015 tot 2016 net bo 15%, wat in die huidige stram ekonomiese klimaat steeds 'n baie goeie prestasie is.

### VERBREDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit maak veral erns met die Universiteit se strewe om studente van die tipe toegang te voorsien wat hulle in staat stel om suksesvol te studeer. Studente ontvang dus ruim ondersteuning op akademiese én emosionele gebied om hulle vir die uitdagende en veeleisende ingenieursprogram toe te rus. Dié steun sluit onder ander in die tutorprogram vir eerstejaars wat met tegniese modules sukkel, en die aanstelling die afgelope twee jaar van twee deeltydse opvoedkundige sielkundiges wat studente op akademiese en emosionele gebied bystaan. In 2016 is 'n alumnus van die Fakulteit, me Aphiwe Jikazana, spesial aangestel om as mentor vir eerstejaars op te tree. Weens haar eerstehandse ondervinding as ingenieurstudent, kon sy studente bystaan, raad gee en na kundiges verwys in geval van meer ingewikkelde probleme wat gespesialiseerde aandag verg. Ook het die Fakulteit die afgelope dekades reeds die gebruik dat die Dekaan as die 'vader' van eerstejaars gereken word, en eerstejaars en hulle ouers word aangemoedig om hom te nader met enige probleme wat studente se akademiese sukses kniehalter.

Boonop wil die Fakulteit met sy taalimplementeringsplan versterk dat taal nie 'n struikelblok vir toegang tot ingenieurstudie is nie. Die Taalplan behels dat die eerste jaar (en ook die tweede jaar so ver moontlik) in parallelmedium aangebied word, en dat kennisoordrag in die senior jare ten minste in Engels sal geskied, met ondersteuning aan Afrikaanssprekendes. Die Fakulteit wil steeds ewe toeganklik wees vir alle studente, ongeag of hulle voorkeuronderrigtaal Afrikaans of Engels is.



**Hoogste eerbewys vir student**  
Riccardo Swanepoel is die ontvanger van die 2016 Kanseliersmedalje.



**Uitnemendheid kry sy beslag in die nuwe studiesentrum** Links onder is een van die groepwerk kamers in die nuwe studiesentrum.



Priyan Bhawan (links) en Oscar Chang by hul tutor Tawanda Ewing (middel) in die studiesentrum.

### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Benewens sy gevestigde samewerkingsbande met en kontraknavorsing vir die ingenieursbedryf, bevorder die Fakulteit Ingenieurswese ook sy impak op die samelewings deur verskeie gemeenskapsinteraksieprojekte om die instelling se sosiale impak te versterk. Dit sluit in verskeie interaksies met die skolegemeenskap, waarvan TRAC die grootste is. Dié suksesvolle program wil onderrig in wetenskap, toegepaste wiskunde en tegnologie op hoërskoolvlak ondersteun en verbeter; en leerders motiveer om beroepe in die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie te volg. TRAC het in 2016 bykans R14 miljoen in finansiering ontvang.

### VOORUITSKOUING

In die jaar wat voorlê, sal die Fakulteit Ingenieurswese geesdriftig deelneem aan die hersiening van die Universiteit Stellenbosch se Institusionele Voorneme en Strategie om Visie 2030 te help verwesenlik. Die Fakulteit sal ook aktief meewerk om die US 'n volwaardige Afrika-universiteit te maak.

Die Fakulteit Krygskunde, wat deel uitmaak van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie op Saldanhabaai, streef daarna om 'n leier op die gebied van krygskunde te wees deur militêre hoër onderwys van wêreldgehalte, navorsing sowel as militêre beroepsontwikkeling te bied, en terselfdertyd 'n positiewe sosiale impak te hê.



## Fakulteit KRYGSKUNDE

Prof Sam Tshehla, Dekaan: Fakulteit Krygskunde

**G**edurende 2016 het die Fakulteit sy werk voortgesit om soldate op te lei met dievlak van kennis en sterk karakter wat die 21ste-eeuse veiligheidskonteks vereis om ons land as knap strateë en aanpasbare leiers te dien.

### BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Die Fakulteit het in die verslagjaar sy doelwitte verwesenlik om in sy kernbedrywigheude uit te blink en internasional hoë akademiese aansien te geniet.

Op die gebied van studentesukses het die Fakulteit 89 BMil-, 18 BMil-honneurs- en vier magistergrade toegeken. Vier van die BMil-studente het cum laude gegradeer. Kandidaatoffisier Charlene Woodcroft-Brown het ook 'n eresabel van die Militêre Akademie ontvang. Die eresabel word toegeken aan 'n student wat oor die drie jaar van die graadprogram as 'n akademiese presteerdeer én gedissiplineerde soldaat uitgeblink het. In sy boodskap aan afgestudeerde studente by die Militêre Akademie se uittredingsparade het die hoof van korporatiewe dienste van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), luitenant-generaal Vusi Masondo, klem gelê daarop dat die Fakulteit se gegradeerde die waardes van die SANW moet weerspieël en in alle aspekte van militêre bedrywigheude en vredesbestuur die ingesteldheid van 'n kryger moet openbaar. Hy het voorts beklemtoon hoe belangrik onderwys is om militêre leiers toe te rus om professioneel en doeltreffend in 'n snelveranderende veiligheidsgewing te funksioneer.

Daarbenewens was die Militêre Akademie bevoordeel om die Suid-Afrikaanse minister van verdediging, me Nosiviwe Mapisa-Nqakula, en die Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), prof Wim de Villiers, as eregaste te ontvang by sy akademiese prysaand om sowel personeel as studente van die Fakulteit se akademiese prestasies te vier.

As bewys dat die Fakulteit Krygskunde afgeronde gegradeerde oplewer wat op alle vlakke aan die samelewings kan deelneem, het 'n studentespan van drie lede van die Militêre Akademie in 2016 die eerste keer vir die Jong Ekonom van die Jaar-wedstryd ingeskryf en die tweede plek verower. Hierdie jaarlike wedstryd, wat

deur Die Burger geborg en deur die US se Departement Ekonomies bestuur word, toets studente se vermoë om ekonomiese aanwysers te voorspel.

Wat uitnemendheid onder personeel betref, is die Fakulteit se assistentprofessor Francois Vrey tot die akademiese rang van professor in militêre strategie bevorder. Die voorsitter van die Skool vir Veiligheid- en Afrikastudie, assistentprofessor Ian van der Waag, is tot die akademiese rang van professor in krygsgeskiedenis bevorder, en het ook 'n B2-gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang. Boonop het die NNS 'n C3-gradering toegeken aan kommandeur dr Jacques Bezuidenhout, voorsitter van die Skool vir Wetenskap en Tegnologie, terwyl dr Lindiwe Khoza, voorsitter van die Departement Opvoedkundige Tegnologie, teen die einde van die verslagjaar 'n PhD in Opvoedkunde verwerf het. Voorts het die direkteur van die Sentrum vir Militêre Studie (CEMIS), prof Ian Liebenberg, die boek *A far-away war: Angola 1975–1989* help saamstel, en dr Justin van der Merwe, ook van CEMIS, die publikasie *Emerging Powers in Africa*.

As 'n verdere bevestiging van die Fakulteit se kernrol in die nasionale en streeksveiligheidsektor, en sy statuur as een van die tien mees gesaghebbende militêre akademies ter wêreld ([www.onlinecollege.org/10-most-prestigious-military-academies-in-the-world/](http://www.onlinecollege.org/10-most-prestigious-military-academies-in-the-world/)), het die dekaan van Krygskunde, prof MS Tshehla, 'n vastelandseierskapprys as beste professor in krygskunde ontvang. Hy is ook tot professor in wiskunde bevorder.

Die Fakulteit aarsel nie om sy programmaanbod by te werk om uitnemendheid te behou nie, en het twee nuwe akademiese programme vir goedkeuring enakkreditasie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingediend.

### VERBREDING VAN TOEGANG

As sy bydrae tot die verbreding van toegang tot hoër onderwys vir almal, is die Fakulteit die alleenverskaffer van tersiêre onderwys vir offisiere van die SANW. Hierdie akademiese venootskap met die SANW deur die MPhil-program in Sekuriteitsbestuur bied senior offisiere in die Departement van Verdediging en senior bestuurders in die veiligheidskluster die geleenthed om toegang tot verdere opleiding, en gevvolglik beter loopbaanvoorusigte in die

weermag te bekom. Die program is die mees senior offisiervakker van die SANW, en suksesvolle lede word gewoonlik in pas met internasionale en Afrika- militêre tendense tot die militêre rang van brigadier-generaal bevorder. Hierdie MPhil-program het in 2016 twee gegradeerde opgelewer.

Die interaktiewe telematiese onderwys- (ITO-)platform stel boonop die Fakulteit se programmaanbod beskikbaar aan alle lede van die Departement van Verdediging wat deeltjyds wil studeer; en verbreed sodende toegang op 'n eg 21ste-eeuse manier. ITO-onderrig behels regstreekse uitsendings vanaf die hoofkampus op Stellenbosch na leersentrums oor die hele land, waar studente intyds deur die SUNLearn-platform met dosente en medestudente kan skakel. Die Fakulteit Krygskunde het uitgebreide ondervinding in die aanbieding van ITO-sessies in, byvoorbeeld, die programme BMil (Veiligheid- en Afrikastudie), BMil (Menslike en Organisasieontwikkeling) en BMil (Organisasie- en Hulpbronbestuur).

### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Aangesien die Fakulteit in die gemeenskap van Saldanhabaai geleë is, is dit ook waar sy gemeenskapsinteraksie die aktiefste is. Die Fakulteit dien onder ander as 'n adviseur vir verskeie kleinsakeondernemings op die dorp. Ingevolge 'n memorandum van verstandhouding wat die Universiteit Stellenbosch en Saldanhabaai Munisipaliteit in 2014 onderteken het, het die Fakulteit ook in die verslagjaar voortgegaan om tot ontwikkeling in die omgewing by te dra. Die vestiging van 'n goeiebestuursforum is een voorbeeld van hoe die Fakulteit en Saldanhabaai Munisipaliteit saamwerk om kennisplossings te kry wat vir almal in die munisipale gebied 'n beter lewe kan skep. Buite die grense van Saldanha het prof Ian van der

Waag 'n hoofrede gelewer oor die Suid-Afrika-Angola-Namibië-grensoorlog by die 7de Oorlog- en Samelewingskonferensie wat die Fakulteit se Departement Krygsgeskiedenis en die US se Departement Geskiedenis gesamentlik gereël het. Ook CEMIS het buite die Fakulteit uitgereik en saam met die Nederlandse weermag as medegesheer vir internasionale veiligheidskursusse opgetree.

Die Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA) het die Fakulteit se sosiale impak verder versterk deur saam met die Koninklike Deense Weermagkollege (RDDC) aan verskeie vakkundige aktiwiteite op die gebied van seeveiligheid deel te neem. Dit het ingesluit deelname aan die Deense Maritieme Forum 2016, 'n seminaar oor Afrika, en 'n tafelronde oor Europese Unie-konflikvoorkoming in Afrika, wat alles in Kopenhagen, Denemarke, plaasgevind het. 'n Gesamentlike werksessie met RDDC oor Suid-Afrika se rol in die vrede-en-veiligheidsbestel op die vasteland is plaaslik aangebied met financiering van die Koninklike Deense Ambassade in Suid-Afrika. SIGLA het ook die 13de Security Watch Africa-lesingreeks op Stellenbosch aangebied, waar 'n memorandum van verstandhouding tussen die twee organisasies onderteken is.

### VOORUITSKOUING

Om sy akademiese uitnemendheid verder te versterk, sien die Fakulteit daarna uit om in 2017 in Ethiopië 'n konferensie oor Afrika se veiligheidstriade – leierskap, veiligheid op land en veiligheid op see – saam met die RDDC aan te bied. Krygskunde sal ook vir 'n semester gasheer speel vir drie studente van die Militêre Akademie Saint-Cyr in Frankryk en twee van die Universiteit van Noord-Georgia in die Verenigde State.



**Samewerking versterk sosiale impak in Afrika**  
'n Memorandum van verstandhouding word tussen SIGLA en Security Watch Africa, 'n prominente sekerheidsinstansie in Wes-Afrika geteken. Van links sit prof Eugene Cloete, Viserector (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie), mnr Patrick Agbambu, hoof uitvoerende beampete van Security Watch Africa, en prof Sam Tshehla, Dekaan van die Fakulteit Krygskunde.

Die visie van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is om uitnemend, internasional gerekend en plaaslik relevant te wees. 'n Opname van die Fakulteit se sterkpunte in 2016 het getoon dat hy goed op pad is om hierdie visie te verwesenlik.



## Fakulteit LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE

Prof Anthony Leyens, Waarnemende Dekaan: Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Die Fakulteit se groot getal gesubsidieerde navorsingsuitsette en Nasionale Navorsingsstigting-(NNS-)gegradeerde akademiese personeel getuig van volgehoudende uitnemendheid. Die suksesvolle en robuuste doktorale program van die Fakulteit se Nagraadse Skool verbreed toegang tot nagraadse onderrig, en met 'n aantal aktiewe en geïntegreerde projekte vir sosiale impak het Lettere en Sosiale Wetenskappe ook 'n positiewe invloed op die samelewing.

### BEHOUD VAN ONS MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Soos die volgende twee tabelle toon, het die Fakulteit sy akademiese en navorsingsuitnemendheid behou deur altesaam 1 447 kwalifikasies in 2016 toe te ken en 216,84 DHOO-geakkrediteerde navorsingsuitsette in die 2015-publikasiejaar te lewer (2016 se uitsette word in 2017 beskikbaar gestel).

#### KWALIFIKASIES TOEGEKEN IN DIE AKADEMIESE JAAR 2016

Doktoraal	52
Magister	197
Honneurs	261
Nagraadse diploma/sertifikaat	97
Eerste professionele baccalaureus	116
Eerste algemene akademiese baccalaureus	707
Voorgraadse diploma/sertifikaat	17

#### NAVORSINGSUITSETTE GELEWER IN DIE AKADEMIESE JAAR 2015

Boeke	5,18
Hoofstukke in boeke	11,78
Wetenskaplike artikels (gesubsidieerd)	196,08
Internasionale konferensie-verrigtinge	2,85
Nasionale konferensie-verrigtinge	0,95
<b>Totaal</b>	<b>216,84</b>

Die uitsonderlike prestasies van die Fakulteit se personeel is ewe merkwaardig. Prof Catherine du Toit, voorstaander van die Departement Moderne Vreemde Tale, het die medalje van die Orde van Lettere en Literatuur van die Franse ambassadeur in Suid-Afrika, Haar Eksellensie Elisabeth Barbier, ontvang. Prof Pierre du Toit van die Departement Politieke Wetenskap is met die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Politieke Studie (SAAPS) se gesogte prys vir lewenslange bydraes vereer vir sy werk oor demokratisasie en die demokratiese oorgang in Suid-Afrika. Die jaarlike prysuitdeling van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het ook 'n goeie oes vir lede van die Fakulteit opgelewer: Die Akademie het die Gustav Prellerprys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek aan prof Louise Viljoen toegeken; die Hertzogprys vir prosa aan dr Willem Anker vir Buys: 'n Grensroman; die Eugène Maraisprys aan prof Stephanus Muller vir Nagmusiek, en die Stalsprys vir geskiedwetenskappe aan prof Ernst Stals. Me Fiona van Kerwel, die projekbestuurder van die inisiatief Wêrelde Open Wêrelde (WOW), het boonop die Neville Alexanderprys ontvang.

Prof Steven Robins se boek *Letters of Stone*, 'n intiem persoonlike historiese vertelling oor die impak van die Joodse volksmoord op sy familie, is in die loop van die jaar uitgegee en het groot lof verwerf en uitstekende resensies ontvang. Daarbenewens het 'n doktorale kandidaat in die Departement Engels, Sindi Busuku-Mathese, haar debuutdigbundel *Loud Yellow Laughter* die lig laat sien, waarin sy oor kindwees nadink.

Laastens, aangesien uitnemendheid ook gemaklikheid met die digitale era impliseer, is 'n omvattende gemengdeleerprojek in 2016 van stapel gestuur om die Fakulteit se departemente in staat te stel om die jongste aanlyn en audiovisuele leertegnieke optimaal te benut. Die projek is bestuur deur die Fakulteit se onlangs aangestelde koördineerder van gemengde leer, in samewerking met steunpersoneel van die Universiteit se Sentrum vir Onderrig en Leer.

### VERBREDING VAN TOEGANG

Die kwessie van studentesukses was veral ter sake in die verslagjaar in die lig van die toename in protesaksie

met die klem op die toeganklikheid, bekostigbaarheid en relevansie van universiteite se akademiese aanbod. Dit sal sorgvuldige besinning vereis oor hoe die Fakulteit sy akademiese inhoud kan vernuwe en sy kurrikulum meer relevant vir die uitdagings van Suid-Afrika en die vasteland kan maak. Vir hierdie doel het die Fakulteit sy gewig ingegooi by die tussenuniversiteitnavorsingsprojek *Unsettling paradigms: The decolonial turn in the South African tertiary humanities curriculum*, wat met 'n toekenning van R35 miljoen van die Andrew W Mellon-stigting gefinansier word. Hierdie supra-institutionele samewerkingsprogram behels sewe navorsingsintensieve universiteite oor die hele land en sal bestaande werk oor die transformasie van die hoëonderwyslandskap stimuleer en versterk. Lettere en Sosiale Wetenskappe se taalimplementeringsplan bied nog 'n geleenthed om groter inklusiwiteit te verkry. Die plan is gegrondig op die Universiteit Stellenbosch se nuwe Taalbeleid wat in die loop van 2016 aanvaar is.

'n Verdere dryfkrag agter die Fakulteit se vernuwendingsproses is die behoefte om sy personeelkorps meer divers te maak en toegang te bied aan begaafde gegradeerde uit groepe wat tans onderverteenvoerdig is in die personeelkorps. Hiervoor moet die Fakulteit die natuurlike uityloeioproses benut om talentvolle gegradeerde te absorbeer en hulle van geleenthede te voorsien om hulle doktorsgrade te verwerf. Om sy personeeldiversiteitsdoelwitte te bereik, wend die Fakulteit ook eksterne finansiering proaktief aan. In hierdie verband vind vier personeellede tans baat by die inisiatief vir 'n inklusiewe professorskorus, wat moontlik gemaak word deur 'n drie jaar lange toelaag van R5,2 miljoen van die Mellon-stigting met die oog op die loopbaanvordering van swart personeellede.

Buite dat die Fakulteit toegang vir alle Suid-Afrikaners verbreed, dra hy ook beduidend by tot groter toegang tot PhD-studie in die lettere, geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe vir kandidate van oor die hele vasteland. Dit gebeur deur die Venootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici (PANGeA). PANGeA is in 2010 deur die Universiteit Stellenbosch, die universiteite van Botswana, Dar es Salaam (Tanzanië), Malawi en Nairobi (Kenia) sowel as Makerere-universiteit (Uganda) gestig, en die universiteite van Ghana en Yaoundé I (Kameroun) het vier jaar later aangesluit. Sedert 2010 het PANGeA-vennote 74 kandidate benoem wat daarna vir PhD's aan die Stellenbosch ingeskryf het, hoofsaaklik by die Nagraadse Skool in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Tot op hede het 49 hulle studie voltooi en hulle akademiese poste by hulle tuisinstellings hervat, van wie 81% binne drie jaar of minder gegradeer het. 'n Ruimhartige toekenning van die Robert Bosch-stigting en die Gerda Henkel-stigting in 2016 het die Fakulteit ook in staat gestel om met sy Afrikavennote saam te werk om die bestuurs- en leierskapsopleidingskomponent van die program, PANGeA-ED, van stapel te stuur.

### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Deel van die Fakulteit se missie is om sy kennis te gebruik om die lewensgehalte van die mense van Suid-Afrika, maar ook van die burgers van die res van die vasteland te verryk en te verbeter.

In hierdie opsig versterk die Navorsingsalliansie vir Ramp- en Risikovermindering (RADAR) die Fakulteit se Afrika-impak. RADAR dien as die Universiteit se koördineringsentrum vir die Periperi U-inisiatief (*Partners Enhancing Resilience for People Exposed to Risks*). Danksy

'n toekenning van R60 miljoen van die Verenigde State se Agentskap vir Internasionale Ontwikkeling (USAID), wat in 2016 aangekondig is, sal RADAR aan die stuur staan van een van Periperi U se grootste Afrikawye samewerkingsprojekte tot nog toe op die gebied van rampriskobestuur. Die sentrum sal met 11 ander Afrika-universiteite saamwerk om teen 2019 meer as 8 000 studente en praktisyns in 12 Afrikalande in rampriskobestuur op te lei.

In 'n ander impakryke inisiatief het 'n toekenning van R12 miljoen van die Mellon-stigting uitgeloop op die vestiging van Africa Open, 'n instituut vir musiek, navorsing en innovasie in die Fakulteit. Die instituut berus op die konsep dat kennisproduksie in Suid-Afrika nie aan bande gelê moet word deur die epistemologie en teorie waaruit die sogenaamde Westerse moderniteit gebore is nie. In plaas daarvan wil die instituut eerder hierdie idees bevraagteken en oor vernuwing in eertydse Afrikamusiek leer en onderrig. Mettertyd sal Africa Open die grootste, veiligste en tegnologies mees gevorderde ooptoegangsmusiekargief op die vasteland wees. Terselfdertyd sal dit 'n ultramoderne intellektuele ruimte bied waar navorsers en innoveerders aan skeppende musiekprojekte in Afrikaverband kan werk.

### VOORUITSKOUING

Die afgelope jaar was beslis onstuimig en het 'n paar ernstige uitdagings ingehou. Tog het die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe dit so aanvaar en steeds uitstekend presteer wat deursetsfers, navorsingsuitsette en die verkryging van eksterne finansiering vir innoverende projekte betref. In die jaar wat voorlê, beoog die Fakulteit om op sy bestaande sukses voort te bou terwyl hy sy vernuwendingsprojek versterk om groter toegang en groter relevansie te verseker.



Samewerking teen brandgevaar

Die Wes-Kaapse Risikobestuur en Brand- en Reddingsdiens, Santam, Wallacedene-gemeenskapslede en die Universiteit Stellenbosch het hande gevatt met 'n projek om rookverlikkers in 1 200 huise van die tydelike herverstigingsarea Wallacedene te installeer en te moniter. Die vrywilligers in die foto het basislynopnames in elk van die huise uitgevoer en sal die effektiwiteit van die rookalarms moniter. Verskeie alarms het inwoners al gewarsku en hulle sodoende meer tyd vir brandbestryding gegee.

**Die Fakulteit Natuurwetenskappe is deeglik bewus van sy verantwoordelikheid om gegradeerde toe te rus met die hoëvlakvaardighede wat die sogenaamde Vierde Nywerheidsrevolusie vereis, dog sonder om sosiopolitieke uitdagings uit die oog te verloor. Daarom het die Fakulteit in 2016 deur toenemende samewerking en sigbaarheid van sy wetenskaplike werk verskeie geleenthede vir personeel en studente geskep.**



## Fakulteit NATUURWETENSKAPPE

Prof Louise Warnich, Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe

### BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

Natuurwetenskappe het 'n nuwe adviesraad met vooraanstaande lede van die bedryf saamgestel. Hiermee wil die Fakulteit nuwe navorsing en samewerking vir multidissiplinêre projekte ontsluit en voor- én nagraadse studente van bedryfsgebaseerde opleidingsgeleenthede voorsien.

Weens die toenemende vraag na hoëvlakvaardighede in die ontleding van groot data is 'n kenner aangestel om Natuurwetenskappe se initiatief vir bio-informatika te lei en werkzaamhede oor verskillende fakulteite van die Universiteit Stellenbosch heen te koördineer. Die doel is om kundigheid te bou en kurrikulums te ontwikkel wat gegradeerde met 'n gesogte vaardigheidstel sal toerus. Vermoë op hierdie gebied sal verder versterk word deur die vestiging van 'n Duitse navorsingsleerstoel in grootdataontleding, waarvoor die Universiteit en die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe (AIMS) medegashere sal wees. Die Alexander von Humboldt-stigting sal die leerstoel borg.

Daarbenewens het die Forum vir Wetenskaponderrig en -leer voortgegaan om as platform te dien vir programvernuwing, die implementering van formatiewe en summatiwe e-assessering, en integrerende leer. Dit behels onder meer geleenthede vir die voortgesette ontwikkeling van akademici, onderrigassisteente en tutors.

Verskeie personeellede is in die verslagjaar vir hulle uitnemende navorsing vereer. Prof Bert Klumperman het die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NSTF)/ South 32-prys vir sy lewenslange bydrae tot wetenskap, ingenieurswese, tegnologie en innovasie ontvang, sowel as die Universiteit se Kanselierstoekennings vir navorsingsuitnemendheid (kyk ook op bladsy 100). Ook prof Leon Dicks is met 'n Kanselierstoekennings vereer.

Prof Brian van Wilgen het 'n goue medalje van die Suid-Afrikaanse Wetenskapakademie ontvang vir uitmuntende prestasie in wetenskaplike denke tot voordeel van die samelewing. Die Nasionale Navorsingstigting het prof Guy Midgley as 'n toonaangewende internasionale vakkundige op die gebied van wêreldwye verandering vereer, wat die Fakulteit se getal A-gegradeerde wetenskaplikes op ses te staan bring. Dr Karl Storbeck het 'n silwer medalje van die

Vereniging vir Biochemie en Molekulêre Biologie ontvang, en prof Anna-Mart Engelbrecht die Lasec-prys van die Fisiologievereniging van Suider-Afrika. Boonop is 'n nuwe gisspesie na prof Alf Botha vernoem ter erkenning van sy bydrae tot die gebied van gisekologie, terwyl 'n nuwe *Oxalis*-spesie uit die Richtersveld nou na prof Léanne Dreyer heet.

Ook die Fakulteit se studente het uitgeblink, veral op nagraadse vlak. Matthew Mayne en Jean Loock het onderskeidelik die John Handley-prys vir die beste MSc-tesis en die prys vir die beste honneurstesis in aardwetenskappe in 2015 van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika ontvang. Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap se medalje vir die beste MSc-student in natuurwetenskappe aan die US in 2016 is aan Xavier von Stein toegeken. Laastens is Penelope Dobrowski en dr Raquel Garcia met die Loréal-UNESCO-streeksgenoootskap vir vrouewetenskaplikes in Afrika suid van die Sahara vereer. Die Fakulteit se getal honneurs-, MSc- en PhD-studente het die afgelope vyf jaar deur die bank met sowat 15% toegeneem en daarom hoop Natuurwetenskappe om in die jare wat voorlê nog vele nagraadse uitblinkers op te lewer.

Volgehoud uitnemendheid verg volgehoud inkomste. Daaromwerp die Fakulteit alles in die stryd om sy navorsingsuitsette uit te brei, die deurvloei van sowel voor- as nagraadse studente te verhoog, en reserwekapitaal strategies aan te wend om uitnemendheid in kernbedrywighede te bevorder. Dit werp beslis vrugte af: Van 2012 tot 2015 het die Fakulteit se derde en vierde geldstroom van 32% tot 42% van algehele inkomste toegeneem. Die derdegeldstroom ondersteun hoofsaaklik navorsing en nagraadse studenteburse.

### VERBREDING VAN TOEGANG

Al was dit vanaf 'n lae basislyn, het die getal voorgraadse swart studente van 2012 tot 2016 met 16% toegeneem. Tog bly diversiteit 'n uitdaging. Inskrywingsyfers onder Indiërsstudente bly laag, en bruin studente-inskrywings het met 'n skrale 7% gestyg. 'n Ontleding van registrasietendense in 2016 onthul dat 'n groot getal

bruin, swart en Indiërs- (BSI-)studente met voorwaardelike toelating uiteindelik besluit om nie te regstreer nie. In antwoord op hierdie uitdaging beplan die Fakulteit verskillende inisiatiewe om meer van hierdie voorwaardelike toegelate studente te oorred om uiteindelik tot regstreasing oor te gaan.

BSI-verteenwoordiging onder administratiewe en steunpersoneel het die afgelope vyf jaar van 32% tot 53% verhoog, hoewel die diversiteit van akademiese personeel slegs 'n geringe verbetering getoon het. Om personeeldiversiteit 'n verdere hupstoot te gee, het die Rektor se Strategiese Fonds in 2016 drie poste gefinansier. Sorgvuldige monitering van personeeldiversiteit aan die hand van die Fakulteit se Diensbillikhedsplan sal in 2017 voortduur.

### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Deur sy navorsing- en onderrigprogramme wil die Fakulteit Natuurwetenskappe strategiese gemeenskapsgebaseerde steun bied. Een voorbeeld hiervan is navorsing deur die Departement Plant- en Dierkunde oor die kwynende getalle en swak genetiese diversiteit van witdoodhaaien aan die Suid-Afrikaanse kus, wat wye nasionale en internasionale mediadekking ontvang het.



**Navorsingsuitnemendheid**  
Prof Bert Klumperman, uitgelese professor van die Departement Chemie en Polymeerwetenskap, met die NSTF/South 32-prys vir sy uitsonderlike lewenslange bydrae tot wetenskap, ingenieurswese, tegnologie en innovasie.



**Navorsingsuitnemendheid** Prof Brian van Wilgen (links), 'n toonaangewende bewaringsekoloog van die DWT/NNS Sentrum vir Indringerbiologie (SIB), ontvang 'n goue medalje van die Suid-Afrikaanse Wetenskapakademie van dr Phil Mjwara, direkteur-generaal van die Nasionale Departement van Wetenskap en Tegnologie.

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT)/ Nasionale Navorsingstigting (NNS) Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie (SIB) het op sy beurt tot 'n baanbrekersverslag oor die uitdagings van die Kaapse blommeryk oor die volgende eeu bygedra. Hierdie navorsingsprogram is die langste aaneenlopende wetenskaplike poging ter wêreld om 'n hele streek en sy plante en diere te bewaar.

As hulle bydrae tot sosiale impak, het navorsers van die DWT/NNS Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelleering en Ontleding 'n Wetenskap-vir-die-Samelewing-lezing op Wêreldviggsdag aangebied. Die lesing, wat gehandel het oor maniere om die MIV/vigs-epidemie in die land hok te slaan, is regstreeks op SAFM uitgesaai.

Navorsers het ook deur die hele verslagjaar aan verskillende wetenskapkommunikasiebedrywighede deelgeneem om die publiek bewus te maak van die rol wat wetenskap en navorsing in die samelewing vervul.

### VOORUITSKOUING

Met Visie 2030 voor oë, sal die Fakulteit in 2017 en daarń sy werkzaamhede voortsit om innoverende, kritiese denkers op te lei wat 'n aktiewe rol in die ontwikkeling van 'n suksesvolle, multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing kan speel.



**In die nuus** Dr Sara Andreotti het 302 genetiese biopiese en meer as 5 000 foto's van die rugvinne van witdoodhaaien vir haar doktorale navorsing ingesamel. Sy het met die bekende haaibewaringskundige Mike Rutzen saamgewerk om die haai langs die Suid-Afrikaanse kus op te spoor. Foto: Elsa Hoffman.

Die Fakulteit Opvoedkunde streef daarna om as 'n toonaangewende en betrokke navorsingsgedreve onderwysfakulteit erken en gerespekteer te word. Daarom wil dit navorsing, onderrig en leer integreer deur die akademieskap van onderrig en leer te bevorder en navorsing van gehalte oor belangrike onderwyskwesties te onderneem. Boonop blyk die Fakulteit se verbintenis tot 'n al hoe sterker sosiale impak duidelik uit die uitnemende gegradueerdes wat dit vir die onderwys- en sportsektor oplewer, sowel as uit pogings om kennisproduksie oor sowel plaaslike as wêreldwye onderwyskwesties te stimuleer.

## BEHOUD VAN ONS MOMENTUM VAN UITNEMENDHEID

Die Fakulteit lever 'n beduidende bydrae tot die opleiding en ontwikkeling van kundige laer- en hoërskoolonderwysers vir die land. Teen die einde van die verslaagjaar het 212 BEd- en 173 Nagraadse Onderwyssertifikaat- (NOS)-onderwysers afgestudeer. Met die toekenning van 151 honneurs-, 34 magister- en 17 PhD-grade in 2016 het nagraadse gradueringsfers ook konstant hoog gebly.

'n Aantal fakulteitswye ontwikkelings en vernuwing in uitnemende onderrig, leer en navorsing is gedurende die jaar ingestel of gekonsolideer. Die versoening van Opvoedkunde se programme met die nuwe Hoëronderyskwalifikasieraamwerk (HOKR) en die minimum vereistes vir onderwyskwalifikasies het byvoorbeeld die afgelope vyf jaar heelwat werk gevverg. Die Fakulteit het in 2016 final goedkeuring ontvang vir vier nuwe BEd-honneursprogramme, en voorlopige goedkeuring vir die BEd, NOS en die Gevorderde Diploma in Opvoedkunde (GDO). Hierdie nuwe programme behels 'n paar innoverende nuwe benaderings. Die BEd put byvoorbeeld uit die kenmerke van die gegradueerde (sien Glossarium, bladsy 145) van die Universiteit Stellenbosch (US); die honneursprogram sal van gemengde leer gebruik maak, en die GDO's sal as geakkrediteerde en gerigte kortkursusse aangebied word.

In 'n verdere poging om die Fakulteit se uitnemendheid te ondersteun, is nagraadse dae vir magister- en doktorale studente ingestel en alumnibetrekkings versterk.

Studente en personeellede van die Fakulteit is op verskillende maniere vir hulle uitstekende bydraes tot die onderwysgebied erken. Prof Eli Bitzer het 'n Kanselierstoekenning vir sy jare lange uitsonderlike rol in die akademieskap van opvoedkunde ontvang. Dr Nuraan Davids en proff Yusef Waghid en Elmarie Terblanche is met institusionele prys vereer as die navorsers wat volgens oudits in 2016 die grootste bydrae tot geakkrediteerde publikasies en/of doktorale onderrig in 2014 gelewer het. Die Fakulteit se Heinrich Grobbelaar, Michael le Cordeur, Doria Daniels, Karen Horn en Francois Cleophas het almal amptelike graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang, terwyl die prys vir nagraadse onderriguitnemendheid van die Sielkundige Vereniging van



## Fakulteit OPVOEDKUNDE

Prof Maureen Robinson, Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde

Suid-Afrika aan Ronelle Carolissen oorhandig is.

As toonbeeld van die Fakulteit se klem op uitnemendheid in alle opsigte is Suzanne Ferreira van die Departement Sportwetenskap as Matiesafriger van die jaar aangewys en as Suid-Afrikaanse afriger van die jaar benoem nadat die atlete wat sy vir die Olimpiese Spele in Rio afgerig het met agt medaljes teruggekeer het. Opvoedkunde het ook vier medaljewenners by die Paralimpiese Spele opgelever. Een van hulle, die honneurstudent Charl du Toit, is by die Suid-Afrikaanse sportsterprys as sportman van die jaar met 'n gestremdheid aangewys. Daarbenewens het die nuwe voorritter van die Fakulteit se studentekomitee, mnr Euwen Etson, en twee ander onderwysstudente deel uitgemaak van die Universiteit Stellenbosch Koor wat die heel eerste Varsity Sing-wedstryd gewen het.

## VERBREDING VAN TOEGANG

Buite dat dit die Fakulteit sy momentum van uitnemendheid help behou, dien bogenoemde nuwe gemengdeleerprogramme en kortkursusse terselfdertyd as 'n instrument om toegang te verbreed. Verdere gebruik van tegnologie in onderrig en leer ontvang ook steeds aandag om die Fakulteit se aanbod meer toeganklik te maak. So byvoorbeeld bevorder die Mobilex-projek onder leiding van dr Michele van der Merwe meertaligheid en toegang tot kennis deur studente op hulle selfone van vakkspesifieke terminologielyste in Engels, Afrikaans en isiXhosa te voorsien. Dié projek, wat binne die bestek van die US se nuwe Taalbeleid funksioneer, bied tot dusver woordelyste vir die onderrig van Geskiedenis, Geografie, Wiskunde, Wetenskap, Opvoedkundige Sielkunde en Kurrikulumstudie. Die projek word in samewerking met die Fakulteit Teologie bestuur en het onlangs 'n drie jaar lange toekenning van R1,5 miljoen van die Departement van Kuns en Kultuur ontvang.

Prof Yusef Waghid het baanbrekerswerk vir die US sowel as die vasteland gedoen deur die massiewe oop aanlyn kursus ("MOOC") *Teaching for change: An African philosophical approach* bekend te stel en aan te bied. Dit was nie net die Universiteit se eerste MOOC nie, maar ook die eerste sodanige kursus oor Afrika-onderwysfilosofie. Met meer as 2 500 registrasies het dit 'n groot aantal deelnemers toegang tot verder studie gebied.

Die Stellenbosch Universiteit Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) het op sy beurt steeds 'n toonaangewende rol vervul om toegang tot die Universiteit te verbreed, veral deur sy programme SciMathUS en Hope@Maties. Hierdie programme bied aanvullende onderrig aan leerders wat die potensiaal toon om die vereiste punte vir toegang tot tersiêre onderwys te behaal. Die afgelope jaar het 39 voormalige SciMathUS-studente en 38 voormalige Hope@Maties-studente aan die US gegradueer, van wie 19 nagraadse kwalifikasies ontvang het.

Verdere pogings om toegang tot opleiding en ontwikkeling te verbeter sluit in die vestiging van 'n Dekaansbeurs vir 'n finalejaaronderwysstudent met die potensiaal om 'n beduidende verskil as toekomstige opvoeder te maak, sowel as die aanbieding van die Studenteleierskap in Onderwyskonferensie, wat die Fakulteit saam met die US se Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling behartig het.

## BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Fakulteitspersoneel het verskeie artikels oor aktuele kwessies geskryf wat in die loop van die jaar in die openbare media verskyn het, veral op *The Conversation*, 'n aanlyn hulpbron wat duisende leser oor die hele wêreld bereik. Die publikasie van twee navorsingsbulletins en die omvattende navorsingsdocument *Reimagining Education* het die Fakulteit se navorsing verder in die openbare domein vrygestel. Gesamentlik het hierdie publikasies die Fakulteit se intellekturele reikwydte aansienlik vergroot en hom as 'n denkleier in die samelewing help vestig.

Daarbenewens is lede van die Fakulteit steeds baie aktief as lede van beleidsforums en redaksiekommisies, as gassprekers, as auteurs van boeke en tydskrifartikels, en as sameroepers van vakkundige geleenthede. 'n Voorbeeld hiervan is prof Aslam Fataar se bydrae as sameroeper van die vierde jaarkonferensie van die Suid-Afrikaanse Onderwysnavorsingsvereniging (SAERA), waar die Fakulteit as gasheer vir bykans 500 afgewaardigdes opgetree het.

Boonop het Sportwetenskapstudente se deelname aan die

impakryke Kinderkinetikaprogram 'n welkome hupstoot gekry toe die Duitse konsulaat 'n Toyota-minibus aan die program skenk om die studente as deel van hulle onderrig en leerervaring na verskeie gemeenskappe te vervoer. Die Kinderkinetikaprogram help kinders tot op 13-jarige ouderdom holisties ontwikkel deur spesifieke motoriese vaardighede te stimuleer, te remedieer en te bevorder.

## VOORUITSKOUING

Die Fakulteit Opvoedkunde sien daarna uit om in 2017 sy BEd-honneursprogram deur gemengde leer bekend te stel, sy al hoe wyer venootskapsnetwerk met skole verder uit te brei, en voort te gaan om sy onderrig en navorsing te gebruik om tot die vele onderwysverwante kwessies en gesprekke in die land by te dra.



**Paraspot Sportvrou en Sportman van die Jaar**

Onderwysstudente Anruné Liebenberg en Charl du Toit met hul afriger wat weer eens die toekenning vir Afriger van die jaar vir individuele sportsoorte ontvang het, dr Suzanne Ferreira (middel). By die Paralimpiese Spele in Rio het Anruné silwer vir die 400 m (T47) en Charl goud vir die 100 m én 400 m (T37) gewen.



In die strewe na sy oogmerk om wêreldklasdog sosiaal relevante navorsing en onderrig te bied, het die Fakulteit in 2016 voortgegaan om uitnemende regstudente in die belang vanregspleging en die land op te lei, en die regswetenskap deur relevante vakkundige uitsette van gehalte te bevorder.



## Fakulteit REGSGELEERDHEID

Prof Sonia Human, Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid

### BEHOUD VAN ONS UITNEMENDHEID

En van die grootste sterkpunte van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit Stellenbosch (US) is sy toegewyde en gemotiveerde personeelde, wat aan die voorpunt van hulle vakrigting bly. Hierdie uitnemendheid is in die verslagjaar weereens op 'n aantal maniere erken.

Prof Sandra Liebenberg, bekleer van die HF Oppenheimernavorsingsleerstoel in menseregte, is vir 'n termyn van drie jaar met ingang van Januarie 2017 in die Verenigde Nasies se Komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (CESCR) verkies, waar sy Afrikastate sal verteenwoordig. Proff Juanita Pienaar en Geo Quinot het Kanselierstoekennings vir onderskeidelik navorsing, en leer en onderrig ontvang. Die bestuurder van die Regshulpkliniek, Theo Broodryk, is as een van 13 jong US-navorsers vereer wat die meeste tot die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se geakkrediteerde wetenskaplike publikasies bygedra het. Boonop het proff Zsa-Zsa Boggenpoel en Henk Botha gedurende die jaar onderskeidelik 'n YI- en B3-gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang, terwyl twee personeelde, mee Mary Nel en Lize Mills, albei hulle doktorsgrade verwerf het. In 'n verdere stap om die kundigheidsbasis uit te bou is



Die wenspan van die 25ste Afrika-Menseregte-skynhofkompetisie sluit US se LLB-finalejaarstudent Mudzuli Rakhivane (derde van regs agter) en LLB-voorfinalejaarstudent Avuyile Gasela (heel regs) in. Saam met hulle op die foto is die Konstitusionelehoofgeter Raymond Zondo (heel links).

aangekondig dat die voormalige Openbare Beskermer, adv Thuli Madonsela, haar in 2018 as bekleer van 'n leerstoel in maatskaplike geregtigheid by die Fakulteit sal aansluit.

Wat die handhawing van voorgraadse studenteuitnemendheid betref, verseker die Fakulteit volop ruimte vir innoverende onderrigrakte, wat onder meer inligtings- en kommunikasietegnologie insluit. In die verslagjaar het die Fakulteit 152 LLB-grade toegeken. Daarbenewens, soos alle ander regsfakulteite in die land, het die US se Fakulteit Regsgeleerdheid 'n herakkreditasieproses voltooi van alle programme wat op die LLB-kwalifikasie uitloop om te verseker dat dit aan die Raad op Hoër Onderwys se nuwe standaard van 2015 voldoen. Dit het deeglike besinningoor moduleinhoud, assessoringsmetodes en leeruitkomste ingesluit. Die Fakulteit se studente het ook buite die klas uitgeblink. Twee LLB-studente het deel uitgemaak van die span wat as algehele widders van die 25ste Afrika-menseregteskynhofkompetisie by die Konstitusionele Hof aangewys is.

Op nagraadse vlak het die Fakulteit 60 magister- en sewe doktorsgrade, sowel as twee nagraadse diplomas toegeken. Tog bly dit uitdagend om die regte balans te vind tussen die LLM-klaswerkprogram, die twee nagraadse diplomas in onderskeidelik Belastingreg en Intellektuele Goederereg, en die LLM- en LLD-navorsingsprogram. Die gestruktureerde LLM-program is veral belangrik om internasionalisasie te bevorder; die nagraadse studentetal van spesifiek Afrika en China te verhoog, diversiteit uit te bou en die werk- en leermarkt te bedien. Daarom ontwikkel die Fakulteit 'n internasionale bemarkingstrategie, en samesprekings met moontlike oorsese universiteitsvennote is ook aan die gang.

Selfs voormalige studente van die Fakulteit het in die verslagjaar aanhou uitblink. Me Emily van Heerden, wat in 2015 afgestudeer het, het 'n Rhodes-beurs ontvang. Sy het dié prestasie toegeskryf aan haar opleiding aan die US se Fakulteit Regsgeleerdheid, wat "my lief gemaak het vir die reg, vir studeer en vir die strewe na geregtigheid deur uitnemendheid ... Ek gaan Oxford toe met volle vertroue in my vermoë om die akademiese druk daar te hanteer danksy die hoe standaard van regsgleerdheid by Stellenbosch". Op haar beurt is advokaat Rina Meyer, wat

haar LLB by Maties verwerf het, sedert November 2016 terug by haar alma mater as die US se nuwe ombud. Omdat Regsgeleerdheid betreklik klein is wat die personeel- en studentetal betref, het enige geringe verskuwing 'n buite verhouding groot impak op die Fakulteit se finansiële volhoubaarheid. Daarom is die Fakulteit besonder afhanklik van die derde (navorsing) en vierde (filantropiese skenkings) geldstroom. In hierdie verband is Regsgeleerdheid veral dankbaar teenoor sy lojale alumni vir hulle voortgesette ondersteuning van die Dekansfonds en die Regsfakulteittrust, wat as hoofbronne van die vierde geldstroom dien.

### VERBREDING VAN TOEGANG

Om personeel uit die aangewese groepes te werf hou sekere spesifieke uitdagings in, waaronder die klein groep beskikbare kandidate sowel as die koste-implikasies om die Fakulteit 'n finansiële aanloklike keuse te maak. Die Fakulteit hoop daarom dat die ontwikkeling van 'n sistemies volhoubare diensbillikhedsplan praktiese oplossings sal bied. Wat studentediversiteit betref, beteken die beperkte omvang van die Fakulteit – waarna reeds hierbo verwys is – ook dat die nierrezetrasie van net 'n paar nuwelingeesterjaars uit die aangewese groepes 'n beduidende uitwerking op die Fakulteit se inskrywingsteikens het. Boonop kan studentediversiteit nie afsonderlik van die Universiteit se begrotingsmodel beskou word nie. Kortom beteken dit dat die Fakulteit nie bloot nuwelinginskrywingsteikens behoort na te jaag nie, maar ook studentedeurvloei moet verseker. Vir dié doel word 'n verskuwing in strategie beoog om eerder finansiële steun te voorsien aan akademies sterk studente wat finansiële swaarkry, wat dus nie net op die toelating van diverse kandidate sal koncentreer nie, maar ook hulle akademiese sukses sal verseker.

### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die Fakulteit se Regshulpkliniek het steeds gratis regsdienste gelewer aan diegene wat dit nodig het, en terselfdertyd finalejaarstudente en leerlingklere praktiese ervaring gebied. Die kliniek skep ook 'n kultuur van verantwoordelike burgerskap deur werksessies oor



Venootskap vir die opleiding van personeel in die Kantoor van die Suid-Afrikaanse Openbare Beskermer Van links na regs staan APLU-direkteur prof Geo Quinot, adv Kevin Malunga (Adjunk-Openbare Beskermer van Suid-Afrika), me Benita Young (kantoer van die Openbare Beskermer), dr Holger Dix (hoof van die KAS-kantoer in Suid-Afrika) en mnr Tilman Feltes (ook van KAS).



Advokaat Thuli Madonsela, voormalige Openbare Beskermer, sal die leerstoel in maatskaplike geregtigheid vul.

uitsetting, skuldverligting en huishoudelike geweld aan te bied.

As een van sy bydraes tot wetenskap vir die samelewing het die Fakulteit se Eenheid vir Afrikaverkrygingsreg (APLU) – wat voorheen bekend was as die Eenheid vir Navorsing oor Openbareverkrygingsregulering in Afrika (APPRAU) – met opleidingsprogramme vir personeel van die kantoor van die Suid-Afrikaanse Openbare Beskermer begin. Dít maak deel uit van APLU se klemverskuwing van suiwer navorsing tot die verskaffing van opleidingsinitiatiewe en bystand aan beleidvormers om openbareverkrygingsreg te ontwerp. Die opleiding vir die kantoor van die Openbare Beskermer koncentreer op die tipiese kwessies wat personeel van die Openbare Beskermer sal ondersoek. Die initiatief behels 'n venootskap tussen APLU, die Openbare Beskermer van Suid-Afrika en die Konrad-Adenauer-Stiftung (KAS) in Suid-Afrika.

Die Fakulteit se professor Sandra Liebenberg het op haar beurt na vrouelearders van die hoërskole Kayamandi, Makupula en Luckhoff uitgereik met 'n besielende praatjie oor die diepliggende verband tussen armoede en geslagsongelykheid in Suid-Afrika. Sy het egter beklemtoon dat almal deur harde werk en toewyding bemagtig kan word en 'n rol kan vervul om die samelewing ten goede te verander. Sy het die studente ook aangemoedig om mentors te kry en hulle studie te voltooi.

### VOORUITSKOUING

Die Fakulteit is dankbaar vir sy volgehoue prestasie in die verslagjaar en is oorgehaal om in 2017 en daarna navorsingsinkomste verder te verhoog, magister- en doktorale studentedeursette te verbeter, en voorgraadse studentesukses te stabiliseer.

Die Fakulteit Teologie is een van net vier teologiefakulteite in die land, en die enigste suid van die Oranjerivier. Dit is boonop die naasoudste in Afrika en bied reeds sedert 1859 teologieopleiding van gehalte.

**D**it is die Fakulteit se streef om, met inagneming van sy Afrika-konteks en die belang van verskillende Christelike geloofstradisies, teologie te beoefen wat diens lewer aan die kerk, die wetenskap en die samelewing. Oor die afgelope jaar het Teologie dus sy werk voortgesit om akademiese uitnemendheid onder sy studente en personeellede te versterk, teologieopleiding vir 'n meer diverse groep studente toeganklik te maak, en by samelewingskwesties betrokke te raak.


#### BEHOUD VAN ONS MOMENTUM VAN AKADEMIESE UITNEMENDHEID

Alumni van die Fakulteit beklee van die voorste akademiese en kerklike poste oor die hele vasteland. Dit sluit byvoorbeeld die rektor van die Teologiese Universiteit van Zambië, dr Edwin Zulu, en die moderator van die Hervormde Kerk in Zimbabwe, dr Enos Chomutiri, in. Ook die Fakulteit se eie personeel beskik oor merkwaardige kundigheid: Prof Mary Anne Plaatjies-Van Huffel het byvoorbeeld tegelyk as moderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk en in die uitvoerende bestuur van die Wêreldraad van Kerke gedien. In 2016 is daar verder gewerk om hierdie uitnemendheid te handhaaf.

Met die hoogste persentasie gepromoveerde akademiese personeel aan die Universiteit Stellenbosch (US), lever die Fakulteit Teologie die grootste getal navorsinguitsette per personeellid. Die hoogste eerbewys vir teologiepublikasies in die land, die Andrew Murray-Desmond Tutu-prys, is in 2016 aan prof Elna Mouton en dr Len Hansen toegeken vir hulle versamelbundel *Living with Dignity*. Daarbenewens het dr Nadia Marais die internasionale Goodwin-prys vir haar navorsing oor die rol van geloofsbelidnis as 'n instrument vir teenstand teen ongeregtheid ontvang. Vier teologiepersoneellede het graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang of bestaande graderings verbeter, wat die NNS-gegradeerde persentasie van die Fakulteit nou op meer as 40% te staan bring.

In 2016 het die Fakulteit 124 kwalifikasies toegeken – 22 diplomas en sertifikate, 41 baccalaureusgrade, 41 magistergrade en 20 doktorsgrade.

Ter uitbreiding van uitnemendheid is die Eenheid vir



## Fakulteit TEOLOGIE

Prof Hendrik Bosman, Dekaan: Fakulteit Teologie

Genderstudies en -navorsing op die been gebring. Dié eenheid, wat met die ondersteuning van die Sweedse Kerk sowel as die Universiteit se Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie), prof Eugene Cloete, gestig is, sal belangrike dog afgeskeepte gendertemas in teologieverband ondersoek.

Die afgelope jaar was die Fakulteit 'n voorkeurbestemming vir toonaangewende internasionale vakkongresse, waarvoor personeellede die reëlings uitnemend behartig het. Die tweeaarlikse internasionale konferensie van Societas Homiletica, die vereniging vir dosente en navorsers van prediking en die homiletiek, het in Maart op Stellenbosch plaasgevind. In September was die Fakulteit die eerste Afrikagasheer van die Internasionale Organisasie vir Ou-Testamentiese Studie (IOSOT) se driejaarlikse konferensie, waarna die konsultasie van die Wêreldnetwerk vir Publieke Teologie in Oktober gevolg het.

#### VERBREDING VAN TOEGANG

Die Fakulteit het daarin geslaag om 'n hoogs diverse demografiese studenteprofiel te ontwikkel. Van die algehele studentetal van 559 was 197 bruin, 160 swart en 202 wit studente.

Hierdie goeie diversiteitsresultate ten spyte, is die Fakulteit voortdurend op soek na maniere om toegang verder te verbreed. In hierdie verband is 'n reëling met Hugenote Kollege op Wellington getref waarvolgens aansoekers wat nie aan die Fakulteit se toelatingsvereistes vir BTh- of BDiv-programme voldoen nie 'n sertifikaatprogram in teologie en bediening kan volg om hulle kans op toelating die daaropvolgende jaar te verbeter.

Die Mobilex-teologieprojek, waarvoor 'n selfoontoepassing ontwikkel is wat ongeveer 400 teologieterme in Afrikaans, Engels en isiXhosa vertaal en omskryf, het beduidende ondersteuning van die Departement Wetenskap en Tegnologie ontvang om ook ander Afrikatale by te voeg. Omdat die Fakulteit se nagraadse groep heelwat studente van elders op die vasteland insluit, sal die byvoeging van terminologie in tale soos Chewa en Swahili 'n stewige bydrae tot groter toegang en gevoller groter studentesukses lewer.

Teologie se uitdaging bly steeds om toegang vir benadeelde studente te verbeter. In hierdie verband het die IOSOT-konferensie waaroor hierbo verslag gedoen is 'n onverwagte hupstoot vir die US se Vlakte-beursfonds opgelewer. Weens die verswakking in die rand het die registrasiegeld, wat in euro betaal is, 'n hoër opbrengs gelewer as wat verwag is, en die reëlingskomitee het gevoller besluit om die oorskot van sowat R60 000 aan die Vlakte-beursfonds te skenk. Die Rektor en Visekanselier van die Universiteit, prof Wim de Villiers, het dié fonds in 2015 gestig as 'n vorm van regstelling en ontwikkeling vir nasate van diegene wat in die jare sestig en sewentig ingevolge apartheidswetgewing gedwing is om hulle woonbuurt Die Vlakte teenaan die Stellenbosse middedorp te verlaat. Tot vyf beurse per jaar word toegeken aan persone wat hetsy self in dié buurt gewoon het, of hulle kinders en kleinkinders, en bied finansiële ondersteuning vir studie in 'n voorgaarde of 'n eerste nagraadse program.

#### BEVORDERING VAN ONS SOSIALE IMPAK

Die Fakulteit het in die verslaajar ook sy betrokkenheid by die samelewing verder versterk. Benewens sy bestaande ooreenkoms met die Anglikaanse, Nederduitse Gereformeerde, Presbiteriaanse en Verenigde Gereformeerde kerke, is daar in 2016 ook 'n vennootskap met die Volkskerk van Afrika gesluit. Dié ooreenkoms sal merkwaardige netwerkvorming en sosiale impak in die groot samelewing moontlik maak.

Daarbenewens is die organisatoriese spilpunt van NetACT, 'n netwerk van meer as 40 teologiekolleges en

kweekskole oor die hele Afrika, in die Fakulteit geleë. Die afgelope jaar het NetACT-beampies van die Fakulteit na ander lede op die vasteland uitgereik, onder meer met besoeke aan een van die NetACT-stigterslede in Kenia, die Hervormde Instituut vir Teologieopleiding (RITT), sowel as die mees oostelike NetACT-instituut in Afrika, die Biskop Hannington-instituut vir Teologie op Mombasa-eiland.

Talle konferensies en werkssessies in fakulteitsverband het ook tersaaklike samelewingsvraagstukke aangeroer. Die implikasies van die Soweto-opstand van 1976 is byvoorbeeld in die Fakulteit se eerste Hector Pietersongedenklesing bespreek, waarna die kwessie van die dekolonisasie en afrikanisering van teologie later in die jaar aandag ontvang het.

#### VOORUITSKOUING

In 2017 en daarna sal die Fakulteit 'n produktiewe navorsingsomgewing handhaaf en sy leerplanne en onderrig aanhou vernuwe. Tog is geen reis na uitnemendheid volledig sonder 'n sterke klem op kontekstuele probleme eie aan Afrika nie. Finansiering is dus ontvang om samewerking met toonaangewende Afrika-universiteite te faciliteer en kwessies eie aan ons vasteland te hanter. Die Fakulteit sal aanhou streef na beter multidissiplinêre navorsing op die Universiteitskampus, maar ook in streeks- en vastelandsverband, om akademiese artikels en monografieë te lever wat afrikanisering en dekolonisasie verder aanmoedig.



Verbreding van toegang

Die diverse Teologiegroep van 2016 in ligte luim.



Fakulteit sluit vennootskap met Volkskerk van Afrika


Dr Donald Kaats (Volkskerk-moderator), prof Hendrik Bosman (Waarmende Dekaan) en prof Wim de Villiers (Rektor) met die ondertekening van die ooreenkoms tussen die Universiteit Stellenbosch en die Volkskerk van Afrika, die Fakulteit Teologie se vyfde kerklike vennoot.



## EREGRADE

Die Universiteit het in die verslagjaar ses eregrade toegeken – aan prof Jan Johannes du Plessis, drs Dirk Frederik Mudge, Franklin Abraham Sonn en Johan van Zyl in Desember 2016, en prof Victor Kofi Agawu en dr Monique Nsanzabaganwa in Maart 2017.


**Victor Kofi Agawu**, professor in musiekwetenskap en -teorie aan die Universiteit van Princeton en pas aangestelde buitengewone professor in die Departement Musiek van die Universiteit Stellenbosch, word vereer vir sy baanbrekende navorsing oor Afrika se musiek. Hy is bekend daarvoor dat sy navorsing vele tradisionele grense oorsteek en word as die goudstandaard vir vakkundigheid op dié gebied gesien. Sy indrukwekkende lys eerbewyse, waaronder die gesogte Dent-medalje getuig van die besondere agting waarmee die internasionale musiek- en akademiese wêreld hom bejēn. As een van die mees gerekende musiekwetenskaplikes wat Afrika nog opgelewer het, is hy die beliggaming van die soort vakkundiges wat die vasteland kan en moet oplewer.



**Jan Johannes du Plessis** word vereer vir sy volgehoudne innoverende bydraes tot die rekenaarwese en satelliettegnologie met 'n reeks tegnologie-eerstes waarmee hy talle ingenieursstudente geïnspireer het, die grondslag vir 'n vooruitstrewende tegnologie- en gerekende mikrosatellietbedryf in die land gelê het, en die Universiteit Stellenbosch én Suid-Afrika wêreldwyd aansien besorg het. As tegnologiepionier en innoveerdeerder van formaat het hy Suid-Afrika bekendgestel aan parallelieverwerker-rekenaars en groot rekenaargebruikersareas en die skep van 'n satellietvermoë vir die land. Sy jare lange toewyding tot vooruitgang en vernuwing het tegnologie aan die Universiteit én in Suid-Afrika op 'n snelle ontwikkelingstrajek geplaas. Sy loopbaan getuig van die innovasie en toekomsgerigtheid waarmee die Universiteit hom graag vereenselwig.




**Dirk Frederik Mudge** word vereer vir sy vernuigte dog beskeie leierskap in diens van sy land. Hy het hom as transformasieleier onderskei deur die destydse Suidwes-Afrika tot onafhanklikheid te help lei en wit en swart te versoen. Sy uitnemende veranderingsbestuursvermoëns het hom gehelp met sy aandeel in die skryf van die grondwet vir 'n onafhanklike Namibië en hy het verder sy land gedien as herskikte wetgewer op landbou-, finansies-, openbarewerke- en infrastruktuurontwikkelingsgebied. Hy het met besondere visie dog beskeie voetsool/lakleierskap sy land na vryheid help lei. Sy rol as vredestichter en skepper van hoop vir die vasteland verdien erkenning.



**Monique Nsanzabaganwa** word vereer vir haar rol in die ontwikkeling van vakkundig verantwoordbare ekonomiese beleid vir Rwanda, vir haar bydrae om wêreldklasstaatsinstellings te skep, en vir haar voorspraak vir vroue as kernrolspelers in die Afrika-ekonomiese. As minister in verskeie portefeuilles, voor sy Rwanda se ekonomiese ontwikkeling- en armoedeverligtingstrategie en eerste regulasieraamwerk vir mikrofinansiering aan, stig sy die Nasionale Instituut vir Statistiek, en lei 'n veldtog vir 'n meer gebalanseerde Rwandese ekonomie. As adjunkpresident van die Rwandese Nasionale Bank is sy met finansiële regulering en monetêre beleid gemoeid en dien sy ook op die Afrika-advisiesraad vir Women's World Banking en lei me Graça Machel se New Faces New Voices, wat Afrika-vroue groter finansiële invloed wil gee.



**Franklin Abraham Sonn**, meningsvormer, pedagoog, sakeman en openbare leier se vele prestasies sluit in sy voorsitterskap van die Nasionale Onderwys- en Opleidingsforum, sy termyn as kanselier van die Universiteit van die Vrystaat, SAUK direksielid, ondervorsitter van die Stedelike Stigting, die land se eerste swart ambassadeur in Amerika, voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) en ondervorsitter van die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel en Nywerheid. Hy beklee tans vyf direksieposte en dien as trustee van die Desmond Tutu-vredesrust. Sy uitsonderlike rol op soveel gebiede is al met 12 eredoktorsgrade, die Nasionale Orde van die Kremetart (Silwer) en die Wes-Kaapse Orde van die Disa bekroon. Die Universiteit Stellenbosch vereer hom as navolgenswaardige voorbeeld vir elke Matiestudent.



**Johan van Zyl**, Sanlam-groepbestuurshoof, het 'n verstommende korporatiewe ommekeer bewerkstellig tydens'n besonder uitdagende tyd vir Sanlam deur aan die ontluikende Afrikemark se behoeftes te voorsien. Sy gevierde loopbaan word gekenmerk deur sy rektorskap van die Universiteit van Pretoria op 40, 'n professorskap by Michigan-staatsuniversiteit, en Wêreldbankkonsultant voor hy by Sanlam in 2003 aansluit. Onder sy leierskap het die Sanlam-aandeleprys van R6 tot meer as R70 per aandeel, en die markwaarde van R14 miljard tot R170 miljard gegroeい. Die US vereer dr Johan van Zyl as 'n vaandeldraer vir sake met 'n sosiale gewete.

Mnr Riccardo Swanepoel, wat die graad BEng in Chemiese Ingenieurswese met lof behaal het, is die ontvanger van die Universiteit Stellenbosch se Kanseliersmedalje vir 2016 – die hoogste eerbewys wat die US aan 'n student kan betoon. Die Kanseliersmedalje word jaarliks aan 'n finalejaar- of nagraadse student toegeken vir uitmuntende akademiese prestasie.

## KANSELIERSMEDALJE

Prof Eugene Cloete, wat Swanepoel se commendatio by die gradeplegtigheid op 7 Desember voorgelees het, het gesê dat dit 'n "bykans onmoontlike taak is om aan 'n byna 100 jaar oue universiteit iets te bereik wat niemand anders nog vantevore reggekry het nie, maar vanjaar se ontvanger het wel". Hy het Swanepoel beskryf as 'n "besonder waardige ontvanger".

Swanepoel, 'n boorling van Port Elizabeth en oud-leerdeer van die Hoërskool Framesby, het geskiedenis gemaak aan die Universiteit Stellenbosch toe hy 100% vir sy finale projek in Ontwerp behaal – iets wat geen student nog kon regkry nie. Dit is dus geen wonder nie dat sy Ontwerpprojek as "straks die absolute hoogtepunt in voorgaarde prestasie" in die Fakulteit Ingenieurswese beskryf is.

Boonop het hy 93% vir sy finalejaarsprojek ontvang, die hoogste nog in die Fakulteit. Sy werk is van sulke uitstaande gehalte dat dit aangebied is vir publikasie in 'n spesiale uitgawe van die internasionale *Journal of Chemical Engineering Data*.

Swanepoel het sy BEng-graad met 'n gemiddeld van 94,1% behaal, slegs 0,9% laer as die hoogste persentasie wat nog in die program behaal is. Gedurende sy vier jaar aan die US het hy 42 van sy 44 modules met onderskeiding geslaag.

Maar Swanepoel het nie net in die klaskamer presteer nie. Hy was ook van 2013 tot 2015 redakteur van Eendrag Manskoshuis se koerant en stigter en bestuurder van die koshuis se taal- en vertalingskomitee. Dié begaafde Matie is egter nie net vlug van begrip nie, maar boonop vlugvoetig op die dansbaan ook: van 2008 tot 2011 het hy goue toekennings vir baldans (*ballroom dancing*) ontvang.

Swanepoel het die toekenning as 'n "enorme eer" beskryf en gesê dit het eers later behoorlik by hom ingesink toe mense hom op straat gelukwens met die prestasie. Hy skryf sy akademiese sukses toe aan "baie nagte sonder slaap" en deursettingsvermoë. Swanepoel sal sy magisterstudie in 2017 aan die US voortsit en hoop om dit later om te skakel in 'n PhD.



Die Universiteit Stellenbosch se Kanselierstoekennings vereer van die voorste akademici aan die instelling vir hulle volgehoue bydraes tot uitnemendheid op die gebied van navorsing, leer en onderrig, en sosiale impak.

## KANSELIERSTOEKENNINGS

**PROF ANTON BASSON** het drie termyne gedien as voorstitter van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, en het in 2012 Visedekaan geword waar hy 'n perfekte punt vir die Fakulteit se Blng-program vir ECSAakkreditasie verseker het. Hy is 'n gerealiseerde lid van ECSA-akkreditasiespanne en 'n produktiewe outeur wat sowat 25 tydskrifartikels en 45 konferensiereferate die lig laat sien het. Hy is onder meer as die Fakulteit se dosent van die jaar aangewys en is met 'n Rektorstoekening vir uitnemende onderrig beloon.

**PROF ELI BITZER**, direkteur van die Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys, het 'n beduidende bydra tot vermoëbou in die hoëronderrysgemeenskap, gehalteversekering van hoëronderrysprogramme, en die akademieskap van die hoër onderwys gelewer en is hy as rigtinggewer in die tersiêre sektor gevestig. Hy het reeds meer as 100 publikasie-uitsette gelewer, en is al met die SAARDHE se Johann Pauw-gedenkprys én 'n prys van die Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse studie as een van die Universiteit se 50 produktiefste outeurs bekroon.

**PROF LEON DICKS**, uitgelese professor in mikrobiologie, se navorsing het gelei tot die unieke probiotikum entiro™, wat Cipla Medpro in 2005 kommersiel vrygestel het en sy werk is al in 65 lande gepatenteer. Sy navorsing het aan hom wêrelderkenning en etlike prysse besorg waaronder 'n silwer medalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie, die TWV Kambuleprys van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologie forum/BHP Billiton én die Havengaprys vir Lewenswetenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

**PROF RONEL DU PREEZ**, Visedekaan in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW), het vir uitsonderlike innovasies tot voordeel van EBW én die Universiteit in die algemeen gesorg. Hierdie innovasies behels onder andere die vier jaar lange BCom (Internasionale Besigheid), die OPTIMUS-program vir kokurrikulêre ontwikkeling, en die Dekaanslys. Haar strewe na die vernuwendende gebruik van IKT in onderrig en leer, het onder meer uitgeloop op die ontwerp van die Studenteambassadeursprogram, wat voornemende studente via sosiale media met huidige Maties verbind.

**PROF RUFUS GOUWS** het aan Afrika-leksikografie sy wetenskaplike onderbou gegee. Hy is die hoofredakteur van die HAT en tweetalige *Prisma Groot Woordenboek Afrikaans en Nederlands*, en het 107 artikels, 68 hoofstukke in vakkundige publikasies en het 17 boeke in Afrikaans,

Engels en Duits die lig laat sien. Sy omvangryke bydraes tot die leksikografie blyk duidelik uit sy toekennings waaronder die CJ Langenhovenprys vir Taalwetenskap, die Elisabeth Eybers-beurs, 'n prys van die Linguistevereniging van Suider-Afrika, 'n toekenning van die Vilhelm Kann Rasmussen-stigting en erelidmaatskap van die Afrikavereniging vir Leksikografie pryk.

**PROF BERT KLUMPERMAN**, bekleer van die navorsingsleerstoel in gevorderde makromolekulêre argitektuur, word as 'n wêreldleier op die gebied van vryeradikaalpolimerisasie beskou. Hy is een van slegs drie A-gegradeerde chemici in Suid-Afrika, word gereeld genoem as spreker by internasionale konferensies en is die redakteur van internasionale vaktydskrifte. Sy wetenskaplike bydraes is al met 'n goue medalje van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut, die Sasol-prys vir Innoveerde van die Jaar en die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum se prys vir lewenslange bydraes bekroon.

**MNR EBEN MOUTON**, Direkteur: Besigheidsbestuur in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), se uitnemende bydraes strek oor gebiede soos strategiese plannering, finansiële bestuur en menslikehulpbronontwikkeling. Hy het onder meer 'n fakulteitsbestuurdersforum vir die US help stig, is deur die Nasionale Dekaanskomitee aangestel as lid van 'n ondersoekspan, het 'n bestuursleierskapsprogram vir senior akademici ontwikkel, en het die klas gegee in algemene bestuur vir nagraadse diplomastudente. Sy omvangryke impak op ál die US se kernfunksies is sedert 2011 jaarliks met Rektorstoekennings bekroon.

**PROF JUANITA PIENAAR** van die Fakulteit Regsgeleerdheid is 'n internasionaal gerekende navorser en die voorste Suid-Afrikaanse kenner van grondhervormingsreg. Met 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) het sy onder meer 145 artikels, 13 boekhoofstukke, 'n monografie, 'n ensiklopedie, drie bronnewerke en twee handboeke opgelewer. Sy was 'n lid van die Regskommissie se advieskomitee oor grondwetgewing én waarnemende regter in die Grondisehof, en haar lidmaatskap van die NNS se deskundige regspanne getuig van haar aansien as hoog aangeskrewe vakkundige.

**PROF GEO QUINOT**, Visedekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, is 'n leier in Suid-Afrikaanse regsonderrig. Hy het 'n omvattende skryfstrategie aangevoer wat as die beduidendste onderriginnovasie in die geskiedenis van die Regsfakulteit beskou word. As ontwikkelaar van 'n Suid-

Afrikaanse regspedagogie was hy onlangs ook deel van 'n nasionale genootskapsprogram. Sy bydrae tot innoverende regsonderrigmodelle is al wyd erken, soos met die Raad op Hoër Onderwys/Suider-Afrikaanse Vereniging vir Leer en Onderrig in die Hoër Onderwys (HELTASA) se prys vir nasionale uitnemendheid in onderrig en leer.

**PROF MICHAEL SAMWAYS** van die Departement Bewaringsekologie en Entomologie word as 'n internasionale kenner van biodiversiteit sowel as die wêreld se produktiefste navorser oor insekbewaring beskou met meer as 320 artikels, 57 boekhoofstukke en 15 boeke uit sy pen. Hierdie A-gegradeerde navorser se bydraes het hom reeds 'n erkenning van uitnemendheid van die Wêreldbewaringsunie se Spesie-oorlewingskommissie, sowel as 'n goue medalje vir prestasie in die natuurwetenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns besorg.

**DR THERINA THERON**, Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, was 'n kernspeler in die vestiging van 'n doeltreffende ondersteuningsplatform vir navorsing en innovasie aan die US. Sy was betrokke by hoëvlakbeplanning en beleidsformulering vir US-navorsing, onder meer die skryf en inwerkingstelling van die US-beleide oor navorsingsetiek en -kontrakbestuur, plagraat en belangebotsings. Onder haar leiding word voorstelle vir navorsingsfinansiering op institusionele, nasionale en wêreldvlak gefasiliteer en alle navorsingskontrakbestuur gemoniteer. As lid van die Internasionale Akkreditasiekomitee werk sy mee tot vermoëbou vir navorsingsbestuurders in die Suider-Afrikastreek.

**PROF SERVAAS VAN DER BERG** is 'n ekonomieseprofessor en bekleer van die SARChl-navorsingsleerstoel in die ekonomie van sosiale beleid. Hy was ten nouste betrokke by gesprekke oor ekonomiese beleid gedurende die politieke oorgang in die land, en bly 'n invloedryke deelnemer. Die wêrelddatabasis RePEc, wat die navorsing van meer as 48 000 ekonne wêreldwyd ontleed, plaas hom boaan die lys van Suid-Afrikaanse ekonne wat plaaslik werk. Hy is die eerste Afrikaan wat met 'n genootskap van die Internasionale Akademie van Onderwys (IAE) vereer is.

**PROF ANTON VAN NIEKERK**, direkteur van die Sentrum vir Toegepaste Etiel, was 'n baanbreker in die vestiging van toegepaste etiel as 'n selfstandige navorsingsgebied in Suid-Afrika. Hy is 'n internasionale kenner van biomediese etiel en het al uitvoerig oor etiekwessies in verband met MIV, voortplantingsregte, pasiënt-outonomie, ingeligte toestemming en tegnologie vir die verbetering van die menslike genoom gepubliseer. Op die kruispunt tussen morele filosofie en praktiese besluitneming het sy navorsing beduidende sosiale impak en het dit plaaslike én internasionale maatskaplike beleid beïnvloed.





## Finansiële **VERSLAG**

UNIVERSITEITSRAAD SE VERANTWOORDELIKHEID VIR FINANSIEËLE VERSLAGDOENING	104
ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG AAN DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	105
REKENINGKUNDIGE BELEID	108
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIEËLE POSISIE	114
GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT	115
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	116
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN FONDSE	117
GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIE	118
AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIEËLE JAARSTATE	119

## Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir FINANSIEËLE VERSLAGDOENING

Die Universiteitsraad aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betrouwbaarheid van die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch. Die verantwoordelikheid vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële jaarstate is aan die bestuur gedelegeer.

Die Raad is van mening dat die Universiteit Stellenbosch, insluitende die filiale, geassosieerde maatskappye en trusts wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, as lopende saak bedryf word, en die gekonsolideerde finansiële jaarstate is gevvolglik op hierdie grondslag voorberei.

Die eksterne ouditeur is daarvoor verantwoordelik om op grond van sy audit 'n onafhanklike mening oor die redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek. Hy het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitende die notules van vergaderings van die Raad en alle Raadskomitees, gehad.

Die Oudit- en Risikokomitee het bevestig dat daar voldoende interne finansiële beheerstelsels bestaan en dat daar gedurende die jaar geen wesenlike gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels was nie.

Die Raad is tevreden dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële posisie, die resultate van bedrywighede, veranderings in fondse en kontantvloeい redelik weergee in ooreenstemming met die toepaslike rekeningkundige beleide wat op *International Financial Reporting Standards* (IFRS) gegronde word.

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesenlike feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op bladsy 108 tot 144 is deur die Raad goedgekeur en onderteken deur:

Mr GM Steyn

Voorsitter van die Universiteitsraad

Prof L van Huysteen

Bedryfshoof

Prof DP du Plessis

Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee

8 Mei 2017

## Onafhanklike ouditeursverslag aan die Raad van die UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

### VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIEËLE STATE MENING

Ons het die gekonsolideerde finansiële state van die Universiteit Stellenbosch, soos uiteengesit op bladsye 108 tot 144, geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2016, en die gekonsolideerde inkomstestaat, state van omvattende inkomste, veranderings in fondse en kontantvloeい vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide en ander verduidelikende inligting.

Na ons mening is die gekonsolideerde finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële stand van die Universiteit Stellenbosch soos op 31 Desember 2016, en die gekonsolideerde finansiële prestasie en gekonsolideerde kontantvloeい vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomsdig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, wet nr. 101 van 1997.

### GRONDSLAG VIR MENING

Ons het ons audit ooreenkomsdig *International Standards on Auditing* ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standarde word verder beskryf in die Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state-afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die Universiteit in ooreenstemming met die *International Ethics Standards Board for Accountants' Code of Ethics for Professional Accountants* (IESBA kode) en ooreenkomsdig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomsdig die vereistes en die IESBA kode vervul.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

### VERANTWOORDELIGHED VAN DIE RAAD

Die Raad is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële state ooreenkomsdig *International Financial Reporting Standards* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die Raad nodig ag vir die opstel van gekonsolideerde finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die gekonsolideerde finansiële state is die Raad daarvoor verantwoordelik om die Universiteit Stellenbosch se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik

aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die Raad beplan om die Universiteit te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

### OUDITEUR SE VERANTWOORDELIGHED VIR DIE OUDIT VAN DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIEËLE STATE

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomsdig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie gekonsolideerde finansiële state geneem word sal beïnvloed.

'n Verdere beskrywing van ons verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state is ingesluit in die bylaag tot die ouditverslag.

### VERSLAG OOR DIE OUDIT VAN DIE JAARLIKSE PRESTASIEVERSLAG

#### INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikhede om verslag te lever oor wesenlike bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag. Ons het prosedures uitgevoer om bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie.

Ons prosedures spreek die gerapporteerde prestasie inligting aan, wat gebaseer moet wees op die goedgekeurde prestasie beplanningsdokumente van die Universiteit. Ons het nie die volledigheid en toepaslikheid van die prestasie doelwitte in die beplanningsdokumente oorweeg nie. Ons prosedures het ook nie die openbaarmakings of stellings wat verband hou met beplande prestasie strategie en inligting vir toekomstige periodes wat ingesluit mag wees in die gerapporteerde prestasie inligting gedeck nie. Ons bevindinge dek dus nie hierdie aangeleenthede nie.

Ons het die betroubaarheid beoordeel van die gerapporteerde prestasie inligting vir die volgende geselekteerde doelwitte soos vervat in die jaarverslag van die Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2016:

Doelwitte	Bladsy in die jaarverslag
Doelwit 1 – om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal	33
Doelwit 2 – om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars inskrywingsgetalle doelwit te behaal	33
Doelwit 3 – om die goedgekeurde gegradsueerde sukseskoers doelwit te behaal	33
Doelwit 4 – om die goedgekeurde navorsingsuitsette per onderrig- en navorsingspersoneel doelwit te bereik	34

Ons het die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting beoordeel om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig is.

Ons het nie enige wesenlike bevindinge oor die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie inligting om te rapporteer vir die volgende doelwitte nie:

- om die goedgekeurde koptelling inskrywingsgetalle doelwit te behaal;
- om die goedgekeurde voorgraadse nuweling-eerstejaars doelwit te behaal;
- om die goedgekeurde gegradsueerde sukseskoers doelwit te behaal; en
- om die goedgekeurde navorsingsuitsette per onderrig- en navorsingspersoneel doelwit te bereik.

#### BEHALING VAN BEPLANEDE TEIKENS

Verwys na die jaarverslag op bladsye 33 en 34 vir inligting oor die behaling van beplande teikens vir die jaar.

#### VERSLAG OOR OUDIT VAN NAKOMING VAN WETGEWING

##### INLEIDING EN OMVANG

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika (Wet No. 25 van 2004) en die gepaardgaande algemene kennisgewing, het ons 'n verantwoordelikheid om verslag te lever oor wesenlike bevindinge oor die nakomings van die Universiteit met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing. Ons het procedures uitgevoer ten einde bevindinge te identifiseer maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie. Ons het nie enige gevalle van wesenlike nie-nakoming met spesifieke aangeleenthede met betrekking tot sleutel wetgewing, soos uiteengesit in die algemene kennisgewing uitgereik in terme van die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, geïdentifiseer nie.

##### ANDER INLIGTING

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting ingesluit in die jaarverslag anders

as die finansiële jaarstate en die Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening ingesluit in die finansiële jaarstate. Ander inligting sluit nie die gekonsolideerde finansiële state, ons ouditeursverslag daaroor en die geselekteerde doelwitte ingesluit in die jaarverslag waarop ons spesifiek rapporteer in die auditverslag in nie.

Ons mening oor die gekonsolideerde finansiële state en ons bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting en nakomings van wetgewing dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen auditopinie of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons audit van die gekonsolideerde finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die gekonsolideerde finansiële state of kennis verkry gedurende die audit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het voor die datum van hierdie auditverslag tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niets om in hierdie verband te rapporteer nie.

#### INTERNE BEHEER

Ons het die relevante interne beheer in ag geneem tydens ons audit van die gekonsolideerde finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting en nakomings van wetgewing. Ons doelwit is egter nie om enige vorm van gerusstelling daaroor uit te spreek nie. Ons het nie enige wesenlike gebreke in interne beheer geïdentifiseer wat ingesluit moet word in hierdie verslag nie.

#### ANDER VERSLAE

Ons vestig u aandag op die volgende aanstellings deur verskeie partye uitgevoer wat 'n impak het, of mag hê op die aangeleenthede wat in die Universiteit se finansiële state, gerapporteerde prestasie inligting, nakomings tot relevante wetgewing en ander aangeleenthede gerapporteer word. Hierdie verslae vorm nie deel van ons mening oor die finansiële state of ons bevindinge oor die gerapporteerde prestasie inligting of nakomings van wetgewing nie.

22 Ooreengekome prosedure verslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2016 deur ons uitgereik wat handel oor befondsing vanaf verskeie donateurs en Departement van Hoër Onderwys en Opleiding befondsing. Hierdie verslae het periodes gedek wat strek van 1 Januarie 2013 tot 19 Augustus 2016.

17 Donateur befondsing auditverslae en nie-audit gerusstellingverslae is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 2016 deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 Januarie 2014 tot 15 September 2016.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.  
Direkteur: D Adriaans  
Geregistreerde Ouditeur  
Stellenbosch  
31 Mei 2017

## Bylaag – OUDITEUR SE VERANTWOORDELICHHEDE VIR DIE OUDIT

A s deel van 'n audit ooreenkomsig die ISAs oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisme deurlopend deur die audit van die gekonsolideerde finansiële state en die prosedures wat uitgeoefen is op die gerapporteerde prestasie inligting vir geselekteerde doelwitte en die Universiteit se nakomings met die geselekteerde onderwerpe.

#### FINANSIEËLE STATE

Tesame met ons verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde finansiële state soos omskryf in die auditverslag, doen ons ook die volgende:

- identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde finansiële state, hetby weens bedrog of foute, ontwerp en voer auditprosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmenging te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, valsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die Universiteit se interne beheer nie.
- evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die Raad gemaak is.
- kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die Raad se gebruik van die lopende-sak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op auditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan

oor die Universiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die gekonsolideerde finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op auditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die Universiteit ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.

- evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die gekonsolideerde finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die gekonsolideerde finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.
- verkry voldoende toepaslike auditbewyse in verband met die finansiële inligting van die entiteite of besigheidsaktiwiteite binne die groep om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons is verantwoordelik vir die leiding, toesig en uitvoering van die groepsoudit. Ons bly uitsluitlik verantwoordelik vir ons auditmening.

#### KOMMUNIKASIE MET DIEGENE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR BESTUUR

Ons kommunikeer met die Raad oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons audit identifiseer.

Ons bevestig ook aan die Raad dat ons voldoen aan die relevante etiese vereistes wat verband hou met onafhanklikheid en kommunikeer alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelik geag kan word om 'n impak op ons onafhanklikheid te hê en waar van toepassing toepaslike maatreëls.

# Rekenkundige BELEID

Die rekenkundige beleide wat by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas word, word hieronder uiteengesit. Die beleide word konsekwent toegepas vir alle tydperke wat in hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate gedek word.

## 1. VOORBEREIDINGSGRONDSLAK

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch word in ooreenstemming met *International Financial Reporting Standards (IFRS)* opgestel. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word op die historiesekostegrondslag opgestel, soos deur die herwaardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop, skenkings en beleggingseiendom gewysig. Daar word by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRS op 'n aantal kritiekrekenkundige ramings gesteun. Die bestuur moet by die toepassing van die Universiteit se rekenkundige beleide sy diskresie gebruik. Gevalle wat 'n hoë mate van diskresie verg, en gebiede wat beduidende veronderstellingen en ramings vereis, word in aantekening l by die gekonsolideerde finansiële jaarstate bespreek.

### STANDPUNTE, VERTOLKINGS EN WYSIGINGS VAN GEOPUBLIEERDE STANDPUNTE WAT GEDURENDE DIE JAAR DIE EERSTE KEER TOEGEPAS IS

Sekere nuwe standpunte, wysigings en vertolkings is gepubliseer ten opsigte van bestaande standpunte wat verpligtend geraak het vir die finansiële jaar wat op 1 Januarie 2016 begin het, en wat die Universiteit die eerste keer toegepas het. Die toepassing van onderstaande het nie 'n wesenlike impak op die gekonsolideerde finansiële jaarstate gehad nie. Die standpuntwysigings en -vertolkings is soos volg:

Wysigings aan IFRS 10	'Consolidated financial statements' and IAS 28, 'Investments in associates and joint ventures' on applying the consolidation exemption
Wysiging aan IFRS 11	'Joint arrangements' on acquisition of an interest in a joint operation
Wysigings aan IAS 1	'Presentation of financial statements' disclosure initiative
Wysiging aan IAS 16	'Property, plant and equipment' and IAS 38, 'Intangible assets', on depreciation and amortisation
Wysigings aan IAS 16	'Property, plant and equipment' and IAS 41, 'Agriculture' on bearer plants
Wysigings aan IAS 27	'Separate financial statements' on equity accounting
Wysiging aan IFRS 5	'Non-current assets held for sale and discontinued operations'
Wysigings aan IFRS 7	'Financial instruments: Disclosures'
Wysiging aan IAS 19	'Employee benefits'
Wysiging aan IAS 34	'Interim financial reporting'
IFRS 14	'Regulatory deferral accounts'

### STANDPUNTE EN WYSIGINGS AAN BESTAANDE STANDPUNTE WAT NOG NIE EFFEKTIEF IS NIE

Sekere nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is gepubliseer wat verpligtend is vir rekenkundige tydperke wat op of na 1 Januarie 2017 of later begin, en wat die Universiteit nog nie toegepas het nie. Die Universiteit sal hierdie wysigings in die toepaslike tydperk toepas, indien van toepassing. Die nuwe standpunte en wysigings aan bestaande standpunte is soos volg:

Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat die gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan affekteer	
IFRS 9	'Financial instruments' (2009 & 2010), on financial liabilities, derecognition of financial instruments, financial assets and general hedge accounting (effektief 1 Januarie 2018)
IFRS 15 en wysiging aan IFRS 15	'Revenue from contracts with customers' (effektief 1 Januarie 2018)

IFRS 15 is 'n enkele, omvattende inkomste-erkenningsmodel vir alle kontrakte met kliënte om te lei tot groter konsekwentheid ten opsigte van die erkenning van en openbaarmaking van inkomste. Inkomste word erken op grond van die vervulling van prestasierverpligte wat plaasvind wanneer beheer oor goedere of dienste oorgedra word na 'n kliënt.
IFRS 16 'Leases' (effektief 1 Januarie 2019)

Die nuwe standpunt adresseer die definisie van 'n huur, die erkenning en meting van hure en lē beginsels neer vir die rapportering van nuttige inligting vir gebruikers van finansiële state oor die huur aktiwiteite van beide huurders en verhuurders. 'n Sleutel verandering is dat die meeste bedryfshure op die staat van finansiële posisie erken sal moet word. Die bestuur is tans in proses om die impak van die nuwe standpunte en wysigings te ondersoek, maar daar sal nie 'n wesenlike effek op die Universiteit se gekonsolideerde finansiële jaarstate in die volgende jaar wees nie.

## Standpunte en wysigings aan bestaande standpunte wat nie 'n wesenlike impak op die gekonsolideerde finansiële jaarstate het nie

Wysigings aan IFRS 10	'Consolidated financial statements' and IAS 28, 'Investments in associates and joint ventures' (effektiewe datum uitgestel)
Wysiging aan IAS 12	'Income taxes' (effektief 1 Januarie 2017)
Wysiging aan IAS 7	'Cash flow statements' (effektief 1 Januarie 2017)
Wysigings aan IFRS 2	'Share-based payments' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysiging aan IFRS 9	'Financial instruments' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 4	'Insurance contracts' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IAS 40	'Investment property' (effektief 1 Januarie 2018)
IFRIC 22	'Foreign currency transactions and advance consideration' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 1	'First-time adoption of IFRS' (effektief 1 Januarie 2018)
Wysigings aan IFRS 12	'Disclosure of interests in other entities' (effektief 1 Januarie 2017)
Wysigings aan IAS 28	'Investments in associates and joint ventures' (effektief 1 Januarie 2018)

## 2. KONSOLIDASIEGRONDSLAK

### FILIALE

Alle entiteite waarin die Universiteit direk of indirek 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou, of ten opsigte waarvan hy andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die werkzaamhede uit te oefen, word by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit. Die aankoopmetode word vir die teboekstelling van die verkryging van filiale gebruik. Die koste van 'n verkryging word as die billike waarde van bates oorgedra en laste aanvaar soos op die transaksiedatum, insluitende enige transaksiekoste, gemeet. Identifiseerbare bates in 'n besigheidskombinasie verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede aanvaar word aanvanklik teen billike waarde gemeet.

Die verskil tussen die koste van verkryging en die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates word as klandisiewaarde verantwoord. Die resultate van filiale wat gedurende die jaar aangekoop is, word ingesluit vanaf die datum waarop effektiewe beheer verkry is. Konsolidasie word gestaak vanaf die datum waarop effektiewe beheer eindig.

Die Universiteit erken enige niebeherende belang in die filiaal op 'n verkryging-tot-verkryging grondslag teen die billike waarde of teen die niebeherende belang se proporsionele aandeel van die identifiseerbare netto bates van die filiaal.

Tussengroeptansaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy filiale word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedelingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekenkundige beleide van filiale word, waar nodig, tydens konsolidasie aangepas.

invloed daarop te kan uitoeft. Die resultate van geassosieerde maatskappye word deur middel van die ekwiteitsmetode verantwoord. Die ekwiteitsmetode behels die erkenning van die Universiteit en sy filiale se belang in die naverkrygingswins en -verlies van geassosieerde maatskappye in die gekonsolideerde inkomstestaat en die naverkrygusbewegings in reserwes in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste.

Die kumulatiewe naverkrygusbewegings word teen die drabedrag van die belegging in die geassosieerde maatskappy aangepas. Die erkenning van die Universiteit en sy filiale se aandeel in verliese van geassosieerde maatskappye word tot die belang in die geassosieerde maatskappy beperk. Bykomende verliese word net erken in die mate waarin die Universiteit en sy filiale die skuld van die geassosieerde maatskappy gewaarborg het.

Tussengroeptansaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy geassosieerde maatskappye word na gelang van die Universiteit se belang in die geassosieerde maatskappy uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedelingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekenkundige beleide van geassosieerde maatskappye word, waar nodig, by die toepassing van die ekwiteitsmetode aangepas.

## 3. BUITELANDSE VALUTA

### FUNKSIONELE EN AANBIEDINGSGELDEENHEID

Items wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die Universiteit bedrywig is (die funksionale geldeenheid). Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse rand aangebied, wat die Universiteit se funksionale en aanbiedingsgeldeenheid is.

## TRANSAKSIES EN SALDO'S

Valutatransaksies word verantwoord teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geld. Wins en verlies wat by die vereffening van sodanige transaksies ontstaan en die omskakeling van monetêre bates en laste wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Laasgenoemde saldo's word teen jaareindwisselkoerse omgeskakel.

## 4. EIENDOM, BOEKЕ EN TOERUSTING

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit erwе, lesingslokale, laboratoriums, koshuise en administratiewe geboue. Grond en geboue word teen historiese koste minus opgehopte waardevermindering getoon, met uitsluiting van skenkings van grond en geboue wat soos op die datum van die skenking deur professionele waardeerders teen billike waarde gewaardeer word. Die Universiteit het die vrystelling van IFRS 1 toegepas om die markwaarde van geboue soos op die datum van omskakeling (1 Januarie 2004) as kosprys te ag.

Historiese koste sluit direkte koste met betrekking tot die verkryging van die item in. Naverkrygingskoste word net by die oorspronklike kosprys getel, of as 'n afsonderlike bate erken, indien die vloeи van bykomende toekomstige ekonomiese voordele uit die item na die Universiteit waarskynlik is en die koste betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Boeke en toerusting word teen kosprys getoon, met uitsluiting van skenkings van boeke en toerusting wat soos op die datum van die skenking teen billike waardes deur gesware waardeerders gewaardeer word.

Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek.

Geen waardevermindering word ten opsigte van grond erken nie, omdat dit 'n onbeperkte leeftyd het. Die waardevermindering van ander bates word volgens die reguitlynmetode bereken om die koste of herwaardeerde bedrae oor die nutsduur van die bates tot die reswaardes af te skryf.

Reswaardes en waardeverminderingskoerse is soos volg:

	Reswaarde 2016 %	Waardevermindering 2016 %	Reswaarde 2015 %	Waardevermindering 2015 %
Grond	100	-	100	-
Geboue	-	1,3-20,0	-	1,3-20,0
Rekenaartoerusting	-	33,3	-	33,3
Ander	0-40	5-25	0-40	5-25
Biblioteekboeke	-	100	-	100

Die nutsdure van eiendom, boeke en toerusting word jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas.

Indien die drabedrag van 'n bate groter as die realiseerbare waarde daarvan is, word dit na die realiseerbare waarde afgeskryf.

Wins en verlies by die verkoop van bates word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken en verteenwoordig die verskil tussen die opbrengs en die drabedrag soos op die datum van die verkoop.

## 5. ONTASBARE BATES

Aangekoopte rekenaarsagtewarelisensies word gekapitaliseer teen die koste aangegaan om die spesifieke sagteware te verkry en in gebruik te neem. Hierdie koste word oor die verwagte nutsduur van die sagteware gemaartiseer. Die sagteware wat aan die jaareinde binne hierdie kategorie val, se verwagte nutsduur is 10 jaar. Naverkrygingskoste wat vir die instandhouding van rekenaarsagteware aangegaan word, word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word. Ontasbare bates sluit rekenaarsagtewarelisensies en klandisiewaarde in.

## 6. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Finansiële instrumente sluit in kontant en

kontantekwivalente, afgeleide instrumente, beleggings, debiteure en lenings, handels- en ander krediteure en lenings. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken. Die konvensionele koop en verkoop van finansiële bates word soos op die verhandelingsdatum erken.

Die Universiteit klassifiseer finansiële bates volgens die volgende kategorieë: debiteure en lenings; beleggings beskikbaar vir verkoop en finansiële instrumente teen billike waarde gedra, met aanpassings deur wins en verlies in die gekonsolideerde inkomstestaat. Die Universiteit klassifiseer finansiële laste volgens die volgende kategorieë: handels- en ander krediteure en rentedraende lenings. Die klassifikasie word bepaal deur die doel waarvoor die bate of las verkry is. Die bestuur bepaal die klassifikasie by aanvanklike erkenning.

## DEBITEURE EN LENINGS

Debiteure en lenings is nieafgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare terugbetalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Debiture en lenings word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Indien die bedrae eers ná 12 maande vanaf die jaareinde betaalbaar is, word dit by niebedryfsbates ingesluit, andersins by bedryfsbates.

Debiture en lenings word teen die gemaartiseerde

koste getoon deur van die effektieverentekoers-metode gebruik te maak, en ná toelating vir kredietverliese ten opsigte van die uitstaande bedrag. 'n Toelaag vir kredietverliese word geskep indien daar objektiewe bewyse bestaan dat uitstaande bedrae nie volgens die oorspronklike bepalings ingevorder sal word nie. Die bedrag van die toelaag is die verskil tussen die drabedrag en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van die verwagte kontantvloei, verdiskonter teen die effektiewe rentekoers, verteenwoordig.

Beduidende finansiële probleme en die wanbetalings van uitstaande skuld word as aanwysers van waardedaling beskou. Die drabedrag van die bate word verminder deur van 'n voorsieningsrekening gebruik te maak. Die bedrag van die waardedaling word in die gekonsolideerde inkomstestaat as 'n bedryfsuitgawe erken. Wanneer die debiteur of lening oninvoerbaar is, word dit teen die voorsieningsrekening afgeskryf. Die latere verhaling van enige bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes op die gekonsolideerde inkomstestaat gekrediteer.

Handels- en ander debiteure, behalwe valutatermykontrakte, word as debiteure en lenings geklassifiseer.

Kontant en kontantekwivalente, wat as debiteure en lenings geklassifiseer word, bestaan uit kontant voorhande, daggelddeposito's, beleggings in geldmarkinstrumente en bankoortrekings.

## BELEGGINGS BESKIKBAAR VIR VERKOOP

Beleggings word as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer en word deur die gebruik van toepaslike waardasiemetodes teen billike waardes getoon.

Beleggings word by niebedryfsbates ingesluit, behalwe as die Universiteit beoog om die belegging binne 12 maande ná jaareinde te vervreem. Aankope en verkope van beleggings word soos op die verhandelingsdatum erken, dit wil sê die datum waarop die Universiteit hom tot die aankope en verkope verbind. Veranderings in billike waardes word in ander omvattende inkomste in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste getoon. Die verskil tussen die netto verkoopsopbrengs en die kosprys van die belegging word by vervreemding van die billikewaarde-reserve na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Beleggings word onterken wanneer die reg op kontantvloei verval het of oorgedra is, of die Universiteit die beduidende risiko's en voordele wat met eienaarskap gepaard gaan, oorgedra het.

Daar word onderskei tussen waardeveranderings weens wisselkoersveranderings en billikewaarde-veranderings by instrumente wat in 'n buitelandse valuta gedenomineer en wat as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer is. Wisselkoerswinstes en -verliese word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Bewegings in die billike waardes van hierdie beleggings word in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste erken. Die billike waarde van genoteerde beleggings word op huidige markpryse gegrond. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasiemetegnieke gebruik te maak. Die Universiteit bepaal teen elke jaareinde, indien daar

objektiewe bewyse bestaan, of 'n finansiële bate se waarde gedaal het. 'n Beduidende afname in die billike waarde van die belegging oor 'n tydperk na laer as die kosprys daarvan is 'n aanduiding dat die belegging se waarde gedaal het. Indien sodanige bewyse vir beleggings beskikbaar vir verkoop bestaan, word die kumulatiewe verlies van die billikewaarde-reserve na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Die kumulatiewe verlies word bereken as die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde ná aftrekking van enige waardedalings wat in vorige tydperke erken is. Waardedalingsverlies wat in die gekonsolideerde inkomstestaat erken is, word nie in die gekonsolideerde inkomstestaat teruggeskryf indien daar latere verhalings is nie.

## AFGELEIDE INSTRUMENTE

Bates en laste ten opsigte van afgeleide instrumente, met inbegrip van valutatermykontrakte, word as 'teen billike waarde met aanpassings deur die inkomstestaat' geklassifiseer. Hierdie instrumente word erken teen billike waarde soos op die datum waarop die afgeleide kontrak aangegaan word. In die daaropvolgende tydperke word dit teen billike waarde herwaardeer. Winste en verliese op afgeleide instrumente word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

## HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

Handels- en ander krediteure, behalwe valutatermykontrakte, word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Daarna word dit teen gemaartiseerde koste getoon deur van die effektieverentekoers-metode gebruik te maak.

## RENTEDRAENDE LENINGS

Lenings word aanvanklik teen billike waarde erken, met inagneming van enige transaksiekoste wat aangegaan is. Lenings word ná aanvanklike erkenning teen gemaartiseerde koste gedra. Verskille tussen die aanvanklik erkende bedrag en die aflossingsbedrag word oor die duur van die lening in die gekonsolideerde inkomstestaat erken deur van die effektieverentekoers-metode gebruik te maak. Lenings word as bedryfslaste getoon, behalwe indien die Universiteit 'n onvooraardelike reg het om betaling vir minstens 12 maande na die jaareinde uit te stel, in welke geval dit as niebedryfslaste getoon word.

## 7. NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

Navorsings- en ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken in die jaar waarin dit aangegaan word, aangesien albei inherent aan die gewone werksaamhede van 'n universiteit is.

## 8. SKENKINGS

Skenkings word teen die billike waarde soos op die datum van die skenking, gegronde op eksterne waardasies, getoon.

## 9. VOORRAAD

Voorraad, wat hoofsaaklik uit verbruiksgoedere en skryfbehoeftes bestaan, word teen die kosprys getoon, op die grondslag van gemiddelde koste, of die netto realiseerbare waarde, wat ook al die laagste is.

Die kosprys sluit finansieringskoste uit. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake, minus verkoopkoste.

## 10. WAARDEDALING VAN NIEFINANSIELË BATES

Bates met 'n onbepaalde nedsuur is nie aan waardevermindering en amortisasie onderworpe nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat aan waardevermindering en amortisasie onderworpe is, word vir moontlike waardedaling getoets indien 'n gebeurtenis of verandering in omstandighede aandui dat die drabedrag van die bate moontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry. Die verhaalbare bedrag is die bate se billike waarde, minus enige verkoopkoste, of die gebruikswaarde daarvan, wat ook al die hoogste is. In die toets vir waardedaling word bates gegroepeer op die kleinste vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloeい is (kontantgenererende eenhede). Niefinansiële bates met vorige waardedalings word aan elke jaareinde hersien vir 'n moontlike omswaaing van die waardedaling wat reeds erken is.

## 11. INKOMSTE-ERKENNING

Inkomste word erken teen die billike waarde van die bedrae of goedere wat ontvang is.

Donasie-inkomste word erken wanneer dit toeval.

Studente- en inwoningsgeld word erken na gelang die diens gelewer word.

Sentrale owerheidstoekennings word erken in die tydperk waarvoor dit ontvang word. Owerheidstoekennings word erken wanneer daar redelike sekerheid is dat die toekenning ontvang sal word en dat die Universiteit sal voldoen aan al die voorwaardes wat daarvan gekoppel word. Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek. Die toekenning word as inkomste verantwoord deur die waardevermindering wat toegeken en in die gekonsolideerde inkomstestaat getoon word.

Navorsingstoekennings word oor die termyn van die navorsing en op grond van die bepalings van die individuele kontrakte erken.

Rente-inkomste word op 'n tydtoedelingsgrondslag erken deur die effektieverentekoers-metode toe te pas. Wanneer 'n toelating van kredietverliese ten opsigte van 'n debiteur geskied, verminder die Universiteit die drabedrag na die verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag verteenwoordig die toekomstige kontantvloeい teen die oorspronklike effektiewe rentekoers verdiskonter. Hierdie diskonto word oor tyd as rente erken. Rente-inkomste ten opsigte van lenings waarvoor 'n waardedaling erken is, word teen die oorspronklike effektiewe rentekoers erken.

Tussendepartementele inkomste word uitgeskakel.

Ander inkomste wat deur die Universiteit verdien word, word op die volgende grondslae erken:

- Dividendinkomste – wanneer die aandeelhouer se reg om 'n dividend te ontvang vestig, dit wil sê op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en, in die geval van ongenoteerde aandele, wanneer dividende verklaar word.
- Huurinkomste – ontvangste ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die tydperk van die huurtermyn op 'n reguitlynggrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.
- Toevallige verkoope en dienste – in die tydperk waarin dit toeval.

## 12. HUUR

Indien die verhuurder die beduidende risiko's en voordele van eienaarskap van 'n gehuurde item behou, word dit as bedryfshuur geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die huurtermyn op 'n reguitlynggrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Die Universiteit huur eiendom en toerusting. Huurooreenkoms waar die Universiteit, as huurder, aansienlik al die risiko's en voordele van eienaarskap ontvang, word as bruikhure geklassifiseer. Bruikhure word aan die begin van die huurtermyn teen die laagste van die markwaarde van die gehuurde eiendom en die huidige waarde die minimum huurbetalings gekapitaliseer. Elke huurbetaling het 'n las- en 'n finansieringskoste-element en word daarvolgens verdeel. Die ooreenstemmende huurverpligting, na aftrekking van finansieringskoste, word in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken. Die finansieringskoste-element word oor die huurtermyn in die gekonsolideerde inkomstestaat erken ten einde 'n konstante termynkoers van finansieringskoste op die uitstaande verpligting vir elke verslagdoeningstydperk te erken. Die eiendom en toerusting wat deur middel van bruikhuurkontrakte verkry word, word oor die kortste van die nedsuur of die huurtermyn van die bate gedepresieer.

## 13. BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en om kapitaalgroei te bewerkstellig. Eienaargeokkupeerde eiendomme word vir administratiewe, onderrig- en navorsingsdoeleindes gehou. Die verskil in gebruik onderskei eienaargeokkupeerde eiendomme van beleggingseiendomme.

Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings beskou en teen billike waarde gedra wat jaarliks deur eksterne professionele waardeerdeurs bepaal word. Beleggingseiendomme is nie aan waardevermindering onderworpe nie. Enige verandering in waarde word direk in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Eienaargeokkupeerde eiendomme word ooreenkomsdig die rekeningkundige beleid vir eiendom, boeke en toerusting erken en gemeet.

## 14. VOORSIENINGS

